

**GEESTELIKE GROEI AS KOMMUNIKASIEPROSES
TUSSEN DIE LEWENSVERHAAL VAN 'N
GELOWIGE EN GOD SE VERHAAL MET DIE
GELOWIGE**

DANIËL JACOBUS BRUWER KLEYNHANS

proefskrif voorgelê om te voldoen aan die vereistes vir die graad

DOCTOR THEOLOGIAE

in die

Fakulteit Teologie

Departement Praktiese Teologie

aan die

Universiteit van die Vrystaat

Promotor: Prof Dr J S Kellerman

mfontein

31 Mei 2002

Dankie

Geen persoon kan hierdie mylpaal bereik sonder om met dankbaarheid terug te kyk nie. Dr. Riaan van der Merwe, dankie vir u oor en die motivering om weer te studeer. Dr. Christo Fourie, dankie vir jou eerlike vriendskap oor jare. Dankie ook vir jou praktiese raad en opregte belangstelling. Ds. Marius en Hanlie Barnard, dankie vir julle omgee. Aan die NG Moedergemeente Ladybrand, dankie vir die jarelange ondersteuning en aanvaarding. Dankie vir voorbidding. Mag julle 'n deel van die vrugte van hierdie navorsing pluk.

Hierdie is die eindproduk van 'n lang akademiese pad. Aan al die Professore wat hulle tyd en gawes in ons belê het, dankie. 'n Besondere woord van dank aan Professor Kellerman wat my deur hierdie studie begelei het. By u het ek geleer van balans, toewyding en van die lewe.

Geen proefskrif kan sonder tegniese hulp geskryf word nie. Aan Dirk Spangenberg, Chris Kleynhans en Sarel Marais, dankie vir die hulp met die rekenaar. Mevv. Battie Potgieter, Susan Gerber en Corlien Kleynhans, dankie vir die hulp met die taalversorging.

In 'n studie wat veral klem lê op die vorming van die lewensverhaal, besef 'n mens dat jy produk is van baie lewensverhale en veral van die van jou ouers en jou gesin. Ek hoop hierdie mylpaal sal ook vir julle 'n monument wees wat iets vertel van juisself. Ek wil graag hierdie eindproduk aan my pa opdra wat dit graag met ons sou wou deel, maar ons vroeg in die jaar ontval het.

Corlien en die kinders, dankie vir julle ondersteuning. Dit is lekker om die lewe met julle te deel.

Laastens, dankie aan die Hemelse Vader wat nie altyd vir my gegee het wat ek gevra het nie. Ek besef vandag dat Hy iets beters in gedagte gehad het. Terwyl ek geskryf het, het ek ervaar hoedat God saam met my was. Dit was 'n versterkende geloofservaring.

Soli Deo Gloria

INHOUDSOPGAWE

Hoofstuk 1 Inleiding en navorsingsontwerp

1.1	Die geboorte van die navorsingsprojek	1
1.2	Uitgangspunte	2
1.3	Waarom die studie?	6
1.4	Die siening van enkele wetenskaplikes om die relevansie van die navorsing te beklemtoon	11
1.5	Doelstellings en metodologie	13
1.6	Moontlike waarde van die studie	15

Hoofstuk 2 Geestelike groei as reaksie op God en sy verhaal met die mens

2.1	'n Beskrywing van geestelike groei	16
2.2	Die Bybel en die vraag na geestelike groei	30
2.2.1	Enkele lyne vanuit die Ou Testament	30
2.2.2	Enkele lyne vanuit die Nuwe Testament	34
2.3	Spiritualiteit as belangrike rolspeler in geestelike groei	43
2.3.1	Inleiding	43
2.3.2	Wat word bedoel met die begrip spiritualiteit?	43
2.4	Gereformeerde spiritualiteit	68
2.5	Die Heilige Gees en die vorming van spiritualiteit	79

Hoofstuk 3 Die lewensverhaal as sosiale konstruksie en geestelike groei

3.1	Konstruktivisme	89
3.2	Sosiale Konstruksionisme	94
3.2.1	Die sisteem as ruimte waar betekenis gegee word	95
3.2.2	Betekenisgewing as “multi generational emotional process”	100
3.2.3	Die proses van betekenisvorming as taalgebeure	102

3.2.4	Die narratief as betekenisdraer	106
3.2.5	Self-differensiasie as proses van beheeroorname	117
3.2.6	Dekonstruksie as die skep van 'n nuwe lewensverhaal	129
3.2.7	“Not knowing” : Die kliënt is die spesialis	141
3.3	God se verhaal skep 'n toekomsdroom	143

Hoofstuk 4 Die christelike dissiplines en geestelike groei

4.1	Inleiding	144
4.2	Die Bybel as God se spreke (Godsverhaal) met die mens	156
4.3	Afsondering (solitude) is nodig om God se stem te hoor	163
4.4	Vas skep tyd vir kommunikasie	169
4.5	Meditasie as fokus op die Woord	174
4.6	Gebed as die reaksie op God se spreke	187
4.7	Die erediens as ontmoeting tussen God en sy kinders	199
4.8	Slot	210

Hoofstuk 5 Kommunikasie tussen die lewensverhaal en God se verhaal 'n moet vir geestelike groei

5.1	Die samevoeging van al die lyne	211
5.2	Praktiese lyne vanuit die navorsing	218
5.3	Moontlikhede vir verdere studie	221

Bronnelys	223
------------------	-----

Opsomming / Summary	243
----------------------------	-----

“I do not have clear answers to current questions. I do have questions, and, as a matter of fact, I think a man is known better by his questions than by his answers. To make known one’s questions is, no doubt, to come out in the open oneself. I am not in the market for the ready-made and wholesale answers so easily volunteered by the public and I question nothing so much as the viability of public and popular answers, including some of those which claim to be most progressive”

(Merton 1995:5).

Hoofstuk 1

Inleiding en navorsingsontwerp

1.1 Die geboorte van die navorsingsprojek

Tydens studies in pastorale terapie is die navorser blootgestel aan die sosiale konstruksie- model en die narratiewe paradigma wat daaruit vloei. Klem is geplaas op die verhaal (self-narratief) wat mag oor 'n persoon verkry en verandering teëwerk. In die behandeling van sy eie genogram, het die navorser sekere konstruksies ontdek wat geestelike groei negatief beïnvloed het. Die navorser het dus begin wonder oor die effektiwiteit van 'n appél wat vanuit die Bybel gemaak word, sonder dat die lewensverhale van mense effektief aangespreek word. Die navorser is van mening dat die moontlikheid bestaan dat sodanige appél eerder tot skuldgevoelens, en gevolglik 'n afbrekende lewensverhaal kan lei, as tot daadwerklike geestelike groei. Crabb (1988:175) stel dit so: “As we try to understand the process of change, we must realize that deep change comes about less because of what we try to do and how hard we try to do it, and more because of our willingness to face the realities of our own internal life.”

Aangesien die navorser reeds vir dertien jaar in die bediening is, waarvan elf jaar in dieselfde gemeente, het hy begin vra na die effektiwiteit van sy arbeid. Hoewel geestelike groei iets is wat moeilik meetbaar is, het hy tog gevoel dat sekere lidmate geestelik gekniehalter word as gevolg van lewensverhale wat hulle moontlikheid tot verandering beperk het. In leeswerk oor geestelike groei, is die navorser ook blootgestel aan literatuur oor die klassieke geestelike dissiplines. Vanuit persoonlike ondervinding en vanuit die literatuur het dit duidelik geblyk dat klem op die dekonstruksie van lewensverhale (sosiale konstruksionisme) slegs een deel van die waarheid is. Lewensverandering is ten diepste God se werk. In sy boek *Celebration of Discipline* skryf Foster (1989:6), “The needed change within us is God’s work, not ours. The demand is for an inside job, and only God can work from the inside.” Hy skryf verder, “God has given us the Disciplines of the spiritual life as a means of receiving his grace. The Disciplines allow us to place ourselves before God so that he can transform us” (1989:7).

Dekonstruksie van die lewensverhaal binne die konteks van die sosiale konstruksionisme is volgens die navorser noodsaaklik met die oog op geestelike groei. Geestelike groei is egter ook die werk van God, daarom moet die mens in die teenwoordigheid van God kom (geestelike dissiplines) ten einde geestelik te groei. Hoewel albei van hierdie denkrigtings groot waarde het vir transformasie (geestelike groei), is die navorser van mening dat elkeen 'n bepaalde eensydigheid bevat. Die dekonstruksie van die lewensverhaal plaas die klem op die mens en die ontdekking van sekere beperkende konstruksies. Die mens moet dus verantwoordelikheid neem vir dekonstruksie (groei/transformasie). Die rol van God en die Heilige Gees word nie in berekening gebring nie. Die vermoë van die mens word oorskat en die rol van God onderbeklemtoon.

Die geestelike dissiplines bring die mens weer in die teenwoordigheid van God en beklemtoon die feit dat God alleen verandering (groei) kan bewerk. Die geestelike dissiplines spreek egter nie die lewensverhaal wat beperkende konstruksies kan bevat effektief aan nie.

Die navorser is van mening dat albei hierdie denkrigtings waardevolle bydraes lewer met betrekking tot transformasie of geestelike groei en mekaar vrugbaar kan aanvul. Die navorser wil dus poog om hierdie twee denkrigtings saam te benut met die oog op groter geestelike groei.

1.2 Uitgangspunte

Die sentrale hipotese van die studie is dat lewensverhale van persone bepalend is vir geestelike groei aangesien die persoon se lewensverhaal mag oor hom/haar het en verandering (transformasie) teëwerk. Die sosiale konstruksie-model gaan uit van die gedagte dat elke persoon betekenis gee aan gebeurtenisse deur dit te storie. Elke persoon het egter ook 'n storie oor homself gevorm onder invloed van verskeie faktore, wat 'n self-narratief of 'n lewensverhaal genoem word. Hierdie lewensverhaal speel 'n baie belangrike rol in die proses waar betekenis gegee word. Die lewensverhaal is as't ware 'n filter waardeur alles beweeg oppad na verstaan. Verandering vind slegs plaas as die lewensverhaal verander word.

Ten einde geestelike groei te bevorder moet die lewensverhale van mense deur hulle ontdek en

gedekonstrueer word. Dekonstruksie vind plaas deur kommunikasie. In die studie poog die navorser om aan te toon dat geestelike groei plaasvind wanneer die gelowige enersyds, vanuit 'n aangesprokenheid deur God se verhaal met die mens (soos opgeteken in die Bybel), in gesprek tree met sy/haar lewensverhaal, of andersyds vanuit 'n ontdekking van sy/haar lewensverhaal in gesprek tree met God en sy Woord. Die navorser toon verder aan hoedat sommige van die klassieke christelike dissiplines, soos onder andere deur Jesus Christus beoefen, die kanaal kan wees waarlangs hierdie lewegewende gesprek kan vloei. Dit is dus duidelik dat die navorser geestelike groei as 'n proses van samewerking (resiprositeit) sien, naamlik 'n samewerking tussen God en mens en dat die fondament van samewerking berus op kommunikasie tussen God en mens. Die twee "gespreksgenote" is die verhaal van God met die mens (soos ons dit vind in die Bybel) en die lewensverhaal van die mens.

Met die hipotese is dit duidelik dat die navorser van mening is dat kennis beide absoluut en kontekstueel kan wees. Wat uitgangspunt betref, skryf Janse van Rensburg (2000:1), "A paradigm is a frame of mind, a frame of reference, and a point of departure from which one thinks and acts." Die navorser kies vir 'n posisie tussen die modernisme en die post-modernisme. Die navorser aanvaar die Bybel as die Woord van God en dus as absolute waarheid. Die persoon se interpretasie van die absolute waarheid is egter persoonlik gekleur en word baie sterk beïnvloed deur sy/haar lewensverhaal (Brueggemann 1993:8). Die navorser stem dus ook nie saam met Kuitert wanneer hy geloof in God beskryf as 'n konstruksie van mense nie (De Kruiff 1992:7). Hierdie siening van Kuitert hang saam met sy Skrifbeskouing waarin hy die goddelike oorsprong van die Bybel ontken. Die navorser sien die Bybel as die Bybelskrywers se ervaring van God en sy betrokkenheid by die mens. Hierdie ervaring en die neerskryf van die ervaring het egter onder die leiding van die Heilige Gees plaasgevind. Die Bybelskrywers het ook vanuit 'n sekere lewensverhaal na die Godsverhaal gekyk. Dit verklaar die oneffenhede, die teenstrydighede, die historiese onjuisthede en die menslike aard van die Skrif (Doubell & Strauss 2001:305). Die navorser aanvaar die Bybel in die geloof as die Woord van God. Hierdie geloof word bevestig deur die Heilige Gees.

Die lewensverhaal kry paradigma-status omdat dit die verwerking van kennis grondig beïnvloed. Die lewensverhaal van 'n persoon het mag oor daardie persoon. Slegs wanneer die

lebensverhaal verander (gedekonstrueer) word, kan verandering (transformasie) plaasvind. Tereg merk Parry op: “Beliefs are embedded in the story; change the story and old beliefs are shattered” (1991:42).

Drie begrippe is vir die navorser baie belangrik met die oog op geestelike groei, naamlik God se verhaal met die gelowige (die Bybel), die persoon se lebensverhaal en dekonstruksie of transformasie (die inlynbring van die gelowige se verhaal met die verhaal van God). Die Bybel word gesien as ’n meta-verhaal, maar die interpretasie van die objektiewe kennis (hermeneutiek) is kontekstueel en word deur baie faktore beïnvloed. Die navorser poog om aan te toon dat wanneer die faktore ontdek word en met God daarvoor gekommunikeer word, dekonstruksie/geestelike groei/transformasie plaasvind. Dekonstruksie beteken egter nie dat die meta-verhaal (Woord van God) gedekonstrueer behoort te word nie. As dit die geval sou wees beteken dit inderdaad dat daar geen waarheid is nie. Dekonstruksie beteken dat die lebensverhaal wat die bril is waardeur alles gekleur word, persoonlik is en gedekonstrueer moet word om in lyn te kom met God se verhaal. Dekonstruksie vind plaas wanneer die lebensverhaal deur middel van kommunikasie reageer op God se verhaal.

Wat die epistemologie betref, skryf Janse van Rensburg (2000:2): “ The frame of mind (paradigm) determines the painting, while the epistemology is the theory of how the paint should be organised on the canvas to fit the paradigm.” Die navorser kies vir ’n **hermeneuties-kommunikatiewe epistemologie**. Met hierdie keuse wil die navorser beklemtoon dat dekonstruksie plaasvind deur kommunikasie. Hoewel die keuse tot kommunikasie vloei vanuit die narratiewe paradigma op voetspoor van die sosiale konstruksionisme, val die klem in die verbond as basis vir die verhouding tussen God en mens ook op kommunikasie. Die breuk tussen God en mens is ten diepste ’n kommunikasiebreuk (Vos & Pieterse 1992:148). In die kommunikasieproses tot dekonstruksie (geestelike groei) beklee die Bybel as Woord van God (God se verhaal met die mens), ’n sentrale posisie. Met hermeneuties word dus bedoel die gesprek vanuit en met die Woord van God. Die navorser se epistemologie sou dus ook as **diakoniologies-kommunikatief** beskryf kon word. Diakoniologies is saamgestel uit twee griekse woorde, naamlik diakonia en logos. Diakonia beteken diens en logos beteken woord. Diakoniologie beteken dus diens van die Woord (Janse van Rensburg 2000:76). Met ’n

diakoniologies-kommunikatiewe epistemologie word die kommunikasie vanuit die Woord met die lewe en vanuit die lewe met die Woord bedoel.

In die lees van die Bybel word die leser die aangesprokene. Hierdie kommunikasieproses maak erns met die ontsyfering van die historiese betekenis van tekste in hulle konteks, maar bevranda die lewensverhaal vanuit die Bybelteks. Die leser tree vanuit 'n aangesprokenheid deur die Woord van God in gesprek met sy lewensverhaal. Die leser kan ook bewus word van patrone in sy lewensverhaal wat hom dan in gesprek moet bring met die Bybel. In hierdie studie is, soos reeds genoem, die Bybel as Woord van God (verhaal van God met die mens), die lewensverhaal van 'n gelowige en kommunikasie, sleutel-terme met die oog op dekonstruksie (geestelike groei).

Daar gaan vanuit sekere kringe in die praktiese teologie stemme op teen die gebruik van diakoniologie as epistemologie. Die kritiek word verwoord as 'n skeiding tussen natuur en genade. Hierdie kritiek is egter nie geldig nie, aangesien 'n diakoniologiese epistemologie nie die ander wetenskappe as minderwaardig afmaak nie, maar slegs die kosmos in die regte verhouding tot sy Maker stel. "The cosmos is merely placed in the context of God" (Janse van Rensburg 2000:79). Diakoniologie vul die Bybelse uitgangspunte aan met ander wetenskaplike inligting, maar behou die teologiese karakter. Die navorser kies vir 'n intradissiplinêre benadering waar buite teologiese wetenskaplike metodes gebruik kan word om teologiese doelwitte te bereik. As voorbeeld kan genoem word dat die mens se skeppingsdoel is om God te verteenwoordig. Om God te kan verteenwoordig moet die mens heers oor die skepping. Indien die lewensverhaal van 'n persoon die persoon inperk om te kan heers, kan die beginsels van die sosiale konstruksionisme gebruik word om die lewensverhaal te dekonstrueer. Leemtes in die betrokke metode sal egter vanuit die teologie aangespreek moet word. Die navorser vereenselwig hom egter met Janse van Rensburg se waarskuwing dat die gevaar bestaan dat teoloë hulle identiteit kan verloor en kwasi sielkundiges of terapeute kan word (2000:80). Die navorser is egter van mening dat die klem op die gesprek met God vanuit 'n aangesprokenheid deur sy Woord, hierdie gevaar aanspreek.

Visagie (1996:84) wys daarop dat die filosofiese denke deur die eeue om 'n klompie

beskrywende begrippe gedraai het en dat paradigma-veranderings in die filosofie gewoonlik saamgehang het met 'n keuse wat denkers maak tussen hierdie begrippe. Sodra 'n nuwe keuse die wêreld-denke oorspoel raak die vorige "kennis" uit die mode. Hoewel die uitgangspunt sosiaal konstruksionisties is en dus klem plaas op die lewensverhaal van die persoon, is die navorser van mening dat die klem op die krag van kommunikasie tussen God en mens die toets van die tyd sal oorleef en die bydrae nie tydgebonde sal wees nie.

Aangesien die navorser uitgaan van die gedagte dat die lewensverhaal van 'n mens sy verstaan en belewenis van God en die wêreld bepaal en dus ook sy mate van geestelike volwassenheid, word die volgende as uitgangspunte gestel:

- Elke mens het 'n lewensverhaal (self-narratief) wat die persoon se lewensuitkyk, keuses, optrede, en vlak van volwassenheid bepaal. Dit geld ook vir geestelike volwassenheid en die lewe in die teenwoordigheid van God (spiritualiteit). Hierdie lewensverhaal word gevorm deur verskeie faktore, persone en insidente wat op die persoon en sy sisteem inwerk. Die lewensverhaal het mag oor die persoon.
- Om transformasie of geestelike groei in die persoon se lewe te bewerk moet die lewensverhaal verander (gedekonstrueer) word.
- Ware verandering is God se werk, maar die verantwoordelikheid van die mens word ook erken. Verandering vind dus plaas in samewerking (resiprositeit) tussen God en mens.
- Verandering vind plaas deur kommunikasie. In dié geval, kommunikasie tussen God se verhaal met die mens (soos geopenbaar in die Bybel) en die mens se lewensverhaal.
- Die christelike dissiplines van gebed, stil-word, afsondering, vas, skrifmeditasie en studie (innerlike dissiplines), word gesien as kragtige kanale van kommunikasie met God.

1.3 Waarom die studie?

Die veranderende samelewing in Suid Afrika het 'n groot invloed op die plek en rol van godsdiens in die samelewing en gevolglik ook in die lewens van mense. Godsdiens was vir die Afrikaner soos 'n belangrike pilaar in 'n groot struktuur. Kerk, skool, universiteit, ouerhuis, plaaslike bestuursliggame, die provinsiale en sentrale regering en baie ander instansies het almal saamgewerk met die godsdiens as die sentrale steunpilaar. Al was daar elemente van die godsdiens wat nie meer gewerk het nie, omdat dit nie genoegsaam by die ervaring aangesluit het nie, het dit tog 'n gevoel van orde en veiligheid gegee. Nou is die hele samelewingsorde omgekeer. Die apartheidsbestel wat ook deur die godsdiens gesanksioneer is, het verval. Daar ontstaan nuwe strukture en vir hierdie strukture is godsdiens as pilaar nie meer nodig nie. Die vraag of godsdiens werk, het nou nie meer daarmee te make of dit die bekende samelewing regop hou nie, maar dit is afgebring na die kleiner, direkte persoonlike ervaring. Die godsdiens moet nou in die persoonlike lewe werk en in die groep en gemeente waar mense betrokke is (Nicol 2000:5). Mense soek dus op persoonlike vlak na sin in hulle godsdiens, waar die samelewing in die vroeëre bedeling voorgesê is wat sin sou beteken. Die klem was op die intellektuele terwyl die klem nou verskuif het na die persoonlike en die ervaringsvlak. Die uitdaging vir die kerk is om die leer (dogma) tot op die ervaringsvlak te bring. Die hipotese naamlik dat geestelike groei plaasvind waar die lewensverhaal van die gelowige en God se verhaal met die gelowige met mekaar kommunikeer, plaas klem op die persoonlike ervaring van geloof. Die studie pas dus goed in by die samelewingsverhaal naamlik die wegbeweeg vanaf objektiewe kennis na kontekstuele belewing. Die studie plaas egter nie die klem eensydig op die belewingsvlak nie, maar sien die dogma en die geloofsverhaal deur die eeue en ook die verhaal van die kerk hier plaaslik as gespreksgenoot met die oog op 'n nuwe verhaal wat meer in lyn sal wees met God se verhaal.

Fourie (2001:8) wys daarop dat die koms van die boekdrukkuns, wat saamgeval het met die reformasie en in die tyd van die verligting plaasgevind het, meegebring het dat belewenis verdring is deur kennis. Dit sou ook aanleiding gee tot die ontstaan van die belydenisskrifte. 'n Logiese leer (dogma), gegrond op bepaalde vrae met bepaalde antwoorde (soos die Heidelbergse Kategismus) het die lig gesien, met die doel om die geloof in God te verdedig (Du Toit 2000:36). Die klem het dus onwillekeurig geswaai na die dogma ten koste van die belewenis. Die navorser staan nie negatief teenoor die dogma of kennis nie, maar voel sterk daarvoor dat die gees van die

tyd deur die evangelie benut moet word, eerder as om dit te beveg. Waar die klem huidige op die ervaring val, is dit die uitdaging van die kerk om die dogma op die belewenisvlak lewensvatbaar te maak. Die navorser is van mening dat die gesprek tussen die lewensverhaal van die mens en die verhaal van God met die mens (wat ook die belydenisskrifte insluit), 'n groot rol kan speel in die herbeklemtoning van die groot waarde van die dogma en die belydenisskrifte.

Onder die opskrif “Die opkoms van ’n postmoderne lewensgevoel”, wys Nicol (2000:6) daarop dat die opkoms van postmodernisme ons belewenis van godsdiens ingrypend verander het. In die modernisme was daar baie meer vertrouwe op die rede of intellek. Bybelstudie wat die regte antwoorde gee en kerkleer is as belangrik beskou. In die postmoderne era word die intuitiewe en emosionele belangriker. Gevolglik het die meer gevoelsmatige charismatiese beweging begin opbloeï. In die postmoderne lewenshouding is daar ook baie meer ruimte vir diversiteit, sodat gelowiges vryer voel om godsdiens elkeen op sy eie wyse te beleef. Mense begin self dink en laat hulle nie meer voorskryf deur ander nie. Kerklike strukture en besluite word bevraagteken en die kerk kan nie meer bloot van bo af sê wat reg en aanvaarbaar is nie. Hoe mense dinge in die praktyk van hul lewens ervaar, het baie belangrik geword. Omdat die tradisiestrome wat ons godsdiens in die verlede gevoed het, gedeeltelik uit ’n baie rasionele en modernistiese klimaat gekom het, bots dit met die nuwe, meer emosionele en post-moderne denke waar die mens vir homself besluit. Die vraag na geestelike groei en ’n Bybelse spiritualiteit wat die mens as rasionele en emosionele wese aanspreek en wat sin bring in die mens se bestaan, is dus baie belangrik. Verder is die navorser van mening dat die gedagte van self-differensiasie, wat in die sosiale konstruksionisme sterk beklemtoon word, baie belangrik is, aangesien dit die totale breuk met die verlede afwys. Self-differensiasie beklemtoon juis ’n soeke na die betekenisvolle in die verlede. Self-differensiasie vind ook nie net plaas binne die persoon se onmiddellike familiestrukture nie, maar die individu sal homself ook moet vind binne die verhaal van sy kerklike tradisie en die geloofsverhaal binne Suid-Afrika.

Wat die res van die wêreld betref noem Fowler (1984:1) dat die siening van rolmodelle ook verander het. Waar individue vroeër as rolmodelle gesien is wanneer hulle ’n dienende rol in die samelewing gespeel het, word invloedryke, suksesvolle en welgestelde mense vandag as rolmodelle gesien. Die vraag na die roeping en skeppingsdoel van die mens moet weer baie

aandag kry. Volgens die huidige mens is die roeping van die mens nie meer om God te verheerlik in dienslewering in die wêreld nie, maar in die verkryging van mag en status. Hierdie tendens het onder andere tot gevolg dat die ou tradisionele beroepe ook uitfasseer. Die vraag na volwassenheid, die doel van die mens en die groeiproses om daardie doel te bereik is dus baie noodsaaklik. In die klem op kommunikasie tussen die verhaal van God met die mens en die lewensverhaal van die mens, kom die roeping van die mens en die groeiproses om aan daardie roeping te beantwoord, baie sterk onder die soeklig.

Die feit dat opleidingsgeriewe verbeter en mense se geletterdheid verhoog, lei tot meer kritiese vrae ook met betrekking tot die skeppingsdoel van die mens. Aan die ander kant het die mondige mens geensins die ernstige vraagstukke van die wêreld effektief aangespreek nie, maar eerder nuwe vraagstukke op die tafel geplaas. Verder het telekommunikasie en satelliete die wêreld klein gemaak en word die mens in die “global world” met baie vreemde en nuwe gedagtes geprikkel. Besluite oor die eie geloofsverhaal en Goddelike roeping moet dus geneem word.

Geen verhaal oor die mens kan die verskillende wêreldoorloë buite rekening laat nie. In die verband net een opmerking. Na die tweede wêreldoorlog het die mens die geleentheid aangegryp om werklik mens te wees, sonder die bedreiging van ’n naderende oorlog. Dit het die mens ook geleentheid gegee om die innerlike mens te ontdek. Aan die ander kant het die klem op die postmodernisme die gedagte van ’n bestaan bo die “bewysbare” weer beklemtoon en die belangstelling in die innerlike mens op die voorgrond laat tree. Verder was die gevoel dat die mondige mens nie die utopia geskep het nie, maar die wêreld in rou en dood gedompel het. Die soeke na iets meer as die rasionele het dus gevolg en die bestaan van die geestelike of innerlike lewe na vore laat tree. ’n Studie oor geestelike groei is dus baie aktueel.

In sy boek “God? Geloof in ’n postmoderne tyd”, beklemtoon Du Toit (2000) dat die gelowige in ’n dilemma beland het, aangesien die Bybel in ’n premoderne tyd geskryf is, terwyl ons in ’n postmoderne tyd leef. Daar het spanning gekom tussen die wetenskap en die geloof. Van die kerk se kant is baie moeite gedoen om hierdie spanning te probeer bylê, maar sonder noemenswaardige sukses. Die Bybel (en teoloë) kon net nie meer al die vrae antwoord nie. Verder het die modernisme met sy intellektuele aanslag die indruk geskep dat daar antwoorde is,

terwyl die mens gekonfronteer is met die onverklaarbare en onverstaanbare. Op geloofsvlak het dit gelei tot 'n agnostisisme of fundamentalisme. Die navorser is van oortuiging dat geloofsvrede eerder in gesprek as in lesings kan kom, sonder dat geloofsantwoorde noodwendig gevind word. Is dit nie juis wat in die klaagpsalms gebeur het nie? Hierdie studie poog om die kragtigheid en die belangrikheid van hierdie gesprek weer te beklemtoon. Wanneer met God en sy volk (geloofsgemeenskap) gekommunikeer word, gee God die vrede, sonder dat antwoorde noodwendig gevind word. Die navorser is van mening dat predikante en teoloë eerder gesprek moet aanmoedig as om voor te gee dat hulle die antwoorde het.

Volgens Moberg (1990:5) word geestelike volwassenheid (spiritual wellness) gesien as 'n belangrike skakel in holistiese gesondheid. Geestelike volwassenheid word gesien as relevant vir alle areas van die lewe. Vroeër was die geestelike egter geminag as onbeduidend met betrekking tot algemene gesondheid. Die geestelike is afgemaak as onwetenskaplik. Moberg (1990:7) wys in sy artikel oor die rol van die geestelike in bejaarde gesondheid dat die geestelike volgens die bejaardes 'n baie belangrike ankerrol vir hulle speel. In 'n ondersoek het ongeveer vier vyfdes genoem dat die geestelike die belangrikste invloed in hulle lewens is. Selfs by bejaardes was daar 'n dors na meer aangesien ongeveer vier en tagtig persent aangetoon het dat hulle wens dat hulle geloof sterker was. Die klem op die geestelike as 'n onontbeerlike deel van algemene gesondheid en "heel-wees", maak hierdie studie dus baie aktueel.

Volgens Du Toit (2000:55) is een van die winspunte van die postmoderne tyd die feit dat daar 'n herwaardering gekom het van die mens as spirituele wese. Die mens se optrede word nie bepaal deur rede en logika alleen nie. Klem op die christelike dissiplines wat in ons tyd grootliks in onbruik geraak het, kan dus van groot waarde wees. Die christelike dissiplines konsentreer op die ervaring en die moontlikheid om in God se teenwoordigheid te kom.

Verder is dit 'n algemene feit dat die leraarsberoep in diep waters beland het as gevolg van die hoë verwagtinge wat aan leraars gestel word. Mediese fondse is onwillig om die predikantekorps as groep te aanvaar aangesien hulle eis-geskiedenis nie goed is nie en dit dus duidelik is dat daar buitengewone eise aan predikante gestel word. Die beginsel van self-differensiasie poog om die individu in beheer te plaas eerder as om beheer te word. 'n Gedifferensieerde persoon kan dus

besluite neem, in plaas van om besluite uit te voer wat ander geneem het. Duidelike grense lei tot beter gesondheid.

Self-differensiasie funksioneer binne die sisteem-benadering. Binne 'n sisteem oefen verskillende dele van die sisteem “kragte” op mekaar uit. Indien een van die lede van die sisteem beïnvloed word, word al die lede ook beïnvloed (Friedmann 1985). Waar 'n persoon dus groei in die rigting van self-differensiasie word al die ander lede van die sisteem beïnvloed. Indien die leraars en sommige van die gemeentelede kan groei tot self-differensiasie, kan dit aanleiding gee tot 'n kettingreaksie. Dit is dus duidelik dat hierdie studie van belang kan wees vir die kerk in die algemeen.

1.4 Die siening van enkele wetenskaplikes om die relevansie van die navorsing te beklemtoon.

Nouwen is van mening dat geestelike leiers te veel aandag gee aan organisatoriese sake en nie daarin slaag om hul mense te lei tot kontak met hulle innerlike lewens nie. “I am afraid that in a few decades the Church will be accused of having failed in its most basic task: to offer men creative ways to communicate with the sources of human life” (1994a:36). Op die vraag hoe hierdie probleem aangespreek kan word, antwoord hy, “I think by no other way than to enter ourselves first of all into the center of our existence and become familiar with the complexities of our inner lives. As soon as we feel at home in our own house, discover the dark corners as well as the light spots, the closed doors as well as the drafty rooms, our confusion will evaporate, our anxiety will diminish, and we will become capable of creative work” (Nouwen 1994a:38).

Hy gaan voort, “The key word here is articulation. The man who can articulate the movements of his inner life, who can give names to his varied experiences, need no longer be a victim of himself, but is able slowly and consistently to remove the obstacles that prevent the spirit from entering. He is able to create space for Him whose heart is greater than his, whose eyes see more than his, and whose hands can heal more than his” (1994a:38). Hy beklemtoon verder dat God in die mens se verhaal ontdek moet word, dan vind geestelike groei plaas (1994a:39). Die geestelike leier moet hierdie pad van innerlike ontdekking loop en ander inlei. Hierdie pad van ontdekking

is dikwels pynlik, maar genesend, vandaar die naam van sy boek, “The Wounded Healer.” ’n Laaste aanhaling vanuit Nouwen om te beklemtoon dat die hipotese ’n ondersoek noodsaak: “Teaching in this context does not mean telling the old story over and over again, but the offering of channels through which people can discover themselves, clarify their own experiences and find the niches in which the Word of God can take firm hold” (1994a:40).

Crabb (1992:23) beklemtoon die gedagte van verandering of transformasie wat slegs kan plaasvind as die innerlike aangespreek word. Volgens hom is daar mense wat die Bybel baie getrou navolg en die christelike dissiplines toepas, maar steeds ’n gebrek aan vrede beleef: “More effort isn’t the answer. Continued obedience is required, of course, but looking for more hoops to jump through before God becomes real is not the way. Freedom and quiet rest can replace the pressure and churning in your soul. But finding peace requires an honest look into your life at some hard things. Jumping through more hoops is sometimes easier than facing troubling things inside”. Hy noem elders, “Christ wants us to face reality as it is, including all the fears, hurts, resentments, and self-protective motives we work hard to keep out of sight, and to emerge as changed people” (1992:32). Wanneer gepoog word om groei te bewerk deur druk van buite af te plaas, sonder dat die lewensverhaal aangespreek word, beleef die individu baie druk en vryheid word ingeperk.

Cloud verwys na die ware en die valse self. Hy noem dat, “If the true self is in hiding, the false self take over. The false self is the self that is conformed to this world (Rom. 12:2). The false self is the self we present to others, the false front, if you will, that we put up for others to see. As long as the lying, false self is the one relating to God, others, and ourselves, then grace and truth cannot heal us” (1990:27). Hy gaan verder, “If we are not aware of our experience, or are not experiencing some aspect of ourselves, that part is removed from time and is not affected by it ...Whatever aspect of ourselves that we leave outside of experience, that we leave in ‘bad time,’ goes unchanged. Grace and truth cannot affect the part of ourselves we don’t bring into experience” (1990:36). “To the extent that you continue to see the world through your childhood eyeglasses, your past will be your future” (1990:83). Om die verlede te ignoreer en ’n utopia in jou gedagtes te skep en na te jaag kan nie op sukses uitloop nie. Die sogenaamde “mind power” of eensydige klem op positiewe denke bou op ’n sinkgat.

As ons egter die dele wat nog moet groei deur kommunikasie na God bring, is Hy gewillig en instaat om deur die Heilige Gees en die gemeenskap van die gelowiges genesend te werk. In die verband is Ps. 139:23-24 sprekend: “Deurgrond my, o God, deurgrond my hart, ondersoek my, sien tog my onrus raak. Kyk of ek nie op die verkeerde pad is nie en lei my op die beproefde pad”.

Ware (1995:19) sê, “All of us, if we are to become fully developed people, take the material of our inheritance and fashion it into our own reality, reframing it to make the statement only we can make. Few people reach their individual potential, preferring instead to repeat the safer patterns of the past. Only the person who chooses risk speaks an original word”. Die verlede kan nie geïgnoreer word nie, maar kan ook nie onveranderd herleef word nie. Nuwe besluite met die oog op die toekoms moet geneem word. Nuwe besluite kan nooit losgemaak word van die verlede nie. Die wortels van besluite lê in die verlede. Die navorser pleit vir differensiasie van die verlede. Dit beteken dat die persoon afstand kry van die verlede. Leer uit die verlede, maar moenie beheer word deur die verlede nie.

1.5 Doelstellings en metodologie.

Met bogenoemde as uitgangspunt, sal daar met die studie na die volgende doelstellings gestreef word:

- Daar sal ’n deeglike omskrywing gegee word van geestelike volwassenheid. Aandag sal gegee word aan die begrip geestelike groei en geestelike volwassenheid soos geken kan word vanuit die kerklike tradisie asook die siening van resente teoloë. Enkele Bybelse denklyne en teksgedeeltes sal ook behandel word om standpunte te toets aan die Skrif.
- Aangesien die navorser spiritualiteit sien as die praktiese uitleef van die verhouding met God (die lewe coram Deo), sal ’n deeglike omskrywing verder gegee word van ’n Bybelse spiritualiteit. Die navorser het opgegroeï en is opgelei binne die gereformeerde tradisie en voel homself hier tuis.. Die navorsing geskied dus binne die dampkring van

die gereformeerde tradisie hoewel hy 'n openheid het vir ander tradisies.

- Die terme self-narratief (lewensverhaal), dekonstruksie en self-differensiasie sal besondere aandag ontvang. Die navorser sal poog om die ontginbare moontlikhede van hierdie denkrigting met die oog op geestelike groei aan te toon.
- Daar is reeds genoem dat dekonstruksie binne die konteks van die sosiale konstruksionisme volgens die navorser eensydig is, omdat die rol van God en die Heilige Gees nie in ag geneem word nie. Die geestelike dissiplines se doel is om die mens in God se teenwoordigheid te plaas. Daarom sal die rol wat die geestelike dissiplines in geestelike groei kan speel ook ondersoek word. Die navorser sal poog om aan te toon dat die klem op kommunikasie juis deur die geestelike dissiplines verwerklik kan word.

Ten einde die hipotese te probeer bewys, naamlik dat geestelike groei plaasvind waar die lewensverhaal van die mens met God se verhaal met die mens (die Bybel) kommunikeer, word die studie in vyf hoofstukke ingedeel. Die eerste hoofstuk diens slegs as inleiding en lê klem op die metodiek en uitgangspunte. Hoofstuk twee gee 'n uitleg van die terme geestelike volwassenheid en geestelike groei. Aangesien die navorser van mening is dat spiritualiteit die praktiese uitleef van die mens se verstaan van God is, word daar ook in hierdie hoofstuk 'n breedvoerige uiteensetting gegee van die term spiritualiteit asook gereformeerde spiritualiteit aangesien die navorsing geskied binne die dampkring van die gereformeerde tradisie. Geestelike groei is op die einde die vrug van die Gees. Laastens word daar in hoofstuk twee ook aandag gegee aan die rol van die Heilige Gees met betrekking tot geestelike groei.

In hoofstuk drie en vier word die sosiale konstruksie-model, met sy klem op dekonstruksie en die christelike dissiplines met sy klem op gebed, stilte, vas, meditasie en Bybelstudie aan die orde gestel. Aangesien die klem deurgaans op kommunikasie tussen die Godsverhaal en die lewensverhaal van die gelowige val, word daar ook in hoofstuk vier aandag gegee aan die erediens as kommunikasiegebeure. Die sosiale konstruksionisme en die geestelike dissiplines word gesien as twee hoeke waaruit geestelike groei bevorder kan word. Die navorser wil graag aantoon hoedat hierdie twee rigtings geïntegreer kan word met die oog op geestelike groei.

Hoofstuk vyf word gewy aan 'n kort kritiese evaluering en integrasie van die twee rigtings met die oog op groter geestelike groei. Gedurende die bespreking word daar egter deurlopend aandag gegee aan die tekortkominge, asook die ontginningsmoontlikhede van die twee invalshoeke met die oog op geestelike groei. Die studie word grootliks gedoen aan die hand van 'n literatuurstudie.

1.6 Moontlike waarde van die studie.

- Die bevryding van knellende lewensverhale kan die bediening meer effektief maak en . mense bemagtig as gelowiges.
- Individue kan bevry word tot 'n lewe in oorvloed soos bedoel deur Jesus Christus. Skuldgevoelens, 'n gevoel van bedreiging, liggeraaktheid en 'n aanvallende lewenshouding kan effektief aangespreek word. Die mens in al sy verhoudinge sal dus beter funksioneer.
- Mense sal meer verantwoordelikheid aanvaar om hul roeping as verteenwoordigers van God uit te leef.
- Die dilemma waarin die predikant-amp verval het, kan aangespreek word, aangesien leraars en lidmate grense sal trek. Predikante sal in beheer van hul eie lewens en programme wees eerder as wat hulle deur die gemeente “geleef” word. Predikante se programme word dikwels bepaal deur lidmate wat met onrealistiese verwagtinge druk plaas vanuit 'n ongedifferensieerde lewensverhaal. Die Godsverhaal moet die predikant se optrede bepaal en nie die gemeente se verwagtinge nie.
- Die moontlike effek van hierdie studie, naamlik groter geestelike groei kan 'n heilsame uitwerking oor geslagte heen hê, aangesien die veranderde lewensverhaal 'n bese kringloop kan stop en mense se lewens in 'n helende rigting stuur.

Hoofstuk 2

Geestelike groei as reaksie op God en sy verhaal met die mens

2.1 'n Beskrywing van geestelike groei

Geestelike groei kan nooit losgemaak word van die skeppingsdoel van die mens nie, naamlik die verheerliking van God. “The chief end of man is to glorify God and to enjoy Him forever”(Fowler (1984:1). Die vraag na geestelike groei is dus 'n vraag na die skeppingsdoel en die roeping van die mens. Volgens Gn1:26 is die mens geskep om God op aarde te verteenwoordig. Dit beteken nie dat God nie teenwoordig is nie, maar dat God op 'n onsigbare wyse teenwoordig is. Deur die mens word God nou sigbaar teenwoordig. In hierdie sigbaar maak van God, word die unieke status van die mens in die wêreld aangedui. Heyns (1981:125) stel dit so: “Wie na die mens kyk, sy handeling sien en sy woorde hoor, kyk as't ware deur die mens, en kyk vas in en word herinner aan 'n ander werklikheid, naamlik God”. Die mens se skeppingsdoel is dus om God se wêreld te ontwikkel, en wel op so 'n wyse dat God self sigbaar word deur die mens. Die term ‘beeld van God’ verwys verder ook na die heel mens. Die mens wat gebalanseerd is in sy hele wese en in sy lewe na buite. In sy institusie sien Calvyn die eerste mens, Adam, as so 'n heel mens: “Daarom wordt door dit woord aangeduid de volmaaktheid, waarmee Adam bekleed was, toen hij krachtig was door een juist inzicht, aandoeningen had, die zich richtten naar de rede, zinnen, die alle in de juiste onderlinge verhouding stonden, en naar waarheid door zijn uitnemende gaven de voortreffelijkheid van zijn Maker deed uitkomen” (Sizoo 1931:178).

Dit beteken egter nie dat alle mense wat geestelik volwasse is op die einde almal eenders is en

hulle indentiteit verloor het nie. As die skepping van God bestudeer word, is dit baie duidelik dat daar verskeidenheid geskep is met die oog op volmaakte funksionering. Hierdie beginsel word ook beklemtoon in 1 Kor 12 waar verskeidenheid beklemtoon word met die oog op die goeie funksionering van die liggaam van Christus. Die gereformeerde leer glo dat God die mens basies goed geskep het, en dat elke individu as unieke geskapene moet ontwikkel, omdat hy 'n unieke taak en plek in God se wêreld het. Die mens moet dus nie uit sy menslike natuur verhef word om aan sy doel te beantwoord nie, maar juis weer waarlik mens word soos God dit bedoel het. God is teen 'n mens se sonde, maar nie teen die persoon nie. God wil die individu se sonde wegneem, maar nie sy basiese persoonlikheidsstruktuur nie. Elke individu is soos 'n vingerafdruk, uniek met 'n doel. God wil elke individu bevry tot sy/haar unieke self. **Geestelike groei kan gesien word as 'n proses waar die individu bevry word van alles wat hom/haar verhinder om uniek mens te wees, ten einde te beantwoord aan 'n unieke doel.** Die mens as totaliteit en as unieke wese verteenwoordig God op unieke wyse. Alles wat die mens verhinder om God te verteenwoordig, is dus geestelike probleme en lê op die vlak van geestelike groei. Volgens Cloud (1990:13) is alle emosionele probleme dus ook ten diepste geestelike probleme aangesien dit die mens kortwiek in sy roeping om God te verteenwoordig.

In sy boek "Godsdienste wat werk" gebruik Nicol (2000:62) die beeld van 'n stuk tambotiehout. Hy vertel dat nadat hy dit gesaag het, was die oppervlakte grof en nie mooi nie. Hy het dit egter begin skuur en geleidelik het die mooiste patrone sigbaar geword. Die saag wat die oppervlakte van die hout onaansienlik gemaak het en die unieke patrone verberg het, is die sonde. Die saag kon die unieke patrone egter nie vernietig nie. Die skuurpapier is die genade van God wat die mens geleidelik weer sy unieke self laat word. God het die mens uniek en goed gemaak en dit moet weer ontdek, ontwikkel en gebruik word in God se diens. "Die genade bedoel: wees natuurlik, wees jouself, groei al meer 'n natuurlike mens" (Nicol 2000:58).

Geestelike groei of die pad van heiligmaking beteken dus nie dat ek wegbeweeg van myself nie, maar dat ek juis weer my unieke, Godgeskape-self word. Geestelike groei is nie iets wat jy moet opsit soos 'n masker nie, maar juis die maskers wat jy moet afhaal om jouself as unieke Godgeskape mens uit te leef. Om hierdie masker te kan afhaal is daar volgens Cloud (1990:18) twee elemente noodsaaklik, naamlik genade en waarheid. Met genade bedoel hy 'n atmosfeer van

aanvaarding. Waarheid dui die grense en strukture aan waarbinne groei plaasvind. Die wet kan gesien word as die verteenwoordiger vir waarheid. Waarheid sonder genade, is koud en ontmoedig groei. Genade sonder waarheid of grense lei tot vernietiging. “When the one who offers grace also offers truth (truth about who we are, truth about who he or she is, and truth about the world around us), and we respond with our true self, then real intimacy is possible” (Cloud 1990:25). Jesus het mense onvoorwaardelik aanvaar, maar ook aan hulle die opdrag gegee om nie meer te sondig nie. Sy aanvaarding het egter vrymoedigheid gegee tot eerlikheid.

Binne die konteks van die sosiale konstruksionisme word hierdie gedagte van die unieke mens beklemtoon met die term self-differensiasie. Hierdie term beklemtoon dat die mens loskom van alle magte wat hom dwing om anders as sy unieke self te wees. Binne ’n gedifferensieerde omgewing behoort daar baie aanvaarding te wees. Vanuit die klem op die Godsverhaal moet die mens as unieke mens ook vir God verteenwoordig en moet sy unieke mens-wees inpas in die groot verhaal oor God in die wêreld. Die twee elemente van genade (aanvaarding) en waarheid (riglyne) is dus noodsaaklik vir ’n atmosfeer wat geestelike groei bevorder.

Cloud (1990:29-42) beklemtoon verder dat geestelike groei baie tyd neem en dat dit dus geduld verg. Om dit te beklemtoon neem hy die verhaal wat Jesus vertel het van die eienaar wat by die vyeboom gekom het en na drie jaar steeds nie vrugte aan die boom gevind het nie. Die tuinier het toe gepleit dat die boom nie uitgekapt moes word nie, maar nog een jaar kans moet kry, terwyl hy die boom goed sou versorg. Om te verseker dat groei plaasvind, is daar benewens genade en waarheid (struktuur) ook tyd nodig. Cloud maak ’n baie interessante opmerking as hy noem dat die tyd waarin ons leef (tyd buite die paradys), genade-tyd is om tot genesing te kom. Ons moet kom tot die ware self. Soos Fowler (1984), beklemtoon hy ook die verskillende stadiums van ontwikkeling waardeur die mens groei tot volwassenheid. Dit beklemtoon dus ook onder andere waarom geestelike groei so ’n tydsame proses is. Hoewel die navorser Cloud se beklemtoning van geduld met geestelike groei aanvaar, is hy van mening dat die pas van geestelike groei verhaas kan word deur self-differensiasie aan te moedig.

Self-differensiasie lê op die vlak van groei en ontwikkeling. Verlossing is nie gelyk aan self-differensiasie nie, maar self-differensiasie help met geestelike groei as antwoord op die

verlossing in Jesus (Dordtse Leerreëls Hoofstuk 3&4). Self-differensiasie moet dus nie gesien word as die verlossing van die mens nie, maar die navorser is van mening dat 'n ongedifferensieerde self (waar die valse self oorheers), God nie optimaal kan verteenwoordig nie en geestelike groei dus nadelig beïnvloed. Hoewel die Bybel maan teen vinnige en oppervlakkige groei in die gelykenis oor die saaiër, is die navorser van mening dat begeleiding tot self-differensiasie, binne die konteks van die Godsverhaal, geestelike groei sal stimuleer en bespoedig. Die term self-differensiasie sal in die volgende hoofstuk breedvoerig verduidelik word.

Geestelike groei is egter nie iets wat net in die mens gebeur nie, maar ook tussen mense. Ware (1995:11-13) gebruik twee terme, naamlik integrasie en individualisering om daarop te wys dat geestelike groei vereis dat 'n mens verskillende sienings en tradisies in sy persoon moet integreer en selfs verskillende spiritualiteitstipes moet akkommodeer, maar geestelike groei vra ook dat die individu homself moet ontdek en aanvaar. "There is no more disastrous path than to seek to violate one's basic nature" (Ware 1995:13). Ware gaan voort, " We cannot integrate the potentially enriching experience of others into our own self-understanding unless we first have a self; to gain a self, we must first relate to and then differentiate from community. It is a continuously enriching circular movement of interaction and definition"(1995:13). Integrasie beteken die deel word van en inskakel by 'n groep, terwyl individualisering die unieke bestaan los van die groep beskryf. Geestelike groei word bevorder wanneer albei eienskappe teenwoordig is. Om geestelik volwasse te wees, beteken dus om as unieke geskape van God deel te wees van die Godsvolk en saam as span vir God te verteenwoordig.

Binne die groep kan mense volgens Ware (1995:28-45) in vier verskillende spiritualiteitstipes ingedeel word. Individualisering sal beteken dat elke individu sy/haar spiritualiteitstipe sal ontdek. Integrasie sal beteken dat die individu ook die groep se spiritualiteitstipe sal ontdek en in die groep as individu sal ingroei. "These questions can essentially be reduced to two: 'Who am I as a spiritual person?' and ' What is the spiritual profile of my worshipping group?'" (1995:1). Die belangrike met betrekking tot geestelike groei is dus selfkennis en kennis van die geestelike groep. **Geestelike groei sal dan wees om as individu, terwyl die individualiteit behou word, deel te word van die groep en die groep so te verryk.** Geestelike groei kan dan onder andere

beskryf word as, ‘word ten volle deel as individu’. Geestelike groei sonder integrasie is nie in lyn met die Bybel nie. In die verband wys Cloud (1990:146-160) op die gevare as daar in hierdie integrasieproses nie duidelike grense is nie. Indien die persoon nie duidelik as individu afgegrens is nie (duidelik weet wie hy/ sy is nie) ontstaan verskeie persoonlikheidsprobleme. Die verskillende spiritualiteitstipes sal behandel word onder die afdeling wat handel oor spiritualiteit.

Verskillende skrywers, (Fowler 1984; Groeschel 1992; Cloud 1990), plaas klem op die verskillende ontwikkelingsfases van die mens en die korrelasie met die geloofsontwikkeling. Fowler (1984:52-71) onderskei sewe ontwikkelingsfases, naamlik die “primal faith, intuitive-projective faith, mythic literal faith, synthetic-conventional faith, individuative-reflective faith, conjunctive faith, and universalizing faith”. In die navorsing word nie baie klem gelê op die detail van die verskillende fases nie. Wat die vroeëre fases betref, sal die navorser slegs probeer aantoon dat die persoon se lewensverhaal deels gevorm word deur die invloed van verskillende persone en insidente op die persoon gedurende die vroeëre ontwikkeling. Die navorser sal probeer aantoon dat hierdie invloede gedurende die latere fases van geloofsgroei ’n deurslaggewende rol speel.

Gedurende die eerste fase, naamlik die grondfase, wat strek vanaf geboorte tot ongeveer twee jaar, ontwikkel die kind op die terrein van gebondenheid asook vertroue. Die invloed van volwassenes op die kind en die beleving van volwassenes speel ’n belangrike rol in die ontwikkeling van die Godsbegrip (Fowler 1984:53). Oor die tydperk tussen twee en ses skryf Fowler (1984:54) soos volg: “Perception, feelings, and imaginative fantasy make up children’s principal ways of knowing- and transforming - their experiences. The ordering tendencies of logical operations will come later. For now, stimulated by experience and by stories, symbols and examples, children form deep and long-lasting images that hold together their worlds of meaning and wonder.” Gedurende die derde fase, tydens die eerste skooljare, word die vermoë ontwikkel om te onderskei tussen reg en verkeerd. Die waardes van ander en van die gemeenskap waarin die kind opgroei speel ’n belangrike rol. Die narratiewe van ander en van die gemeenskap word belangrike draers van betekenis. “Knowing the Stories of ‘our people’ become an important index of identification and of evaluation of self and others and their groups” (Fowler 1984:56). Hy beklemtoon ook dat die patrone wat vasgelê is in die een fase, bepalend is vir die

ontwikkeling in die volgende fase.

Die fase bekend as die “synthetic-conventional faith”, word gekenmerk deur die saamvoeg van verskillende stories in ’n persoonlike lewensverhaal. “In this stage a person struggles with composing ‘a story of my stories’ ” (Fowler 1984:60). Hoewel die persoon onder verskeie invloede ’n self-narratief konstrueer, is daar nog nie sprake van ’n objektiewe evaluering van die self-narratief nie. Baie mense val in hierdie stadium vas en ontwikkel nooit ’n kritiese bevraagtekening van die self-narratief nie. Die volgende fase, naamlik die “individuative-reflective faith”, lei tot ’n kritiese beoordeling van die self-narratief. Die begrip differensiasie is belangrik en sal in die volgende hoofstuk deeglik aandag kry. Fowler (1984:62) beklemtoon die noodsaaklikheid van differensiasie met die oog op die “eienaarskap” van sekere geloofswaarhede.

Differensiasie beteken onder andere om ook verantwoordelikheid te aanvaar vir die unieke self. Geestelike groei vra dus gesprek, selfgesprek of gesprek met ander en ook God, oor die sin van die bestaande verhaal. **Geestelike groei vra ’n gesindheid van ondersoek/kritiese gees op die bestaande met die oog op ’n nuwe verhaal.** Hy haal ’n vyf en twintig-jarige aan: “In the process of clarifying my beliefs, I have had to examine some of the doctrines and myths of my religious tradition” (Fowler 1984:63).

In die sesde geloofs-ontwikkelingsfase, beskryf as die “conjunctive faith”, wat volgens Fowler (1984:64) in die middeljare verwag kan word, word die strakke grense meer vloeibaar en word die mens meer oop vir ander sienings. Die individu weet duidelik wie hy is, maar aanvaar ook ander vir wie hulle is. Die klinkklare antwoorde word minder. “God seems to me now more mysterious than ever, yet somehow, more fundamentally important” (Fowler 1984:66). Hierdie fase kan volgens die navorser baie gouer bereik word as ’n kritiese gees met die oog op geestelike groei gekweek word. Met ’n kritiese gees word ’n gees wat soek na ’n sinvolle verhouding met God bedoel. **Die vraag na die sin van enige godsdienstige aksie, in die lig van die Godsverhaal, moet altyd gevra word.** Die vraag na die sinvolheid van ander se godsdienste en spiritualiteit moet ook gevra word en daarvoor moet gesprek gevoer word.

Die laaste geloofs-ontwikkelingsfase volgens Fowler is die “universalizing faith”. In hierdie

fase verdwyn die individu se belange en word in God se belange opgegaan. Die individu verloor egter nie 'n unieke identiteit nie, maar leef vir God se belange as unieke individu en as gedifferensieerde persoon. Hier verdwyn reaktiewe gedrag en vashou aan dinge wat die mens mag (power) gee. Die mens beywer hom vir God en sy Koninkryk, omdat hy God totaal vertrou (ook met sy eie lewe) en God liefhet met sy hele wese. Efes. 5:17 beskryf dié mens se ingesteldheid: “Moet daarom nie onverstandig optree nie, maar probeer te wete kom wat die Here wil dat julle moet doen”. Vir hierdie mens gaan dit om die Naam van God wat hy op aarde verteenwoordig. Hy probeer om met sy optrede God as Koning te vestig in die omgewing waar hy invloed het, deur God se wil te soek en te doen. Dit alles doen hy deur as unieke mens, God Koning van sy lewe te maak. Wat die mense dink, is minder belangrik. Godsdienstige aktiwiteit wat nie sin maak nie, word nie meer beoefen nie. Die eie lewensverhaal word geleef met die oog op die inpas by die Godsverhaal.

Volgens die navorser het Fowler 'n paar aspekte beklemtoon wat belangrik is en later weer aan die orde sal kom. Die gedagte dat die geloofsverhaal (lewensverhaal) van elke mens individueel beïnvloed word en 'n konstruksie is, is belangrik. Die persone onder wie se invloed die konstruksie plaasgevind het, het hulle positiewe eienskappe en negatiewe eienskappe gehad. Die verkryging van 'n objektiewe posisie ten opsigte van die gekonstrueerde lewensverhaal (geloofsverhaal), is baie belangrik en word ook deur Fowler beklemtoon. Vir hierdie studie is dit baie belangrik dat die ontwikkeling in een fase die volgende fase bepaal. As die laaste drie fases in gedagte gehou word, is dit dus onmoontlik om jouself aan God te gee (selfverloëning) sonder 'n grondige self-kennis (self-differensiasie). Fowler beklemtoon die gedagte dat die twee finale fases van geloofsontwikkeling eers in die middeljare bereik word, en deur sommige gelowiges nooit bereik word nie. Deur die beginsels van dekonstruksie met die oog op self-differensiasie toe te pas, is die navorser van mening dat geloofsgroei verhaas kan word. **Die geloofsgroei wat normaalweg deur die verloop van die lewe gestimuleer word, kan volgens die navorser deur die korrekte bedieningspatroon vroeër in die lewe van die persoon verwerklik word.** Uit Fowler se bydrae is dit egter ook duidelik dat geestelike volwassenheid, soos beskryf in die laaste twee fases en veronderstel word met die term self-differensiasie, nie te vroeg in 'n persoon se lewe verwag kan word nie. Hoewel Louw (1997a:68) oordeel dat Fowler nie genoegsaam beklemtoon dat geloofsontwikkeling nie noodwendig met die persoonsontwikkeling saamval

nie, is die navorser tog van oordeel dat geloofsvolwassenheid soos beskryf aan die hand van self-differensiasie, nie kan plaasvind voordat die persoon nie 'n eie identiteit ontwikkel het nie. Die self-narratief moet eers gevorm word, voordat differensiasie kan plaasvind. Die navorser besef dat elke ontwikkelingsfase in werklikheid 'n fase van volwassenheid op sy eie is en dat 'n kind van elf jaar ook as volwasse vir sy ouderdom gesien kan word. Die navorser konsentreer egter op geestelike volwassenheid as proses waar die mens sy lewensverhaal (geloofsverhaal) in lyn met God se verhaal bring. Hierdie siening van volwassenheid vereis dat daar reeds 'n eie identiteit (lewensverhaal) gevorm is en dat daardie lewensverhaal dan in gesprek moet tree met God se verhaal. Hierdie proses veronderstel 'n sekere ouderdom en mate van fisiese volwassenheid (Wijngaarden 1950:72).

Wijngaarden (1950:74) beskryf die proses van volwassenheid in vier fases, naamlik die ontwikkeling van 'n eie identiteit, die aanvaarding van die medemens, die aanvaarding van die lewensmaat en die soeke na sin. Hoewel hy klem lê op die ontgroeiing van sekere patrone vanuit die kinderjare, beskryf hy volgens die navorser nie 'n effektiewe wyse waarop die lewensverhaal van die mens effektief aangespreek moet word nie. Hy beklemtoon dat die ouers van 'n jongmens vryheid en verantwoordelikheid aan hulle kind moet gee. Die navorser is van mening dat 'n derde eienskap by hierdie twee gevoeg moet word, naamlik 'n gees wat altyd soek na die sin van enige daad of aksie. Geen stap moet uit gewoonte geneem word nie, maar daar moet 'n gesprek oor die sinvolheid van elke 'gewoonte' gevoer word. Dan sal selfs die "gewoonte" lei tot sinvolheid, want alle dade in gewoonte gedoen, is nie sleg nie, maar nutteloos indien die sin nie persoonlik beleef word nie. **Kommunikasie met die oog op 'n soeke na sin binne die konteks van die Godsverhaal, bring sin en geestelike groei.**

Geestelike volwassenheid word onderskei van volwassenheid in die algemeen, in die sin dat geestelike volwassenheid 'n verhouding met God veronderstel. In hierdie verband is die nuwe identiteit 'in Christus' baie belangrik. Die identiteit van die gelowige strek dus verder as die persoonlike identiteit. Heyns (1981:319-323) het onder die opskrif "heiliging" 'n meer dogmatiese aanslag, wanneer hy skryf oor geloofsgroei. Hy plaas baie klem op die posisie van die gelowige 'in Christus' as 'n status wat aan die mens toegeken is. Wanneer Heyns (1981:319) heiliging beskryf as 'n status wat aan die mens toegeken is, lê hy klem op die nuwe identiteit van

die gelowige. In die inplanting in Christus in, het die gelowige deel gekry aan die status van Christus, naamlik regverdig en heilig. Die gelowige is nie heilig op grond van 'n kwalifikasie wat hy besit nie, maar op grond van 'n kwalifikasie wat aan hom toegeken is. In die volgende punt beklemtoon Heyns dat dit die mens se roeping is om te word wat hy reeds is. Die indikatief van die status word dan per definisie ook die imperatief van die daad. Wat die mens is, moet hy ook word, verder kan hy dit word omdat hy dit reeds is. Die 'in Christus-posisie' gee aan die gelowige toegang tot die Heilige Gees met die oog op vernuwing. Die identiteit in Christus skep hoop tot grondige geestelike groei, aangesien die menslike vermoëns van die mens aangevul word met die krag van die Heilige Gees.

Wanneer die mens se lewensverhaal in gesprek tree met die Godsverhaal, moet die mens homself sien in Christus. Die vraag moet gevra word of die persoonlike verhaal getuig van die posisie in Christus. Die rol van God moet ook raakgesien word in die 'in-Christus-Godsverhaal'. Die mens staan nooit alleen in die strewe na die ideale nie. Die indikatief gaan die imperatief vooraf. Die indikatief beklemtoon God se teenwoordigheid in die strewe om deur die imperatief by die ideale uit te kom. Enige appél wat die klem laat val op die imperatief sonder om die verhaal van hoop (indikatief) te belig, oorlaai die mens se vermoëns.

Volgens die navorser is die beklemtoning van die nuwe identiteit (in Christus) van die gelowige van kardinale belang. Die strewe na iets wat die mens reeds deur die genade is, behoort die mens se geloofsverhaal en spiritualiteit grondig te beïnvloed. Die groei na geestelike volwassenheid is nie 'n saak van verdienste nie, maar 'n groei na ware identiteit. Die groeiproses tot self-differensiasie sal grondig rekening moet hou met die identiteit in Christus wat klem lê op die veronderstelling dat geen groei kan plaasvind sonder die "in-Christus" wees nie (Godsverhaal/indikatief) en verder bepaal dit die rigting waarin ontwikkel moet word. Die "in-Christus" wees veronderstel ook die teenwoordigheid van die Heilige Gees. Geestelike groei is 'n reaksie op en strewe na die nuwe identiteit in Christus, deur middel van die geloofsreaksie van die mens onder leiding van en deur middel van die Heilige Gees. Geestelike groei is dus 'n reaksie deur die gelowige, op die verstaan van God se verhaal, met die individu in Jesus Christus. In die reagering van die mens speel die Heilige Gees 'n onontbeerlike rol. Soos Overduin (1967:17) beklemtoon, is die mens deur die inwonende Christus in staat tot geestelike groei en die verheerliking van God.

Hierdie proses van word wat die mens reeds is, gebeur alleen in 'n geloofsgerigtheid op Jesus as Verlosser. Wanneer die mens bewustelik reageer op die 'nuwe status' in Christus, vind daar groei plaas. Die mens word dus betrek in die proses van heiliging. In die praktyk beteken dit dat die mens die sondige patrone en dade in sy lewe beveg en poog om Jesus se voorbeeld na te volg. Om Jesus na te volg beteken egter nie dat die individu sy eie identiteit verloor nie, maar dat Jesus se leer in die unieke indentiteit geïntegreer word. Die 'in-Christus' beteken nie dat ons almal eenvormig behoort te word nie. Dit is duidelik dat selfverloëning nie selfvernietiging is nie, maar juis selfbevestiging as geskapene na die beeld van God. Hierdie vernuwingsproses gaan met baie stryd gepaard. Heiliging beteken nie volmaaktheid en sondeloosheid nie, maar 'n navolging van Christus ten spyte van nederlae. Die pad waarlangs hierdie navolging geskied is die wet van God. In 'n preek oor Rm 8:1-4 skryf König (1976:9): "Die Heilige Gees breek die heerskappy van die sonde in ons lewens met 'n doel, naamlik dat ons die wet van God kan onderhou. Dit beteken dat ons God met ons hele lewe kan liefhê, en ons naaste soos onself. Hierdie lewe van oorwinning moet gebeur in die mens se lewe. Dit moet gebeur in reaksie op God se verhaal met die mens in Jesus Christus". Groeschel (1982:4) skryf: "When the individual has decided to respond to the call of God experienced within, and strives to make this call the center of activity and choice, he or she may be called a truly spiritual person." Die roeping van God word dan die faktor wat alles integreer en die geestelike lewe word 'n lewenslange geloofsreaksie op die roeping van God in Jesus Christus.

Die 'Christus-verhaal' van God met die mens, plaas die mens in die teenwoordigheid van God. Die mens kan in God se teenwoordigheid wees sonder vrees. **Die 'Christus-verhaal' is die verhaal waarin alle ander verhale van God met die mens geïntegreer word.** Die 'Christus-verhaal' van God met die mens word ook die verhaal waarmee die mens sy verhaal in gesprek moet laat tree. Deur met die 'Christus-verhaal' in gesprek te tree, betree die mens 'n nuwe wêreld, die wêreld van God se volmaaktheid. Deur nie met hierdie verhaal in gesprek te tree nie, bly die mens se ervaring beperk tot sy eie en ander se gebroke verhale. Volgens Peterson is die evangelie-verhaal Goddelik en menslik. Hy sê verder: "It reveals, that is, it shows us something we could never come up with on our own by observation or experiment or guess; and at the same time it engages, it brings us into the action as recipients and participants but without dumping the

responsibility on us for making it turn out right” (1997:6). Die ‘Christus-verhaal’ gee aan die mens toegang tot die kragveld van God, maar word ook die kragbron en die doelwit wat nagevolg word.

Geestelike groei vra voortdurende reaksie van die mens (geloofsverhaal) op God se verhaal met die mens met die oog op die verteenwoordiging van God in die wêreld. Hierdie reaksie is ten diepste ’n kommunikatiewe reaksie. Eerstens reageer die mens deur die eie verhaal te bevra in die lig van die Godsverhaal. Die reaksie op die kommunikasie is ’n verdere vlak van kommunikasie deurdat die mens iets sê deur sy optrede (meta-meta-kommunikasie). Die verteenwoordiging van God kry gestalte in die navolging van die ‘Christus-verhaal’. Hierdie navolging geskied deur verskillende mense op verskillende wyses en word spiritualiteit genoem (Ware 1995:2).

Hierdie “gebeur” (geestelike groei) is die werk van die Heilige Gees in samewerking met die mens. In die gedeelte oor die Heilige Gees sal die term teonome resiprositeit behandel word, wat beklemtoon dat die mens en die Gees albei verantwoordelikheid dra ten opsigte van geestelike groei. Aangesien die navorser van mening is dat die rol van die Heilige Gees van kardinale belang is, sal daar in ’n aparte afdeling daaraan aandag gegee word.

Die vernuwing vind plaas binne die grense van die wet van God. Die Heilige Gees het gekom om Christus en sy heil (heel-wees) in die mens se lewens in te dra, maar wil ook deur die mens die heil die wêreld indra. Die wet dwing tot ’n betrokkenheid in die wêreld. In plaas van om die wet as beperkend te sien, moet die wet eerder gesien word as die pyle na die werksterrein van die gelowige. Hierdie pyle wys egter eerstens na die persoonlike verhouding met God, waaruit die hele lewe dan reageer deur in die wêreld vir God sigbaar te word. Geestelike groei vind plaas binne die konteks van liefde vir God, die self en die naaste en laat God se Koninkryk op aarde kom. Die eerste vier geboorte wys dan op die belangrikheid van die bron waaruit die mens moet lewe, terwyl die laaste ses geboorte die gelowige uitstuur na die wêreld en sy mense. Die wet van God vereis in werklikheid ’n vernuwing van alles. **Geestelike groei is nie iets wat in die mens gebeur los van die wêreld en aan die mens geestelike status gee nie.** Hoe meer geestelik volwasse, hoe meer dienskneg in die wêreld.

Cloud beklemtoon verder die gedagte dat geestelike groei binne die konteks van die geloofsgemeenskap plaasvind, veral wanneer daar 'n gees van aanvaarding onder mekaar is. In verhoudinge waar aanvaarding uitgestraal word, kry mense vrymoedigheid om hul maskers af te haal. “These aspects of the ‘likeness of God,’ our personalities, are still there in their pristine form if because of injury they have been separated from time. Through bringing them into the light of experience in grace-giving relationships with our true selves, they can be matured and redeemed in God’s masterfull process” (Cloud1990:41). Om aan ander mense gebind te wees (bonding), is 'n basiese skeppingsordonansie. God het gesê dat dit nie goed is dat die mens alleen is nie, en Hy het vir hom 'n maat gemaak, Cloud bevestig die siening: “The soul cannot prosper without being connected to others”(1990:47). Jh 15 beklemtoon nie net die verbintenis met Jesus nie, maar ook die verbintenis met ander gelowiges, as Jesus sê, “Dit is my opdrag: Julle moet mekaar liefhê soos Ek julle liefhet.” **Geestelike groei kan dus alleen plaasvind in verbintenis met ander.** Ware (1995:1) beklemtoon ook hierdie gedagte met die klem op die eie identiteit en die identiteit van die geloofsgemeenskap. Geestelike groei beteken dan om die gemeenskap te verryk met die individuele identiteit, terwyl die individuele indentiteit weer ontwikkel deur die invloed van die groep.

Aangesien God 'n God van liefde is en ons na sy beeld geskape is, kan die mens nie bestaan sonder verbintenis met ander nie. Uit die gedagte dat die mens geskape is na die beeld van God, maak Cloud (1990:49) die gevolgtrekking dat die mens 'n verhoudingswese is: “Since we are created in his likeness, relationship is our most fundamental need, the very foundation of who we are. Without relationship, without attachment to God and others, we can’t be our true selves. We can’t be truly human”. Hy beklemtoon die feit verder: “Because God has created a relational world, people can know their true selves only in relationship. The true self is a relational self” (Cloud 1990:67).

Liefde is die fondament waarop alle groei gebou is. Enige poging om geestelike groei te bevorder sal dus die individu moet help om ook te kan inpas by die groep. In die verband kan self-differensiasie 'n baie belangrike rol speel, omdat dit doelbewus streef na aanvaarding van die self en van ander. Self-differensiasie veronderstel eers die kry van afstand (objektiwiteit), waarna daar op nuwe voorwaardes gebind word. Self-differensiasie gaan egter van die standpunt af uit

dat geen groei in afsondering kan geskied nie. Geestelike groei in afsondering is ook nie Bybels nie. In die evangelie gaan dit om die herstel van verhoudinge, naamlik die herstel van die verhouding met God, met die self, ander en met die wêreld. Verbintenis (bonding) is 'n onontbeerlike deel van geestelike groei. Die groep het ook genesende krag.

Cloud (1990:91-111) beklemtoon verder dat groei wat alleen kan plaasvind binne die geloofsgemeenskap, ook die toepassing van grense noodsaak. "In a psychological sense , boundaries are the realization of our own person apart from others" (199:92). Die klem val dus op die binding met mense, terwyl individualiteit behou word. Paulus beklemtoon in 1 Kor 12 ook dat die liggaam van Christus alleen kan bestaan indien individue hulself aanvaar en die ander dele van die liggaam ook aanvaar. Vergelyk 1 Kor 12:14-17, "Die liggaam bestaan ook nie net uit een lid nie, maar uit baie. As die voet sou sê: ' Omdat ek nie 'n hand is nie, is ek nie deel van die liggaam nie', ' hou hy om die rede tog nie op om deel van die liggaam te wees nie. En as die oor sou sê: 'Omdat ek nie 'n oog is nie, is ek nie deel van die liggaam nie,' hou hy om die rede eweneens nie op om deel van die liggaam te wees nie. As die hele liggaam oog was, hoe sou hy kon hoor? En as die hele liggaam oor was, hoe sou hy kon ruik?"

Verder beklemtoon 1 Kor 12 ook die noodsaak van deel wees ter wille van die liggaam. Vergelyk 1 Kor 12:21: "Die oog kan nie vir die hand sê: 'Ek het jou nie nodig nie.' Die kop kan weer nie vir die voete sê: 'Ek het julle nie nodig nie' ". Geestelike volwassenheid beteken deel wees van die liggaam van Christus, maar sonder om persoonlike identiteit te verloor. Geestelike volwassenheid sien die noodsaak van samewerking, maar verstaan ook die noodsaak van 'n unieke bydrae van elke individu tot voordeel van die sinvolle en gebalanseerde funksionering van die liggaam. Die handhawing van grense speel af binne die konteks van nederigheid. Die eie unieke plek binne die liggaam word erken, maar tegelyk word ook die ander unieke lede gerespekteer. **Die beklemtoning van grense beklemtoon slegs die noodsaak van die behoud van elkeen se identiteit tot voordeel van die geheel.** Die wyse waarop elkeen sy unieke identiteit probeer behou, mag nie tot disharmonie in die liggaam lei nie. Unieke lede van die liggaam van Christus sal ook verstaan dat geen lid die ander lid se verantwoordelikheid kan oorneem nie en dat lede nie hulle verantwoordelikheid op ander lede kan afskuif nie. Die unieke aard van elke lid maak die oorneem van verantwoordelikheid, asook die ontduiking van

verantwoordelikheid, 'n oortreding van die unieke roeping wat elkeen ontvang het om God op unieke wyse te verteenwoordig. Cloud bevestig hierdie opmerking: "God has made each of us different, and we are responsible for discovering our gifts and developing them" (1990:104). **Geestelike volwassenheid beteken dus dat 'n mens sal weet wie hy is en dat hy ander sal aanvaar vir wie hulle is.** Dit is egter ewe belangrik vir die mens om te weet wie hy is, as ook om te weet wie hy nie is nie. Indien 'n mens nie weet wie hy is nie, kan hy nie sy roeping om God op unieke wyse te verteenwoordig, uitleef nie. Cloud beklemtoon die belangrikheid van grense wat in werklikheid selfkennis is, soos volg: "Some people's boundaries are confused because they are not allowed to own their feelings, thoughts, and behaviours, so they never own who they are. They don't know how to deal with these things later; they have no map. Other people not limited enough in their feelings, thoughts and behaviors, think they are the only ones who matter. These two later become the overresponsible and the underresponsible people"(1990:115).

In die lig van die voorafgaande bespreking kan die volgende belangrike gedagtes met betrekking tot geestelike groei uitgelig word:

- Geestelike groei beteken dat die mens groei na 'n beantwoording aan sy skeppingsdoel, naamlik om God te verteenwoordig.
- Geestelike groei is 'n voortdurende reaksie op God se betrokkenheid by die mens.
- In God se skepping is daar verskeidenheid met die oog op goeie funksionering. Elke mens is ook uniek. Geestelike groei beteken om as unieke geskape wese God te verteenwoordig.
- Om God te verteenwoordig, beteken om oor die skepping te heers. Enige iets wat die mens dus beheers, behalwe God, is nie in lyn met geestelike volwassenheid nie.
- Geestelike groei neem tyd, maar kan bespoedig word deur aan te moedig en te begelei tot self-differensiasie.

- Geestelike groei vind alleen plaas binne die konteks van die geloofsgemeenskap.
- Geestelike groei vind plaas waar daar 'n wisselwerking is tussen die individu en die groep.
- Geestelike groei vereis die behoud van die eie identiteit, terwyl die geheel gedien word.
- Geestelike groei noodsaak grense, kennis van eie identiteit en respek vir ander se identiteit.
- Die ontwikkelingsproses en die invloede in die proses, het 'n invloed op geestelike groei.
- Geestelike groei betrek die lewensverhaal en die Godsverhaal.
- Geestelike groei word ook beïnvloed deur ouderdom.
- Die individu het as unieke persoon ook 'n Goddelike identiteit naamlik 'in-Christus'.
- Die posisie 'in-Christus' plaas die mens in die teenwoordigheid van God as geregverdigde sondaar, maar word ook die doelwit wat nagestreef word. Word soos Christus. (Indikatief en imperatief)
- Die Heilige Gees speel 'n belangrike rol in geestelike groei.
- Geestelike groei is nie iets wat nagestreef kan word nie, maar is 'n neweproduk van 'n verhouding met God.
- Die verhouding met God word gevoed deur kommunikasie met God.

2.2 Die Bybel en die vraag na geestelike volwassenheid.

2.2.1 Enkele lyne vanuit die Ou Testament.

Die vraag na Ou Testamentiese spiritualiteit kan op twee vlakke hanteer word. In die eerste plek kan dit verwys na die wyse hoe die mense van 'destyds' as gelowiges in hulle alledaagse praktyke die Here gedien het. In die tweede plek kan dit verwys na die invloed wat die Ou Testament soos wat ons hom vandag het, op die hedendaagse mens se spiritualiteit behoort te hê. Die eerste gebruik verwys na die wyse van aanbidding wat nou saamhang met die kultuur van die destydse mens, terwyl die tweede gebruik verwys na die teologie van die Ou Testament en hoe die teologie die hedendaagse mens se spiritualiteit behoort te beïnvloed (Barton 1996:48). Dit is vanselfsprekend dat die fokus op die tweede gebruik sal val.

Die vraag na geestelike volwassenheid is ten diepste 'n vraag na die skeppingsdoel en die gevolglike roeping van die mens (Fowler 1998:1). In die verband word Gn. 1:26-28 belig. Om na die beeld van God geskape te wees, beteken nie dat die mens God word of presies soos God is nie. Von Rad (1973: 144) beklemtoon dit dat die vorm van die geskape na die beeld van God, nie so belangrik is, as die doel waarom die mens na die beeld van God geskape is nie. Die mens is God se verteenwoordiger, dit wil sê wie na die mens kyk, sy bestaan en sy handeling sien, kyk as't ware deur die mens, en word herinner aan 'n ander werklikheid, naamlik God. Ons leer God in die Skrif ken as die Skepper. As beeld van God skep die mens ook deur God se skepping te beheers. Heyns wys daarop dat om beeld van God te wees ook 'n groeiproses impliseer. "Dit is duidelik dat ons hier nie met 'n statiese toestand te doen het nie. Want hoe meer die mens buig onder die gesag van Gods Woord, hoe meer sy heerskappy oor die aarde in die Naam van die Here plaasvind, hoe meer sy verhoudinge tot ander deurdrenk word met liefde, hoe meer reg en geregtigheid in sy handeling ingebou word - hoe meer dit plaasvind, hoe duideliker die mens se heenwysing na God en hoe sigbaarder Gods teenwoordigheid op aarde"(Heyns 1981:127).

Von Rad (1981:60) beklemtoon ook die seksuele onderskeid tussen man en vrou. Die man en vrou is volgens hom geskep om mekaar aan te vul. Die mens vind dan sy volle betekenis in die ingroei in mekaar. Volgens hom word die soeke na geestelike groei wat opgaan in asketisme en wat beklemtoon dat geestelike groei 'n opgaan in God is, dus verkeerd bewys. Soos reeds beklemtoon, vind geestelike groei plaas waar mense in mekaar ingroei. Die bakermat vir

geestelike groei is die verhouding tussen 'n man en vrou, dus die gesin. Die selibaat as metode tot geestelike groei moet dus ook afgewys word.

Die gedagte dat die mens oor die skepping moet heers, plaas volgens die navorser klem op die gedagte dat die mens deur niks anders as slegs God beheer mag word nie. Met hierdie opdrag om te heers kry die mens verantwoordelikheid en mag hy nie toelaat dat iets hom verhinder om God aan die wêreld sigbaar te maak nie. Enige iets wat dus mag oor die mens kry, moet beveg word. Hoewel die mens nie die status as beeld van God verloor het met die sondeval nie, het die mens die vermoë om te heers (en nie beheer te word nie) verloor. Die mens kry eers weer in Jesus Christus die vermoë om te heers en dus volledig mens te wees terug. Om beeld van God te wees beteken dus om soos God oor die skepping te heers. Die mens moet bevry word van enige iets wat hom vasvang en beheers. **Geestelike volwassenheid beteken om namens God te heers op so 'n wyse dat God sigbaar word.** Hierdie heers namens God gebeur in die 'non-human world', en beteken nie dat mense oor mekaar mag heers nie. Mense is maats, gelykes, en heers saam as gelykes oor die wêreld as verteenwoordigers van God.

In Gn 1:26-28 word die volgende belangrike gedagtes beklemtoon met betrekking tot die mens se skeppingsdoel en geestelike groei. Die mens verteenwoordig God en gevolglik moet die mens die aarde beheers en ontwikkel. Beheers beteken om die aarde te ontwikkel sodat God en sy heerskappy sigbaar word. Die mens mag nie deur iets beheer word nie, behalwe deur God. Enige iets wat die mens beheer en verhinder om God se heerskappy sigbaar te laat word, is teen die skeppingsdoel van die mens. Die hele mens is beeld van God. Geestelike groei behels nie net die mens se sogenaamde siel nie, maar sy hele wese (Sizoo 1931:178); Verder word medemenslikheid beklemtoon en word God dus sigbaar waar die mens medemens is vir mekaar (König 1975:124). Hierdie medemenslikheid vind veral sy oorsprong in die verhouding tussen man en vrou. In hierdie verhouding hoort die seksuele ook tuis. Die mens word gebore uit medemenslikheid. Mense mag egter nie oor mekaar heers nie, maar moet as medemense heers en as medemense (span) namens God die wêreld ontgin.

Paul (1993:17-18) beklemtoon die persoonlike verhouding wat daar tussen God en mens bestaan. Die spiritualiteit van die mens word van die begin gedra deur die persoonlike omgang

tussen God en mens. Die mens reageer op die God wat hy in die verhouding leer ken. In hierdie verhouding word die mens aangespreek en reageer deur woord en daad. Selfs in die Ou Testamentiese mens se godsdienstige rituele en feeste reageer hy op God se spreke in die alledaagse lewe. Die mens se spiritualiteit is dus reaksie op God se spreke. Die gevaar het bestaan dat die mens uit gewoonte kon reageer sonder om God se spreke werklik te hoor. Hierdie gevaar word telkens deur die profete aangespreek. Die navorser is van oordeel dat die klem op die kommunikasie tussen die lewensverhaal en die Godsverhaal hierdie probleem kan aanspreek. Daar moet altyd gevra word na die identiteit van die God wat praat en die betekenis vir die persoonlike lewe. Hierdie vrae dwing tot nadenke en reaksie.

In 'n verdere poging om 'n Bybelse beeld te probeer kry van geestelike volwassenheid word daar vervolgens verwys na 'n artikel deur Snyman (1997:375-387) oor spiritualiteit in die Ou Testament. In die Ou Testament staan die gedagte dat God altyd en oral teenwoordig is, voorop. God se self-openbaring aan Moses volgens Eksodus 3:14-15, naamlik "Ek is wat Ek is", dien as uitgangspunt. Hierdie lyn word ook in die Nuwe Testament voortgesit met die koms van Immanuel, dit is Jesus. Die 'Ek is-uitsprake' gryp ook terug na Eksodus 3. Wanneer Jesus vertrek met sy hemelvaart, kom woon die Heilige Gees in ons. God is altyd teenwoordig by die mens. Die mens moet dus in gedagte hou dat sy lewe altyd geleef word in die teenwoordigheid van God. Vir die Ou Testamentiese mens was die teenwoordigheid van God baie meer werd as enige aardse besittings: "God's presence is so essential that no merely earthly good can compare with it: to be 'with God' is better than riches, and no amount of material well-being can be worth having if God's presence is withdrawn (see especially Ps. 73:23-6) ... For this reason the worst thing that can happen, as a number of psalms make clear (e.g. Ps. 51:11), is for God to remove his presence and leave the worshipper in the dark" (Barton 1996:55). God is oral teenwoordig. God se teenwoordigheid plaas egter ook verantwoordelikheid op die gelowige om te lewe volgens God se wil.

Die bepalings in die Tora plaas klem op die gedagte dat daar nie 'n deel van die lewe is wat geleef kan word buite die teenwoordigheid van God om nie. Die volk het die geboorte aanvaar as riglyne vir die lewe in die teenwoordigheid van God. Die volk het egter ook die geboorte gehoorsaam uit dankbaarheid vir die verlossing uit Egipte. Die Tora wil dus sê dat gelowiges

leef in die teenwoordigheid van God as mense wat dankbaar is vir God se verlossing. Hierdie dankbaarheid word in die praktyk van die alledaagse lewe uitgeleef, juis omdat die lewe geleef word in die teenwoordigheid van God. Hierdie lewe is gekenmerk deur toewyding en gehoorsaamheid. (Barton 1996:57) wys ook op 'n ontwikkeling wat laat in die Ou Testamentiese tyd gebeur het, naamlik dat klem gelê is op die oordink van of meditasie oor die wet: "It might be said to be the Old Testament's answer to the question of how mankind is to arrive at the presence of God".

Die taak van die profete was om die volk terug te roep na 'n lewe in die teenwoordigheid van God. Die profete het klem gelê op die identifikasie met die konkrete werklikheid, maar ook op 'n lewe wat in toewyding aan God geleef word. Om te wag op die Here was deel van die Ou Testamentiese spiritualiteit. In die Boek Habakuk word klem gelê op die gesprek tussen God en mens wat op die einde, na 'n lang wagperiode (periode van stryd en gesprek), rus bring sonder om antwoorde te gee. Geestelike groei vind dus plaas waar die probleemsituasie in gesprek met God deurgeworstel word. Spiritualiteit in die Ou Testament beteken om te leef soos mense wat God sien. Mense wat God sien, hanteer die lewe anders. Om God te kon sien moes dikwels eers geworstel word.

In die Geskrifte, waarvan die Psalms die eerste boek is, word baie klem gelê op gebed. Gebed was 'n wesentlike deel van die Ou Testamentiese spiritualiteit. Die gebede in die Psalms getuig van 'n oop verhouding met God, waar die hart uitgepraat is totdat daar rus gekom het. In die wysheidsliteratuur word 'n nadenkende manier van kyk na die werklikheid beskryf. Weereens word die gedagte beklemtoon dat om te lewe in die teenwoordigheid van God, ruimte laat vir 'n oop gesprek. Differensiasie van die situasie in die soeke na sin, was nie vreemd by gelowige in die Ou Testament nie.

Die volgende kan as betekenisvolle gedagtes met die oog op geestelike groei vanuit die artikel aangedui word: Die mens leef altyd en oral in die teenwoordigheid van God. Geen deel van die lewe val buite die grense van die lewe in die teenwoordigheid van God nie. Om te wag op die Here terwyl die wagtyd gevul word met gesprek/gebed (kommunikasie) met die Here, was deel van die wandel in die teenwoordigheid van God.

2.2.2 Enkele lyne vanuit die Nuwe Testament.

Ook die Nuwe Testamentiese spiritualiteit word gesien as meta-kommunikasie op God se spreke in Jesus Christus. Noordegraaf bevestig hierdie stelling: “Mensen worden geroepen met heel hun bestaan op dit spreken en handelen van God in Jezus Christus te antwoord” (1993:44). In Jesus het God vir ons ‘n voorbeeld kom gee. Volgens Noordegraaf (1993:45) is elemente van Jesus se lewe wat navolging vra, die feit dat Hy gereeld met sy Vader in gesprek was, sy lewe uit die Skrif, en sy gehoorsaamheid aan die wet van die liefde. Die navolging van Jesus in voorbeeld red egter nie die mens nie. Jesus is nie net voorbeeld van korrekte optrede nie, Hy is ook Verlosser. Spiritualiteit in die Nuwe Testament vind sy middelpunt in Jesus Christus en is ‘n pneumatologiese aangeleentheid.

Volgens Moberg (1990:14) is daar veral twee basiese denkrigtings met betrekking tot geestelike groei of geestelike volwassenheid, naamlik dié van selfverloëning en selfaktualisering. Aangesien die navorser van mening is dat geestelike groei gestimuleer word wanneer self-differensiasie met betrekking tot die individu se lewensverhaal plaasvind, is dit belangrik om die twee denkrigtings vanuit Bybelse perspektief te belig. Die vrae wat beantwoord moet word, is of selfverloëning of kruisdra die verlies van eie identiteit beteken en verder of daar ruimte is vir die klem op eie identiteit binne Bybelse perspektief oor volwassenheid. Is selfaktualisering noodwendig ‘n begrip wat dui op die oorbeklemtoning van die eie identiteit en dus negatief, of kan selfaktualisering as Bybelse beginsel in die groei na volwassenheid sy plek vind?

Mt 22:39 word dikwels gebruik om te beklemtoon dat die mens homself mōt liefhê. Die selfliefde in hierdie gedeelte is egter nie ‘n opdrag nie, maar word as ‘n gegewe aanvaar. Kruger en Venter stel dit so: “Jesus bestraf nie hierdie selfliefde in die mens nie; Hy skakel dit ook nie uit nie, maar kanaliseer dit dat dit op die naaste gerig word ... Selfliefde as ‘n gegewe in elke mens openbaar dat in die christelike lewe die self nie uitgeskakel word nie, maar instrumenteel betrokke gemaak word”(1996:370-371). Die mens verloor nie sy identiteit in sy verhouding met God en die naaste nie, maar stel sy persoon juis tot beskikking om God te dien in sy naaste.

Selfverloëning is ‘n opdrag in die Bybel. In Mt 10:38-39 staan die volgende: “Hy wat nie sy kruis dra en My volg nie, is nie werd om aan My te behoort nie. Hy wat sy lewe wil behou, sal dit

verloor; en hy wat sy lewe ter wille van My verloor, sal dit behou.” Mk 8:34-35 is in dieselfde gedagtelyk: “Jesus het toe die menigte mense saam met sy dissipels nader geroep en vir hulle gesê: ‘As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, sy kruis dra en My volg, want wie sy lewe vir homself wil behou, sal dit verloor; maar wie sy lewe vir My en die evangelie verloor, sal dit behou’”. Dieselfde gedagtes kom ook voor in Mt 16:26, Lk 17:32-33, en Jh 12:25-26. Identifikasie met Jesus se sterwe is noodsaaklik om ook saam met Hom op te staan in ’n nuwe lewe (Jones 1996b:78).

Die navorser is van mening dat die begrippe selfverloëning en kruisdra dikwels verkeerd deur gelowiges geïnterpreteer is en dat daar steeds verwarring bestaan oor die verstaan van die twee begrippe. In die lees van Holt (1993) se boek “Thirsty for God”, wat handel oor die verskillende wyses hoe die dors na God deur die eeue aangespreek is, word die indruk tog gelaat dat die klem dikwels onder andere geval het op ’n soort teenprestasie asook ’n identiteitloosheid.

Aangesien die verskillende teksgedeeltes wat genoem is dieselfde gedagtes aanspreek en binne dieselfde konteks funksioneer, is dit nie van enige nut om ’n uiteensetting van elke gedeelte te gee nie, daarom hanteer die navorser slegs een van die gedeeltes, naamlik Mt 10:34-39. Hierdie gedeelte pas in binne die breë konteks van Mt 9:35-11:1 waar Jesus sy dissipels uitstuur om die evangelie in die wêreld te gaan verkondig.

Die boodskap sal mense verdeel. Sommige sal die boodskap en vir Jesus aanhang terwyl ander dit sal verwerp en verder ook die draers van die boodskap sleg sal behandel. Hierdie verdeeldheid sal selfs in gesinne plaasvind. Die gedagte van selfverloëning en kruisdra beklemtoon die getrou-bly aan Jesus en sy boodskap onder moeilike omstandighede, soos onder andere druk van mense wat nie glo in Jesus nie. Om kruis te dra ter wille van Jesus beteken simbolies om Jesus te volg en sy evangelie te verkondig ten spyte van vervolging, pyn en die aflê van eie belange (Noordegraaf 1993:48). Wanneer die keuse tot eie belange die boodskap van die evangelie kan benadeel, moet die keuse gemaak word om eerder getrou aan Jesus en sy boodskap te wees. Hierdie teksgedeeltes beklemtoon dus nie die verloor van eie identiteit nie. Die eie unieke identiteit kan vrugbaar gebruik word om Jesus se belange en die evangelie uit te brei (Velema 1993:380-382). Die behoud en bevordering van eie identiteit mag egter nooit lei tot verdeeldheid

nie. Slegs die evangelieboodskap mag 'aanstoot' gee. Aangesien die klem val op die wegdoen met alles wat die eerste-stel van Jesus en die bevordering van die evangelie benadeel, is die navorser van mening dat 'n 'siek' lewensverhaal ook onder die spits van hierdie teksgedeelte val. Cloud (1990) wys in besonderhede hoedat nadelige patrone (injuries) wat deur die loop van die lewe deel van 'n lewensverhaal geword het, kan lei tot 'n onvermoë om die lewe 'in volheid', wat Jesus bewerk het, deelagtig te word. Veral die nalaat van die ontwikkeling van 'n eie self lei tot die gebrek aan grense wat onder andere kan lei tot 'n self-gesentreerde lewe en die oorktualisering van die self ten koste van ander. Verder word mense se houdings, gevoelens, optrede, gedagtes, vermoëns, begeertes, keuses, beperkinge, dus hulle hele bestaan deur hulle eie self-verstaan beïnvloed (1990:45-111). 'n Lewe wat Jesus en sy evangelie nie eerste stel nie, kan dus 'n simptoom wees van 'n 'beseerde' lewensverhaal. Indien daar genesend met die lewensverhaal gewerk word, kan die persoon in staat gestel word om Jesus eerste te stel en so aan die eis van die Woord gehoorsaam te wees. Om Jesus waarlik eerste te kan stel, is dit volgens die navorser noodsaaklik om die lewensverhaal ook aan te spreek. Hierdie teksgedeeltes beklemtoon die gedagte dat geestelike volwassenheid beteken om Jesus se belange altyd eerste te stel. Die verlies aan eie identiteit word nie gevra nie, maar juis die uit-die-weg-ruim van faktore wat die mens kan verhinder om sy unieke persoonlikheid totaal aan God te wy. **Geestelike groei beteken nie om eie identiteit te verloor nie, maar juis om alles wat die mens verhinder om Jesus eerste te stel, uit die weg te ruim.**

Twee teksgedeeltes wat verder lig werp op die onderwerp van selfverloëning en selfaktualisering is Rm 12:1-10 en 1 Kor 12. Aangesien albei teksgedeeltes dieselfde gedagtes beklemtoon, word slegs aan 1 Kor 12 aandag gegee. In die beeld van die liggaam van Christus wat Paulus gebruik, word twee beginsels beklemtoon, naamlik verskeidenheid en eenheid (Hudson 1995:76). Die dele bestaan nie as afsonderlike dele of stukke nie, maar kom alleen tot sy reg binne die liggaam en in diens van die goeie funksionering van die liggaam. Dié dele behoort vanuit die oorsprong asook die doel, saam 'n eenheid te vorm. In vers 7 word die gedagte beklemtoon dat elke mens 'n gawe ontvang het en dus uniek is met die oog op die verryking en goeie funksionering van die geheel. Die gawes wat genoem word, is nie bedoel om 'n volledige lys te wees nie, maar plaas slegs klem op die gedagte dat elke mens met sy persoonlike identiteit deur God geskape is en gebruik wil word tot Sy voordeel. Die enkeling word toegerus om op 'n wyse wat aan hom alleen

eie is, 'n plek in te neem in die lewe van die geheel en 'n diens te verrig tot voordeel van almal, sodat die gemeente kan leef en funksioneer soos 'n lewende organisme (Groenewald 1980:161; Morris 1983:173). Die gevaar bestaan ook dat eendersdenkendes 'n eenheid en 'n buffer vorm teen andersdenkendes. Daar moet 'n openheid bestaan vir die verskeidenheid en dit moet in gedagte gehou word dat die eenheid belangiker is as persoonlike voorkeure. Ook hier is die navorser van oordeel dat kommunikasie skeppingsmag besit. Wanneer mense wat verskillend dink met 'n openheid aan 'n gesprek deelneem, sal 'n skuif in die rigting van eenheid en heelheid beslis plaasvind. Daar moet raakgesien word dat eenheid nie eendersheid is nie, maar juis ruimteskeppend. König (1998:26) beklemtoon dit so: “Dit is enersyds verkeerd om die verskeidenheid tussen mense te ontken, en dit is andersyds net so verkeerd om die verskeidenheid tot geskeidenheid te voer”. Die vrug, naamlik die liefde, moet die wyse hoe die verskeidenheid hanteer word, bepaal.

Die enkeling kan alleen aan hierdie skeppingsdoel beantwoord indien hy homself aanvaar as uniek. In verse 15-20 word hierdie beginsel beklemtoon: “As die voet sou sê: ‘omdat ek nie 'n hand is nie, is ek nie deel van die liggaam nie,’ hou hy om die rede tog nie op om deel van die liggaam te wees nie.” In vers 18 word die wil van God beklemtoon met betrekking tot die unieke aard van elke deel van die liggaam: “Maar nou het God die lede, elkeen van hulle afsonderlik, in die liggaam gevoeg soos Hy dit wou hê.” Voordat die enkeling 'n bydra in die geheel kan maak, moet die unieke, Godgewilde aard eers aanvaar word (Cloud 1990:92). Voordat die enkeling 'n unieke bydra kan lewer tot die geheel, moet die eie unieke individualiteit ontdek en aanvaar word.

'n Tweede beginsel met die oog op die beantwoording aan die skeppingsdoel, is die aanvaarding van die ander dele van die liggaam as uniek en noodsaaklik. 1 Kor 12:21-22 beklemtoon die gedagte dat die enkeling ook die ander dele moet aanvaar as uniek deur God geskep met die oog op die goeie funksionering van die liggaam. Hierdie twee beginsels van uniekheid en eenheid is ook belangrik vir die belewenis van God en die spiritualiteit wat daaruit vloei. Elke mens is uniek en sal God dus uniek beleef. Eenheid sal beteken dat daar ook begrip en aanvaarding sal wees vir die unieke beleving van elkeen en gevolglik die unieke spiritualiteit (Rice 1991:27). Christene moet versigtig wees om te dink dat hulle beleving en reaksie op die Godsverhaal ewangeliestatus het. Hoewel die ander spiritualiteit vir 'n spesifieke individu vreemd mag wees, is dit nie

noodwendig verkeerd nie. Daar moet ook gewaak word om die ander persoon se spiritualiteit ewangeliestatus te gee en die eie spiritualiteit nie te aanvaar nie. Gesprek kan begrip en groei na mekaar teweegbring. Gesprek met God, die self en ander oor die Godsverhaal, kan foutiewe verstaan regstel. Daar moet egter 'n nederigheid en 'n openheid wees.

Die individu moet sorgdra dat sy unieke persoonlikheid ontdek en beskerm bly asook betrokke is en diens lewer in die liggaam, terwyl die individu ook moet besef dat die aanvaarding van ander beteken dat hulle erken en gebruik sal word. Mense se uniekheid mag nie bedreig word deur hulle verantwoordelikheid oor te neem nie. Duidelike grense vloei dus vanuit die gedagte van die liggaam met die verskillende dele. **Geestelike volwassenheid beteken volgens 1 Kor 12 om die self te ontdek en te aanvaar as uniek met 'n spesifieke doel, asook om ander mense te aanvaar as uniek met 'n spesifieke doel.** Die doel van die verskillende dele is om die geheel te dien. Die unieke aard kry slegs waarde wanneer dit saamwerk met die ander dele in diens van die geheel. Fowler se drie laaste geloofsfasies is hier van belang, naamlik die “individuate-reflective faith”, “conjunctive faith” en die “universalizing faith” (Fowler 1984:64-70). In hierdie geloofsfasies word die gedagte van die ontdekking van 'n eie identiteit en die openheid vir ander identiteite beklemtoon, asook die gedagte dat die individu as unieke wese homself onvoorwaardelik gee in diens aan God. 'n Gedagte wat telkens voorkom en baie belangrik blyk te wees, is die gedagte dat daar nie sprake van geestelike groei sonder grondige selfkennis is nie. 'n Gebrek aan selfkennis lei tot probleme in menseverhoudinge. In die volgende hoofstuk word dit duidelik aangetoon dat self-differensiasie ook 'n grondige selfkennis veronderstel met die oog op goeie funksionering tussen ander. Hierdie self-differensiasie vind plaas deur kommunikasie, aangesien konstruksie en dekonstruksie taalgebeure is. Geestelike groei sal dus vanuit hierdie siening ook 'n taalgebeure wees en vereis dus kommunikasie.

Volgens die navorser is die gedagte van grense (boundaries), wat in die sielkundige wêreld algemene spreektaal is, nie vreemd aan die Bybel nie. Waar die individu egter uit die geheel gehaal word en sy regte beklemtoon word, word eensydighede beklemtoon, aangesien die individu uniek geskape is met die oog op diens in die geheel. Liefde volgens 1 Kor 13 is binne die konteks gesien dan juis aanvaarding van jouself en aanvaarding van die ander. Liefde beteken om jouself te aanvaar en aan ander lewensruimte te gee. Om jouself te beklemtoon ten

koste van ander, of jouself te vergelyk met ander, of ander op te hemel ten koste van jouself, is liefdeloos en geestelik onvolwasse. **Binne hierdie konteks kan geestelike volwassenheid en die proses van self-differensiasie (binne christelike konteks) as dieselfde proses gesien word.**

Hierdie teksgedeelte beklemtoon dat die individu alleen tot sy reg kom binne die geheel. Verder lei die ontdekking van die eie identiteit tot die waak teen 'grensoorskreidings'. Elke individu binne die liggaam behoort dus ruimte te hê om as unieke geskapene 'n bydra te lewer. Geestelike groei vind plaas binne die liggaam.

'n Volgende teksgedeelte wat klem lê op geestelike volwassenheid en waaraan aandag gegee gaan word is Efes. 4. Die navorser se doel is nie om 'n volledige eksegetiese uitleg van die hoofstuk te gee nie, maar om slegs die teologiese interpretasie wat relevant is met die oog op die betrokke studie weer te gee. Die beginsels wat deurgegee word, berus egter op 'n eksegeese van die teks. In hierdie gedeelte handel dit oor die kerk, oor die verhouding van die verhoogde Here met sy liggaam (die kerk), asook oor die funksionering van die kerk.

Die klem val op die eenheid van die kerk wat gedien word deur goeie funksionering. Die eenheidsgedagte word baie sterk beklemtoon deur verskeie argumente. Ten einde goed te kan funksioneer het die oorwinnende Here aan elke lidmaat van die kerk 'n bepaalde gawe gegee. Hierdie gawe is nie bedoel as 'n persoonlike bevoordeling van die individu nie, maar dien tot bevoordeling van die Godsvolk. Die individuele gawes moet aangewend word tot die goeie funksionering van die kerk. Ten einde goed te funksioneer as kerk, het die oorwinnende Here nie net gawes aan spesifieke mense gegee nie, maar ook spesifieke mense as gawes gegee. Die doel van hierdie mense was om opleiding te gee aan die mense, sodat hulle hulle gawes maksimaal kon aanwend in die liggaam. Die opbou van die liggaam vind plaas wanneer heidene deur die evangelie bereik word en deel van die kerk word, asook wanneer lede van die liggaam groei in kennis van die waarheid en gevolglik in die waarheid stewiger geanker word (Roberts 1990:103-130).

Met die oog op die studie is dit belangrik om te beklemtoon dat groei plaasvind binne die grense

van die Godsvolk, wanneer individue hulle gawes gesamentlik met ander uitleef, met die oog op die beter funksionering van die kerk. Groei is dus nie iets wat in isolasie plaasvind nie en verder word groei nooit 'n doelwit wat nagejaag kan word nie. **Persoonlike geestelike groei is altyd 'n neweproduk van die uitleef van 'n unieke persoonlikheid met sy Godgegewe gawes tot voordeel van die kerk en eer van God.** Die betrokkenheid van die individu moet altyd gerig wees op groei van die kerk. Groei word in die gedeelte gesien as die uitbreiding van getalle en die eenheid wat bestaan tussen die verskillende lede. Verder word die waarde van die 'waarheid', dit wil sê die feite met betrekking tot die evangelie soos geopenbaar in Jesus Christus, ook beklemtoon. Paulus beklemtoon dat die deel-wees van die Godsvolk, asook die toeneem in kennis met betrekking tot die waarheid, 'n anker gee. Die beklemtoning van die korrekte leer in geestelike volwassenheid kan nie geïgnoreer word nie, maar moet juis bevorder word. **Die klem kan beslis nie net op die beleving val nie, maar die beleving van die betrokke geloofswaarheid is belangrik.** Die waarheid sonder die beleving is egter ook van weinig nut. Die navorser is van mening dat die brug tussen die waarheid en die beleving geslaan word deur middel van kommunikasie met die oog op die sin van die betrokke waarheid. Vrae met betrekking tot die waarde van die betrokke geloofswaarheid moet gevra word. Verder moet die vraag ook na God en sy wil in die waarheid gevra word (Godsverhaal). Laastens moet daar ook gevra word na dit wat in die mens se eie lewe deur hierdie waarheid aangespreek wil word en wat in die pad van die eindresultaat staan.

Laastens wil die navorser klem lê op Jesus se antwoord toe Hy gevra is oor watter wet die belangrikste is. Jesus se antwoord waarin Hy aanhaal uit Deuteronomium beklemtoon dat die God van die Ou Testament ook die God van die Nuwe Testament en die Vader van Jesus Christus is. God word erken as die Een van wie alles kom. Alles in die lewe word aan die verhouding met God onderdanig gestel. Die belangrikheid van die wil van die mens (verstand) word ook uitgewys

wanneer daar vereis word dat God in gehoorsaamheid gevolg moet word. Jones (1996b:65) beklemtoon die rol van die verstand as hy sê: "The 'love' enjoined and elicited is nothing emotional or self-indulgent; total devotion entails the active will expressed in obedience to the will of God". Jesus vra niks buitengewoon nie, maar liefde vir God, die naaste en die self. Jesus vra respek en toegeneentheid vir die mens as beeldraer van God. Jones beklemtoon die

eenheid van die twee gebooië, asook die gedagte dat geestelike groei in die medemens sigbaar moet word: “The second commandment raises our fellow human beings above the level of other creatures, such as food and clothing, on which we are not to spend much though; human beings are not to be used, but enjoyed and loved, and to served. The two commandments are subtly linked, but not inseparable, as if the first can only be fulfilled in the second” (1996b:66). God word gedien in mense. Spiritualiteit is die reaksie van die mens op God se liefde vir die wêreld. Die mens reageer in die wêreld en veral in die mens deur lief te hê soos wat God liefgehad het.

Samevattend kan die volgende lyne met betrekking tot geestelike groei vanuit die teksgedeeltes weergegee word:

- Die mens verteenwoordig God en gevolglik moet die mens die aarde beheers en ontwikkel.
- Die mens moet heers en nooit beheer word nie.
- Die mens mag nie oor ander mense heers nie, maar moet vir mekaar medemense wees.
- Die mens leef oral en altyd in die teenwoordigheid van God.
- Om te wag op die Here (totdat sy teenwoordigheid beleef word), terwyl die wagtyd gevul word met gesprek/gebed (kommunikasie) met die Here, was deel van die wandel in die teenwoordigheid van God.
- Die gesprek met God getuig van ’n oopverhouding met God, waar die hart uitgepraat word totdat daar rus gekom het.
- Geestelike volwassenheid beteken om Jesus se belange altyd bo jou eie te stel.
- Selfverloëning beteken nie die verlies aan eie identiteit nie, maar juis die bevegting van enige iets wat die individu kan verhinder om as unieke mens God voluit te dien.

- Die individu kom eers tot sy reg binne die geheel. Geestelike groei vind dus alleen plaas binne die geloofsgemeenskap.
- Die erkenning van die unieke karakter van elke mens lei tot noodsaaklike grense. Geen mens mag die eie unieke karakter verloor nie.
- Geestelike groei is nie iets wat nagejaag kan word nie, maar 'n neweproduk van 'n lewe in die teenwoordigheid van God (en die Godsvolk).

2.3 Spiritualiteit as belangrike rolspeler in geestelike groei.

2.3.1 Inleiding

Die doel van die studie is om aan te toon dat die dekonstruksie van lewensverhale 'n groot rol kan speel in geestelike groei (transformasie). Spiritualiteit is die reaksie (geloofsverhaal) van die mens op die verstaan van God en sy verhaal met die betrokke mens. Spiritualiteit het gevolglik 'n groot invloed op die vlak en proses van geestelike groei. Geestelike groei en spiritualiteit is egter nie identies nie. Spiritualiteit speel 'n baie belangrike rol in die groei na geestelike volwassenheid. Dit is dus belangrik om ook 'n deeglike beskrywing van die begrip spiritualiteit te gee. In die volgende hoofstuk sal die begrip lewensverhaal aan die orde kom.

Kellerman (2000:41) toon aan dat die bestudering van spiritualiteit as moontlike teologiese vak, bibliologiese, historiese, prinsipiële en ook praktiese perspektiewe behoort in te sluit. In die hoofstuk sal gepoog word om aan elkeen van hierdie aspekte aandag te gee, hoewel dit nie op 'n punt vir punt basis sal geskied nie. Die deel word hoofsaaklik vanuit 'n literatuurstudie benader. Gesprekke sal ook met sommige lidmate gevoer word met die oog op 'n moontlike aantoon van

'n verband tussen belangrike vormende gebeure in hulle lewensverhale en die uitwerking op hulle spiritualiteit. Aandag sal dus ook gegee word aan die vorming van spiritualiteit.

Soos reeds genoem, poog die navorser om aan te toon dat die lewensverhale van mense 'n groot rol speel in hulle spiritualiteit en gevolglik ook hulle geestelike groei. Die navorser gaan van die standpunt uit dat ten einde geestelike groei te bevorder, moet die lewensverhaal gedekonstrueer word. Die hantering van die oorsig oor spiritualiteit sal so geskied dat daar later gevolgtrekkings gemaak sal kan word met die oog op die bewys van die hipotese as waar of vals.

2.3.2 Wat word bedoel met die begrip spiritualiteit?

Daar bestaan baie sienings van die begrip spiritualiteit. Velema (1990:20) wys daarop dat ons in 'n pluralistiese samelewing met baie opvattinge leef. Die gevolg is dat elkeen 'n woord soos spiritualiteit met sy of haar eie inhoud vul (Yarnold 1996a:9). Verder is veral gereformeerdes skepties oor die woord spiritualiteit, omdat die persepsie by sommige bestaan dat dit klem lê op die feit dat die mens homself kan verlos (Holt 1993:2). Volgens Rice (1991:45) spruit die negatiewe uit die gedagte dat spiritualiteit 'n onderskeid veronderstel tussen die materiële en geestelike lewe. Bosch (1994:9-11) se mening is dat daar by baie 'n skeptisisme teenoor die woord spiritualiteit bestaan, omdat die gevoel is dat dit verwys na 'n vroomheid wat vreemd is aan die gereformeerde godsdiensbelewenis. Hierdie vroomheid plaas klem op 'n wêreldvreemdheid asook 'n soort van werkheiligheid. Volgens hierdie denkrigting moet 'n mens 'n sekere hoeveelheid tyd met God spandeer om deur die dag te kom. As 'n mens aan die einde van die dag aan energie kortkom, moet jy die volgende dag net meer tyd met God spandeer. Die denkfout wat gemaak word, is dat daar 'n onderskeid gemaak word tussen stiltetyd en gewone tyd. Stiltetyd saam met God word as heilig beskou, terwyl tyd in die alledaagse lewe nie tyd saam met God is nie en die gelowige mens geestelik uitput. Volgens hierdie denke kan 'n mens soos volg redeneer: "I would, therefore, much rather live on angels's food only and have as little as possible to do with the things of the world" (Bosch 1994:12). Bosch beklemtoon dus die gedagte dat spiritualiteit meer is as stil-word saam met God. Spiritualiteit is meer as die laai van geestelike batterye. Spiritualiteit is die wyse van my totale bestaan voor God as mens in die wêreld. Dit sluit stil-word asook aksie in en raak my lewe op die basiese bestaansvlak soos gesien

word in die beklemtoning van die vrugte van die Gees in Galasiërs 5:22 asook in 'n aanhaling vanuit Postema: "Spirituality has to do with being in touch with our spirit and with the Spirit of God (Rm 8:14-17; 1 Cor. 2:9-13). It is a way of being awake to the world around us and in us, of making space for God" (Postema 1997:19).

In die algemeen kan egter gesê word dat dit na die geestelike lewe van die mens in sy verhouding tot God wys (Jonker 1989:288). **Dit gaan dus oor die verstaan en belewenis van God en die reaksie van die mens (geloofsverhaal) op hierdie verstaan en belewenis** (Cole 1993:50; Rice 1991:45). Van't Spijker beklemtoon ook die gedagte van spiritualiteit as reaksie op die Godsverstaan, maar lê veral klem op die omvattendheid van hierdie reaksie: "Wij omschrijven vroomheid of spiritualiteit als de menselijke reactie, door de Geest geïnitieerd, op Gods openbaring, waardoor de mens tot in het diepste van zijn wezen voor God komt te staan en tot in alle dimensies van zijn leven zich daarvan bewust is en daaraan uitdrukking geeft" (1993b:309). Velema (1990:28; 1993b:417) sien spiritualiteit as die beleving en die praktiese stimulering van die geestelike lewe. Sy siening is veral belangrik omdat dit volgens die navorser klem lê op die geestelike dissiplines .

Daar kan nie gepraat word van 'n teologiese spiritualiteit of spirituele teologie nie, aangesien die Godskennis en die reaksie op die kennis in werklikheid 'n eenheid is (Van't Spijker 1993c:398). Daar kan wel gepraat word van 'n christelike spiritualiteit, aangesien nie alle godsdienste wat in God glo ook in Christus glo nie.

Spiritualiteit is ook nie 'n statiese verskynsel nie, maar 'n groeiproses. Daar is reeds aangewys dat spiritualiteit 'n reaksie is op die Godsverstaan. Soos 'verstaan' groei en uitbrei, groei spiritualiteit ook, vandaar Bosch se boek "Spirituality of the road" wat verwys na Paulus se spiritualiteitsontwikkeling terwyl hy oppad was met die evangelie (1994). Volgens die navorser groei spiritualiteit wanneer die mens op die Godsverhaal fokus en met die Godsverhaal in gesprek tree, vanuit en oor die eie lewensverhaal. **Die navorser sien spiritualiteit as die geloofsverhaal wat gevorm word op grond van die verstaan en beleef van die Godsverhaal.** Hudson (1995:20-21) maak die volgende opmerkings: "...the way we live is profoundly shaped by our picture of God In each of our hearts and minds there is drawn our picture of God.

Formed over the years through our interaction with parent figures, church representatives and our surrounding culture, it significantly influences the way we live our daily lives ... There was a connection between my pocket diary, driven lifestyle and view of God”.

Hoewel gevoel ’n belangrike gevolg van ’n mens se Godsbeeld behoort te wees, word die mens se spiritualiteit nie bepaal deur die gevoel nie, maar deur die fokus op God (Dunnam 1996:41). Louw (1997b:12) beklemtoon dat in die kommunikasie van die christelike geloof aandag gegee moet word aan ’n Godsverstaan wat die mens se behoefte aan intimiteit so sal aanspreek dat geloof in God ’n praktiese en deureleefde aangeleentheid word. Die navorser is van oordeel dat hierdie deureleefde geloof bereik kan word deur die mens te lei tot kommunikasie tussen die Godsverhaal en die lewensverhaal. Die Godsbegrip word uitgebrei deur te fokus op die Godsverhaal en waar die Godsbegrip verander en ‘beleef’ word, verander die lewe voor God en dus ook die persoon se lewe in al sy verhoudinge.

Spiritualiteit behoort ook iets van die tydsgees en die omstandighede van die persoon en groep te weerspieël (Velema 1990:43-53). Van der Bank bevestig Velema se standpunt: “Daarbij dient te worden opgemerk dat spiritualiteit geen tijdloos, culturen te bovengaande verskijnsel is, maar mede haar betekenis ontleent aan historiese, culturele en maatschappelijke omstandighede” (1993:69). Van de Bank (1993:69-98) toon aan hoedat die destydse tydsgees van vervolging en die vestiging van die christelike godsdien in die vroeë kerk die spiritualiteit beïnvloed het. Die navorser wil dus waarsku teen ’n gees van kritiek en arrogansie en oproep tot ’n gees van begrip. Verder wil die navorser oproep tot kommunikasie met die Godsverhaal en die verhaal van die spiritualiteit. Die persoon en groep moet deurentyd die vraag vra of die reaksie/spiritualiteit (meta-kommunikasie) reg laat geskied aan die Godsverhaal en of daar nie geleer kan word uit die verhaal van spiritualiteit deur die eeue nie. Die navorser is van mening dat kommunikasie met die Godsverhaal en die spiritualiteitsverhaal, vanuit die wete dat ook spiritualiteit ’n konstruksie is, lei tot groter begrip, verdraagsaamheid, versigtigheid en groei. Die Godsverhaal bly egter die maatstaf en die bewaker oor die ontwikkeling van spiritualiteit.

’n Voorbeeld van iemand wat ’n baie groot invloed uitgeoefen het, maar nie met die Godsverhaal gekommunikeer het nie, is Pseudo-Dionysius die Areopagiet. Sy geskifte het die spiritualiteit

van die Middeleeue oorheers. Volgens Luther was sy geskifte produkte van bygeloof en ongeleerde dromery: “Het was meer platoniserend dan christelik” (van der Pol 1993:104). Ook Calvyn was nie positief oor sy geskifte nie. Hy noem hom ’n praatjiesmaker. Sy reaksie was meer filosofies as Bybelsgefundeerd. Volgens van der Pol wil dit voorkom asof Franciscus van Assisi (1181/82-1226) wat die bedelorde begin het, ook nie net opgetree het in reaksie op die Woord nie, maar in reaksie op sy pa en die gees van die tyd: “Luxe en een andere houding teenover stoffelike goederen bepaalden het levensgevoel van velen in de opkomende burgerklasse. Het bracht een breuk tussen Franciscus en vader Pietro”(1993:115). Sy pa was ’n sakeman. Dit is dus lewensnoodsaaklik om met die Godsverhaal te kommunikeer en nie net met sekere denkrigtings of belangrike persone nie. **Sekere persone se vroomheid is dikwels reaksie op ’n lewensverhaal eerder as reaksie op die Godsverhaal.** Luther het teen ’n onbybelse vroomheid in opstand gekom: “Naarmate Hij vorderde in het verstaan van de Schrift nam zijn kritische houding tegenover de vroomheidspraxis van zijn dagen toe” (Exalto 1993:151). Wanneer met die Godsverhaal gekommunikeer word, lei God self deur sy Gees. Die navorser se Godsbeeld en dus ook sy spiritualiteit is grondig beïnvloed deur die rol van die Vader in die verhaal van die verlore seun, asook die geskiedenis van Jesus wat as enigste Seun van God aan die kruis gesterf het. Jesus se lewe op aarde het ook ’n groot invloed op sy Godsbeeld gehad. Verder het die godsdienstige dampkring van die evangeliese/metodistiese denkrigting waaraan hy as kind blootgestel is, hom sensitief gemaak vir ’n godsdienst wat die mens vermoei asook vir God se begeerte dat sy kinders tuis moet kom en tuis moet wees. Die feit dat die navorser aangegryp is deur die rol wat die Pa, asook die onbevryde lewe wat die oudste seun in die verhaal speel, is te verstane. Nouwen skets hierdie Vader asook elkeen se roeping treffend: “The time has come to claim your true vocation - to be a father who can welcome his children home without asking them any questions and without wanting anything from them in return ...

Whether you are the younger son or the elder son, you have to realize that you are called to become the father” (1994b:22). Ook Hudson laat die lig op die Vader val: “Here is the God who is recklessly in love with you and me, forgiving us freely before we have properly repented and clothing us with gracious acceptance even before we have had our baths” (1995:25).

Daar bestaan dus ’n noue band tussen die persoon se lewensverhaal en sy spiritualiteit

(Andriessen 1992:10). Daar bestaan 'n wisselwerking tussen Godskennis en selfkennis (Louw 1997:14). Spiritualiteit is volgens die navorser die geloofsverhaal, wat vloei vanuit die gesprek tussen God en mens met die oog op die mens as verteenwoordiger van God in God se wêreld. Met geloofsverhaal bedoel die navorser die selfverstaan en uitleef van die verstaan in die lig van die verstaan van God. **Spiritualiteit gaan dus nie net oor die reaksie op die verstaan van God nie, maar ook oor selfverstaan.** Volgens Andriessen (1990:12) dwing spiritualiteit tot die volgende vrae: “Wie ben ik nu eigenlijk?” en “Welke stemmen spelen in mijn geloven allemaal mee, is dat werkelijk mijn eigen stem, is dat werkelijk een appèl dat ik voel, of zit daar nog zoveel onzuivers en kunstmatigs en van buitenaf in dat je je op een gegeven ogenblik kunt afvragen wat er zonder dat nog van jezelf overblijft?” Met die oog op die suiwering van die persoonlike spiritualiteit moet die individu dus met die Godsverhaal kommunikeer oor die lewensverhaal. Die individu moet seker maak dat sy lewensverhaal (geloofsverhaal/spiritualiteit) 'n reaksie op die Godsverhaal is. Spiritualiteit is die onsigbare dryfveer wat die mens as gelowige op 'n sekere wyse laat optree. Hierdie dryfveer kan en moet verander in die lig van die ontluikende Godsverhaal. Kommunikasie met die Godsverhaal lei tot die blootlê van die 'onsigbare' lewensverhaal en die bewustelike oorneem van die Godsverhaal in die vorming van die lewensverhaal. Kommunikasie met die Godsverhaal lei tot 'n spiritualiteit van hoop, want God se verhaal bemagtig die mens.

König (1998:44-48) wys hoedat die metafoor, wat as vertrekpunt gebruik word in die denke oor God, die persoon se spiritualiteit kan bepaal. Klem op die Koninkryk van God lei tot die gevoel van onwaardigheid as mens en eerbied vir God. Die klem op die verbond lei tot 'n gevoel van geborgenheid terwyl die klem op die barmhartige koning lei tot vertrou en 'n gevoel van warmte en behoort. Die belangrike is egter dat hoewel elkeen van hierdie metafore Bybels is, elkeen tot 'n ander spiritualiteit kan lei. Daar moet dus gewaak word teen die gedagte dat 'n sekere spiritualiteit reg is en 'n ander verkeerd. Klem moet eerder val op die kommunikasie tussen die verskillende spiritualiteite wat sal lei tot 'n verruimde spiritualiteit en begrip vir ander gelowiges. Die navorser pleit dat kommunikasie tussen die lewensverhaal en die Godsverhaal deel van die persoon se spiritualiteit sal wees.

Spiritualiteit groei dus en gevolglik is spiritualiteit ook iets wat leef. Die navorser is van mening

dat kommunikasie tussen die Godsverhaal en die lewensverhaal lei tot 'n deurleefde spiritualiteit. Kommunikasie lei tot aksie, aangesien kommunikasie skep en 'n nuwe geloofsverhaal sal lei tot nuwe optrede. Blote kennis sonder kommunikasie met God en met die self, sal nie noodwendig lei tot aksie nie. **Vir die navorser is spiritualiteit dus nie net die gevolg van kommunikasie tussen die Godsverhaal en die lewensverhaal nie, maar kommunikasie met die Godsverhaal word gesien as 'n onontbeerlike deel van spiritualiteit.** Die God wat ons aanbid is 'n God wat kommunikeer. Rice maak die volgende opmerkings: “If we really believe that God is love, then it follows that God is always seeking relationship” (1991:30). Die mens wat Hy geskep het, is 'n verhoudingswese: “To be human is to be created for relationship with God, and any other than such a relationship leaves us unsatisfied, even when we cannot name what we want” (1991:22). Die verhouding waarbinne ons leef staan bekend as die verbond. Die verhouding met God is ten diepste 'n kommunikatiewe verhouding. Wanneer ons met God kommunikeer moet ons praat oor Hom en ons en sy wêreld. Wanneer ons so praat, groei die mens na dit wat God wil hê hy moet wees.

In enige Godsbeeld moet daar ruimte gelaat word vir die misterie rondom God. God kan nooit ten volle verstaan word nie. 'n Redelike duidelike beeld van God kan egter gekry word deur op Jesus te fokus. Hudson beklemtoon hierdie gedagte: “If we want to get our picture of God clearer, we must look in the direction of Jesus” (1995:23). Die sterwe en opstanding van Jesus het ook 'n boodskap van hoop en oorwinning vir die gelowige: “But the story of Jesus' life is not yet over. On the third day his disciples and women friends find the tomb empty. Then follow the resurrection appearances through which Jesus demonstrates the death-defeating power of God's love ... Easter Sunday morning is a joyful celebration of the power of God's love and its unquenchable capacity to bring life out of death” (Hudson 1995:27). Jesus se geskiedenis wil nie net vertel van God se liefde nie, maar wil ook beklemtoon dat die mens bevry kan word van enige iets wat hom verhoed om God te kan verteenwoordig op aarde en in ons verhoudings met ander. In hierdie bevrydingsproses is die Heilige Gees aktief. Jelsma (1990:25-26) pleit ten regte vir 'n Trinitariese spiritualiteit: “Nee, een Trinitariese spiritualiteit wil zeggen: alles wat ontferming en liefde inhoudt komt van God, in Hem leven en bewegen we”.

In die verstaan van God en die self speel die Gees 'n belangrike rol. Die kern van die woord

spiritualiteit, naamlik ‘spirit’ (Gees), dui op die belangrikheid van die Gees in spiritualiteit. Holt (1993:5) beklemtoon dat die verstaan van die Gees ook die spiritualiteit sal bepaal. As Bohren, volgens De Wet en Venter (1998:129) sê dat die tyd waarin ons leef die tyd van die Gees is en dat God op geen ander manier prakties word as deur die Gees nie, is Holt (1993:3) se definisie van spiritualiteit insiggewend, naamlik dat christelike spiritualiteit ’n wandel deur die Gees is. Holt (1993:6) noem ook dat spiritualiteit vir hom ‘lived experience’ is.

Omdat die lewensverhaal van die mens uniek is, en die lewensverhaal die Godsverstaan grondig beïnvloed, verskil spiritualiteit ook van persoon tot persoon. Die navorser poog om aan te toon dat geestelike groei direk deur die persoon se lewensverhaal geraak word en dat geestelike groei nie net uit die hoek van die Godsverhaal benader kan word nie. Daar sal later aangetoon word dat die blote deurgee van inligting, hoe aktueel ookal, deur die lewensverhaal gefilter word en verandering (groeï) feitlik ’n teoretiese onmoontlikheid maak. Indien die Godsverstaan bepalend is vir spiritualiteit, is die lewensverhaal net so bepalend vir spiritualiteit en sal albei aandag moet kry in die vorming of verandering van spiritualiteit met die oog op geestelike groei. Die navorser probeer dus ook aantoon dat geestelike groei nie net ’n ‘geestelike saak’ is nie, maar ook die lewensverhaal van die mens grondig moet betrek.

Die gees van die tyd het verder ’n groot invloed op die lewensverhaal van die mens en dus ook op spiritualiteit (Russell 1996:35). Die Reformasie kan nie losgemaak word van die tydsges wat op geestelike gebied deur die Rooms Katolieke Kerk geskep is en op filosofiese gebied deur die verligting met sy klem op die rede nie. So kan die spiritualiteit van die Christen in Suid-Afrika en veral die Christen binne die Nederduitse Gereformeerde Kerk nie losgemaak word van die Angloboere-oorlog en die latere ontwikkeling van apartheid asook die huidige ontwikkeling na 1994 se verkiesing nie. ’n Soeke na geestelike groei sal beslis aan hierdie faktore, wat belangrike rolspelers is in die vorming van spiritualiteit, aandag moet gee. Russel beklemtoon hierdie standpunt: “But spirituality is not ‘pure devotion’; like other aspects of church life, it is a cultural phenomenon and it needs to be studied within the context of its interrelationship with the society in which it is found” (1996:38). Die navorser is van mening dat hierdie faktore saam met belangrike vormende faktore in die persoon se familiegeskiedenis in ’n gesprek met God se verhaal betrek moet word. Vanuit hierdie gesprek kan nie net bevryding met

betrekking tot die verlede spruit nie, maar ook geestelike groei en 'n openheid met die oog op die toekoms. Die navorser wil dus weereens beklemtoon dat hy van mening is dat geestelike groei nie net 'n geestelike saak is nie, maar dat die mens se hele lewe (lewensverhaal) in die term spiritualiteit betrek word. Verder is die navorser oortuig daarvan dat die effektiefste wyse om hierdie spiritualiteit te beïnvloed met die oog op geestelike groei, die openlike gesprek tussen God en mens is waar God se verhaal as lig op die mens se lewensverhaal val.

Die samekoms van die gemeente vertel ook baie van die gemeenskap se spiritualiteit. Die wyse hoe die kerkgebou ingerig is, vertel van die rol wat die Bybel in die gemeente speel (De Klerk 1982:121-125). Yarnold lig ook die tweerigting-invloed uit tussen spiritualiteit en die gemeentelike byeenkomste as hy sê, “Spirituality is shaped by public worship; and conversely forms and styles of public worship are conditioned by the spirituality of the worshipping community (1996b:39). Die navorser is van oordeel dat 'n gesprek binne gemeenteverband oor die inkleding van die erediens asook die uitleg van die kerkgebou baie sinvol kan wees met die oog op 'n sinvolle ontmoeting met God deur sy Woord en dus ook met die oog op geestelike groei.

Peterson (1994:8) beskryf spiritualiteit as “ the attention we give to our souls”. Peterson beklemtoon dus dat 'n mens se verhouding met God gevoed word deur die geestelike dissiplines. Die klem val egter op God en nie op die siel nie. Hy beklemtoon verder dat spiritualiteit nie sal ontspoor as daar konstant met die verhaal van die evangelie van Jesus Christus in gesprek getree word nie. Spiritualiteit ontspoor wanneer die mens homself eksegetiseer en nie meer die lig van die evangelieverhaal op sy lewe laat skyn nie. Hoewel Peterson dus klem lê op die innerlike mens wat gevoed moet word, maak hy nie die onderskeid tussen innerlike en die uiterlike as sou die innerlike meerderwaardig wees teenoor die uiterlike nie. Volgens hom trek die evangelieverhaal die mens uit sy eie verhaal en plaas hom in God se verhaal van redding (1997:5). Spiritualiteit moet dus bepaal word deur 'n aangesprokenheid deur die Woord van God. Peterson stel dit treffend, “This is not a text that we master, it is one that we are mastered by ... True spirituality, Christian spirituality, takes attention off of ourselves and focuses us on another, on Jesus” (1997:7-8).

Cole (1993:51) waarsku teen drie afdraaipaaie met betrekking tot spiritualiteit, naamlik 'n 'Superstitious Spirituality' 'n 'Sterile Spirtuality' en 'n 'Synthetic Spirituality'. In die eerste plek waarsku hy teen 'n spiritualiteit waar die buitengewone oorbeklemtoon word. In die tweede plek teen 'n spiritualiteit waar die leer ten koste van die ervaring beklemtoon word. En in die derde plek waarsku hy teen 'n spiritualiteit waar die mens sy eie tegnieke ontwikkel waarmee die bewussyn gemanipuleer word. Hier noem hy sekere meditatiewe tegnieke wat los van die Woord van God funksioneer asook die sogenaamde woordelose gebed. Die navorser wil dit weer beklemtoon dat spiritualiteit moet getuig van eenvoud en in lyn met die Woord moet wees. Spiritualiteit is die reaksie van die hele mens op die verstaan van die Woord van God.

In narratiewe terme sou spiritualiteit beskryf kon word as die verhaal wat 'n mens gevorm het oor God en die uitlewing van sy eie lewensverhaal in reaksie op sy 'Godsverhaal'. Aangesien die navorser uitgaan van die gedagte dat die mens se unieke lewensverhaal ook sy verstaan en belewenis van God baie sterk beïnvloed, kan dit aanvaar word dat spiritualiteit ook sal verskil van persoon tot persoon. Verder sal die navorser probeer aantoon dat namate die lewensverhaal van die mens gedekonstrueer word, sy "Godsbegrip" ook verander en gevolglik sal sy spiritualiteit verander. Die navorser wil egter die dekonstruksie van die lewensverhaal veral vanuit die gesprek met die Godsverhaal beklemtoon.

Müller (2000) beklemtoon die gedagte dat in elke teks God en die evangelie gesoek moet word. Daarmee wil hy beklemtoon dat die Bybel vertel van die God wat wil heelmaak. Die God wat dit altyd goed bedoel met die mens, selfs al vind Hy dit nodig om te straf. Postema (1997:11) se keuse van 'n "**spirituality of gratitude**" beklemtoon ook die God wat dit goed bedoel met die mens. Die navorser wil hom graag skaar by hierdie denke. Hy is van mening dat indien die Godsverhaal, dit wil sê die God van die Evangelie (ook in die Ou Testament - die God wat wil heelmaak), ontdek word, sal die spontane reaksie een van dankbaarheid en bewondering wees. Om hierdie keuse te motiveer word daar na die volgende skrywers verwys. Yarnold (1996a:11) beskryf die verhouding tussen God en mens as "supernatural". Hy bedoel daarmee dat God Hom na die mens neerbuig en dat die mens sonder God se genade nooit 'n verhouding met God kan hê nie. Nouwen (1992:25-33) beklemtoon dat die mens God se "beloved" is. Die mens kan verseker wees van God se goedgesindheid. Postema (1997:38) beklemtoon die feit dat die mens aan God

behoort, “We live constantly in the gracious covenantal presence of God ... This sense of belonging is the beginning of any understanding and experience of spirituality and prayer”(Postema 1997:38). “The message of Jesus is about God as the one who is towards us, who speaks to us, to whom we belong ... Translate into our terms today, the message of Jesus is: You belong! You don’t have to earn it ...” (Postema 1997:43).

Die navorser oordeel dat ’n gereformeerde spiritualiteit een van dankbaarheid behoort te wees. Alles wat die mens doen behoort dus ’n reaksie op God se aksie van genade te wees. Die mens moet moeite doen om hierdie God te ontdek en hierdie boodskap van genade in elke teks en in die lewe te vind: “To be grateful is to recognize the Love of God in everything He has given us - and He has given us everything” (Postema 1997:55). In hierdie spiritualiteit is daar geen plek vir enige verdienste nie, maar slegs dankbaarheid wat oorgaan in daad. Alles wat ons het en is, is net genade. Hierdie besef kan volgens Postema die mens se lewe verander: “How much more breathtaking our lives could be if we were deeply aware of the gifts of God that surrounds us and engage us. If we were awake!” (1997:57). “Our aim is to live our whole life as a sacred gesture of thanksgiving, a deep bow of gratitude, solidifying our relationship with God” (Postema 1997:76). Volgens Postema verander die klem op God se liefde en genade die toekoms na een van hoop (Postema 1997:75). Die klem op die Godsverhaal van genade, haal die angel uit die toekoms uit, omdat hierdie God van genade ook daar sal wees. ’n Spiritualiteit van dankbaarheid het nie plek vir vrees nie. ’n Spiritualiteit van dankbaarheid is ook ’n spiritualiteit van vertroue en hoop. ’n Spiritualiteit van dankbaarheid het nie net hoop nie, maar skep ook hoop vir die wêreld.

Die wyse hoe hierdie God ontdek word, is om eerstens sy verhaal in die Bybel te ontdek, verder kan Hy ook in die skepping en in die persoonlike betrokkenheid by mense gesoek word. Die verhaal van die verlore seun beklemtoon God se liefde baie treffend (Nouwen 1994). Die geskiedenis van Jesus se menswording, dood en opstanding beklemtoon God se liefde so duidelik dat geen mens ooit daaroor kan twyfel nie. Die mens moet opmerkzaam word en doelbewus na God soek en oor Hom dink. Postema onderstreep hierdie gedagte as hy sê, “We need to be reminded to appreciate all that is going on around us and inside of us, to be in touch with other people and ourselves, to be mindful of God” (1997:16).

In sy boek “Thirsty for God”, beskryf Holt (1993) die **‘spiritualiteitsverhaal’** van die christelike godsdiens deur die eeue. Hy beskryf verskillende persone en groepe se soeke na God en die wyses waarop hierdie dors na God aangespreek is. Hierdie verhaal van die christelike spiritualiteit beklemtoon die gedagte dat die mens se “Godsverhaal” (sy verstaan van God), sy gedrag bepaal. Holt beklemtoon dit dat elke mens se diepste dors, ’n dors na God is (1993:1). Die mens se verstaan van God het bepaal hoe hy hierdie dors probeer les het. Vir die navorser is die verhaal van christelike spiritualiteit van groot belang aangesien daar geweldig baie geleer kan word uit hierdie verhaal. Die ontdekking van die positiewe en die negatiewe kan lei tot ’n nuwe verhaal met minder slaggate en groter potensiaal tot geestelike groei wat in lyn met die Bybel is. Die bestudering van die verhaal van christelike spiritualiteit kan ook begrip bring vir eerlike pogings om met God kontak te maak. Verskillende denkrigtings beklemtoon verskillende Bybelse waarhede en hoewel die pendulum soms eensydig kan uitswaai, moet daar kennis geneem word van die waarheid wat beklemtoon word. Hierdie waarhede (hoewel soms eensydig beklemtoon), kan moontlik gesien word as die verskillende elemente van ’n gebalanseerde spiritualiteit. Die gelowige moet deur gesprek met die tradisie en die Bybel, asook sy eie persoonlikheid, sy eie spiritualiteit ontdek. Die tradisie wys ons op sekere grense vir christelike spiritualiteit. Die belangrikste grens is Skrifgetrouheid. Volgens Holt (1993:17-21) word vier basiese verhoudinge in die Bybel beklemtoon, naamlik die verhouding met God, die verhouding met die self, die verhouding met die naaste en die verhouding met die aarde.

Die verhouding met God behoort die mens se hele lewe asook sy spiritualiteit te bepaal. Die mens se intellektuele siening van God asook sy emosionele belewenis van God is bepalend vir sy spiritualiteit. Rice beklemtoon die rol van die hart en die verstand as hy sê: “The balance between heart and mind is critical” (1991:57). Die intellektuele siening van God word vasgevang in doktrines terwyl die emosionele belewenis wat vloei vanuit die intellektuele siening weergegee word in gebede, lofprijsing, klaagebede en -liedere. Deur hierdie verhouding word die mens se gewoontes, gevoelens, gedagtes en al sy ander verhoudinge bepaal (Holt 1993:17).

Dit is duidelik dat spiritualiteit ten minste twee kante het, naamlik die innerlike lewe wat in kontak gebring moet word met God en die uiterlike uitleef van jou verhouding met God in die daaglikse lewe. Hierdie twee kante moet egter nooit geskei word nie, as sou die een belangriker

wees as die ander nie. Tradisioneel word die innerlike beskou as die primêre en word die uiterlike bepaal deur die innerlike. In 'n artikel, "Interiority and Christian Spirituality" betoog Thomas (2000:41-60) hierteenoor dat die uiterlike in werklikheid die innerlike bepaal. Die mens funksioneer as geheel en albei is onontbeerlik vir 'n gebalanseerde bestaan. Die navorser verkies om die klem op 'n verhouding te laat val, eerder as op die innerlike of die uiterlike. Hierdie verhouding word gevoed deur kommunikasie. Kommunikasie gebeur soms in die binnekamer, maar kan ook plaasvind waar gelowiges met mekaar praat of saam doen of waar 'n persoon die natuur vanuit God se hand ervaar. Dit is waar dat die geloofsverhaal in die mens gevorm word, maar die navorser is versigtig vir die klem op die innerlike as voedingsbron vir die uiterlike, omdat die gevaar bestaan dat die binnekamer dan hoër geag word as die lewe in die wêreld. Die gelowige moet nooit in die binnekamer vasgepen word nie. Die binnekamer moet oorstroom na die wêreld. Die navorser verkies om aan die lewensverhaal twee voedingsbronne te gee, naamlik die binnekamer en die lewe in die wêreld. Die belangrike is dat daar kommunikasie met God moet plaasvind. Hierdie kommunikasie moet steeds deur God se Woord geïnisieer word. Wanneer Jesus in byvoorbeeld Mt 7:18 sê, "Dit is nie wat by die mond ingaan wat die mens onrein maak nie. Maar wat by die mond uitkom, dit maak 'n mens onrein.", beklemtoon Hy nie die skeiding tussen die innerlike en die uiterlike nie. Jesus wil slegs beklemtoon dat die mens se verhouding met God bepalend is vir sy lewe, en nie wat die mens eet of drink nie. Die mens leef as totaliteit in die teenwoordigheid van God (coram Deo). Die mense se verhouding met God bepaal egter sy hele lewe. Bosch (1994:13) is van mening dat daar 'n wisselwerking plaasvind tussen die sogenaamde innerlike en uiterlike: "More precisely, it is not a case of one model supplementing the other, for the two are absolutely invisible. The involvement in this world should lead to a deepening of our relationship with and dependence on God, and the deepening of this relationship should lead to increasing involvement in the world." Die verhouding met God bestaan dus nie net in die binnekamer nie, maar ook in die wêreld. Die binnekamer dwing die mens na die wêreld en die wêreld dwing die mens na die binnekamer. **Die binnekamer en die uitleef van die geloof in die wêreld voed albei die verhouding met God.** Geestelike groei word gevoed deur 'n spiritualiteit wat die mens in sy binnekamer in kontak bring met God, maar ook die mens uitdryf na die wêreld om daar oor God te peins (kommunikerend) en God uit te leef en te kommunikeer deur woord en daad. Die dryfveer vir hierdie optrede moet geskied vanuit 'n 'gegryp-wees' deur die genadige God. 'n Spiritualiteit van dankbaarheid dryf die mens na God se

‘geselskap’, maar dryf die mens ook na God se wêreld. Vanuit die gesprek met God, gaan leef die mens as unieke mens in God se wêreld. Cole gebruik drie terme om die eenheid tussen hart, verstand en die wêreld te beklemtoon as hy sê: “Orthodoxy, arthropaxis and orthokardia are not either/ors but both/ands” (1993:57).

Die verhouding met die self is baie onderwaardeer in die christelike tradisie. In die Bybel word die mens gesien as geskape na die beeld van God. Hoewel die mens in sonde geval het, is die beeld van God nie vernietig nie. Onderskeid moet gemaak word tussen self-liefde, wat respek vir God se maaksel beteken en selfgerigtheid (Holt 1993:19). Self-liefde vra respek en eerbied vir God se unieke handewerk en veronderstel nederigheid. Jones plaas klem op die unieke self wat moet dien, “I am a specially designed reproduction of his image. So there is a special place in his providence that only I can fill. I have a unique responsibility before him which cannot be delegated to any other being” (1996:4). Elke mens het ’n unieke plek, ’n unieke geloofsverhaal as unieke mens en dus ook ’n unieke spiritualiteit as antwoord op God se spreke. Elke mens hoor en leef uniek. Bosch (1994:51) maak ’n baie belangrike opmerking as hy noem dat ’n mens homself eers kan weggee (selfverloëning), wanneer hy homself gevind het. Hy haal verskillende voorbeelde aan van probleemsituasies in die sendingveld wat direk gespruit het uit die gebrek aan selfaanvaarding en die gedagte dat selfverloëning identiteitloosheid beteken. Verder beklemtoon hy ’n rustigheid by Paulus wat gespruit het uit die aanvaarding van homself, met sy gebreke en sy gawes (1994:23). Die gelowige moet dus nooit sy identiteit verloor nie, want sy identiteit is deel van sy toerusting om in God se wêreld as beeld van God te leef en te werk. Om effektief te kan werk moet die gelowige juis sy unieke identiteit ontdek en aanwend. Die gelowige moet verlos word van enige masker wat sy ware identiteit verbloem.

Dit beteken verder dat enige persoon wat in diens van God staan, nie twee ‘identiteite’ mag hê nie. Bosch wys tereg daarop dat die onvermoë van sommige sendelinge om hulself te wees, in hul pad gestaan het om die mense te bereik (1994:53). Om ’n eie identiteit te ontdek, moet ook rekening gehou word met die vormingsinvloed van die verhale van die groepe waaraan die individu behoort. Identiteit kry eers waarde binne ’n bepaalde groep. Spiritualiteit het ook te doen met die unieke mens. Sommige mense is byvoorbeeld linkerbreinmense en ander regterbreinmense. Sommige is verstandmense en ander hartsmense. Die verhaal van God het

ruimte geskep vir verskeidenheid. Die tendens het ontstaan dat sekere groepe sekere wyses van aanbidding feitlik ‘verevangeliseer’ het, asof die wyse van aanbidding of die dien van die Here gelyk aan die evangelie is. In self-differensiasie sal uitgewys word dat volwassenheid ook beteken dat die individu homself moet vind en aan ander ruimte moet gee om hulself te wees. Dit geld ook vir die wyse hoe God aanbid moet word. Die belangrike bly egter steeds dat dit nooit om die mens gaan nie, maar dat die Godsverhaal die mensverhaal moet vorm. Die Bybel en die God waarvan die Bybel vertel, bly in die sentrum. Verder is die navorser van mening dat gesprek tussen die verskillende spiritualiteitstipes (vergelyk Ware in die latere bespreking) met mekaar in gesprek moet tree. Geestelike volwassenheid beteken volgens die navorser ook om jou eie unieke mens te ontdek en te aanvaar en die lig van die Godsverhaal op daardie unieke mens te laat val. Verder beteken geestelike volwassenheid ook om die ander gelowiges en hulle dien van die Here as uniek te aanvaar. Geestelike volwassenheid sou verder beteken dat daar gesprek binne die konteks van aanvaarding sal geskied met die oog op groei.

Die verhouding met God veronderstel ook die verhouding met die naaste. In die liggaamsbeeld word naasteliefde sterk beklemtoon. Nagmaal is die gemeenskap van gelowiges vanuit die gemeenskap met God. Bosch beklemtoon dat die liefde vir God oorvloei na die medemens en in werklikheid een liefde is: “God and man, as was already noted, are not and should never be competitors for our love” (1994:65). Die gesin speel ook ’n belangrike rol in die vorming van God se mense (Holt 1993:20). **Spiritualiteit wat individualisme beklemtoon en wat mense onttrek uit die geloofsgemeenskap is nie in lyn met Bybelse spiritualiteit nie.**

Laastens plaas die Bybel volgens Holt (1993:21) klem op die verhouding met die aarde. Die twee skeppingsverhale in Genesis beklemtoon albei die goedheid van God se skepping wat ook die mens insluit. Die onderskeid wat op voetspoor van Plato gemaak word dat die geestelike goed is en die aarde sleg is, is vreemd aan die Skrif. Soos reeds aangetoon, is die mens juis geroep om God se heerskappy in die wêreld sigbaar te maak. ’n Spiritualiteit wat opgaan in die mens en so besig raak met die mens, selfs al gaan dit oor die redding van die mens, dat die wêreld verwaarloos word, verstaan nie God se opdrag aan die mens nie. ’n Dominee wat so besig raak met sy werk dat sy tuin of sy gesin verwaarloos word, verstaan byvoorbeeld nie God se roeping nie.

In 'n nadere beskouing van die verhaal van die christelike spiritualiteit deur die eeue, is dit opmerklik hoedat die laaste drie verhoudinge wat in werklikheid verlengstukke is van die eerste verhouding, dikwels minderwaardig beskou word of selfs as sondig beskou is. Die christelike spiritualiteit in die eerste eeu na Christus kon beskryf word as 'n gemeenskaps-spiritualiteit. Die gesamentlike aanbidding en die weeklikse nagmaalviering was die hart van die geestelike lewe (Holt 1993:27). In die derde eeu na Christus het die beklemtoning van martelaarskap na vore getree. Om vir Christus te sterf, is gesien as belangriker as om te lewe. As uitvloeisel hiervan is asketisme beklemtoon. Die mens moes ly vir God en verder is die skepping as sleg gesien. Dit het gelei tot die verheffing van die selibaat omdat die liggaam en seksualiteit (veral die van die vrou) as vuil bestempel is. Dit is duidelik dat die beklemtoning van 'n verhouding met jouself as geskape na die beeld van God, nie in hierdie spiritualiteit sou inpas nie. Twee gedagtes word hier beklemtoon, naamlik dié van verdienste asook die minderwaardigheid van die aarde teenoor die geestelike. In die proses funksioneer die mens in al vier genoemde verhoudinge nie volgens Bybelse riglyne nie. Tertullianus (160?-225) kan as voorbeeld in die verband genoem word. Asketisme is prakties deur hom beoefen deur byvoorbeeld in die woestyn te gaan woon. Later is kloosters ontwikkel waar monnike en nonne in afsondering gewoon het. Die asketisme wat so in die woestyn in Egipte beoefen is deur verskeie kerkvaders, het 'n groot invloed op die verhaal van christelike spiritualiteit gehad. Evagrius (345?-399) het byvoorbeeld die dokument oor die sewe doodsondes opgestel. Benedictus (480-547) het die lectio divina voorgeskryf.

Vanuit die asketisme het die mistiek ontwikkel. **Mistiek is 'n vorm van spiritualiteit waar die eenwording met God beklemtoon word** (Holt 1993:44). Klem kan ook hier geplaas word op die algehele prysgawe van die individu se eie identiteit. Teenoor die katafatiese, waar 'n ontmoeting tussen God en mens plaasvind deur op iets fisies te konsentreer en God daarin te probeer ontdek, beklemtoon die mistieke spiritualiteit die apofatiese. Hier is die mens passief en “such passivity leads to an ecstasy of love in which the human is fused with God” (Holt 1993:49). Belangrike kerkvaders wat hier genoem kan word, is Augustinus (354-430) en Dionysios die Areopagiet.

Verdere voorbeelde van die apofatiese en die katafatiese vind ons in die “Jesus Prayer” en die

gebruik van ikone in die aanbidding van God. In die “Jesus Prayer” is die woorde, “Here Jesus wees ons genadig”, sonder onderbreking herhaal. Die gedagte was dat dit later deel van jou onderbewussyn moes word en dat die gebed dus konstant gebed word. Die bedoeling van die gebed was om stil te word en die gedagtes leeg te maak met die oog op ’n ontmoeting waar God se teenwoordigheid aanvoelbaar beleef kon word.

Die katafatiese gebruik van ikone of iets fisies wat die mens help om ’n ontmoeting met God te hê, gaan uit van die gedagte dat die skepping goed is en dat God se handewerk in alles gesien kan word (Holt 1993:55). Hier kan die natuur of iets anders van die skepping van God gebruik word om die gedagtes op God te vestig. **Die navorser se voorkeur bly egter die Woord van God wat oordink word om in die proses op God self te konsentreer.** Die gebruik van stil-word en die bedelorde van onder andere Franciscus van Assisi val ook binne hierdie spiritualiteitsveld. Daar moet gewaarsku word teen gedagtes soos die van Gregory Palamas (1296-1359) dat “God became man so that man might become God” en die gedagte dat God die inset van die mens beloon.

Luther se ontdekking van God se vrye genade moet onder andere teen die agtergrond van die mistieke en asketiese gesien word. In Luther se soeke na ’n genadige God, is dit duidelik dat die klem in die destydse spiritualiteit op die menslike inset geval het. Genade en ’n verhouding met God moes verdien word. Luther en Calvyn (en ander gereformeerde kerkvaders) het die klem op die vrye genade geplaas. Hoewel veral Calvyn klem gelê het op die christelike dissiplines en die beleving van sy verhouding met God, het die verdere ontwikkeling meer klem gelê op die leer (doktrine) (Holt 1993:74). Aangesien die gereformeerde spiritualiteit as ’n aparte afdeling hanteer word, volstaan die navorser met hierdie enkele opmerkings oor Luther en Calvyn.

In die Rooms-Katolieke spiritualiteit het die ontwikkeling steeds gekonsentreer op die asketiese en die mistieke. In die verband kan Moeder Teresa (1515-82) genoem word. Sy het twee boeke op die terrein van kontemplasie geskryf. In die gereformeerde stroom het daar drie strome ontwikkel wat as opeenvolgend gesien kan word. Die eerste fase was die konfessionele fase, in reaksie ontwikkel die piëtistiese fase, gevolg deur ’n verdere reaksie naamlik die intellektuele fase of die Verligting (Holt 1993:84). In die toekoms sou die ontwikkeling van christelike spiritualiteit grotendeels ’n aksie-reaksie-proses wees tussen die twee elemente van ervaring en

inhoud of gevoel teenoor intellek. Aan die ervaringskant ontwikkel byvoorbeeld die Kwakers met hul leier George Fox (1624-91) wat van mening is dat die Heilige Gees direk met mense praat los van die Woord van God. 'n Gedagte wat nog baie in die toekoms gehoor sou word. Alle ontwikkeling aan die ervaringskant was egter nie so radikaal nie. Die Piëtisme het byvoorbeeld beklemtoon dat christenskap 'n lewenswyse is, en nie slegs 'n intellektuele geloof nie. Daar ontstaan egter 'n groeiende teenkating teen die intellektuele (Holt 1993:87). Nou verwant aan die Piëtisme was die "Evangelicals", waaruit die Metodiste wat 'n groot invloed in ons land uitgeoefen het, gespruit het. Kenmerkend van die groepe aan die ervaringskant is die beklemtoning van bekering, die verwagting van 'n lewe wat verander het na bekering en meer ruimte vir die uitdruk en uitleef van emosie. Aan die beleweniskant het veral die liedere van Charles Wesley 'n baie belangrike rol gespeel.

Dit wil voorkom asof die spiritualiteitsontwikkeling in die Ooste op die terrein van die mistiek voortgegaan het, terwyl ontwikkeling in die Weste gekenmerk was deur 'n aksie-reaksie tussen die intellek (dogmatiese) en die ervaring (emosie).

In die twintigste eeu het die charismatiese beweging sterk na vore getree en word dit beskou as die vinnigste groeiende christelike groep in die wêreld. Die navorser is van mening dat die groei in die charismatiese beweging in Suid-Afrika gedeeltelik 'n reaksie is op die intellektuele ortodoksie in die susterskerke. Die charismatiese spiritualiteit beklemtoon die liefde van God wat aktief teenwoordig is. 'n Tasbare bewys van die teenwoordigheid van God se liefde is die spreek in tale. Klem word geplaas op die buitengewone gawes soos genesing deur geloof en ander wonderwerke. Hoewel die Bybel as Woord van God erken word, word daar ook groot waarde geheg aan profetiese uitsprake. Hulle huldig dus die standpunt dat God nie net deur sy Woord praat nie, maar ook deur hedendaagse mense (Holt 1993:102). Hoewel sekere individue by nood in die wêreld betrokke is, is hierdie beweging nie sterk gerig op die wêreld en sy nood nie. Die charismatiese beweging staan bekend as 'n kerk met warmte. Hoewel die lidmate dikwels nie saamstem met alles wat verkondig word nie, word hulle getrek deur die gevoel van warmte en behoort.

Anders as die charismatiese groepering wat nie baie aandag aan die wêreld en sy nood gegee het nie, het die bevrydingsteologie ook in die twintigste eeu na vore getree. In reaksie op die

eensydige beklemtoning van die goddelike in Jesus Christus wat 'n spiritualiteit van wêreldonttrekking beoefen het, is die menslike van Jesus nou oorbeklemtoon in 'n spiritualiteit wat eksklusief net by die wêreld betrokke is, ten koste van 'n persoonlike verhouding met Jesus Christus (Bosch 1994:15). Hoewel bevrydingsteologie die gevaar loop om polities gekleur te word eerder as teologies, beklemtoon hierdie denkrigting 'n baie belangrike element van spiritualiteit wat dikwels deur die eeue nagelaat is, naamlik die koms van God se koninkryk in die wêreld en in strukture en nie net in die harte van mense nie. Volgens Bosch lê die antwoord nie in die teenoor-mekaar-stel van onttrekking vanuit die wêreld en in die wêreld wees nie, maar in 'n gesonde spanning tussen die twee. "The church was always and at the same time called out of the world and sent into the world. These are not two separate movements but one. The idea is therefore not one of balance but rather of tension. It is not a case of the establishment of an equilibrium. Rather, the church's being called out of the world sends her into the world; her being sent into the world calls her out of the world" (1994:15-16). Die alleen-wees met God en self dwing die gelowige in God se wêreld in, terwyl die werk in die wêreld die gelowige weer dwing tot afsondering saam met God. Bosch se oplossing vir hierdie spanning is sy beklemtoning van die spiritualiteit van die kruis. "The cross is, in one sense, a sign of total identification with the world: Jesus was never more worldly than on the cross. In another sense it is a sign of radical separation from the world: Jesus never stood over against the world more clearly than here" (1994:15-16).

Spiritualiteit moet ook inheems wees. By die spiritualiteit van Afrika word dit onder andere beklemtoon dat God in alle geskape dinge teenwoordig is. Die Gees word ook as baie konkreet ervaar as Helper in alle omstandighede, terwyl sterk klem gelê word op gemeenskap en musiek en dans as wyse om eer aan God te bring. In die oop-wees vir die spiritualiteit van verskillende kulture kan die eie-spiritualiteit verruim word sonder om Bybelse norme prys te gee. Die lewensverhaal van 'n betrokke groep of volksgroep speel 'n belangrike rol in spiritualiteit en moet deeglik verreken word.

In die loop deur die verhaal van christelike spiritualiteit het dit duidelik geword dat mense deur die eeue eerlik na God gesoek het. In die soeke moet daar egter Bybelse riglyne wees om te verseker dat die soeke nie uitloop op 'n ontsporing nie. Die navorser is van mening dat die

basiese uitgangspunt vir enige soeke na God, die Bybel as die Woord van God moet wees. In die Bybel word vier verhoudinge beklemtoon, naamlik eerstens die verhouding met God wat die basiese verhouding van alle ander verhoudinge moet wees. Verder word die verhouding met die self, met die naaste en die skepping beklemtoon. **Enige spiritualiteit wat die mens onttrek van een van hierdie verhoudinge het eensydig ontwikkel.** Russell (1996:36-37) wys daarop hoedat spiritualiteit losgemaak is van die geloofsgemeenskap en as 'n persoonlike aangeleentheid gesien is. Hierin het verskeie faktore 'n rol gespeel onder andere die taal van die Metodisme wat klem gelê het op die persoonlike belewenis van God, asook die opkoms van die “Evangelical Movement” in Engeland en die groot ontwaking in Amerika. Enige beklemtoning van spiritualiteit los van die gemeenskap met gelowiges is onbybels en loop gevaar om te ontspoor. God lei die individu binne en dikwels ook deur die gemeenskap van die gelowiges.

Ware (1995) skryf baie insiggewend oor spiritualiteit as sy vier spiritualiteitstipes identifiseer naamlik die verstandstipe (rasionalisme), die hart-tipe (piëtisme), die mistieke (stilte) en die groep wat klem lê op die verandering van die wêreld (enkratiese). In die bestudering van die verhaal van christelike spiritualiteit het die vier kwadrante van die wiel van spiritualiteit van Ware (1995) duidelik na vore gekom. Onder die verstandstipe sal die reformatie byvoorbeeld geplaas kan word. Hoewel die leiers van die reformatie, byvoorbeeld Luther en Calvyn, nie die ervaring en die gebed as onbelangrik gesien het nie, het die tydsgees (tydsverhaal) die ontwikkeling gedwing in die rigting van die oorbeklemtoning van die dogma en die intellek ten koste van die beleving en die emosie. Die gevolg was 'n reaksie wat bekendgestaan het as die piëtisme. Die mistieke het nooit in die Westerse geloofsverhaal in die brandpunt gestaan nie. Die Roomse Katolieke kerk en die Oosterse Ortodokse kerk het egter voortgegaan om die mistieke te beklemtoon en te ontwikkel. Die verontregting van sekere groepe in die wêreld het die enkratiese na vore laat kom. Hierdie klem op die wêreld, menseregte en die verandering van strukture het nie sterk gevloei in enige van die christelike tradisies nie, maar is deur die wêreldgeskiedenis beklemtoon.

Sy beklemtoon ook dat elke individu 'n spirituele-self het en dat kennis van hierdie spirituele-self die individu kan help om in kontak te kom met God. Verskillende spiritualiteitstipes word op verskillende wyses ontvanklik gemaak vir God en sy Woord. Ware (1995:9) beklemtoon

verder dat geestelike groei vereis dat die individu homself sal aanvaar as dominant in 'n spesifieke spiritualiteitstipe, maar dat hy ook sal groei in die ander drie spiritualiteitstipes. Geestelike volwassenheid sal beteken dat een spiritualiteitstipe nie as meer korrek bestempel sal word nie, maar dat elkeen as deel van die volle prentjie erken sal word.

Die sirkel plaas klem op die verskillende spiritualiteitstipes wat saam 'n geestelike heelheid verteenwoordig, asook die interafhanklikheid van die verskillende dele. **Om sensitief te wees vir groei in al vier kwadrante getuig van geestelike groei.** Ware beklemtoon ook dat elke geloofsgemeenskap inpas by 'n spiritualiteitstipe en dat dit belangrik is vir geestelike groei om nie net die individu se spiritualiteitstipe te bepaal nie, maar ook die van die geloofsgemeenskap waarbinne die individu leef. Ware haal Holmes aan om te beklemtoon hoe geestelike groei plaasvind: "Once we have found where we fall within the total circle, we then have opportunity to grow by (1) acknowledging and strengthening our present gifts, (2) growing toward our opposite quadrant, and (3) appreciating more perceptively the quadrants on either side of our dominant type" (1995:45).

Vir die navorsing is dit veral van belang dat Ware beklemtoon dat die ontdekking en aanvaarding van 'n spirituele-self, asook die aanvaarding van en inpas by die spiritualiteitstipes van die onmiddellike medegelowiges en dié van die geloofsgemeenskap dui op geestelike volwassenheid. In die bespreking van die sosiale konstruksionisme sal onder die opskrif self-differensiasie gewys word daarop dat die mens homself slegs aan ander kan bind (naasteliefde) wanneer hy homself binne sy sisteem gevind het. Hierdie gedagte van Ware, naamlik dat geestelike volwassenheid vereis dat die mens sy eie spiritualiteit sal ontdek en homself ook sal vind binne die spiritualiteitstipes van die verskillende medegelowiges en die spiritualiteitstipe van die groep waartoe hy behoort, is vir die navorser baie belangrik omdat dit die brug slaan tussen die sosiale konstruksionisme en spiritualiteit. Hierdie differensiasie word geskep deur afstand te kry en die sisteem dialogies te evalueer. Die sisteem is ook 'n konstruksie wat deur taal geskep is. Vir die gelowige om homself te vind en te groei moet dialoog tussen die verskillende spiritualiteitstipes plaasvind, sonder om vanuit 'n 'ek-is-reg-houding' aan die gesprek deel te neem. **Geestelike groei vind plaas waar die persoon se eie unieke spiritualiteit (geloofsverhaal) met ander spiritualiteitstipes in gesprek tree.** Kennis van die self en aanvaarding van die ander asook 'n strewe na eenheid in liefde is dus belangrik vir geestelike volwassenheid.

Hoewel die mistieke veral in die Oosterse kerk beklemtoon word, is die navorser van mening dat die spiritualiteit van die NG Kerk en sy lidmate veral mank gaan aan die beoefening van hierdie spiritualiteitstipe en ontwikkeling in hierdie kwadrant kan bydra tot 'n meer 'volwasse-spiritualiteit'. Die spanning wat sedert die reformatie bestaan en die baie propaganda teen die Rooms-Katolieke Kerk het egter gelei tot die devaluering van die mistieke spiritualiteit. Die vierde kwadrant, naamlik die betrokkenheid by die wêreld, is baie afgeskeep deur die eeue en selfs in die tyd waarin ons leef. Die navorser is van mening dat die politieke verhaal van Suid-Afrika die enkratiese (klem op die wêreld) verdag gemaak het en dat dit baie moeite en geduld sal verg om op hierdie terrein groei te bewerk.

Dit moet egter beklemtoon word dat gebalanseerde groei slegs plaasvind indien daar in al vier kwadrante gegroei word. Die vorming van 'n nuwe spiritualiteit (geloofsverhaal) kan slegs gebalanseerd wees indien die foute en die winspunte van die verlede ontdek word en daar nie eensydig in 'n rigting gegroei word nie. In die sosiale konstruksionisme word daar gewaarsku teen enige reaksie wat emosioneel reageer teenoor enige iets. 'n Reaksie moet dis berekend, wel deurdag en gebalanseerd wees, terwyl die foute en die winspunte van die verlede deeglik in berekening gebring word. Die spiritualiteit van die hart sal skeef ontwikkel as die dogma geïgnoreer word, terwyl die kerke sal leegloop indien die dogma nie beleef word nie. Enige spiritualiteit wat nie grondig kontak maak met God nie, is mensgedrewe. Die navorser is ook van mening dat veral die mistieke kwadrant 'n baie groot rol kan speel in die ontdekking van die self terwyl die lig van die Woord op die persoon se lewensverhaal skyn. Onder leiding van die Gees in die lig van die Woord kan die mens dan sy unieke lewensverhaal ontdek. Laastens mis enige spiritualiteit wat nie in God se wêreld op voetsoolvlak betrokke raak nie, sy doel. God het die mens geskep om sy verteenwoordigers te wees op aarde. 'n Spiritualiteit wat die mens nie deel laat word van die nood van die wêreld nie, is Bybels vreemd. Mt 5:13 “Julle is die sout vir die aarde”; “Julle is die lig vir die wêreld.”

Moberg (1990:10) maak 'n belangrike opmerking: “The spirituality of the kingdom of God is a spirituality which is rooted in the earth, in matter, and specifically in the Word of God becoming flesh, so Christians do not have to choose between the false polarities of an escapist pietism or

an superficial activism. Politics and prayer, action and contemplation, are united by a genuine spirituality.” Protestantse spiritualiteit beklemtoon die Woord en die gemeenskap van die gelowiges, selfgesentreerdheid word afgewys en verder word ’n besliste invloed op en betrokkenheid by die wêreld beklemtoon.

In dié verband sien Smit (1989:85) spiritualiteit as “die verband tussen die verbondenheid aan God en die alledaagse lewenspraktyk, die wyse waarop die innerlike of persoonlike ervaring van God die lewe van gelowiges stempel.” Die verhouding tot God kan nooit losgemaak word van die verhouding tot die wêreld nie. Die term spiritualiteit verwys na die subjektiewe kant van die religie en kan volgens Jonker (1989:288) goed beskryf word met woorde soos geloofsbeleving, geloofservaring, geloofsbeoefening en geloofspraktyk. Volgens hierdie siening het die verhouding met God ’n besliste uitwerking op die gelowige se alledaagse lewe en is spiritualiteit ’n balans van innerlike vroomheid en die praktiese uitlewing daarvan (Oostenbrink & Lotter 1999:369). Dit gaan dus oor volledige identifikasie met die wêreld (praxis) en tegelykertyd, radikale toewyding aan God alleen (pietas) as ’n integrale nuwe lewensstyl (praxis pietas). **Die mens se verhouding met God en die wêreld is eintlik een verhouding.** Dieselfde gedagte vind ons by die liefde. Om te praat van liefde vir God en liefde vir die naaste is inderwaarheid nie korrek nie. Dit is een liefde. Ons liefde vir God vloei net deur God na die naaste, die self en die wêreld. So kom die Koninkryk van God op alle terreine.

Die beklemtoning van die totale mens (en nie slegs die innerlike nie), impliseer dat die mens ook in sy verhoudinge sy geestelike groei sigbaar moet laat word. Indien die lewensverhaal van die gelowige sy verhoudinge negatief beïnvloed, wil die verhouding met God ook hierdie lewensverhaal genees sodat ’n heel verhouding met die wêreld en die mense gehandhaaf kan word. God se koninkryk moet ook in die mens se lewensverhaal kom.

In hulle artikel Gereformeerde spiritualiteit as korporatiewe spiritualiteit, beklemtoon Oostenbrink en Lotter (1999:377) verder dat gereformeerde spiritualiteit ook beoefen moet word vanuit en in samehang met die geloofsgemeenskap. Jonker (1989:289) sê die persoonlike omgang met God is altyd in gebed in die vroomheid van die gemeenskap van die gelowiges waartoe die enkeling behoort. Spiritualiteit is, soos alles wat menslik is, blootgestel aan kulturele,

maatskaplike en ander faktore wat dit beïnvloed. Die spiritualiteit (reaksie op die verstaan en beleving van God) van die enkeling word grootliks uitgeleef in die styl en die konteks van die gemeenskap van die gelowiges. Die self-narratiewe (lewensverhaal) van die enkeling en die spiritualiteits-narratief van die gemeenskap van die gelowiges het 'n wisselwerking op mekaar. Indien die lewensverhaal van een van die twee partye verander, behoort die ander party se lewensverhaal (geloofsnarratief) ook te verander. Koinonia word dus gesien as 'n belangrike konteks of ruimte vir spiritualiteit (Oostenbrink & Lotter 1999:381). In die verband verwys Louw (1989:11) na spiritualiteit as 'n ekklesiologiese fenomeen.

Louw (1989:10-11) se omskrywing van spiritualiteit, na aanleiding van sy bespreking van die term eusebeia in 1 Timoteus 4:7-8 vat die voorafgaande bespreking oor die beskrywing van spiritualiteit goed saam. Hy beskryf spiritualiteit soos volg:

- 'n eksistensiële Godskennis;
- 'n aktuele gebedsgemeenskap met God;
- 'n veranderde lewenstyl; en
- 'n ekklesiologiese fenomeen.

Volgens Jonker (1989:290) is daar gemeenskaplike elemente in die spiritualiteit van gelowiges oor konfessionele grense heen, maar daar bestaan ook groot verskille. Die verskille word veroorsaak deur veral die verskille met betrekking tot dogma en die insig in wat die christelike praxis as uitvloeisel van die dogma behoort te wees. Die navorser is van mening dat die lewensverhale van mense ook aanleiding kon gee tot die blootstelling en latere ingroei in sekere spiritualiteitsvorme. **Die “lewensverhale” van geloofsgemeenskappe het ook beslis 'n invloed gehad op die spiritualiteitsvorming van individue.** Die rol van predikante in spesifieke gemeentes kan byvoorbeeld as belangrike invloed genoem word.

Belangrike persone in die kerk se geskiedenis het verder 'n groot rol gespeel in spiritualiteitsvorming. Calvyn, een van die grootstes, het geleer dat die mens deur die doop aan Christus verbind is en dat die gelowige dan sy hele lewe lank in daardie eenheid groei. Volgens Smit (1988:188) het hierdie vereniging vir Calvyn geskied langs die weg van die gehoor, en die geloof en gehoorsaamheid wat daarmee gepaard gaan en nie langs die weg van mistieke

kontemplasie of innerlike vernuwing nie. Calvyn beklemtoon dus dat die Bybel en die verstandelike reaksie van die mens op die Woord voorvereiste is vir mistieke kontemplasie en innerlike vernuwing. Calvyn het ook soos Luther van die goddelike geskenk van die regverdiging gepraat, maar hy het dit ook verder geneem deur die proses van heiligmaking as nog 'n goddelike gawe daarby te voeg. Calvyn het 'n baie belangrike rol gespeel in die vorming van die geloosverhaal van die kerk asook van individue. Gebed was vir Calvyn baie belangrik (Jonker (1989:292). Calvyn het 'n baie hoë premie geplaas op die beoefening van die geestelike dissiplines. Verder kry ons by hom 'n fokus op die gemeenskap en nie slegs op die individu nie. Christene het 'n verantwoordelikheid in die gemeenskapslewe en kan nie onbetrokke bly by sosiale aangeleenthede nie. Ons vind dus drie sake met betrekking tot geestelike groei wat by Calvyn beklemtoon word, as die basis of fondament van geestelike groei, naamlik die Woord van God, asook die saak van die innerlike toewyding aan God en die praktiese uitleef van die verhouding met God in die wêreld. Die latere ontwikkeling van Calvinisme sou baie klem plaas op die korrekte leer ten koste van die belewenis.

Spiritualiteit is ten diepste gerig op die verheerliking van God en dus op geestelike groei. Die enigste doel van die mens is om God te verheerlik in alles wat hy doen en is. Rice beklemtoon hierdie Godgerigtheid wanneer hy sê: "First, we glorify God and not ourselves. The true purpose of Christian spirituality is not what we do for ourselves or how holy we may appear to others. It is how we point beyond ourselves and bear witness to the majesty and love of God. A God-centered spirituality brings glory to God rather than credit to ourselves" (1991:47).

Nicol (2000:7) beklemtoon twee belangrike sake as hy sê dat godsdiens nie 'n doel op sigself is nie, maar bloot 'n middel tot 'n doel, naamlik om ons te help om ons vir God oop te stel en meer met Hom te leef. **In die godsdiens gaan dit nie om die godsdiens as sodanig nie, maar om God.** In die verband waarsku hy dat ons nie ons godsdiens heiliger moet maak as God nie. Dan gebeur dit dat ons sekere wyses van godsdiensbeoefening as't ware bevries, selfs al maak dit nie vir ons sin nie en bring dit ons nie in kontak met God nie. Hierdie wyse van godsdiensbeoefening lei dan tot skuldgevoelens. Die persoon voel verplig om sekere dinge te doen, maar beleef dit nie sinvol nie. Al wat so 'n persoon doen, is om van sy godsdiens 'n negatiewe ervaring te maak. Die navorser gaan van die standpunt uit dat die lewensverhale van mense mag oor hulle het, en

dus verandering kan teëwerk of juis ook 'n anker kan wees. **Ook in die wyse hoe ons godsdiens beoefen (ons spiritualiteit) moet die vraag na sinvolheid asook die wortels van die handeling deurgaans gevra word.** Die vraag moet ook gevra word na die sinvolheid van die betrokke godsdienstige handeling in die lewe van die oorspronklike bron. Differensiasie moet dus ook met betrekking tot 'n persoonlike spiritualiteit plaasvind. Gesprek oor die mens se spiritualiteit en die naaste se spiritualiteit moet gevoer word. Gesprek skep en verruim.

In die lig van die voorafgaande bespreking kan die volgende belangrike gedagtes met betrekking tot spiritualiteit uitgelig word:

- Spiritualiteit is die reaksie van die hele mens op die verstaan en belewenis van God en sy Woord.
- Spiritualiteit is die beleving en die uitleef van die Godsbegrip en die verhaal van God met die mens. Vanuit die beleef kom die uitleef en die uitleef beïnvloed weer die beleef.
- In narratiewe terme is spiritualiteit die reaksie van die mens (lewensverhaal) op die verstaan en belewenis van die verhaal van God met die mens soos beskryf in sy Woord.
- Spiritualiteit moet gevoed word en wel deur die christelike dissiplines met besondere klem op die bestudering en belewenis van die Woord van God. Hierin speel die verstand, die hart en die mistiek 'n belangrike rol. Spiritualiteit beteken dat die mens eers moet hoor voordat hy kan beleef.
- Spiritualiteit plaas klem op die sintuie van die mens. Dit wat geweet word moet ook ervaar word. Die emosie speel dus ook 'n rol.
- Die reaksie van die mens (lewensverhaal) op die Godsverhaal word sigbaar in die verhouding met die self, die naaste en die wêreld. Spiritualiteit is korporatief van aard.
- Spiritualiteit is ook persoonlik gekleur deurdat die persoonlike lewensverhaal van die

mens ook 'n rol speel in die vorming van spiritualiteit.

- Die tydsgees sowel as die teologiese tradisie speel 'n rol in die vorming van spiritualiteit.
- In spiritualiteit moet dit gaan oor God en nie godsdiens nie.
- 'n Betrokke vorm van spiritualiteit moet altyd in gesprek bly met die Woord van God.
- Spiritualiteit is gerig op die vorming van die mens met die oog op die verteenwoordiging van God as unieke mens. Spiritualiteit is dus gerig op geestelike groei.

2.4 Gereformeerde spiritualiteit

Jonker beklemtoon dat die spiritualiteit van die enkeling asook die spiritualiteit van die geloofsgemeenskap gestempel word deur die geloofstradisie waarin die geloofsverhaal gevorm is: “Die persoonlike vroomheid van die enkeling word noodwendig gestempel deur die tradisie en geestelike klimaat waarbinne hy adem, asook deur allerlei ander invloede wat met die historiese situasie en die uitdagings van 'n spesifieke tyd te make het” (1989:289). Aangesien die navorser se geloofsverhaal gevorm is binne die gereformeerde geloofstradisie en hy hom tuis voel binne hierdie tradisie is dit vanselfsprekend dat die gereformeerde geloofstradisie 'n groot invloed sal hê op die betrokke studie. Dit is dus van belang dat die gereformeerde tradisie van nader belig sal word. Peterson (1997:39) maak 'n belangrike opmerking oor die tradisie waarbinne iemand opgegroeï het: “Recover what is yours by right by going deep, not away. The grass is not greener on the other side of the fence. Every religious community has its dead spots; your task is to dig well in your desert.”

In die gereformeerde tradisie is daar vier hoekstene wat die struktuur aan mekaar hou naamlik sola Scriptura, sola gratia, sola fide en soli Deo gloria. Hierdie hoekstene is na die oppervlakte gedruk deur die destydse Rooms-Katolieke tradisie. Die destydse kerk was nie instaat om die mens se diepste begeerte, naamlik sekerheid van sy saligheid bevredigend aan te spreek nie. Daar is immers geleer dat die regverdigheid van die mens deels op sy eie

geregtigheid berus en veral in sy werke sigbaar moes word. Vandaar die gebruike van byvoorbeeld die aflate en pelgrimstogte. Die mens het in onsekerheid geleef aangesien daar ook geleer is dat die mens alleen maar kan hoop op God se genade as hy die sakramente gereeld ontvang en nie 'n doodsonde begaan nie (Schulze 1978:184). Van geloofsekerheid was daar dus nie sprake nie. Hierdie soeke na geloofsekerheid word die beste geïllustreer in die lewe van Martin Luther met sy soeke na 'n genadige God. Vir Luther het die lig deurgebreek vanuit die Woord van God en wel aan die hand van Ps 71:2. Hy het ontdek dat die geregtigheid nie iets is wat hy moet verdien of self kan bewerk nie, maar slegs as genade (onverdiend) vanuit die hand van God kan ontvang. Hy neem dit dus in besit deur geloof. Geloof is nie 'n goeie werk nie, maar slegs die hande waarmee die gawe aangegryp word. Reeds in Luther se stryd is dit duidelik dat die reformasie

nie koud gestaan het teenoor die geloofsbeleving nie, maar dat dit juis gebore is vanuit 'n kommunikasieproses tussen die belewenis en die Woord van God.

Hierdie vier hoekstene van die gereformeerde tradisie sou ook die gereformeerde spiritualiteit beheer in die eeue wat sou kom. Daar is 'n onlosmaaklike band tussen geloofsverstaan en geloofsbeleving. Die belewenis moet vloei vanuit die verstaan. As die belewenis los word van die verstaan (dogma), dwing dit later tot 'n verstaan wat die belewenis onderskryf. In die gereformeerde tradisie is dit vreemd omdat alles eers aan die Skrif getoets moet word.

Vanuit die stryd waaruit die reformasie gebore is (Luther se geloofstryd), is die vier hoekpilare te verstane. *Sola gratia* staan teenoor die verdienste wat nooit sekerheid gebring het nie. Ongeredde mense is totaal verdorwe en kan niks doen om daaruit te kom nie. Vanuit die Skrif kom die ontdekking dat God in Jesus alles reeds gedoen het en slegs deur die mens aanvaar kan word (geloof). Dit onderskei die gereformeerde spiritualiteit duidelik van die mistieke vroomheid van die Oosterse Kerk, die sakramentele vroomheid van die Westerse Roomse Katolieke Kerk en die spiritualistiese vroomheid van die Anabaptiste (Jonker 1989:291). Verder het Gereformeerdes die leer van die uitverkiesing die verste gevoer. Aangesien die mens so sleg is en God so goed, spreek dit vanself dat die mens homself nie kan verlos nie, maar dat verlossing alleen van God kom. Geloof is dus nie jou keuse nie, maar Syne. Iemand wat deur God gekies is, kan nie weer verlore gaan nie, want God sal nooit sy keuse verander nie. Die Lutherane en die Anglikane het

geoordeel dat die Gereformeerdes te ver gegaan het met die leer van die uitverkiesing.

Dit moet egter beklemtoon word dat toe Calvyn-hulle die uitverkiesingsleer gebou het rondom die geloof dat God die inisiatief neem in die mens se verlossing, dit nie net 'n idee was wat hulle tot die Bybeluitleg gelei het nie. Dit was gegrond in die ervaring wat hulle met God self opgedoen het (Nicol 2000:23-24). Die gereformeerde leer beklemtoon die vrye genade van God. Die mens se aanneming deur God tot sy kind is 'n geskenk uit vrye genade. Die wyse hoe die mens dit sy eie maak is deur die geloof, maar ook geloof is 'n geskenk van God. Die feit dat sekere mense kinders van God is en ander nie, kom nie van die mens af nie, maar net van God af. Die implikasie hiervan gaan egter by jou verby as jy dit net weet, maar nie in jou hart ervaar nie (Nicol 2000:24).

“Die gereformeerde leer is soos 'n dik muur wat rondom die skat van die vrye genade gebou is om dit te beskerm” (Nicol 2000:26). Wie dit verstaan en beleef sal 'n spiritualiteit van dankbaarheid hê.

Nog 'n hoeksteen van die gereformeerde leer is die beklemtoning van geloof, sola fide. Geloof weerspreek egter nie die gedagte van vrye genade nie, maar beklemtoon dit dat geloof nie iets is wat die mens van sy kant doen nie. Die mens kan nie eens 'n hand na God toe uitsteek om sy hand van genade te vat nie. God tel die mens in sy totaliteit op en druk hom aan die bors. Indien iemand nog glo dat sy geloof iets bydra tot die feit dat hy/sy 'n kind van God is, is totale geloofsekerheid nie moontlik nie. Geloof is net 'n leë beker waarin God se goedheid ontvang word. **Die gereformeerde leer lei dus tot gemoedsrus, want hoewel 'n mens sy geloof nie kan vertrou nie, kan 'n mens sy hele lewe aan God toevertrou.**

Die Heilige Gees werk die volle heil in die lewe van die gelowige uit, maar Hy doen dit langs die weg van die geloof. Vroomheid of godsdienst is nie iets naas die geloof nie, maar die geloofsomgang met God self. Daarom sê Jonker (1989:296) dra die gereformeerde spiritualiteit die karakter van geloofsbeleving, geloofservaring, geloofswandel en geloofsomgang met God.

Gereformeerde vroomheid is verder gerig op die aarde. Hoewel nie een van die vier hoekstene van die gereformeerde spiritualiteit nie, maar wel een van die hartare van Calvyn se geloof, en

ook van die gereformeerde spiritualiteit, is dat ons godsdiens in ons harte moet ingaan, en dan van daar af na ons daaglikse lewens moet vloei anders bly dit onvrugbaar (Nicol 2000:35; Harman 1994:55). **Twee gedagtes word dus hier beklemtoon, naamlik die gedagte van deurleefde geloof en die oorvloei van hierdie geloof na die wêreld.** Gereformeerde vroomheid is meer geïnteresseerd in die aarde as in die hemel (Nicol 2000:34). Ons leef nie om godsdiens te kan beoefen nie, maar ons beoefen godsdiens om te kan leef (Nicol 2000:34). 'n Godsdiens waar lofprijsing, aanbidding, meditasie, gebed en dergelike dinge beoefen word ten koste van 'n lewe vir God in die wêreld, is nie gereformeerd en nie Bybels nie. In die hart van die godsdiens lê die uitleef van jou geloof in die doodgewone lewe. Die toets vir jou geloof is nie hoe jy dit beleef nie, maar hoe jy dit uitleef.

Die beklemtoning van die vrye genade hou die gevaar in dat die genade goedkoop kan word. Indien die genade reg verstaan word, dryf dit die mens uit na die wêreld. Dit roep ons op tot diens aan God in die wêreld. Dit is egter die vrug van die heil en nie die voorwaarde daarvoor nie. Die spanning uit die diens wat ons lewer het verdwyn (Jonker 1989:295). Vroomheid wat nie prakties uitgeleef word nie, is bedrog (Nicol 2000:40). Die geloof is gawe en opgawe. Daar is nie sprake van 'n passiwiteit in die gereformeerde spiritualiteit nie. Daar moet 'n appél op lidmate gedoen word om te word wat hulle reeds in Christus is, sodat God verheerlik kan word en die aarde omskep kan word. Die motivering is nie die verlossing van die eie lewe nie, maar die ontginning van God se skepping tot die eer van sy Naam. Die gereformeerde gelowige leef dus om God te verheerlik en nie om gered te word nie. Die gereformeerde gelowige leef uit verwondering en dankbaarheid en nie uit vrees of vir beloning nie. Hierdie lewe van verwondering en dankbaarheid dryf die gereformeerde gelowige uit na die wêreld.

'n Praktiese uitvloeisel van hierdie gerigtheid op die wêreld vind ons in die wyse hoe gereformeerde eredienste byvoorbeeld verskil met die van die pinksterkerke. Die tipiese gereformeerde erediens is sober en die verstand is in beheer. Een van die redes hiervoor is die klem op die lewe. Die ware diens aan God is nie net in die kerk nie, maar veral in die lewe daar buite (Nicol 2000:42). Die einddoel van die teologie was vir Calvyn die lewe. Die mens moet dus vanuit sy geloof 'n verskil in die wêreld maak. Die riglyne om die verskil te maak, vind ons, volgens Calvyn in die wet van God. Calvyn ken 'n derde betekenis aan die wet toe, naamlik die

reël tot dankbaarheid. Vir Luther het die wet slegs twee betekenisse gehad naamlik die burgerlike funksie en die wet as tugmeester na Christus toe (Jonker 1989:297). Die beklemtoning van die wet onderstreep ook die gedagte dat daar geen onderskeid is tussen die heilige en die profane sfeer van die lewe nie. Die hele lewe moet onder heerskappy van God geplaas word.

Gereformeerde vroomheid is eerder geloofsvroomheid as ervaringsvroomheid. Daarmee word bedoel dat die mens se ervaring moet vloei vanuit sy geloofsverstaan. Vir 'n gereformeerde gelowige word sy geloofsbelevens bepaal deur die wete van onverdiende genade. Die indruk word dikwels geskep dat gereformeerde gelowiges nie beleef nie, maar weet. Die dogma is dan by hulle belangriker as die vroomheid. Dit is egter duidelik dat die Reformasie gebore is uit 'n diep geestelike ervaring en nie in die eerste plek uit 'n teologiese beweging nie. Die Reformasie is gebore uit Luther se worsteling om tot vrede te kom voor die aangesig van 'n toornige God. Ook Calvin se geskifte adem 'n gees van vroomheid en eerbied vir God. Runia beklemtoon dat ware vroomheid vanuit die Woord van God vloei: “De ervaring gaat nooit aan het Woord vooraf, maar volgt er altijd op en wordt er door opgeroepen” (1993a:170). Die gevoel is miskien nie ekstasies nie, maar dit is 'n intense geloofservaring vanuit 'n bepaalde geloofsinhoud (Floor 1993:298). Volgens Runia (1993a:171) is Calvin se institusie geskryf met die oog op, “beter inzicht in de Schrift, maar ook op de bevordering van de godsvrucht van de lezers”. Geloof was nie vir Calvin net 'n saak van die verstand nie, maar die geloof moes ten diepste deel word van die mens se lewe. Die navorser is van mening dat die kommunikasie tussen die geloofsinhoud en die lewensverhaal, die spanning tussen ervaring en geloofsinhoud effektief kan aanspreek.

Die gevaar bestaan egter altyd dat die gereformeerde vroomheid eensydig klem kan lê op die leer ten koste van die ervaring. Rice (1991:7-19) toon aan hoedat daar altyd 'n spanning was tussen weet en ervaar. So is die ervarings-elemente ook dikwels verwaarloos: “Although this wave of interest in meditation, the practice of silence, reflective reading of scripture, and finding a spiritual companion or director is common among Christians of all denominational traditions, the Protestant churches have often turned a deaf ear to the need expressed by those who are seeking this form of spiritual assistance for their lives” (Rice 1991:9). Die doel van Rice se boek is volgens hom om aan gereformeerdes te toon dat daar ook 'n tradisie van “a living sense of the

present reality of God” in die gereformeerde tradisie is (1991:10). Ervaring was deel van die gereformeerde tradisie. Gebruik soos skrif-meditasie, stilte en gebed is nie vreemd aan die gereformeerde tradisie nie en is deur persone soos Calvyn, Luther, Charles Hodge en vele meer beoefen. Die wortels vir die Gereformeerde Piëtisme was reeds by die reformatie teenwoordig. Daar moet egter ook ’n gevaarteken opgemerk word by die ontwaking van die Gereformeerde Piëtisme, naamlik die opkoms van individualisme ten koste van die kollektiewe (Brienen 1993:200). Een van die groot gevare van die geestelike dissiplines is dat dit die ervaring van die individu losmaak van die van die geloofsgemeenskap. Ervaring is baie belangrik, maar dit het die geloofsgemeenskap nodig as balanseringsfaktor. Die Gees praat immers met alle gelowiges.

Die reaksie van die Puriteine in die sewentiende eeu en later is egter ’n bewys daarvan dat die stryd tussen ervaring en kennis dikwels deur die kennis oorheers is. Hoewel die gereformeerde tradisie ’n ryke geskiedenis van ervaring ook het, moet daarteen gewaak word dat die verstand die ervaring dooddruk. In reaksie op die oorbeklemtoning van die verstand het die Nadere Reformatie twee terreine beklemtoon, naamlik “dat van de innerlijke doorleving en dat van de persoonlijke en algemene levensheiliging” (Brienen 1993:200). Die klem sou later eensydig op die beleving geplaas word. In die persoonlike deurleef van die geloofswaarhede, moet die klem geplaas word op die beleving van die Woord van God (Godsverhaal).

Die beoefening van stilte, skrifmeditasie en gebed moet dus sterk aangemoedig word ten einde ’n koue formalisme teë te werk. Deur die geskiedenis het dit egter ook duidelik geword dat ’n oordrewe klem op die ervarings-elemente lei tot ‘wêreldvreemde’ Christene. Daar moet dus ’n balans wees tussen ervaring en kennis, gevoel en verstand. Dit wat deur die geloof ’n vaste kennis is, moet die gevoel bepaal. **Die navorser wil dus die gedagte van kommunikasie tussen die geloofsinhoud en die lewe beklemtoon. Dit is baie belangrik dat geloof ook persoonlike geloof moet word.** Geloof moet die mens egter nie beroof van eg mens-wees nie. Dit is baie belangrik dat ‘weet’ ook ervaar moet word. Die navorser is van mening dat kommunikasie met God, die self en ander oor die geloofsinhoud en wat dit vir die persoon se lewensverhaal inhoud, die brug kan slaan tussen weet en ervaar. Hierdie kommunikasie noodsaak die gebruik van stilte, skrifmeditasie en gebed. Indien daar nie ’n verantwoordelike weg aangewys word om die geloofsinhoud te beleef nie, soek die mens nie altyd op ’n verantwoordelike wyse nie. In dié sin

merk Rice die volgende op: “People are desperate to discover what it is that makes life worth living, and if they cannot find a healthy way to come into relationship with spiritual reality, then they may seek an unhealthy way to enter the inner world” (1991:24). Die kommunikasie tussen die geloofsverhaal van God (geloofsinhoud) en die betekenis vir die lewensverhaal van die mens, sal volgens die navorser die gelowige op ’n verantwoordelike wyse laat kontak maak met die “spiritual reality”.

Die stille wete dat God ’n mens gekies het en sy genade onverdiend gegee het, is een van die diepste ervarings wat beleef kan word (Nicol 2000:31). **Gevoelservaring is onontbeerlik, maar dit moet vloei vanuit die wete van onverdiende genade.** Die moment wat die menslike keuse verselfstandig word, teenoor die genadewerk van God, word die oë na binne gerig en word die mens bewus van sy ervaring eerder as bewus van God. In die vroomheid van die Nadere Reformasie het die bevinding soms ontaard tot ’n vorm van subjektivisme waar die bevinding die grond vir geloofsekerheid gegee het. Jonker (1989:293) wys daarop dat die klem op die ervaring baie belangrik is en in die geskiedenis tot sistrome gelei het, soos die Piëtisme en Metodisme, die heiligheidsbeweging van die negentiende eeu en die Pentekostalisme en charismatiese beweging wat daaruit gebore is. Uit die geskiedenis kan ons aflei dat die aksent op die ervaring, wat wesenlik deel is van die gereformeerde spiritualiteit, gevaar loop om te ontspoor. Om die ontsporing te vermy, moet die gedagte van sola gratia (genade alleen) en sola fide (geloof alleen) omarm word.

’n Derde hoeksteen van die gereformeerde leer handel oor die Woord van God, sola Scriptura. In die gereformeerde spiritualiteit staan die Woord van God tussen God en mens. Daar is geen sprake van ’n Woordlose omgang met God nie. God praat met die gereformeerde gelowige deur die Woord en nie deur direkte influistering nie. Volgens Peterson is die christelike spiritualiteit nie net een van beleef nie, maar ook van luister (1997:27). Meditasie in gereformeerde konteks beteken die biddende oordink van die Woord van God. Daar is nie sprake van ’n indaal in die dieptes van die siel van die mens in, buite die Woord van God om nie. “Meditasie in protestantse sin is nadenke oor die Skrif, luister na die Skrif, oopgaan vir die Skrif, nabid van die Skrif - nie ’n uitsien na buitengewone openbarings van die Gees of ’n konsentrasie op die innerlike openbarings nie” (Jonker 1989:294). In dié lig oordeel die navorser dat die apofatiese wyse van

meditasie vreemd aan die Skrif is en kan lei tot subjektivisme. Die navorser kies die katafatiese wyse van meditasie en plaas klem op die Bybel as objek van meditasie om die kontak met God te bewerk.

Ook die emosionele belewenis moet gestuur word deur die boodskap van die Bybel. Die Woord moet die emosies bepaal. Emosies los van die aangegrepenheid deur die Woord is mensgesentreerd en nie meer soli Deo gloria nie. In die verband is daar groot verskil byvoorbeeld met die Anabaptiste by wie die innerlike lig 'n groot faktor is. Nie die Woord alleen nie, maar die direkte openbaring deur die Gees is vir die Anabaptiste belangrik. Daarom leef die Anabaptiste van buitengewone ervarings, van wonders, van ingewings en visioene, van die een ekstase na die volgende (Jonker 1989:295). Op hierdie punt verskil die spiritualiteit van die Rooms-Katolieke en die van dié Gereformeerdes ook duidelik. In die Rooms-Katolieke tradisie speel die liturg die rol van bemiddelaar, terwyl die prediking sentraal staan in die Gereformeerde tradisie. In die Gereformeerde tradisie het die lidmate direkte toegang tot die Woord en word die bestudering en bepeinsing van die Woord aangemoedig. Die Woord speel dus 'n belangrike rol in die huisgesin en in die binnekamer van die gelowige. Vanuit die Skrif moet die hele mens coram Deo leef, in 'n poging om die hele samelewing tot eer van God alleen (soli Deo gloria) vir God te wen.

Wanneer die geloofsverhaal deur die eeue bestudeer word, is dit duidelik dat geloofstransformasie ten diepste 'n Woordgebeure was. Die reformasie is 'n sprekende voorbeeld. Die navorser is dus van mening dat egte geestelike groei (transformasie) alleen kan plaasvind in antwoord op die Woord van God. Peterson (1997:5) maak 'n baie belangrike opmerking: "Stories invite us into a world other than ourselves, and if they are good and true stories, a world larger than ourselves. Bible stories are good and true stories, and the world that they invite us into is the world of God's creation and salvation and blessing But we dare not abandon the story, for the minute we abandon the story we reduce reality to the dimension of our minds and feelings and experience."

Die kommunikasie van die lewensverhaal met die Bybelverhaal maak dus deure oop na nuwe verhale, verhale wat genees. Deur hierdie kommunikasieproses sal die gelowige stelselmatig

bevry word van ‘lewensverhaal-bindinge’, aangesien ’n nuwe verhaal gevorm word. So kan die nuwe verhaal geleef word tot eer van God (soli Deo gloria). Dit moet egter beklemtoon word dat die klem in eksegetiese val op die eksegetiese van die Woord en nie die van die mens se lewe nie. Peterson (1997:7) beklemtoon dit dat wanneer die eksegetiese op die lewe van die mens gerig is, loop die spiritualiteit gevaar om selfgerig te word.

Die gesag van die Woord word in die hedendaagse tyd al meer bevraagteken. Baie se standpunt is dat ons nie in die Bybel moet glo nie, maar in God. So word verder beklemtoon dat die vroeë kerk inderdaad nie ’n Bybel gehad het nie en tog voortbestaan het en uitgebrei het. Die navorser is van mening dat die kerk die grootste vyand van die Bybel was. Op ’n outoritêre manier en ’n manier waar kritiese vrae met minagting as liberaal afgemaak is, is eerlike soekers tot stilswye gedwing. Lidmate (en predikante) is nooit geleer van onder andere verskillende literatuurtypes nie en gevolglik is die Bybel op ’n baie fundamentalistiese manier uitgelê. Hiervan is die onlangse debat oor Jona ’n bewys. Om die Bybel as Woord van God te aanvaar beteken nie dat Jona in die vis se maag moes gewees het nie. Op dieselfde wyse is Gen 1-3 uitgelê. Lang debatte is gevoer oor hoe lank ’n dag sou gewees het en later is daar toegegee dat die dae ook as tydperke gesien kan word. Met die opkoms van die wetenskap het die Bybel (en die uitleg van die kerk) as voorwerp van filosofiese denke en as gesaghebbende oor sake van wetenskaplike aard in die moeilikheid geraak. Op verskeie wyses is daar probeer om die Bybel as waar te bewys. Die gevolglike fundamentalistiese skrifuitleg en antwoorde het hul telkens vasgeloop teen die wetenskap. Hierdie wyse van Skrifuitleg word vandag nog in verskeie skole gebruik. Na die bedoeling van die spesifieke gedeelte en die uitlegkunde van die spesifieke literêre genre word daar nooit gevra nie. Verder word die feit dat die Bybel ’n voorwetenskaplike boek is nooit in gedagte gehou nie. Die Bybelskrywers het tog binne hulle ‘wetenskaplike’ kennis sekere geloofservarings oor God neergeskryf. As daar in ’n wetenskaplike era vrae aan die Bybel gevra word sonder om sy voorwetenskaplike aard in gedagte te hou, word die Bybel op ’n terrein gedwing waar dit nooit wou wees nie. So word die Bybel gedevalueer.

Met die uitgangspunt sola Scriptura aanvaar die navorser dat die Bybel gesaghebbend praat oor God en die geloofservarings van die Bybelskrywers. Die navorser onderskryf ook die redes wat Du Toit (2000:80) aanvoer waarom hy die Bybel aanvaar, naamlik dat dit die boek is wat

kronologies eerste staan in die vertel van die handeling van God. Verder is die Bybel nader aan die historiese gebeure wat dit beskryf as enige ander boek en laastens is dit die enigste primêre toegang tot Jesus van Nasaret. Die navorser voer ook verder aan dat die Bybel deur die eeue deur die Heilige Gees as instrument gebruik is om lewens te verander en dat die navorser self beleef het dat God met hom praat vanuit die Bybel. Deur die geskiedenis het die Bybel Homself dus as “bonatuurlike” Boek bewys. Om die Bybel egter as Woord van God te aanvaar moet Jesus eers as Verlosser aanvaar word. Die keuse dat die Bybel die Woord van God is, bly dus ten diepste ’n geloofskeuse en nie ’n wetenskaplik bewysbare keuse nie. Die Heilige Gees is instrumenteel in die keuse.

Rice (1991:66) se klem op die vier eienskappe wat ’n gereformeerde spiritualiteit behoort te hê, plaas volgens die navorser die klem op gebalanseerdheid: Eerstens ’n balans tussen openbare en private toewyding; Tweedens ’n balans tussen intellek en emosie; Derdens sal God se wêreld en sy skepping geniet word sonder ’n ongebalanseerde klem op besittings. Genot in eenvoud word beklemtoon; Vierdens behoort daar ’n balans te wees tussen stil-word en deel wees (besig-wees). Daar sal doelbewus kontak met God gesoek word in stille afgesonderdheid, terwyl daar ook uit die binnekamer beweeg word die wêreld in, om diens te gaan lewer. Hierdie eienskappe van ’n gereformeerde spiritualiteit is baie belangrik met die oog op die beoefening van die christelike dissiplines. Ook in die beoefening van die dissiplines is balans die wagwoord.

Laastens word die gedagte beklemtoon dat dit in die gereformeerde spiritualiteit oor die eer van God gaan (soli Deo gloria). Die mens leef tot eer van God in die teenwoordigheid van God (coram Deo) met sy hele wese. Die motivering om sy hele lewe aan God te wy vloei uit die wete dat God hom uit genade bevry het. Dit vloei nooit uit die gedagte van verdienste nie. Volgens Jonker (1989:294) kyk die mens in die gereformeerde spiritualiteit weg van homself en fokus op God. Die navorser sal egter probeer aantoon dat die mens se fokus op God beïnvloed word deur sy lewensverhaal wat deur homself onder invloed van sondige mense gevorm is. Die gedagte is dat die mens ook vanuit die fokus op God (vanuit gelowige nadink oor die Bybel) sal terug fokus op sy lewensverhaal. In die verband maak Jonker (1989:294) na die mening van die navorser ’n relevante opmerking as hy noem dat die eer van God en die heil van die mens nie teenoor mekaar staan nie. God word juis verheerlik as die mens verlos word. **Die navorser is van mening dat**

die verlossing van die knellende lewensverhaal ook deel uitmaak van die verlossing in Jesus Christus. Jesus het die mens nie net bevry om hemel toe te gaan nie, maar om God te verheerlik. Indien faktore in die lewensverhaal van die mens verhoed dat God verheerlik kan word, wil die verlossing in Jesus ook die hindernis aanspreek en uit die weg ruim.

Soos reeds beklemtoon, bind die verbondenheid aan God die gelowige ook aan die ander lede van die liggaam. Oostenbrink & Lotter (1999:380) beskryf Gereformeerde spiritualiteit ook as korporatiewe spiritualiteit. Die gelowige se verhouding met God het sowel korporatiewe as persoonlike dimensies wat onlosmaaklik aan mekaar verbind is. “Dit is nie vir die gelowige moontlik om sonder die gemeenskap van gelowiges sy geloof (koinonia) ten volle te kan beleef en uitleef nie” (Oostenbrink & Lotter 1999:380).

As opsomming van die Gereformeerde spiritualiteit kan die volgende genoem word:

- Die Gereformeerde spiritualiteit word bymekaargehou deur die vier hoekpilare, naamlik sola gratia, sola fide, sola Scriptura en soli Deo gloria.
- Die genade van God bepaal die styl van die wandel in die teenwoordigheid van God.
- Die mens kan niks verdien nie, maar reageer deur die geloof. Geloof is die leë beker waarmee die genade ontvang word.
- Omgang met God word gestimuleer deur die Woord van God. Slegs die Bybel praat gesagvol oor God.
- Die belewenis word ook bepaal deur die Woord. Die Bybelboodskap moet beleef word.
- Die gereformeerde gelowige raak uit dankbaarheid en om God te eer betrokke by die wêreld.
- Die gereformeerde tradisie plaas God en sy eer in die sentrum van alles.

- Gereformeerde gelowiges leef in 'n liefdesgemeenskap met medegelowiges.

2.5 Die Heilige Gees en die vorming van spiritualiteit.

Die gereformeerde tradisie glo dat die vorming van spiritualiteit alles te make het met die pneumatologie (Velema 1993b:419). Wanneer daar van verruiming van denke en lewensverandering sprake is, kan dit nie anders as om die proses van verandering te anker in 'n verantwoorde pneumatologie nie. Bohren beklemtoon dat daar nie gepraat kan word oor die werk van die Heilige Gees sonder om dit binne 'n trinitariese raamwerk te doen nie (De Wet en Venter 1998:129; Stott 1975:69). Stott sien die werk van die Heilige Gees as in noue verbintenis met Christus, naamlik “to reveal Christ to us and to form Christ in us, so that we grow steadily in our knowledge of Christ and in our likeness to Christ” (1975:20). Die navolging van Jesus as God se voorbeeld aan die mens het dus beslis met die Heilige Gees te doen.

Die tyd waarin ons leef is die tyd van die Gees, maar die Gees moenie van Christus geïsoleer word nie: “Elke werk van die Gees is in werklikheid 'n werk wat Christus deur die Gees doen” (König 1998:16). Christus kom as Wegbereider van die Gees, en die Gees kom as Openbaarder van Christus. Die Gees voer die werk van Jesus verder. In die Gees word die verlede en die toekoms in die huidige geïntegreer. Binne die trinitariese struktuur funksioneer die Gees as die Een wat die verlede lewendig maak in die hede en wat die toekoms antisipeer. Die Gees gaan uit van die Vader en die Seun, maar God word deel van ons lewens deur die Gees. Die persoon en werk van Jesus Christus word dan beskou as die resultaat, die beginpunt en die eindpunt van God se leweskenkende aanwesigheid van die werk van die Gees. König stel dit so: “Die Heilige Gees is die Een deur wie Jesus nou onder ons woon. Hy pas in ons lewe en in die wêreld toe wat Christus vir ons verdien het. Ons sou ook kon sê Hy sit die werk van Christus voort. En die werk van Jesus was omvattend en insluitend”(1998:22).

Deur die Gees is God nog steeds dinamies betrokke in die wêreld en by sy mense. God leef en sy optrede kan nie ingeperk word nie. Hierdie beweeglikheid en onafgeslotenheid het verrykende gevolge vir die praktiese teologie, maar ook vir elke individuele gelowige. Die Gees sal steeds nuwe terreine en moontlikhede laat oopgaan (De Wet en Venter 1998:132). Klein

Kranenburg (1994:166 -169) waarsku teen die moontlikheid dat dogmatisering die Gees kan beperk en die werk van die Gees binne vaste kanale kan inperk. Volgens hom is die Gees die Gees van kreatiwiteit: “En desnoods graaft hij nieuwe kanalen waardoor het water des levens verder stroomt”. Stott (1975:66-68) noem drie moontlikhede met betrekking tot buitengewone ervarings, naamlik dat dit demonies van aard kan wees, of dat dit psigologies van aard kan wees en derdens dat dit ’n egte ervaring van die Gees kan wees. Die belangrike is egter dat die ervaring Christus moet verheerlik en die persoon meer bruikbaar vir God op aarde moet maak. Met betrekking tot die laaste moontlikheid van die buitengewone ervaring, moet daar beklemtoon word dat die Gees God is en dus soewerein is. Die mens moet dus nie die Gees probeer inperk nie. In die verband maak Stott die volgende opmerking: “Although I believe we must insist that, according to the New Testament, God’s norm is one initiatory ‘baptism’ with the Spirit, followed by a continuous and increasing appropriation of his fullness which involves a steady growth in holiness and into Christian maturity, yet it must be added that within this process of growth there may be many deeper experiences and that sometimes the Spirit works more abnormally still” (1975:68). Dit is egter belangrik dat die persone wat die buitengewone ervaring gehad het dit nooit tot enigste werkswyse van die Gees mag beperk nie. Die navorser is van oordeel dat ’n gesprek oor die werk van die Gees vanuit ’n openheid dat die Gees selfstandig kan optree, maar nooit buite die grense van die Woord nie, baie verrykend kan wees.

Die vraag hoe die wisselwerking tussen die Gees van God en die verantwoordelikheid van die mens plaasvind, is moeilik om te beantwoord, maar dit moet aandag kry. Aan die een kant bestaan die gevaar dat die mense se verantwoordelikheid oorbeklemtoon word en dat die mens dan as’t ware beheer oor God kry. Aan die ander kant bestaan die siening dat God deel van die mens se lewe geword het in Jesus se menswording en dat die mens se verantwoordelikheid daar eindig. Die mens word dan gesien as sonbaar en totaal afhanklik van God en nie in staat om self iets te doen nie. In antwoord op hierdie twee eensydighede poog Bohren om die verhouding tussen God en mens te verduidelik met die term **teonome resiprositeit** (De Wet en Venter 1998:129). Teonome resiprositeit beklemtoon dat God via mense en binne strukture in die werklikheid werk. Agter die skerms van die lewe is God self aan die werk deur sy Gees. In ’n intense samewerking met mense werk God om die sondige en geskonde wêreld weer te herstel in sy oorspronklike skeppingsbedoeling. Die gedagte van die transendensie en immanensie van die Gees word dus beklemtoon deur die term teonome resiprositeit. Volgens Klein Kranenburg

(1994:167) is die spanning tussen die transendensie en die immanensie voelbaar in die belydenis van Nicea waar bely word dat die Gees Heer is en lewend maak. Die onderskeid tussen God en mens word dus beklemtoon, maar ook die feit dat die Gees in die lewe van die mens ingaan.

Met teonoom bedoel Bohren, volgens De Wet en Venter (1998:133) **dat die mens se optrede vanuit sy verhouding met God vloei**. Teonoom staan teenoor outonoom. Die Here is altyd die een wat die praxis inisieer. Die mens word meegevoer in die werk van God. **Met resiprositeit word die samewerking tussen God en mens bedoel**. In die samewerking tussen God en mens word God se wil uitgewerk in die mens se lewe. God en mens word egter nie as twee teenstellende groothede gesien nie, maar in noue samewerking. God werk nie alleen in die mens nie, maar eintlik altyd saam met die mens. Hierdie werk in die mens en deur die mens vind plaas deur die Gees. Die Gees betrek die mens by sy handeling. Die Gees neem die mens volledig op, aktiveer hom en skakel hom in. Die wil, handeling, en ervaring van die mens word so deur die Gees in beweging gebring, dat daar moeilik onderskei kan word tussen die werk van die Gees en dié van die mens. Die Gees woon by die mens in en maak die mens sy vennoot (Klein Kranenburg 1994:167). Die Gees lei ons, maar normaalweg werk Hy deur ons natuurlike vermoëns soos ons denke. Die Gees gebruik elke unieke mens binne sy aard. Paulus met sy vurige geaardheid is 'n goeie voorbeeld hiervan. Hoe meer die mens God vertrou, hoe beter kan hy dink (Nicol 2000:81).

Klein Kranenburg (1994:169) maak volgens die navorser 'n belangrike opmerking as hy noem dat die Gees se werk nie net vorming is nie, maar ook kritiek op strukture wat deur jare ontwikkel is, veral as die strukture die heilswerk van die Evangelie beperk. Die immanente inwoning van die Heilige Gees en die gedagte dat die Heilige Gees die mens sy vennoot maak, is belangrik vir die lewensverhaal van die mens. Dit sou beteken dat die Gees nie genoeg kan neem met 'n beperkende lewensverhaal in soverre dit geestelike groei belemmer nie. Verder sou dit beteken dat die mens op die krag van die Gees kon reken in die dekonstruksie van die lewensverhaal. Die Gees is per slot van sake die lewendmakende dinamis en derdens sou dit beteken dat die mens ook self verantwoordelikheid moet neem in die dekonstruksie van die verhaal. Vergelyk byvoorbeeld Cloud se opmerking: “Remember you are responsible for your own growth. Challenge your old ways of acting and allow the Holy Spirit to empower you to resist your defenses” (1990:84). Daar is dus sprake van 'n pneumatologiese sinergie. Die mens se roeping

en verantwoordelikheid is baie belangrik, maar die mens moet altyd sy roeping in totale afhanklikheid, ootmoed en nederigheid uitleef. Die inwonende Heilige Gees werk deur die pogings van die mens en bemagtig die mens om bevry te word van 'n beperkende lewensverhaal. Die mens kan nie op sy eie sy lewensverhaal verander nie. Die Heilige Gees maak die toekoms egter oop omdat dit genesing moontlik maak wat bo die mens se vermoë uitstyg.

Dit is nie net die handeling van die mens wat Woord- bestemd is nie, maar ook die Goddelike handeling. God handel dus in reaksie op die woord van die mens. Hoewel God in sulke handeling volledig God bly, behoort die gebed 'n belangrike plek te hê in die verhouding tussen God en mens. Hierdie gedagte van die mens wat handelend optree in reaksie op God se Woord en God wat handelend optree in reaksie op die mens se woord, is baie belangrik met die oog op geestelike groei. Dit blyk dus duidelik dat geestelike groei plaasvind waar God en mens wederkerig met mekaar in gesprek tree. Waar God se Woord (God se verhaal met die mens) met die mense se lewensverhaal in gesprek tree en die mens weer vanuit sy lewensverhaal in aangesprokenheid deur God se verhaal met God in gesprek tree, vind groei plaas.

Die vraag ontstaan of Bohren se standpunt oor teonome resiprositeit nie die ewige, onveranderlike raad van God in gedrang bring nie. Dit is egter duidelik dat die gebed van gelowiges op 'n onverklaarbare wyse in die ewige raad van God opgeneem word en die gebed het volgens Jak. 5:16 groot krag. Hoewel die Gees nooit deur die mens beheer of voorgesê kan word nie, werk die Gees tog deur na die mens te luister en van die mens gebruik te maak en wel op so 'n wyse dat dit nie met die onderdrukking van die menslike gees gepaard gaan nie. Hoewel nietig teenoor God, kry die mens, sy siening en sy stem waarde. Volgens die narratiewe paradigma is daar genesende krag in die vertel van die verhaal. Die gedagte van teonome resiprositeit by Bohren, beklemtoon dat die moontlikheid tot genesing nie slegs lê in die vertel van die verhaal nie, maar veral in die Gees aan wie die verhaal vertel word. Dit beklemtoon dus reeds die korrektheid van die hipotese, naamlik dat geestelike groei (transformasie) plaasvind waar die mens ook sy lewensverhaal met God kommunikeer. In verdere hoofstukke sal die waarde van gebed, meditasie en stilte ook in dié verband uitgewys word.

'n Verdere belangrike saak wat na die mening van die navorser deur teonome resiprositeit

beklemtoon word, is die feit dat die mens nie sy identiteit en sy ‘menswaardigheid’ voor God verloor nie. Die mens behou sy stem en sy voorreg om met God in gesprek te tree en die voorreg om God selfs te kan beweeg. Die mens, sy omstandighede en sy siening bly dus vir God belangrik. Teonome resiprositeit beklemtoon ook die verantwoordelikheid van die mens met betrekking tot geestelike groei. In Efes. 5:18 lees ons dat die mens nie dronk moet word van wyn nie, maar met die Gees vervul moet word. Die klem word gelê op die gedagte van ‘in beheer bly’. Iemand wat dronk is, is verstandelik nie meer in beheer nie. Om met die Gees vervul te word “involves no loss of self-control” (Stott 1975:56). Die Heilige Gees is ’n gawe aan elke gelowige en gevolglik het elke gelowige potensiaal tot verandering omdat die Gees elke mens se versugting tot heel-wees ernstig opneem en die mens ook bemagtig tot groei. Die Gees vul die mens se eie vermoë aan tot die skep van ’n suksesverhaal in lyn met die wil van God vir die betrokke persoon.

Volgens De Wet en Venter (1998:137-139) is nog ’n sleutelkenmerk van Bohren se pneumatologie, **die nuwe waarnemings-moontlikheid wat deur die Gees oopgemaak word**. Deur die Gees kry die gelowige die vermoë om iets te sien van God se eskatologiese moontlikhede in die hede. Die gevaar bestaan dat die mens se denke en waarneming blind is vir dit wat God met en deur die mens kan verrig. Sy oë neem dan nie waar wat die Gees waarneem nie. Kennis moet geloof word en geleef word. Die navorser is van mening dat die gesprek met die kennis onder leiding van die Heilige Gees kan lei tot ’n deurleefde geloof. Gesprek oor die moontlikhede van die kennis met die oog op die eie lewe, sal onder die leiding van die Gees ’n nuwe eskatologiese moontlikheid laat ontluik. Die gesprek moet handel oor die moontlikhede wat God deur die kennis in die persoon se lewe kan bewerk en wat keer dat die mens die kennis in deurleefde geloof kan omsit. Die gesprek moet dus handel oor God se verhaal (kennis) en die eie lewensverhaal en wat die Godsverhaal in die lewensverhaal kan en wil verander, asook die faktore wat die verandering teenwerk. In hierdie gesprek is die Gees skeppend teenwoordig.

Pneumatologiese denke is ten diepste kritiese denke, in soverre die waarnemer homself, sy omgewing en die kerk waarneem en weeg teen die herskeppingsmoontlikhede van die Gees. Die Gees herinner altyd aan dit wat kan wees. Pneumatologiese denke skep ’n verruimde visie op die eskatologiese moontlikheid, wat werklikheid kan word en daarmee saam ook die gebrokenheid

van die werklikheid. Gesien in die lig van die navorsingsonderwerp, kan die Gees dus die gelowige help om die moontlikhede van sy eie lewe in te sien in die lig van die Godsverhaal, asook die bindende patrone in sy lewensverhaal, wat hom verhinder om by God se ideaal uit te kom. Nuwe lewe kan vir die gelowige ontsluit word as hy leer om deur die geloof na sy eie verhaal asook God se verhaal met hom te kyk.

Sluit dit nie die deur oop vir subjektivisme en 'n eie self-gekleurde verstaan van die mens se lewe nie? Wie onderskei die Gees van die geeste? Volgens Cilliers (1994:253) moet die mens telkens terugkeer na die Woord. Die Gees sal nooit lei teen die riglyne van die Woord in nie. Verder beklemtoon Cilliers dat die leiding van die Gees altyd die Naam van God sal verheerlik. Klein Kranenburg (1994:174) beklemtoon dat die Gees se leiding altyd moet korrespondeer met die heil wat Christus gebring het. Die mening van die geloofsgemeenskap moet ook in ag geneem word by die onderskeid tussen die leiding van die Gees en die subjektiewe wil van die mens. Die vraag is of die mens se lewe meer heel is in terme van die verhoudinge waarbinne die mens moet funksioneer.

'n Verdere saak wat aandag verdien, is die vraag na die doop met die Heilige Gees. Aangesien die navorser in die gedeelte oor die Heilige Gees fokus op die rol van die Gees in geestelike groei, is die bedoeling nie om 'n volledige dogmatiese uiteensetting te gee van die doop met die Heilige Gees nie. Wat egter van belang is, is die feit dat geestelike groei nie as 'n sogenaamde 'second blessing' gesien kan word nie. Hierdie siening beklemtoon die gedagte dat daar twee vlakke van die geloofslewe is. Iemand wat reeds gered is, kan later 'n tweede seëning ontvang waardeur hy dan 'n hoër vlak van geestelike lewe bereik (Nicol 2000:90). Dit is belangrik om aandag te gee aan die doop met die Heilige Gees aangesien dit die verwagting met betrekking tot geestelike groei grondig kan beïnvloed. Die term doop met die Heilige Gees kom slegs in die Nuwe Testament voor en wel sewe keer. Stott (1975:28-29) wys daarop dat twee groepe mense op die dag van die uitstorting van die Heilige Gees die Gees ontvang het. Eerstens het 120 mense die doop met die Heilige Gees ontvang wat gepaard gegaan het met verskillende buitengewone verskynsels. Die 3000 wat later op dieselfde dag die Gees ontvang het, het nie die buitengewone verskynsels beleef nie. Die buitengewone verskynsels tydens die uitstorting van die Heilige Gees was 'n eenmalige gebeurtenis. Die Heilige Gees is nou in die mens en die mens moet deur die

Gees leef. Die Gees se werk is om die mens tot geloof in Jesus te lei en om die mens te help om die boodskap van Jesus uit te leef.

In Hand. 8:15-17 word daar beskryf hoe sekere Samaritane wat tot bekering gekom het, eers later die Heilige Gees ontvang het. Ondersteuners van die ‘second blessing’ gebruik hierdie teksgedeelte om te bewys dat die doop met die Heilige Gees ’n tweede genadewerk is en losstaan van die wedergeboorte en bekering. Stott (1975:31-32) sien hierdie gebeure egter as uniek, aangesien die feit dat Samaritane tot bekering gekom het, ’n nuwe era ingelei het omdat Samaritane as heidene beskou is. By die aanhoor van die gebeure word apostels afgevaardig om die gebeure te gaan ondersoek. By hulle aankoms ontvang die Samaritane die Heilige Gees, terwyl die apostels hulle die hande oplê. Met hierdie buitengewone gebeure word die uitstorting van die Heilige Gees nie herhaal nie, maar slegs klem gelê op die feit dat heidene ook deel van God se nuwe volk kan wees. Die Heilige Gees het dus ook gekom vir heidene.

In Hand. 19:1-7 word ook ’n insident beskryf wat moontlik verstaan kan word as skeiding tussen wedergeboorte/ bekering en die latere ontvangs van die Heilige Gees. Stott (1975:35-36) wys egter daarop dat hierdie persone nie volgelinge van Jesus was nie, maar dissipels van Johannes die Doper en Apollos. Hulle het dus by hulle bekering die Heilige Gees ontvang. Die Heilige Gees speel ’n aktiewe rol in die wedergeboorte en bekering van ’n mens, gevolglik ontvang die gelowige reeds by wedergeboorte/bekering die volle Heilige Gees. Die uitstorting van die Heilige Gees was ’n eenmalige gebeure. Stott stel dit so: “...the gift of the Holy Spirit is a universal Christian experience, because it is an initial Christian experience” (1975:36). Alle gelowiges is gedoop met die Heilige Gees, “The Lord Jesus, the mediator of the new covenant and the bestower of its blessings, give both the forgiveness of sins and the gift of the Spirit to all who enter his covenant”(Stott 1975:42). Die navorser is van mening dat die gesprek oor die Heilige Gees onnodig bemoeilik word. Met die sondeval wou God die Vader die mens begenadig. Om dit te kon doen, moes Hy ’n plaasvervanger kry om in die plek van die mens te betaal vir die sonde. Die mens kon nie self betaal nie, want dit sou die einde van die mens beteken. God die Vader stuur toe vir Jesus as plaasvervanger. Om die mens egter te kon red, het God die Vader ’n verdere probleem gehad, naamlik die sonde en onvermoë van die mens om God se verlossingsplan (Jesus) te aanvaar. God die Vader en God die Seun stuur toe die Heilige Gees om in die mens te

werk om die mens te help om tot geloof in Jesus te kom en sy boodskap uit te leef. Met Pinksterdag is die Goddelike verlossingsplan feestelik in gebruik geneem, maar daarna moet die mens deur die Gees as gelowige leef. Elke gelowige het die Gees volledig, anders sou hy nie kon glo nie. Die werk van die Gees is om die Koninkryk van God in die mens en deur die mens op aarde te laat kom. Die gelowige se hele lewe is 'n lewe deur die Gees.

Die Gereformeerde siening is dat heiligmaking of geestelike groei 'n geleidelike proses is. Volgens Paulus is almal wat glo in die Here Jesus Christus as Verlosser, gedoop in die Gees. Volgens 1 Kor 12:13 vind hierdie doop in die Heilige Gees plaas wanneer die mens in die liggaam van Jesus ingelyf word. Anders gestel, wanneer die mens Jesus Christus as Verlosser aanvaar (Gaffin 1992:5). Alle gelowiges is dus geestelike Christene. Ons begeerte is nie om meer van die Gees te kry nie, maar dat die Gees meer van ons moet kry, dit wil sê meer beheer oor ons lewe moet neem. Dit is 'n geleidelike groeiproses (Nicol 2000:44). Die navorser is oortuig dat die gesprek tussen die verhaal van God en die lewensverhaal van die mens, hierdie groeiproses in momentum kan laat toeneem. Die persoon moet nie net bevry word van die mag van sonde nie, maar ook van die mag van sy lewensverhaal. Die Gees kan deur middel van gesprek die beklemmende patrone onder die lig van die Woord uitwys wat kan lei tot 'n nuwe lewensverhaal en nuwe optrede.

Die Heilige Gees maak geestelike groei nie iets abstrak of buitengewoon nie. Geestelike groei is die strewe om die boodskap van Jesus in die wêreld uit te leef. Dit gebeur deurdat die boodskap eers in die persoon se lewe gestalte kry en dan deur die persoon ook in die wêreld en tussen mense uitgeleef word. In hierdie proses is die Gees aktief besig om die mens te help.

As opsomming kan die volgende genoem word:

- Die Gees se werk is om die mens te help om in Jesus te glo en Jesus se boodskap uit te leef.
- Die Gees is betrokke by die gelowige se hele lewe.

- Ons leef in die tyd van die Gees. God word deel van die mens se lewe deur die Gees.
- Die Gees en die mens werk saam. Die Gees betrek die mens by sy handeling.
- Die Gees gebruik ook die mens se unieke persoonlikheid.
- Die Gees wil die mens in die wydste sin van die woord onder die bevrydende genade van Jesus bring.
- Die mens se handeling is Woord-bestemd.
- God se handelings is ook woord-bestemd (gebed).
- Kommunikasie tussen God en mens lei tot 'n handelende God en 'n handelende mens.
- Die Gees maak 'n visie op God se verhaal (eskatologiese moontlikheid) oop.
- Die Gees kan die mens help om sy eie lewensverhaal te ontdek.
- Die Gees kan 'n beperkende lewensverhaal lei tot bevryding in Jesus.
- Die mens is medeverantwoordelik vir die bevryding van die lewensverhaal.
- Die uitstorting van die Gees is 'n eenmalige gebeure en dus nie iets wat nagestreef word nie. Geestelike groei is niks buitengewoons nie, maar slegs die navolging van Jesus (liefde).
- Alle gelowiges het die Gees ontvang en kan geestelik groei.

Hoofstuk 3

Die lewensverhaal as sosiale konstruksie en geestelike groei.

3.1 Konstruktivisme

Konstruktivisme is 'n teorie wat handel oor kennis en hoe die mens tot kennis kom. Ongeveer 60 jaar gelede het Jean Piaget die gedagte beklemtoon dat kennis altyd subjektief is, aangesien kennis 'n interpretasie is en interpretasie subjektiwiteit veronderstel. Kennis kon volgens hierdie siening nooit daarop aanspraak maak dat 'n getroue weergawe van 'n onafhanklike realiteit weergegee word nie, "...the theory describes knowledge as temporary, developmental,

nonobjective, internally constructed, and socially and culturally mediated” (Fosnot 1996:ix). Volgens von Glasersfeld (1995:6) het konstruktivisme ontstaan vanuit ’n reaksie teen Westerse denke wat beklemtoon dat objektiewe kennis moontlik is en nagejaag moet word. Hy stel dit so: “In this tradition, knowledge should represent a real world that is thought of as existing, separate and independent of the knower; and this knowledge should be considered true only if it correctly reflects that independent world”. Hierdie siening is reeds gebore by René Descartes (1637) wat die werking van die verstand verabsoluteer het. Volgens hom is iets eers waar wanneer dit logies verstaanbaar is. Dit sou ontwikkel tot die standpunt dat slegs dit wat eksperimenteel bewys kan word, waar is en geglo kan word (Du Toit 2000:26; Joubert 2000:33). In 1781 maak Immanuel Kant die onderskeid tussen “Historie und Geschichte”. Met geschichte bedoel hy, die praktiese rede wat betrokke is by dinge soos morele standpunte, etiese norme (reg en verkeerd), fatsoenlik en onfatsoenlik. Hoewel hierdie dinge baie belangrik is vir die goeie funksionering van die samelewing, word dit nie gesien as ware kennis nie. Ware kennis is alleen kenbaar deur die suiwere rede. Ware kennis word verkry deur eksperimente en rasonale argumentasie. Hierdie denkkonstruksie van Kant word algemeen gesien as die geboorte van die modernisme. In die tyd wat volg ontwikkel Darwin sy evolusieteorie, Louis Pasteur (1885) ontwikkel die eerste middel teen bakteriële infeksie en Alexander Flemming ontdek penisillien. Siektes word nou meer effektief behandel en die mens se uitlewering aan bose magte en geeste asook die gedagte dat ’n mens se lewensdae presies deur God vooraf bepaal is, word nou herkonstrueer. Hoewel die rede hoogty vier, word die saad van vertwyfeling reeds geplant. Hierdie saad word bevrug deur Einstein se relativiteitsteorie. Sy teorie dat tyd en materie alleen gemeet kan word in verhouding tot hulle beweging en in verhouding tot die een wat die meting doen, het die gedagte dat tyd en materie as absolute onveranderlike entiteite gesien moet word, geskud. Einstein se relativiteitsteorie het die grondslag gelê vir wat later bekend sou staan as die postmoderne denkstruktuur (Du Toit 2000:27-28). Die gedagte dat kennis nie losgemaak kan word van die subjek wat die kennis konstrueer nie, staan vandag bekend as konstruktivisme. Die begrip konstruktivisme is vir die studie van belang omdat dit klem lê op die betrokkenheid van die subjek by die ‘skep’ van waarheid en verder die feit beklemtoon dat dit iets wat as vas en waar (en bindend) gesien word, ontbloom as slegs ’n konstruksie en dus geherkonstrueer kan word. Later sal aangetoon word dat die mens se lewensverhaal wat ’n gekonstrueerde verhaal is, mag het oor die persoon en verandering teëwerk. Konstruktivisme wil dus beklemtoon dat hierdie

mag nie die laaste sê hoef te hê nie.

Die reaksie vanuit konstruktivisme lê daarin dat geen kennis ooit aanspraak kan maak op totale objektiwiteit nie. Volgens Von Glasersfeld word hy verkeerdelik beskuldig dat hy sou beweer dat daar nie 'n absolute realiteit bestaan nie. Hy is slegs van mening dat die mens homself nie kan aanmatig dat hy objektiewe kennis van die absolute realiteit kan hê nie (1995:7). Kennis bly 'n interpretasie wat subjektief gekleur is. Konstruktivisme erken die aktiewe rol wat die individu speel in die skep van kennis. Vergelyk in die verband die opmerking van Efran & Lukens: "The heart of constructivism is the recognition that our hypotheses about the world are not directly provable" (1988:28). Die mens se lewensverhaal is dus ook subjektief gekleur en kan verander. In 'n onderhoud met Maturana sê hy dat daar geen objektiewe wêreld bestaan nie, maar dat 'iets' deur taal geskep word (Simon 1985:37). As daar byvoorbeeld 'n swart kolletjie op 'n wit laken is, bestaan die swart kolletjie slegs omdat dit deur taal onderskei word van die wit agtergrond. Taal skep dus in werklikheid ons werklikheid. Die feit dat ons die swart kolletjie as swart kolletjie beskryf, is te wyte aan die feit dat ons deur taal ooreengekom het dat iets wat so lyk 'n swart kolletjie genoem word. Wetenskaplike feite of objektiewe waarhede is niks anders as ooreengekome konstruksie nie (konsensus-waarheid). Idees word slegs aanvaar as waar indien die gemeenskap daartoe ooreengekom het (Fosnot 1996:30).

Die navorser stem saam dat die aanspraak op objektiewe kennis nie moontlik is nie en dat alle kennis ten diepste 'n subjektiewe konstruksie is. Maar saam met Von Glaserfeld wil die navorser beklemtoon dat daar wel 'n absolute realiteit bestaan. Die swart kolletjie bestaan en is onderskeibaar van die wit agtergrond. Die betekenis wat aan die swart kolletjie toegeken word, is egter 'n konstruksie. Die navorser aanvaar dat die Bybel nie losgemaak kan word van hierdie teorie nie. Die Bybelskrywers kan nie losgemaak word van hulle agtergrond nie en het dus die geskiedenis van God met sy mense geïnterpreteer en neergeskryf. Die navorser aanvaar egter in die geloof dat die interpretasieproses onder leiding van die Heilige Gees gebeur het en dat die Geskrifte as die Woord van God hanteer moet word. Die wyse hoe die seleksie plaasgevind het totdat die kanon vasgestel is, val buite die veld van die navorsing en word dus daargelaat. Die navorsing is geïntereseerd in die meta-kommunikasie oor die Woord van God. Die hipotese is dat in die meta-kommunikasie tussen die mens en sy verhaal en die verhaal van God soos ons dit

in die Bybel kry, 'n sterk moontlikheid tot groei opgesluit lê.

Die proses waar betekenis aan iets toegeken word, gebeur vanuit 'n waardesisteem wat in die individu gevorm is. Hierdie waardesisteem kan ook 'n lewensverhaal genoem word. **Die betekenis wat individue aan die Godsverhaal toeken is dus ook subjektief gekleur.** Volgens Efran & Lukens (1988:28) word die gedagte van konteks baie sterk in die konstruktivisme beklemtoon: “For the constructivist, everything said is said from a tradition, and has meaning only within that tradition. Take something out of context and it becomes meaningless. Put it in a new context, and it means something else.” Weereens word die gedagte beklemtoon dat betekenis nie in iets setel nie, maar deur die mens, met sy totale agtergrond en binne 'n bepaalde konteks, aan iets toegeken word. In die sosiale konstruksionisme het daar dus 'n verskuiwing gekom vanaf 'n objektiewe waarheid na waarheid wat sosiaal en linguïsties gekonstrueer word (Joubert 2000:34). Hierdie proses waar die mens vanuit sy ervaring betekenis gee, is nie net subjektief nie, maar die mens is ook onbewus van die feit dat hy deur taal betekenis skep (Von Glaserfeld 1984:38). Die konstruksie van betekenis-gee, is nie iets wat die mens doelbewus doen nie, maar iets wat vanuit sy gevormdheid vloei.

Hierdie betekenis word dan gekommunikeer tussen verskillende individue wat lei tot 'n gemeenskaplike kennis. Die feit dat die mens ooreengekom het dat die swart kolletjie so beskryf kan word, gee aan die swart kolletjie betekenis. 'n “Waarnemende gemeenskap” besluit dus wat waar is. Betekenis kan groei of verander soos wat gesprek voortgesit word. Wat Maturana beklemtoon wat baie belangrik is, is die feit dat taal betekenis skep en dat hierdie skepping of konstruksie binne sisteemverband plaasvind. Vir die studie is dit van belang aangesien herskepping dan ook deur taal sal geskied en ook binne sisteemverband. Wat die sisteem betref, beklemtoon hy dat die sisteem 'n “organizationally closed sistem” is, wat geen inligting van buite op 'n direkte wyse inneem nie, maar altyd filtreer deur die sisteem (Simon 1985:34; Efran & Lukens 1985:24)). 'n Sisteem kan verwys na 'n groep mense wat tot mekaar hoort, maar ook na 'n individu wat verskillende invloede ‘huisves’, wat 'n rol speel in die konstruksie van betekenis. In die konstruering van betekenis speel albei hierdie moontlikhede 'n beslissende rol. Binne die sisteem is daar baie invloede. Die gesprek oor geestelike groei (transformasie) kan nie die invloede (magte) wat binne 'n sisteem werk ignoreer nie. Die feit dat die sisteem in

werklikheid geslote is vir invloede van buite, is bepalend vir die bediening wat gemik is op geestelike groei (transformasie), aangesien hierdie verandering binne in die sisteem moet plaasvind.

Daar moet gewaak word teen 'n liniêre oorsaak-gevolg benadering. Die proses van betekenis-gee is baie kompleks en menslike optrede is baie moeilik verklaarbaar. Indien die konstruksie van betekenis en die gevolglike optrede deur 'n liniêre proses geskied het, was die beïnvloeding baie maklik. Die verskillende komponente beïnvloed egter die proses op verskillende en onvoorspelbare wyses. Verder is die sisteem 'n "organizationally closed sistem", en sal enige verlangde verandering in die sisteem en gevolglik ook in die dele van die sisteem, binne in die sisteem geïnisieer moet word. Die bombardering van die individu of die sisteem deur kennis van buite, het volgens hierdie teorie weinig invloed. Die opmerking dat die skep van betekenis 'n komplekse proses is, verdien aandag. Die navorser is van mening dat daar weinig nut is in die analisering en die in diepte soek na die hoekom van sekere denkkonstruksies. Die proses waarin daar gekom is tot sekere gekonstrueerde waarhede is net te ingewikkeld. Soms lê die oorsaak op die oppervlakte, maar meestal is die proses 'onsigbaar' en moeilik naspourbaar. Dit beteken egter nie dat die mens 'n gevangene hoef te wees omdat die oorsaak van sy denke nie presies vasgestel kan word nie. Vir die navorser is die ontdekking dat die individu se lewensverhaal slegs 'n konstruksie is en dus herkonstrueerbaar, van uiterste belang. Hierdie ontdekking bevry die mens van 'n gevangenskap en plaas die mens in 'n posisie van 'beheer'. Die navorser sal later aantoon dat kommunikasie die mag het tot dekonstruksie, sonder dat daar noodwendig gediagnoseer hoef te word.

Maturana is egter van mening dat aangesien daar volgens hom geen objektiewe werklikheid is nie, daar ook geen waarheid is nie, gevolglik is enige persoon se mening korrek. In 'n onderhoud beklemtoon hy die gedagte dat niemand aanspraak kan maak op korrektheid nie, aangesien daar in werklikheid geen objektiewe waarheid bestaan nie. Hy stel dit so: "When one puts objectivity in parenthesis, all views, all verses in the multi-verse are equally valid. Understanding this, you lose the passion for changing the other"(Simon 1985:43). Hierdie standpunt staan bekend as die sogenaamde radikale konstruktivisme. Vir die doel van die navorsing volstaan die navorser egter by die gedagte dat waarheid 'n interpretasie is van 'n absolute realiteit en dus 'n konstruksie

is en dat die konstrueerders gekonstrueer het onder invloed van verskeie faktore. Die navorser sluit dus aan by die postmoderne wyse van kritiek deur die waarheid te bevra sonder om die postmoderne paradigma te onderskryf (Janse van Rensburg :2000:36). Die hipotese is dat geestelike groei plaasvind wanneer die lewensverhaal van die mens met God se verhaal met die mens kommunikeer. Om hierdie hipotese te bewys moet daar in die eerste plek aandag gegee word aan die wyse hoe die lewensverhaal gevorm word en tweedens hoe die verhaal gedekonstrueer kan word.

Aangesien die konstruksie van betekenis of verstaan geskied deur middel van taal en taal 'n sosiale aangeleentheid is, word die konstruksie van betekenis gesien as sosiaal bepaal, daarvandaan die begrip sosiale konstruksionisme. Gevolglik sal aandag gegee word aan die begrip sosiale konstruksionisme.

Opsommend kan die volgende gesê word:

- Konstruktivisme is 'n teorie wat handel oor kennis en hoe daar tot kennis gekom word.
- Modernisme beklemtoon die gedagte dat daar tot objektiewe kennis gekom kan word deur die suiwere rede.
- Postmodernisme beklemtoon die gedagte dat daar geen objektiewe waarheid is nie, en dat alles 'n konstruksie is.
- Konstruktivisme is van belang omdat dit die rol van die subjek beklemtoon in die konstruering van betekenis en beklemtoon dat betekenis herkonstrueer kan word. Die mens is nie uitgelewer aan bepaalde konstruksies nie, maar kan beheer uitoefen deur te herkonstrueer.
- Betekenis word geskep deur taal binne 'n bepaalde sisteem.
- Die navorser aanvaar die bestaan van 'n objektiewe waarheid, maar dat die interpretasie

van die waarheid subjektief is.

- Die navorser aanvaar die Bybel as interpretasie van God se handeling met die mens. Die interpretasie het plaasgevind onder leiding van die Heilige Gees en is daarom gesaghebbend as die Woord van God.
- Die navorsing konsentreer op die kommunikasie tussen die gelowige en die Bybel as mag tot dekonstruksie.

3.2 Sosiale Konstruksionisme

Die narratiewe benadering het ontdek dat die mens nie net vir interessantheid of vermaak stories vertel nie, maar dat die hart van die lewe in stories blootgelê word. Hierdie stories word tussen mekaar gevorm. Dit is stories van mense. Hierdie stories is dus sosiaal gevorm en bekend as sosiale konstruksionisme.

Aangesien die “family therapy” baie van die sosiale konstruksionisme gebruik gemaak het (Lannaman 1998:398), word daar baie geleen van die familie terapie-rigting in die bespreking van die sosiale konstruksionisme. In sosiale konstruksionisme is daar verskeie terme wat belangrik is en dus verduideliking verg. In die proses van verduideliking sal die begrip sosiale konstruksionisme toenemend ontluik en duideliker word.

3.2.1 Die sisteem as ruimte waar betekenis gegee word

Die mens orden sy wêreld binne sisteem-verband (Friedman 1985:14). Al die verskillende komponente beïnvloed mekaar wedersyds. Daar is dus geen sprake van ’n suiwer liniêre beïnvloeding nie, maar elke invloed op een van die komponente stuur ’n kettingreaksie deur die hele sisteem. Dit kan vergelyk word met ’n klomp snoekerballe wat almal gelyk beweeg en mekaar heen en weer stamp. Die oorspronklike beweging wat die reaksie aan die gang gesit het, is moeilik identifiseerbaar en in werklikheid irrelevant.

In die proses waar betekenis gegee word, speel al hierdie komplekse invloede 'n rol. Alles wat in die sisteem gebeur, word deur taal omgesit in betekenis en speel weer 'n rol in die gee van betekenis aan die volgende invloed of gebeure. Inligting word nie meer op 'n liniêre oorsaak-en-gevolg-wyse verwerk nie, maar klem word geplaas op die proses van inligtingverwerking. Hierdie proses wat deur taal verwerk word, veronderstel 'n verhouding. Dit is dinamies en lewendig, daarom word dit gesien as sosiaal (sosiale konstruksie). Die individu het as't ware 'n verhouding met al die invloede en ook met die nuwe inligting waaraan betekenis gegee moet word. Daar is dus nie sprake van objektiwiteit nie. Dieselfde inligting sal deur twee persone verskillend verwerk word en verskillende betekenis sal aan die inligting gegee word aangesien die sisteem waarin individue funksioneer 'n dinamiese en unieke proses is. Daar bestaan dus letterlik 'n oneindige getal van moontlikhede met betrekking tot die konstruksie van betekenis aangesien elke lid 'n unieke uitwerking op ander lede het en die nuwe betekenis weer op sy beurt 'n kettingreaksie tot gevolg het.

Die sisteem-teorie beklemtoon dat elke lid van die sisteem 'n unieke standpunt het en dat elke standpunt waarde het. Die standpunt kan nie as reg of verkeerd afgemaak word nie, maar verteenwoordig net 'n ander siening van dieselfde sisteem. Volgens Maturana word kennis gevorm binne 'n sisteem. Die mens kyk deur 'n lens na die werklikheid en kry dus 'n 'gereflekteerde' beeld. Hierdie lens is die sisteem waarbinne die mens funksioneer (Simon 1985:32).

Die posisie van die individu is volgens die sisteem-benadering geweldig belangrik. Friedman beklemtoon dat die posisie van 'n persoon in die sisteem baie druk op die persoon plaas. Hy stel dit soos volg, "The components do not function according to their 'nature' but according to their position in the network" (1985:15). As voorbeelde kan genoem word dat 'n seun wat byvoorbeeld die stamvader se naam dra baie meer druk beleef as 'n dogter wat gaan trou en later 'n ander van gaan kry. 'n Kind wat na die tragiese dood van 'n boetie of sussie gebore is, leef in 'n ander posisie in die sisteem as wat die kind wat dood is, sou geleef het. Die sisteem 'breek' nie op die swakste plek nie, maar op die plek waar die meeste druk is. Geestelike groei en geestelike volwassenheid kan nie van hierdie reël uitgesluit word nie. 'n Kind wat vreeslik gehoorsaam en voorbeeldig is, kan van buite as geestelik baie volwasse gesien word, maar die moontlikheid bestaan ook dat daardie kind geen persoonlikheid ontwikkel het nie en in die skadu van iemand

anders, of miskien onder die emosionele druk van ouers, so voorbeeldig is. Geestelike groei sal differensiasie van die ouers vra, wat op die oog af as sonde gesien sou kan word, maar in werklikheid groei tot volwassenheid is. Die mens leef nie net in die teenwoordigheid van God (coram Deo) nie, maar ook in die teenwoordigheid van die medemens (sisteem). Die term lewensverhaal kan ook beskryf word as geloofsverhaal aangesien die mens se hele lewe 'n geloofsantwoord op God en sy Woord is. **Die posisie van die persoon binne sy gesin van oorsprong en ook die posisie binne sy huidige sisteem en al die kragte wat op hom 'n invloed het, speel 'n beslissende rol in sy geloofsantwoord en sy vermoë tot verandering (geestelike groei).**

Die individu se optrede moet altyd binne die sisteemverband verstaan word. Navorsing wat handel oor geestelike groei of transformasie sal deeglik met die sisteembenadering rekening moet hou. Eerstens is dit duidelik dat enige effek op enige een van die lede binne die sisteem 'n kettingreaksie op die res van die sisteem het. Dit sou beteken dat 'n persoon indirek beïnvloed kan word deur op 'n ander lid van die sisteem te konsentreer of dat 'n enkeling deur die regte optrede die hele sisteem indirek kan beïnvloed. Verder sou dit ook beteken dat 'n eensydige verandering in een van die lede die hele sisteem positief of negatief kan beïnvloed. Verandering binne die sisteem is dus 'n aangeleentheid wat met groot omsigtigheid hanteer moet word. Die belangrike is egter om die individu binne die sisteem bewus te maak van die invloede (dinamika) en in 'n posisie te probeer plaas waar selfstandige besluite geneem kan word. Die persoon moet dus beheer oorneem in plaas van om beheer te word. In die proses speel die intellek 'n kardinale rol.

Die ontdekking dat die mens slagoffer is en dat kennis slegs gekonstrueer is, bring reeds 'n groot stuk bevryding.

Die beginsel met betrekking tot die posisie van die individu wat bepalend is, het verdere gevolge.

Binne familie-terapie word gepraat van die **geïdentifiseerde pasiënt**. Die persoon met die simptome word gesien as 'n waarskuwing dat iets in die sisteem verkeerd is, eerder as dat die persoon gediagnoseer word as die probleem. Binne geestelike verband kan die vraag dus gevra word na die aard van geestelike volwassenheid waar sommige lede van die sisteem oënskynlik baie naby aan die Here leef en ander lede van die sisteem duidelik in reaksie is. In Bybelse terme

is die individu ook verantwoordelik vir die sisteem se welsyn. Die ‘geïdentifiseerde pasiënt’ dwing dus die ander lede van die sisteem om te vra na hulle geestelike volwassenheid asook na die funksionering van die sisteem. **Die sisteembenadering konsentreer op ’n gesonde sisteem eerder as op gesonde lede.** Wanneer ’n individu se geestelike lewe ’n golf van reaksie deur die sisteem stuur gaan daar gevaarligte aan met betrekking tot ’n gebalanseerde geestelike lewe. ’n Lewe in die teenwoordigheid van God (coram Deo) behoort helend op die sisteem in te werk. Die individu wie se lewe reaksie ontlok moet dus seker maak dat dit die evangelie is wat aanstoot gee en nie die persoonlike lewe nie. **Konstruktivisme beklemtoon ook dat diagnose subjektief is en liefs vermy moet word.** In die proses van diagnose rig die sisteem in werklikheid ’n vinger na homself.

Verder beklemtoon die sisteembenadering dat die sisteem die eenheid is waar ‘behandeling’ plaasvind. As die sisteem nie genees nie, sal die simptoom net op ’n ander plek na die oppervlakte kom. Die geïdentifiseerde pasiënt is ’n vriend tot groei. Terapie hoef ook nie net met die simptoomdraer gedoen te word nie. Aangesien die sisteem ’n dinamiese kettingreaksie veronderstel, kan daar ’n invloed op die sisteem uitgeoefen word deur op enige van die lede te konsentreer. Verandering kan byvoorbeeld bewerk word deur op die sterkste persoon in die sisteem of die gewillige persoon te konsentreer eerder as om die geïdentifiseerde pasiënt uit die sisteem te verwyder en te behandel. Indien betekenisverandering dus in ’n sisteem en sy individue bewerk wil word, kan daar slegs op een van die sisteemlede gekonsentreer word. Die vraag met betrekking tot verandering is nie wie die sterkste simptoomdraer is nie, maar wie die grootste potensiaal het om verandering te bewerk.

Binne die sisteem bestaan daar ook homeostase. Die verskillende ‘kragte’ binne die sisteem balanseer mekaar uit. ’n Goeie voorbeeld is die planeete wat in so ’n mate kragte op mekaar uitoefen dat elkeen in sy baan bly. Die oomblik wanneer daar ’n invloed op enige een is, sal dit al die ander beïnvloed (Anderson & Goolishian 1988:376; Hoffman 1990:3). Verandering word ook deur die kragte teëgewerk. In die verband is Maturana reg as hy sê dat die sisteem ’n “informational closed” sisteem is (Simon 1985:34). Enige inligting hou ’n bedreiging in vir die homeostase binne die sisteem en word so gefiltreer dat dit geen verandering bring nie. Hierdie kragte binne die sisteem produseer selfs soms ’n simptoom om die aandag van die spanning

binne die sisteem af te trek. **Hierdie teorie van homeostase binne die sisteem, plaas 'n groot vraagteken oor die modernistiese wyse van beïnvloeding, naamlik die deurgee van inligting.** Selfs die vermoë van die preek om geestelike groei te bewerk, asook die kategorie en Bybelstudies wat op die deurgee van inligting gerig is, se suksesvolheid lyk verdag. Die sisteem filtreer gewoon die inligting op so 'n wyse dat verandering teëgewerk word. Soos reeds genoem, sal die poging om geestelike groei te bewerk 'n verskil binne in die sisteem moet maak. Inligting van buite het volgens hierdie teorie weinig waarde.

Verder beteken dit dat enige verandering by enige van die sisteemlede al die ander lede dwing tot verandering. Indien daar enige simptome by 'n lid opduik is dit sinvol om te vra waarom die simptome opgeduik het en waarom dit die besondere lid van die sisteem is. Die toestand van die lede sê altyd iets van die sisteem. Homeostase beteken dat enige verandering met groot mag binne 'n sisteem beveg word. Soos reeds in die vorige paragraaf verduidelik, staan homeostase verandering teë. Dit verduidelik grootliks waarom lidmate elke Sondag in die kerk is en na nuwe inligting luister, maar hulle lewens verander nie baie nie. **Indien die evangelie effektief in mense se lewens geplant wil word, sal daar rekening gehou moet word met homeostase en die kragte wat verandering teëwerk.** Die lidmate moet gelei word om te vra wat hulle verhinder om te verander. Wie sal almal beïnvloed word indien die boodskap uitgeleef word? Waarom het hierdie boodskap nog nooit in die betrokke persoon se lewe uitgewerk nie, terwyl die boodskap nie onbekend is nie? Is dit wat as verskoning aangebied word, werklik vir God 'n probleem? Waarom sal God dit eis as Hy ook dink dit is onmoontlik? Kan die persoon aan situasies dink waar die boodskap wel uitgeleef is? Hoe het hy dit reggekry en watter gevolge het dit gehad? Die beklemtoning van relatiewe beïnvloedingsvrae wat die persoon in 'n objektiewe posisie plaas, word later in die hoofstuk behandel.

Om bloot net op die krag van die Heilige Gees terug te val, is volgens die navorser nie verantwoordelik nie. Geestelike groei (transformasie) moet gebruik maak van die beskikbare wetenskaplike kennis wat transformasie kan bevorder. Deur gebruik te maak van die kennis word die krag van die Heilige Gees geensins onderskat of buite rekening gelaat nie.

Met betrekking tot die sisteembenadering kan die volgende opsommend gesê word:

- Die mens orden sy lewe deur middel van sy lewensverhaal binne sisteemverband.
- Binne die sisteem is daar 'n dinamiese werking tussen die verskillende dele. Die konstruksie van betekenis is 'n baie komplekse proses.
- Die posisie van die individu is baie belangrik met die oog op die skep van betekenis.
- 'n Skuif in enige van die lewens veroorsaak 'n kettingreaksie.
- 'n 'Probleem-persoon' wys op 'n ongebalanseerdheid in die sisteem.
- Diagnoses of die uitwys van skuldiges is in werklikheid 'n selfveroordeling deur die sisteem.
- Geestelike volwassenheid is nie net 'n individuele saak nie, maar raak die hele sisteem.
- Geestelike groei moet streef na die groei van die hele sisteem.
- Binne die sisteem bestaan daar homeostase en daar is onsigbare kragte wat enige versteuring van die homeostase teëwerk.
- Inligting vanaf buite met die oog op verandering (geestelike groei) word sterk beveg.
- Suksesvolle verandering moet binne die sisteem aangesteek word.

3.2.2 Betekenisgewing as “multi generational emotional process”

Die sisteem is in werklikheid 'n produk van die verskillende invloede wat deur die eeue en ook vanuit die nabye verlede en hede op die verskillende lede van 'n groep inwerk en hulle gedrag bepaal. Hierdie kragte en wyses van hanteer balanseer mekaar uit sodat daar homeostase bestaan.

Al hierdie invloede werk op die emosionele vlak en plaas emosionele druk op die verskillende lede. Hierdie proses word 'n "multi generational emotional process" genoem.

Volgens Kerr & Bowen (1988:222) is elke nukliêre familie 'n produk van 62 nukliêre families oor vyf geslagte en oor die 1000 nukliêre families oor nege geslagte. Hoewel daar binne hierdie nukliêre gesinne geweldig baie moontlikhede van optrede is, het navorsing tog uitgewys dat daar sekere funksioneringspatrone oor geslagte heen oorgedra word. Gedragspatrone wat nou in families bestaan, bestaan waarskynlik al reeds vir geslagte.

Die proses waarin betekenis gevorm is, word sosiaal bepaal. Die mens is oor geslagte heen sosiaal beïnvloed. Die mens kan hom nie losmaak van die invloede wat deur geslagte heen op hom ingewerk het nie. Volgens McGoldrick & Gerson (1985) kan dinge soos die samestelling van die gesin, die posisie van die verskillende kinders (sibling position), geboortes en dood, die fase van die familie of die individu tydens ingrypende gebeure, familiename, die rol van belangrike persone in die familie en individue se lewens, traumatiese gebeure en vele meer 'n belangrike rol speel. Hierdie gebeure beïnvloed die betekenis wat aan huidige sake toegeken word en dus die lewe van die persoon. Dikwels is die individue nie eens bewus van die gebeure wat hul konstruksie van betekenis en dus hul lewens grondig beïnvloed nie (Roukema-Koning 1993:409). Hulle word dus beheer sonder dat hul weet waardeur. Mense is produkte van hul "multigenerational emotional process". Om te kan verander moet hierdie proses aangespreek word en moet die individu "beheer" oorneem in plaas van om beheer te word. Hierdie proses sal later onder die begrip self-differensiasie in detail bespreek word. **Geestelike groei vereis 'n bevraagtekening van sekere patrone en die skep van nuwe (eie) betekenis vanuit die verbondenheid aan God.**

'n Begrip wat baie belangrik is met die oog op verandering is chroniese angstigheid (chronic anxiety). Angstigheid verwys hier na die beginsel dat die emosionele die optrede bepaal. Die persoon tree op in reaksie in plaas van om self te besluit oor gepaste optrede. Die persoon word dus beheer in plaas van om beheer uit te oefen. Elke sisteem het elemente van emosionele druk wat sekere verandering teenstaan. Volgens Kerr (1988:225) hanteer mense in gesinne hierdie angstigheid op een van drie maniere, naamlik konflik tussen die huweliksmaats, of die verskynsel

waar een van die twee lewensmaats feitlik eie identiteit verloor ten einde konflik te vermy, of deur angstigheid op een van die kinders te konsentreer.

Chroniese angstigheid moet hanteer word deur beheer te neem in plaas van om beheer te word. Die mate waarin situasies vanuit die emosionele hanteer is, is bepalend vir die hantering van soortgelyke situasies in die toekoms en in die generasies wat kom. Hierdie gedagte word ook deur Kerr beklemtoon as hy sê: “The way the family is played out in one generation has predictable consequences for the next generation” (1988:225). Hiermee wil nie gesê word dat om emosioneel te wees verkeerd is nie. Die beginsel is egter dat die mens self beheer moet hê. Emosionele besluite dui op besluite wat geneem is onder druk van buite-faktore in plaas daarvan dat ’n persoon self besluit het en verantwoordelikheid aanvaar vir sy besluite. Hierdie optrede word reaktiwiteit genoem en is die teenpool van volwassenheid. Met betrekking tot geestelike groei is die ideaal om vanuit die bewustheid van God se verhaal in die persoon se lewe te reageer. Indien die persoon toelaat dat iemand anders sy optrede bepaal, word hy beheer deur ander en nie deur die Gees nie. Soos reeds gesien, werk die Gees en die persoon baie nou saam (teonome resiprositeit). Geestelike volwassenheid bestaan daar waar die mens in reaksie op God se verhaal optree en nie in reaksie op mense se optrede nie.

Verder gebeur sogenaamde kwantumspronge in die vlak van funksionering selde. Die groot gedagte is om die rigting van funksionering in een geslag om te keer vanaf ’n afwaartse neiging na ’n opwaartse neiging. Daar moet dus gewaak word daarteen om te veel te verwag met betrekking tot transformasie. Indien ’n rigtingverandering kon plaasvind is die toekoms van die betrokke sisteem grondig beïnvloed en sal die vrugte gepluk word oor geslagte heen. Volgens Kerr (1985:15) is verandering geleidelik en gebeur dit oor die loop van jare. Die verhaal waar die eienaar die boom wat nie vrugte gedra het nie wou uitkap, maar die tuinier vir die boom gepleit het, steek hier by ’n mens vas.

Opsommend kan die volgende gesê word:

- Optrede van mense is oor geslagte heen beïnvloed.

- Verskeie gebeure en persone oor geslagte heen, het sekere optrede as vanselfsprekend gemaak.
- Transformasie en geestelike groei vra dat die vanselfsprekende bevraagteken moet word met die oog op die skep van 'n eie verhaal.
- God se verhaal moet sy kinders se optrede bepaal, nie ander mense nie.
- Gelowiges moet deur die Gees beheer word, nie deur mense nie.
- Transformasie (ook geestelike groei) vra geduld, dit is 'n langsame proses.

3.2.3 Die proses van betekenisvorming as taalgebeure

'n Verdere kwalifikasie met betrekking tot die vorming van waarheid is dat dit nie net sosiaal bepaal is nie, maar dat die proses van betekenisvorming ten diepste 'n taalgebeure is. Volgens Maturana bestaan iets nie, maar deur taal kry iets bestaanreg of betekenis. Taal lig "iets" uit vanuit sy agtergrond en onderskei dit van die res. Deur onderskei te word kry 'n saak/gebeure betekenis (Efran & Lukens 1985:25; Real 1990:257). Die betekenis wat deur taal aan iets toegeken word, bepaal later die sosiale sisteem. Volgens Anderson & Goolishian is betekenis in werklikheid 'n kommunikatiewe aksie. Hulle stel dit so: "We do not arrive at or have meaning and understanding until we take communicative action, that is, engage in some meaning-generating discourse or dialogue within a system for which the communication has relevance" (Anderson & Goolishian 1988:372). Die plek waar verandering ten diepste moet plaasvind, is nie die sosiale sisteem in die eerste plek nie, maar verandering is in die eerste plek 'n taalgebeure. Die sisteem bestaan ook net in taal, indien die taal verander sal die sisteem ook verander. Betekenis en sisteme word gevorm deur taal wat dit beskryf en so onderskei van die omgewing. Sisteme bestaan nie, maar word deur taal geskep: "Thinking of human systems in this respect implies that they exist only in the domain of meaning or inter-subjective linguistic reality. As social systems they are communication networks in conversation with each other" (Joubert 2000:39). Die kommunikatiewe krag van taal word beklemtoon deur Anderson & Goolishian in

die volgende woorde: “Change is the evolution of new meaning through dialogue” (1988:372). **Nuwe geestelike betekenis word dus ook deur taal geskep.** Aangesien betekenis deur taal geskep word en nuwe betekenis ook ’n taalgebeure is, aanvaar die navorser die korrektheid van die hipotese, naamlik dat geestelike groei plaasvind waar die mens se lewensverhaal met God se verhaal in gesprek tree.

Dit is deur taal wat ons sinvolle kontak met ander mense maak en waardeur ons die werklikheid met mekaar deel. Om deur middel van taal met mekaar verbind te wees is ’n dinamiese sosiale gebeure. Die konstruering van betekenis en verstaan, die konstruering van “human systems”, is ’n proses wat konstant verander as gevolg van onderlinge kommunikasie (Hoffman 1990:3). Die betekenis van iets is nie in iemand se kop nie, maar in die interaksie tussen persone en in die konteks waarbinne die kommunikasie plaasvind. Verstaan word dus nooit bereik nie, maar bly steeds opgesluit in kommunikasie en bly steeds ’n proses van groei. Sukses bestaan dus nie in die bereik van betekenis nie, maar in die proses van verstaan wat voortgaan. Hierdie betekenis wat gekonstrueer word is nie subjektief of objektief nie, maar inter-subjektief. **Enige verandering in menslike optrede geskied deur taal. Kommunikasie moet dus ten alle koste bereik word ten einde geestelike groei te bewerk.** Kennis moet in die persoonlike lewe ingedra word. Dit geskied alleen deur taal (kommunikasie).

Kommunikasie is belangriker as die ontleding (diagnose) van die sosiale sisteem. Die klem val daarop dat die interpretasie van sekere gebeure deur taal gebeur het. Die vraag is of die gebeure nie “vertaal” kan word, en of daar nie ’n ander betekenis ook moontlik is nie. In die lig van die hipotese wil die navorser beklemtoon dat die gebeure vertaal kan word vanuit die lig en gesprek met die Godsverhaal. Kommunikasie is dus belangriker as ontleding en diagnose. **Daar is baie meer waarde in om met God se verhaal in gesprek te tree as om te probeer verstaan waarvandaan sekere optrede kom.** Kommunikasie skep ’n nuwe verhaal sonder dat die eie lewensverhaal in detail verstaan moet word. Verstaan is nie ’n voorwaarde vir verandering nie. Kommunikasie (taalgebeure) is wel ’n voorwaarde vir verandering en groei.

Verder beklemtoon die gedagte van kennis wat ’n konstruksie is, dat ander se konstruksies groot betekenis kan hê. Andersen & Goolishian beklemtoon ’n baie belangrike

voorwaarde vir kommunikasie wat tot groei lei, naamlik 'n openheid vir die ander se standpunt. Hulle stel dit so: "The characteristics of all dialogical conversation is that participants open themselves to others and accept their point of view as being worthy of consideration" (1988:380). Elke mens se interpretasie het waarde en moet gehoor word. Kommunikasie plaas ander verhale op die tafel. Die Godsverhaal hou die meeste moontlikheid tot gebalanseerde transformasie in aangesien die fokus op God val. In die proses van kommunikasie word die proses van die skep van betekenis voortgesit.

Dit is deur die proses van kommunikasie dat twee persone se wêreld van betekenis oor mekaar skuif en daar begrip kom. Deur so in iemand anders se betekeniswêreld in te kom word die individu verander. Taal dra die moontlikheid tot verandering. **Verandering vind alleen plaas deur kommunikasie aangesien betekenis gevorm word deur taal. Ook geestelike groei vind plaas deur kommunikasie.** Die krag en noodsaaklikheid van kommunikasie met die oog op groei word deur die volgende aanhaling beklemtoon, naamlik "Change requires communicative action, dialogue, and discourse"(Anderson & Goolishian 1988:381). Deur kommunikasie word ander verhale ook vertel wat die bestaande verhaal open tot verandering. Groei of transformasie is niks anders as verandering van betekenis deur middel van kommunikasie nie. 'n Hiërargiese sisteem waar sommige persone die antwoorde ken werk kontra-produktief, want die klem moet val op kommunikasie en nie op antwoorde nie. Kommunikasie moet ten alle koste oopgehou word. Die gee van antwoorde (wat in elke geval slegs interpretasies is), sluit kommunikasie af en beperk groei of transformasie. Die soeke na geestelike groei sal dus moet wegbeweeg van die deurgee van inligting en eerder poog om 'n gesprek vanuit en oor die inligting aan die gang te kry. Deur kommunikasie skuif wêreld oor mekaar. Deur kommunikasie met God se verhaal skuif God se wêreld (koninkryk van God) oor die mens se wêreld. Kommunikasie met God se verhaal vanuit die mens se verhaal lei dus tot geestelike groei.

Die mens leef deur sy omgewing te 'taal'. 'n Ander beskrywing vir hierdie proses is die narratief. Anderson & Goolishian stel dit so: "We live with each other in a world of conversational narrative and we understand ourselves and each other through changing stories and self-descriptions" (1988:380).

Die gedeelte oor taal as skepper van nuwe betekenis kan soos volg saamgevat word:

- Betekenisvorming is 'n taalgebeure.
- Transformasie (“her-betekenis”) is dan ook 'n taalgebeure.
- Transformasie (geestelike groei) geskied deur kommunikasie eerder as deur ontleding of diagnosering.
- Verstaan word nooit bereik nie, maar bly altyd oop as proses wat deur kommunikasie gedra word.
- Kommunikasie plaas ook ander verhale op die tafel wat die persoonlike lewensverhaal ‘uitdaag’.
- Geestelike groei vind plaas waar God se verhaal deur middel van kommunikasie op die tafel geplaas word.
- Enige proses wat kommunikasie stop, blokkeer verandering.

3.2.4 Die narratief as betekenisdraer

Die insigte dat die werklikheid op 'n sosiale konstruksionistiese wyse opgebou is, het die pad oopgemaak vir die verhalende of narratiewe benadering (Müller 2000:59). Die sosiale konstruksie-model gaan uit van die gedagte dat elke persoon betekenis gee aan gebeurtenisse deur dit te storie. Elke persoon het 'n storie oor homself (self-narratief) asook verskillende stories oor mense, gebeure en dinge (Gerkin 1986:26). White & Epston beskryf hierdie konstruksie van 'n self-narratief soos volg: “In striving to make sense of life, persons face the task of arranging their experiences of events in sequences across time in such a way as to arrive at a coherent account of themselves and the world around them. Specific experiences of events

of the past, and present, and those that are predicted to occur in the future, must be connected in a linear sequence to develop this account. This account can be referred to as a story or self-narrative” (1990:10). Hierdie self-narratief is die sleutel waarmee betekenis aan gebeure gegee word. Met verhale konstrueer ons ons lewe. Deur verhale gee ons vorm aan ons lewens en daarmee organiseer ons ons lewens (Carlos & Sluzki 1992:218-219). In ons verhale ontdek ons nie alleen ons identiteit nie, maar bou ons steeds aan ons identiteit (Müller 2000:9-10). **In die narratiewe benadering gaan dit nie daaroor om die feitlike waarheid te ontdek nie, maar die persoon se geïnterpreteerde waarheid.**

In die konstruering van die narratiewe speel die mens se “multigenerational emotional process” ’n baie groot rol. Hierdie verhale word dus letterlik oor geslagte heen gevorm. Die teorie met betrekking tot die sisteem speel ook ’n belangrike rol in die konstruering van betekenis in die vorm van verhale. Die narratiewe sal nooit die sisteem omvergooi nie. Die vorming van narratiewe deur ’n individu gebeur in ‘kommunikasie’ met die groter verhaal waarbinne die self-narratief inpas. Hierdie narratiewe is interpretasies en gee nie noodwendig die werklike gebeure weer nie. Joubert verwoord dit soos volg: “Stories or self-narratives and telling of experiences are meaning constituting, not representing something about somebody’s life, but actually shaping and constituting the present, past and future” (Joubert 2000:46). In die inleiding van White en Epstone (1990:x) se boek skryf Karl Tomm: “ Not only do we, as humans, give meaning to our experience by ‘storying’ our lives, but we are also empowered to ‘perform’ our stories through knowledge of them. Stories can, of course, be liabilities as well as assets. For instance most of us have a multiplicity of stories available to us about ourselves, about others, and about our relationships. Some of these stories promote competence and wellness. Others serve to constrain, trivialize, disqualify, or otherwise pathologize ourselves, others, and our relationships. Still other stories can be reassuring, uplifting, liberating, revitalizing, or healing. The particular story that prevails or dominates in giving meaning to the events of our lives determines, to a large extent, the nature of our lived experience and our pattern of action”. Hierdie aanhaling van Tomm is volgens die navorser ’n goeie samevatting van die narratief as draer van betekenis. **Die ideaal is dus om ’n opbouende narratief as dominerende verhaal in die lewens van mense te laat funksioneer. Die Godsverhaal is so ’n opbouende narratief.** Deur te konsentreer op die Godsverhaal is die dominerende verhaal een van sukses. Die sonde moet altyd vanuit die

Godsverhaal belig word, met 'n uitnodiging tot die nuwe verhaal. Die gevaar bestaan dat die oorbeklemtoning van die verhaal van die gevalle mens die mens 'bemagtig' tot 'n verhaal van nederlaag. Die ideaal is om die verhaal van oorwinning in Jesus Christus die dominerende verhaal in die lewe van die mens te maak.

Müller (2000:12) beklemtoon die gedagte baie sterk dat die eenheid tussen verlede, hede en toekoms 'n uitgangspunt is van die narratiewe benadering. Wanneer die nuwe verhaal te veel van die ou verhaal verskil sal die persoon dit nie aanvaar as sy eie nie, en wanneer die nuwe verhaal nie veel van die ou verhaal verskil nie sal dit nie waarde hê nie en sal die ou verhaal weer domineer (Carlos & Sluzki 1992:220). Volgens Müller het Brueggemann die lewe beskryf as "telling a past and dreaming a future". Mense beland in 'n krisis wanneer hulle verhale nie hoop gee vir die toekoms nie. In ons hoop, angs en beplanning is die toekoms reeds deel van die hede. Ons werk dus vandag aan die toekoms, maar ons kan dit nie doen deur die verlede toe te sluit nie. Ons moet die verlede herinterpreteer en wel op so 'n wyse dat dit hoop skep vir die toekoms. God se verhaal met die mens moet in ons verhaal ingetrek word met die oog op 'n toekomsverhaal.

Mense is meestal geneig om 'n negatiewe self-narratief te konstrueer. Volgens Parry (1991:41; White & Epston 1990:11) is elke gekonstrueerde verhaal 'n daad van sensorskap aangesien slegs enkele gebeure uitgekies word om as geïnterpreteerde waarheid deel uit te maak van die lewensverhaal. In elke lewensverhaal is daar dus 'n verhaal wat nie vertel word nie. Soos reeds genoem konsentreer die konstruering van 'n lewensverhaal meestal op die negatiewe. Die verhale wat uitgelaat word, word nie as belangrik gesien nie, terwyl die gekose verhale mag kry (White & Epstone 1990:2). Die navorser is van mening dat hierdie negatiewe self-narratief dikwels versterk word deur klem te lê op die sonde in die mens se lewe sonder om die narratief van oorwinning in 'n verhouding met God sterker te beklemtoon. **God se verhaal met die mens is juis 'n positiewe verhaal.** In sy boek "Die uitwissing van God op die kansel", beklemtoon Cilliers (1996) juis die gevaar wanneer die negatiewe verhaal al die aandag kry en nie binne perspektief van God se verhaal gesien word nie. God se verhaal is een van liefde, genade en oorwinning. Die beklemtoning van die positiewe verhaal dui nie op narsisme nie en ontken nie die invloed van die sonde nie, maar plaas klem op die verhaal van oorwinning wat God

oopgesluit het. Deur God se verhaal in die mens se verhaal te inkorporeer word die toekoms juis oopgesluit.

Aangesien die narratiewe mag het en mense in werklikheid deur hulle narratiewe geleef word, lei 'n negatiewe afbrekende self-narratief tot negatiewe gedrag. Die mens kom binne die mag van 'n konstruksie wat hy self gemaak het. Nuwe inligting word dan ook so geïnterpreteer dat dit getrou is aan die bestaande lewensverhaal (Kleynhans & Kellerman 2000:75). In die verband noem Maturana die sisteem waarbinne die mens funksioneer 'n inligtingsgeslote sisteem (Efran & Lukens 1985:25). Dit kan ook gebeur dat ander mense se verhale (verwagtinge) oor die betrokke persoon, die individu se optrede beheer, gevolglik het die persoon nie genoeg ruimte om sy eie verhaal oor homself uit te leef nie.

Vanuit die gedagte dat kennis mag is, kan die diagnosering eerder lei tot 'n verdere probleemsituasie. Nadat 'n diagnose gemaak is, kan alle optrede onder die wolk van die etiket plaasvind en sekere optrede afdwing. Watzlawick beklemtoon die gevaar dat 'n diagnose of 'n etiket wat om iemand se nek gehang word inderwaarheid mag kan kry. Hy stel dit so: "The outcome is a self-fulfilling prophecy that eventually even the patient accepts as real, and he fashions his life accordingly" (1984:67). Die begrip van kennis wat mag is, van Foucault, word hierdeur geïllustreer. Die navorser is van mening dat mense ook dikwels in die naam van die evangelie 'gediagnoseer' word met die gevolglik vernietigende uitwerking. Die klem in preke val dikwels op die sonde en die lidmate word as sondaars gebrandmerk, terwyl die kommunikasie eerder op die verhaal van oorwinning moet konsentreer. **Kommunikasie moet eerder vanuit die hoek van bemagtiging plaasvind.** Hierdie bemagtiging vind sy oorsprong in die 'in Christus wees' en word prakties uitgewerk deur die Heilige Gees en die nuwe mens. **Wanneer op die Godsverhaal gekonsentreer word en die evangelie (God wat wil heelmaak) in die teks ontdek word, kry die persoon bemagtiging vanuit die persoon van God.** Die imperatief sonder die indikatief van God in die teks, versterk 'n negatiewe dominerende verhaal. Die imperatief toegevoeg in die Godsverhaal (indikatief) plaas klem op 'n positiewe dominerende verhaal wat lei tot geestelike groei. Die mens moet homself vind in die Bybelverhale en die handelende God in die Bybelverhale ook in sy eie verhaal ontdek (Gerkin 1986:30).

Verder moet daar in die soeke na transformasie deeglik rekening gehou word met die groter verhale byvoorbeeld die verhaal van die ‘gees van die tyd’ en die aktuele sake wat in die wêreld aan die orde is. In Suid Afrika kan geen mens sy lewensverhaal losmaak van die verhaal van apartheid en die huidige situasie in die land nie (Müller 2000:33-34). Individue se lewensverhale word ook gevorm en speel af binne die konteks van lewensverhale wat oorvleuel. In die vorming van ’n nuwe lewensverhaal kan dit baie waardevol wees om ook na die ander se sienings te luister en ag te slaan op hulle lewensverhale wat hulle onder sorgelyke omstandighede gekonstrueer het (Couleman, Friedlander & Heatherington 1998:17). Kommunikasie binne groepsverband oor die betekenis van die betrokke teksgedeelte vir die persoonlike lewe, kan baie waardevol wees. Die groep kan konsentreer op vrae wat fokus op God se rol in die Bybelgedeelte asook die mens se reaksie. Bespreking oor die moontlikhede wat die God van die verhaal vir die eie verhaal inhou, asook die mens se moontlike rol in die verhaal kan baie vrugbaar wees vir geestelike groei.

Die oplossing is ’n nuwe lewensverhaal. Parry stel dit so dat daar min verdere twyfel kan wees oor die waarde van dekonstruksie: “Beliefs are embedded in the story; change the story and old beliefs are shattered” (1991:42). **’n Verhaal wat genees moet mag kry oor ’n selfvernietigende lewensverhaal.** Die persoon moet sy huidige verhaal krities bekyk asook die ander groter verhale wat as waarheid deur die breër gemeenskap aanvaar word. ’n Kritiese afstand moet dus verkry word.

Die verhale van mense moet hervertel word. Ons kan nie nuwe verhale skep as ons nie die ou verhale hervertel en herinterpreteer nie. Die verlede mag nooit vergeet word nie, want dan het ons geen lens om op die toekoms te fokus nie. Indien die lens van die verlede nie ’n duidelike beeld op die toekoms gee nie, moet die verlede herinterpreteer en herstruktureer word, maar nie uitgewis word nie. In die hervertel van die verhale moet daar gepoog word om afstand te kry. Twee baie bruikbare tegnieke om afstand te kry, is die genogram en die lewenslyn (Müller 2000:79-85).

’n Genogram is ’n diagram van familie- of gesinstrukture wat gebruik word om patrone of temas binne families oor drie of vier geslagte te verhelder. Familiebande, ouderdom, geslag en

belangrike gebeure soos geboortes, sterftes, huwelike, egskeidings, asook patrone soos verhoudings en die aard van die verhoudings en afwykende gedrag soos alkoholisme of ander substansafhanklikheid kan aangetoon word. Soveel as moontlik inligting moet op die genogram ingevul word. **Die groot wins van die genogram, asook die lewenslyn is die afstand wat geskep word tussen die persoon of familie en die verhaal wat vertel word.** Hierdie afstand lei daartoe dat gebeure in 'n nuwe lig gesien word en dat 'n meer globale prentjie verkry word. Terwyl die patrone en kragte in die sisteem so ontdek word, kan daar differensiasie plaasvind en kan die positiewe kragte ontdek en ontgin word.

Die lewenslyn is 'n soortgelyke tegniek waar 'n persoon op 'n skoon stuk papier êrens op 'n lyn begin en sy lewe teken. Die positiewe en die negatiewe word aangedui deur die lyn op te trek of af te laat gaan (soos 'n lyngrafiek). Datums en insidente kan dan aan die verskillende 'oppe of affe' gekoppel word. Ook hierdie tegniek skep afstand en help met die herinterpretasie van die prominente verhale. Voorbeelde van die simbole wat algemeen gebruik word, asook 'n voorbeeld van 'n genogram en 'n lewenslyn is oorgeneem vanuit Müller (2000:81-85). Met betrekking tot die genogram kan McGoldrick & Gerson (1985) ook vergelyk word.

Die navorsing handel oor geestelike groei as kommunikasie tussen die lewensverhaal van die mens en God se verhaal met die mens. Navorsing vanuit die narratiewe benadering beklemtoon

dat transformasie of groei alleen kan plaasvind as die eenheid tussen die verlede, hede en toekoms erken word. In die hede moet die verlede herïnterpreteer word met die oog op die toekoms. Die verlede kan nie geïgnoreer word nie, maar moet oorvertel word en wel op so 'n wyse dat die verteller afstand kan kry tussen hom en sy verhaal. Müller (2000:72-103) beskryf hierdie proses in vyf fases of bewegings, naamlik die noodverhaal, die verledeverhaal, die verduisterende toekomsverhaal, die hervertelde verledeverhaal, en die verbeelde toekomsverhaal.

Die navorser vind dit nodig om in kort aandag te gee aan elkeen van hierdie bewegings, aangesien die mikpunt transformasie of 'n nuwe lewensverhaal is. In die eerste plek verwys die term noodverhaal na die geskiedenis rondom die persoon se onmiddellike krisis. Wat het aanleiding gegee tot die onmiddellike krisis? Müller skryf vanuit die hoek van die terapie en vandaar die aanname van nood en die verhaal van die nood by die mens. Die navorser plaas eerder klem op algemene geestelike groei en aanvaar nie noodwendig dat elke mens met 'n dreigende krisis leef nie. Die belangrike is egter dat in die vertel van enige verhaal daar 'n stuk herïnterpretasie gebeur. Voordat daar by die nuwe verhaal uitgekóm word (storymaking), moet daar eers vertel word (storytelling). Daar moet doelbewustelik wegbeweeg word van enige diagnose of vinnige interpretasie. **Deur te interpreteer word die proses van vertel stopgesit en stop die moontlikheid tot groei. Kommunikasie bring groei.**

Die tweede beweging het egter betrekking op alle mense, aangesien elke mens 'n lewensverhaal het wat bepaalde invloede op die persoon en sy sisteem uitoefen. Die belangrike is om te ontdek dat die verlede 'n groot invloed op die toekoms het. Met die oog op die toekoms en groei of transformasie, is aandag aan die verledeverhaal noodsaaklik. In die narratiewe benadering gaan dit nie oor 'n terugroep van presies wat gebeur het nie, maar eerder oor 'n herbelewenis van die gebeure. Vanuit die herbelewenis van die verlede moet daar 'n blik gegee word op die toekoms. Wat voorspel die verledeverhaal vir die toekoms? Hierdie blik op die toekoms vanuit die verlede is die derde stap.

Die vierde beweging is die hervertelde verledeverhaal. In die hervertel van die verledeverhaal is die invloede en magte ontdek. Müller (2000:93) gebruik die beeld van iemand wat agtervolg is, maar as gevolg van nuwe insig skielik agter die agtervolger opduik en hom nou agtervolg. Die

persoon word dus nie meer beheer nie, maar neem beheer oor. Eksternalisering met betrekking tot die lewensverhaal moet plaasvind. Onder die afdeling oor dekonstruksie sal aan hierdie begrip aandag gegee word.

Die laaste beweging oppad na 'n nuwe lewensverhaal en 'n nuwe lewe is die verbeelde toekomsverhaal. Uit wat die betrokke persoon vanuit die verlede ervaar het en vanuit die suksesverhaaltjies wat ontdek is (unique outcomes) konstrueer die persoon nou 'n nuwe toekomsverhaal. In hierdie konstruksie moet die Godsverhaal ook 'n belangrike gespreksgenoot wees. Müller (2000:102) beklemtoon dat die verbeelding van 'n ander en beter toekoms ten diepste 'n geloofsaak is. Waar daar 'n dinamiese beweging en gesprek is en waar daar gedroom word oor die toekoms vanuit die verlede in die hede, vind daar transformasie plaas.

Daar is reeds aangewys dat daar afstand gekry moet word tussen die persoon en sy lewensverhaal en dat die persoon sy lewensverhaal moet bevra vanuit die Godsverhaal met die oog op 'n nuwe toekomsverhaal. 'n Tegniek wat veral op kampe baie effektief gebruik kan word, is om persone opdrag te gee om hulself deur die oë van die persoon wat hul die beste ken te beskryf (Androutsopoulou 2001:80). 'n Kort skets van hoe sien jy vir 'Piet Jansen' skep objektiwiteit. Hoewel die persoon self skryf, kyk hy deur objektiewe oë. Die volgende opdrag kan dan wees om te gaan beskryf wat sal verander as 'Piet Jansen' God se verhaal in sy lewe intrek en wat verhinder hom om dit nou te kan doen. Wat is die belangrikste faktor in God se verhaal wat nou betekenis kan hê vir 'Piet Jansen'? Wat staan in sy pad om hierdie stap te neem? Wat kan hy doen om God se verhaal oor sy verhaal te laat skuif?

Om effektief te kan droom en te kan skep aan die toekoms, moet daar 'n nuwe lewensverhaal gekonstrueer word. Hierdie proses waar 'n nuwe verhaal gekonstrueer word, sal deur middel van twee terme of beginsels beskryf word, naamlik self-differensiasie en dekonstruksie.

As opsomming van die fokus op die narratief as betekenisdraer kan die volgende genoem word:

- Mense gee betekenis aan gebeure en hul eie lewens deur dit te storie.

- Die self-narratief is die bril waardeur mense na die lewe en gebeure kyk.
- Die lewensverhaal is 'n produk van geslagte.
- Die lewensverhaal word gekonstrueer binne die sisteem en sal nooit die sisteem omvergooi nie.
- Die mens se eie verhaal word bepaal deur 'n dominerende verhaal.
- Probleme ontstaan indien die dominerende verhaal 'n negatiewe en afbrekende verhaal is.
- Die ideaal is dat die dominerende verhaal 'n positiewe opbouende verhaal moet wees.
- Die navorser beskou die Godsverhaal as die ideale 'dominerende' verhaal. Kommunikasie met die Godsverhaal lei tot geestelike groei.
- Verhale mag nooit begrawe word nie, maar hervertel word terwyl die lig van God se verhaal op die verlede skyn.
- Vanuit God se verhaal kan 'n toekomsverhaal van hoop geskep word.

3.2.5 Self-differensiasie as proses van beheeroorname

Die navorser het reeds beklemtoon dat God se liefde teenoor die mens hom beweeg om te kies vir 'n spiritualiteit van dankbaarheid. In die verband skryf Postema (1997:43): "God's gift of belonging has implications towards yourself, towards others, towards society. The kingdom of God has, all of a sudden, social implications". Die mens leef sy verhouding met God uit tussen mense en in die gemeenskap. Postema onderstreep hierdie stelling soos volg: "In fact, the Old and New Testament indicate that you can tell a person's relationship with God by looking at his or her relationship with other people" (1997:156). Merton beklemtoon die feit dat 'n goeie

verhouding met God en met ander mense alleen moontlik is wanneer die persoon homself aanvaar. “I cannot discover God in myself and myself in Him unless I have the courage to face myself exactly as I am, with all my limitations, and to accept others as they are, with all their limitations” (Merton 1955:xv). **Self-differensiasie het te doen met die mag wat mense se optrede teenoor ander mense bepaal.** Differensiasie gaan oor grense. Slegs die persoon wat homself ken, kan homself aan ander bind. ’n Mens kan homself slegs ken deur homself te differensieer (afstand te kry) van sy sisteem, deur invloede binne die sisteem op te merk en dan weer met daardie nuwe kennis terug te klim in die sisteem. Naasteliefde is in werklikheid onmoontlik sonder ’n hoë vlak van differensiasie.

Self-differensiasie beskryf die proses waar die persoon binne die sisteem en binne die verskillende verhale waarvan sy verhaal deel is en ook binne die groot verhaal van die tyd en samelewing, sy eie verhaal konstrueer. Die persoon vind homself in so ’n mate dat hy nie meer beheer word nie, maar beheer oorneem. Hy is nie meer reaktief nie, maar tree vanuit selfgeneemde besluite op. Hierdie gedagte van self-differensiasie is baie belangrik vir geestelike groei aangesien die mens in reaksie op God se verhaal moet leef en nie in reaksie op ander se verhale of druk binne die sisteem nie. In kort beteken self-differensiasie om nie meer beheer te word nie, maar in beheer te kom. Anders gestel, ’n gedifferensieerde persoon kan homself onder God se gesag plaas, al word hierdie besluit deur baie kragte teëgewerk. ’n Gedifferensieerde persoon kan verantwoordelikheid aanvaar. Hudson (1995:84) skryf: “Rather, to be holy in a Christlike way, is in fact to become more truly ourselves. Holiness has little in common with pharasaic rule-keeping, stuffy churchiness or sterile ritual. But it has everything to do, if we take the example of Jesus seriously, with the glorious freedom of growing into our true selves and becoming the people that God wants us to be”. Volgens Hudson beteken heiligheid verder dat die mens eg en eerlik is. Hy doen hom nie anders voor nie. Die mens tree vanuit sy binneste op en probeer nie ander beïndruk nie. Volgens die navorser is daar baie in gemeen tussen die term self-differensiasie en heiligheid soos wat Hudson dit beskryf. God wil hê dat elke mens uniek eg en eerlik homself sal wees en God so tussen ander sal dien. Iemand wat swak gedifferensieerd is, kan nie opreg wees nie, aangesien ander se optrede sy optrede bepaal.

’n Goed gedifferensieerde persoon dra nie maskers nie. Hudson (1995:86) beklemtoon egter ’n

hoek wat vreemd is aan die sosiale konstruksionisme, naamlik dat die mens alleen heilig kan wees indien hy 'n verhouding met God het. **Alleen in 'n geloofsverhouding wat gekenmerk word deur kommunikasie kan die mens werklik heilig (homself) wees.** Dit bevestig weereens die hipotese dat geestelike groei plaasvind wanneer die mens se lewensverhaal met God se verhaal in gesprek tree.

Self-differensiasie beskryf twee verskillende, maar ineengeweepte prosesse. Differensiasie verwys na 'n persoon se vermoë om te kan onderskei of sy optrede deur sy intellek of sy emosies bepaal word en verder die vermoë om te kan besluit deur wat hy sy optrede wil laat bepaal (Kerr 1984:8; Waanders 1987:102). **In kort beteken dit dus om beheer uit te oefen deur besluite te neem in plaas van om beheer te word.** Die chroniese angstigheid van die emosionele proses het nie meer 'n invloed op 'n gedifferensieerde persoon nie.

Differensiasie veronderstel ook die vermoë om kalm te bly in situasies waar baie spanning of angstigheid beleef word en dus maksimaal verantwoordelikheid te aanvaar vir 'n mens se optrede en emosionele toestand. Self-differensiasie beteken dat jy uit die sisteem sal tree, so objektief as moontlik na die sisteem en die magte binne die sisteem sal kyk en dan weer in die sisteem inklim. Teoreties is dit onmoontlik om uit die sisteem uit te klim en objektief te wees (Real 1990:258). Om uit die sisteem uit te klim beteken vir die navorser om die sisteem te bevra en te soek na patrone wat die sisteem beheer. Om effektief te bind met ander, moet daar eers 'n gees van 'bevra' en selfkennis kom. Geen mens kan homself aan ander bind ('n naaste wees) as hy homself nie eers ontdek het nie.

Differensiasie beskryf verder die wyse waarop individue funksioneer in verhoudings. Besluit hulle self oor hul optrede of word hulle beheer. Differensiasie verwys na die individu se emosionele afhanklikheid of onafhanklikheid. Kerr verduidelik dat dit ten diepste gaan oor die vermoë om ongedwonge besluite te kan neem. Hy stel dit so: "The higher the level of emotional autonomy or differentiation of self, the greater the capacity to be in close contact with emotionally others without having one's thinking, emotions, and behaviour governed by those relationships. Again, it is not a matter of whether one's behaviour should or should not be regulated by the emotional environment, but it is a matter of retaining the capacity to have a choice about it" (1985:9). **Die kritiese saak in 'n verhouding is die vraag in hoe 'n mate 'n**

persoon se denke, gevoel en optrede bepaal word deur die emosionele kragte in 'n verhouding of 'n sisteem. Weereens, word die persoon beheer of het die persoon beheer? Word daar vir die persoon besluit of is hy vry genoeg om self te kan besluit? 'n Persoon kan alleen besluit as daar 'n mate van afstand gekry is op die sisteem.

Self-differensiasie beskryf dus 'n losmaak van die sisteem asook 'n deel wees van die sisteem. 'n Persoon kan eers werklik bind met ander persone as hy afstand gekry het en homself gevind het (Waanders 1987:100). **'n Mens moet homself eers vind voordat hy homself vir ander kan gee, sonder om homself in die proses te verloor.** Ryder & Bartle (1991:393) beklemtoon dieselfde gedagte as hulle skryf oor grense: "The hypothetical absence of boundaries either defines extreme intimacy or a transcendental state in which the concept of intimacy no longer applies." Liefde is alleen moontlik nadat 'n duidelike onderskeid gemaak is tussen die self en ander. Dit is dus baie duidelik dat self-differensiasie, naamlik om die self te onderskei van die ander, juis 'n stabiele en volwasse verhouding met ander moontlik maak. Die eerste stap in geestelike groei is die herstel van die verhouding met God deur wedergeboorte en bekering, maar die volgende belangrike stap met die oog op heel verhoudinge, is die herstel van die verhouding met die self (Schaeffer 1972:128). **Duidelike grense met betrekking tot die self beteken ook duidelike grense met betrekking tot ander. Hierdie grense lei tot wedersydse respek en hegte bande.**

Differensiasie binne die sisteem beteken dat die persoon so objektief moontlik uit die sisteem uitklim en die sisteem ontleed. Invloede en patrone moet ontdek word. Nadat die persoon dus die dinamika binne die sisteem ontdek het, klim hy weer terug in die sisteem, maar dan word hy nie meer beheer nie. Omdat hy bewus is van die dinamika neem hy nou beheer oor. Differensiasie bevry die mens dus om verantwoordelikheid te aanvaar.

Onttrekking sonder 'n hertoetrede, is nie differensiasie nie, maar 'n emosionele onttrekking. Differensiasie is alleen moontlik in kontak met ander. Waanders stel dit goed: "We never get to the bottom of ourselves on our own. We discover who we are face-to-face and side by side with others in work, love and learning (1987:107). Wanneer iemand hom of haar onttrek uit 'n sisteem is dit 'n bewys van die druk binne die sisteem. 'n Onttrekking vanuit die sisteem is nie 'n

oplossing nie, maar 'n ontvlugting. Die persoon wat onttrek belê net weer in 'n volgende sisteem, terwyl die patrone wat druk veroorsaak het, saamgeneem word. So kring die gebrek aan differensiasie net wyer en word chroniese angsts voortgeplant. Wanneer die persoon binne die sisteem differensieer, kan hy so die hele sisteem tot groter volwassenheid lei. Differensiasie vind alleen plaas wanneer iemand die patrone in 'n sisteem ontdek het en besluite daarvoor geneem het. Hierdie patrone vloei dikwels deur die geslagte heen. Indien iemand dus die moed kan hê om te differensieer, beïnvloed dit die hele sisteem en word patrone wat oor geslagte heen die sisteem negatief beïnvloed het, hokgeslaan. Differensiasie is alleen moontlik as die persoon nog deel is van die sisteem, maar wel op so 'n wyse dat hy kan besluit sonder om toe te gee aan die druk binne die sisteem. Hy word nie meer beheer nie, maar het beheer oorgeneem.

Daar is reeds uitgewys dat mense se lewens gedomineer word deur hulle lewensverhale. Hulle lewensverhale word weer gevorm as gevolg van druk binne die sisteem en as gevolg van chroniese spanning wat deur die geslagte heen loop. Die gelowige se lewensverhaal kan ook beskryf word as 'n geloofsverhaal, aangesien die mens se hele lewe 'n antwoord op God se verhaal is. Indien die mens dus in sy lewensverhaal deur faktore beperk word tot groei en ontwikkeling as mens en gelowige is dit 'n saak wat op die terrein van geestelike groei lê. Die mens kan bevry word van hierdie magte deur homself in die verhaal te vind en besluite van beheer te neem. Hierdie besluite moet in gesprek met God se verhaal geneem word. Dit is dus nie self-differensiasie wat die mens verlos nie, maar steeds die Godsverhaal. Differensiasie beteken slegs dat die bindende patrone aan die kaak gestel word en dat die Godsverhaal die dominerende verhaal word. Dit geskied deur kommunikasie tussen die lewensverhaal van die mens en die Godsverhaal.

Self-differensiasie moet nie verwar word met selfgerigtheid of selfsug nie. Differensiasie beteken slegs om jou identiteit te behou en verantwoordelikheid te aanvaar terwyl daar in die sisteem diens gelewer word. Differensiasie beteken om respek te hê vir die unieke mens wat God geskep het. Die sisteem en ander verhale dwing die unieke Godgeskape mens tot 'n massamens en iemand wat deur ander en vreemde magte gedwing word tot 'n naperter van mense in plaas van 'n 'naperter' van God en sy verhaal.

Volgens Friedman (1985:27-28) word 'n persoon se differensiasie grootliks bepaal deur die vlak

van differensiasie wat sy ouers gehad het. Die beste terrein om te groei in differensiasie is dan ook binne die gesin van oorsprong. Hoewel persone of sisteme met verskillende vlakke van differensiasie nie op die oog af baie verskillend sal optree nie, is die persoon of sisteem met die hoër vlak van differensiasie meer toegerus om stabiel te bly in situasies waar baie spanning of angstigheid voorkom. Mense met 'n hoër vlak van differensiasie sal krisisse beter hanteer. Efes 4:13-15a laat die navorser dink aan die betekenis van differensiasie: “So sal ons uiteindelik almal kom tot die werklike eenheid in ons geloof en in ons kennis van die Seun van God. Dan sal ons, sy kerk, soos 'n volgroeide mens wees, so volmaak en volwasse soos Christus. Dan sal ons nie meer kinders wees nie; ons sal nie meer soos golwe op en af en heen en weer geslinger word deur elke wind van dwaalleer as vals leraars ons met hulle slinksheid en listigheid op dwaalweë wil wegvoer nie. Nee, ons sal in liefde by die waarheid bly en so in alle opsigte groei na Christus toe”. Rom 12:1-2 wys ook op die mens se lewe wat 'n reaksie op die Godsverhaal in Jesus moet wees. Wanneer die mens met sy hele lewe reageer op Jesus se kruisdood, dit wil sê 'n spiritualiteit van dankbaarheid, sal die mens kan onderskei tussen reg en verkeerd. Dan sal godsdiens nie ingewikkeld wees nie en sal die mens nie rondgeslinger word nie.

Hoewel die navorser nie deur die aanhaal van die tekste te kenne wil gee dat Paulus skryf oor differensiasie nie, wil die teks die vastigheid beklemtoon. **Gedifferensieerde mense sal ook nie heen en weer geslinger word deur drukgroepe en magte binne die sisteem nie.** Die navorser is van mening dat differensiasie en volwassenheid as wissel terme gebruik kan word. Geestelike volwassenheid sal dan net verder beteken dat die persoon homself gevind het binne God se verhaal en sy lewensverhaal in verantwoordelike kommunikasie met God se verhaal leef. Dit sou selfs beteken dat 'n gedifferensieerde persoon wat homself in die Godsverhaal gevind het (deur die hulp van die Heilige Gees), nie meer deur die buse heen en weer gejaag sal word nie. Die posisie in Christus sal die persoon bemagtig tot 'n lewe van oorwinning. 'n Gedifferensieerde mens weet wie hy is. Hy weet ook wie hy in God is. Hy ken sy “Goddelike” potensiaal.

Krisisse kan vanuit die benadering positief gesien word. Deur die wyse hoe krisisse in die sisteem hanteer word, kan daar baie oor differensiasie in die sisteem geleer word. Krisisse kan ook as oefenveld gebruik word tot 'n hoër vlak van differensiasie. Met krisisse word die verdedigingsmeganismes effens afgebreek en kan verandering makliker plaasvind. Pittmann

(1987: 7) is van mening dat daar minstens vier tipes krisisse is, naamlik traumatiese gebeure (“bolts from the blue”), ontwikkelingskrisisse, strukturele krisisse en “caretaker” krisisse. Volgens Pittmann is die grootste gevaar by traumatiese gebeure om skuldiges te probeer vind. Die geleentheid om na mekaar te groei word dan verruil vir ’n aanval op iets of iemand. By die bespreking oor die sisteem is daar reeds uitgewys dat die aanwys van skuldiges eintlik ’n skulderkenning is. Traumatiese gebeure laat gewone strukturele probleme en ongedifferensieerdheid na die oppervlakte kom en gee geleentheid vir hantering en groei.

Ontwikkelingskrisisse sluit dinge in soos huwelike, geboortes, kinders wat skool toe gaan of uit die huis uit gaan, kinders wat deur puberteit gaan, ouers wat ouer word, siek word en sterf. In elkeen van hierdie ontwikkelingsfases is ’n krisis van een of ander aard onvermydelik. Gedurende hierdie krisisse moet sorg gedra word dat daar afstand gekry word van die krisis en dat daar midde in en ten spyte van die krisis verantwoordelike besluite geneem word. Die besluitnemer moet seker maak dat hy nie beheer word nie, maar in beheer is. **’n Geestelik volwasse persoon word beheer deur God en behoort dus nie reaksionêr op te tree nie.**

Die moeilikste krisis om te hanteer en om vanuit te groei tot self-differensiasie is strukturele krisisse. By nadere ondersoek sal daar gevind word dat daar nie eintlik iets konkreets is wat die krisis veroorsaak nie. Daar is dus kovert (onsigbare) magte wat verandering teëwerk en overte krisisse veroorsaak. Hierdie krisisse is nie gemik op verandering nie, maar juis op die verhinderende van verandering. Iets bedreig dus die homeostase. As dit wat ten alle koste beskerm word nie aan die kaak gestel word nie, sal die krisisse elke nou en dan na die oppervlakte kom.

Laastens noem Pittmann die sogenaamde “caretaker crisis”. Hierdie krisisse vind plaas waar individue juis nie gedifferensieer is nie en nie weet wie hulle is nie. Óf hulle neem geen verantwoordelikheid nie óf hulle neem alle verantwoordelikheid. Die ideaal is om so gedifferensieerd te wees dat verantwoordelikheid geneem word sonder om ander se verantwoordelikheid oor te neem. In die bespreking oor 1 Kor 12 is daar uitgewys dat volwassenheid binne die liggaam van Christus juis beteken om jouself te aanvaar en jou verantwoordelikheid na te kom, terwyl ander ook aanvaar word terwyl hulle verantwoordelikheid nie oorgeneem word nie. ’n Belangrike vraag met betrekking tot

differensiasie is waarom hierdie situasie vir die bepaalde sisteem 'n krisis is. Om 'n krisis te produseer is daar twee elemente nodig, naamlik 'n krag wat verandering eis en 'n krag wat verandering teëstaan. Die ontleding van hierdie dinamika kan baie wêreldes vir differensiasie.

Pittman (1987:22-26) wys ook uit hoedat sekere gekonstrueerde waarhede met betrekking tot kommunikasie, intimiteit, rolle, reëls, familie-geskiedenis, doelwitte en waarde-sisteme die persoon kan beheer en differensiasie kan teëwerk. Binne enige sisteem bestaan daar sekere gekonstrueerde waarhede wat ten alle koste beskerm moet word. 'n Goeie vraag om te vra, is wat dit is wat die familie of individu ten alle koste onveranderd wil laat. Indien hierdie vraag eerlik beantwoord word, kan daar groot stappe gegee word in die rigting van differensiasie. So is daar byvoorbeeld gekonstrueerde waarhede oor kommunikasie. Sommige families glo onverbiddelik dat dit dislojaal is om oor familie-krisisse te praat. In die proses word alles net beskerm en kan daar nooit differensiasie plaasvind nie. Verder word probleme dikwels binne die familie op sekere lede oorgeplaas. Hierdie lede beleef dan ernstige spanning. Self-differensiasie sal beteken dat hierdie individu nie meer die verantwoordelikheid van weerligafleier sal neem nie en dit met die lede van die familie sal kommunikeer. Verder word daar in sekere families sekere rolle aan sekere persone toegeken. Rolle om selfs die simptoombraer te wees, is bekend en redelike algemene praktyk (Friedman 1985:19). Self-differensiasie sou beteken dat die persoon uit die rol uittree en sekere besluite neem oor die rol. Die persoon tree dan terug in die sisteem, maar besluit self oor die rol en inhoud van die rol. Al hierdie verskynsels met betrekking tot self-differensiasie het beslis ook met geestelike groei te doen, aangesien die algemene funksionering van die gelowige 'n lewe in die teenwoordigheid van God behoort te wees.

Familieëls is ook gekonstrueer. Wanneer familieëls sosialisering en ontwikkeling teëwerk, moet dit verander word. Gesprek oor die oorsprong en sin van reëls kan lei tot differensiasie. Vanuit die sisteem of oor geslagte heen kan daar sekere rolverwagtinge aan sekere lede van die sisteem gekoppel word. Weereens sal differensiasie beteken dat die persoon of selfs die ouers van die persoon uit die sisteem tree en die verwagtinge objektief evalueer. Ook met betrekking tot sekere waardes en tradisies moet die vraag na die oorsprong en die sin gevra word. Differensiasie beteken om objektiwiteit te probeer verkry. Objektiwiteit word verkry deur kritiese vrae te vra. Die persoon moet ook vra watter invloed hierdie reëls op sy verhouding met God en

sy verteenwoordiging van God in die wêreld het. God se verhaal het beslis iets te sê oor **ongesonde** en bindende gesins- en sisteemstrukture. Diens aan God het nie net te doen met Bybellees en bid nie, maar met die lewe van die mens op alle terreine.

Hoe lyk iemand wat gedifferensieerd is? Friedman (1985:28) noem dat so 'n persoon verantwoordelikheid neem en nie ander beskuldig nie. Waar geen differensiasie is nie, is mense of totaal van mekaar afgesny of ongesond in mekaar verweef. Differensiasie lei tot gesonde menseverhoudings. Hoewel Sölle (1979:4) nie oor self-differensiasie skryf nie, maak sy volgens die navorser 'n betekenisvolle opmerking: "Death is what takes place within us when we look upon others not as gifts, blessings, or stimulus but as threat, danger, competition". Iemand wat nie gedifferensieerd is nie, beleef ander mense nie positief nie, maar voel bedreig. Ongedifferensieerdheid vervreem die mens van sy naaste. Wanneer iemand in die ongedifferensieerde sisteem 'n krisis beleef, beleef almal saam die krisis. Verder is daar ook 'n hoë mate van reaktiwiteit in 'n ongedifferensieerde sisteem (Covey 1992:71-72). Reaktiwiteit beteken dat 'n persoon se optrede in reaksie op iemand anders se optrede is. Die persoon besluit dus nie self oor sy optrede nie, maar sy optrede word deur ander bepaal. Ongedifferensieerde persone is onseker oor wie hulle is en vergelyk hulle dus met ander. Ander se optrede word die maatstaf waaraan hulle hulself meet. Hulle is daarom liggeraak en baie krities. Hulle glo óf glad nie in hulself nie óf glo oordrewe in hulself. Gedifferensieerde persone weet wie hul is en lewer 'n unieke bydra. Hul aanvaar verantwoordelikheid vir hul optrede en werk goed in 'n span, aangesien hulle ook aan ander ruimte kan gee sonder om bedreig te voel. Die aanhaling uit Kerr (1985:16) beskryf die gevolge van ongedifferensieerdheid goed: "When someone is caught in an emotional system, there is really no solution to the overall problem as long as the person remains in an emotionally reactive position. An emotionally reactive stance is characterized by such things as making compromises to get a little peace, doing things that shift the system's focus off oneself and onto someone else, or simply withdrawing and trying to avoid the problems. These actions and inactions often provide short-term relief for people, but the overall system problem remains unchanged." Die aanhaling uit Waanders (1987:100) stel die ander kant: "In Bowen's terms persons who are clearly differentiated selves are freer to relate to one another in mature patterns and are not bound by dependency needs and insecurities which both limit relationships and the persons within those relationships." Die antwoord lê in 'n skuif na meer objektiviteit.

Daar moet van die sisteem gedifferensieer word, sodat daar op 'n nuwe wyse gebind kan word sonder om reaktief te wees en beheer te word. Mense wat self gedifferensieer is, is stabiel en leef 'n egalige lewe. Kerr (1988:221) stel dit so: "They are fairly long-lived people who take full advantage of available educational and occupational opportunities; their lives are largely unencumbered by serious physical, emotional, or social disfunction; their marriages are intact; their spouses and children function at levels not markedly different from their own; and their moves from place to place are motivated by going toward a goal rather than by running away from a problem." Koppel hierdie eienskappe met geloof in God en 'n lewe in die teenwoordigheid van God en jy het, volgens die navorser, die mens wat God in die oog gehad het. Gedifferensieerde persone aanvaar verantwoordelikheid vir hulle optrede en beskuldig nie ander nie. Hulle voel nie bedreig in verhoudinge nie en is dus nie liggeraak, jaloers of bitsig nie. Hulle gun ander geluk en aanvaar hulself. Hulle optrede word bepaal deur hulle liefde vir God en nie deur ander ongedifferensieerde persone se optrede nie. Hulle is nie reaktief nie. Hulle is dus egalig en gebalanseerd. Volgens die navorser is die persoon wat hier beskryf word 'n geestelik volwasse persoon.

Waanders (1987:102) wys daarop dat swak gedifferensieerde persone se lewensenergie gerig word op liefde, geluk en gemak. Hulle doen baie moeite om hierdie dinge rondom hulself te verwesenlik. Daar gaan egter soveel energie op in die verwesenliking van 'n eie gemaklike omgewing dat daar nie energie oor is om in die wêreld buite die sisteem in te steek of krisis te hanteer indien daar 'n krisis binne die eie gemaklike wêreld ontstaan nie. Verder word daar baie druk geplaas op ander lede wat nie hierdie doel najaag nie en dus nie die wêreld gemaklik maak nie. Verwyte is dus deel van 'n ongedifferensieerde sisteem. Waanders (1987:102) wys verder uit dat daar in die gedifferensieerde sisteem minder energie nodig is om die sisteem gelukkig te hou en dus meer energie oor om in die wêreld buite die sisteem te belê. 'n Gedifferensieerde sisteem het baie minder spanning en konflik, baie meer geluk, aangesien elkeen sorg vir sy eie geluk en is baie meer verd vir die ontwikkeling van die wêreld buite die sisteem. Self-differensiasie is dus juis die teenoorgestelde van 'n self-gesentreerde en selfsugtige lewe. Iemand wat self-gedifferensieer is, is vry om te kan dien sonder om bedreig te voel. Om 'n verskil in die wêreld te kan maak, moet die individu weet wie hy is, hy moet die magte wat op hom inwerk ken en instaat wees om besluite te kan neem los van invloede. Iemand wat gedifferensieer is kan dus

op die Godsverhaal in Jesus reageer sonder onsigbare magte wat hom dwing om nie in lyn met God se verhaal op te tree nie. Iemand wat geestelik volwasse is, kan dus op die Godsverhaal reageer sonder magte wat hom dwing om reaktief te wees. Iemand wat geestelik volwasse is, is vry om God in beheer van sy lewe te plaas.

Die navorser is ook van mening dat self-differensiasie verder baie praktiese gevolge kan hê met betrekking tot die lewensstandaard van mense. Mense leef bo hul bekostigbare lewensstandaard omdat hulle onseker is in hulself en goedkeuring soek deur middel van hulle lewensstandaard. In die verband skryf Foster (1989:100): “ We are trapped in a maze of competing attachments. One moment we make decisions on the basis of sound reason and the next moment out of fear of what others will think of us”. **Iemand wat gedifferensieerd is, leef nie in reaksie op ander se sienings nie, maar neem weldeurdagte besluite in ooreenstemming met persoonlike omstandighede.** ’n Goed gedifferensieerde persoon val nie in by die siek materialistiese gemeenskap nie. Status is die taal van ’n ongedifferensieerde persoon. **’n Goed gedifferensieerde persoon se geluk word nie deur ander mense geproduseer nie, maar kom van binne.** Die probleem met materialisme kan dus ook iets anders wees as ’n sieklike sug na rykdom. Indien die probleem van gebrek aan eie identiteit nie aangespreek word nie, sal die probleem nooit regtig opgelos word nie, omdat die simptoom in plaas van die oorsaak aangespreek word. Indien die persoon gelei word om die verhaal van die sonde (simptoom) te vertel sal die oorsaak ontdek word en kan die probleem effektief aangespreek word binne die konteks van die verhaal van God met die mens. Op dieselfde vlak van selfaanvaarding, maar met die simptoom in die teenoorgestelde rigting, kan die probleem van gedwonge armoede (poverty) lê. Iemand wat nie kan aanvaar dat God hom liefhet soos wat hy is nie, kan byvoorbeeld God se guns probeer koop deur in armoede te leef. Hierdie probleem kan alleen aangespreek word indien die persoon se lewensverhaal deur die Godsverhaal verander word. Differensiasie binne die konteks van die navorsing, vra dat die mens ‘uit sy verhaal sal uitklim’, en sy verhaal sal bevra in die lig van die Godsverhaal. God se verhaal trek ’n streep deur verdienste of die aanvaarbaar-maak van eie identiteit, en beklemtoon genade en die feit dat God mense uniek en goed gemaak het. Die mens moet homself dus aanvaar en nie iemand anders probeer word of God probeer beïndruk nie. God is reeds beïndruk met sy handewerk.

Nog 'n uitvloeisel van self-differensiasie is die gebruik van eerlike taal. Iemand wat goed gedifferensieerd is kan eerlik wees omdat hy vrede het met wie hy is. Foster (1989:116) beklemtoon hierdie stelling wanneer hy die volgende sê: “Where simplicity abounds words can be taken at face value: there is no hidden agenda”. Die navorser het reeds daarop gewys dat 'n lewe van eenvoud slegs moontlik is by goed gedifferensieerde mense. Gedifferensieerde persone hoef nie 'n beeld voor te hou nie, hulle is tevrede om net hulself te wees. Hulle kan geglo word in dit wat hulle van hulself gee. **Slegs die wat gedifferensieerd is binne die verhaal van God, is vry.**

Volgens Waanders (1987:105) wys Brueggemann daarop dat die verhouding van man en vrou binne die huwelik wat met die term “een vlees” beskryf word, dui op die aanvaarding van 'n maat binne die verbondsgedagte. Om so een te kan wees moet die ouershuis verlaat word met die oog op die vorming van 'n nuwe familie. Brueggeman beskryf hierdie verbondsverhouding ook tussen man en vrou met woorde soos geregtigheid, lojaliteit, genade, getrouheid en kennis. Hierdie verhouding het ons gesien is slegs moontlik wanneer 'n persoon gedifferensieerd is. Dit is egter ook die woorde wat die verhouding tussen God en mens beskryf. **Om 'n goeie verhouding met God te kan hê, moet 'n mens dus ook gedifferensieerd wees.** Om gedifferensieerd te kan wees moet jy jou ‘ouerhuis verlaat’. Jy moet dus loskom van magte wat jou beheer en vry word om jouself te kan gee aan God en medemens. Die beste terrein om self-differensiasie in te oefen is om krities na jou ouers te kyk. Met krities word die woord objektief bedoel. Hulle swak punte en sterk punte moet ontdek word. Die ideale beeld moet afgebreek word en hulle moet waardeer word met hulle tekortkominge. Wanneer hierdie stap geneem word, kry die persoon ook begrip vir sy eie swak punte en dié van ander. Die persoon ontwikkel dus iets van God se gesindheid teenoor swakke mense.

Die beste terrein om aan self-differensiasie te werk, is in die gesin van oorsprong. Indien daar objektiwiteit verkry kan word, sal dit deursyfer na die persoon se hele lewe (Kerr 1985:20; Waanders 1987:102). Selfs net die besef dat 'n mens 'n produk is van geslagte, bring 'n sagtheid in houding teenoor die self en ander. Wanneer 'n persoon homself in sy familie van oorsprong differensieer, het dit groot invloed in al die ander verhoudinge wat nie met die oorspronklike gesin van oorsprong verbind is nie. Die fout word dikwels gemaak om op die simptome te konsentreer terwyl die oplossing in die gesin van oorsprong lê.

Self-differensiasie as proses van beheeroorname, kan soos volg opgesom word:

- Self-differensiasie wys op die proses waar die persoon die invloede en patrone binne 'n sisteem ontdek en besluite neem tot vryheid. Differensiasie beteken objektiwiteit binne die sisteem.
- 'n Gedifferensieerde persoon word nie meer beheer nie, maar het beheer oorgeneem.
- Om effektief te kan bind met ander, moet daar eers afstand verkry word.
- Die individu moet homself eers vind voordat hy homself kan gee.
- Differensiasie beskryf ook hoe individue funksioneer binne verhoudings. Word hulle beheer of is hulle in beheer?
- Duidelike grense met betrekking tot die self beteken ook duidelike grense met betrekking tot die ander. Gee aan ander ook bestaansreg.
- Self-differensiasie beteken dat God beheer oorgeneem het. Die dominerende verhaal is die Godsverhaal.
- Differensiasie wys op respek vir die unieke mens wat God geskep het.
- 'n Gedifferensieerde mens lyk soos die geestelike volwasse mens wat deur die Bybel beskryf word.

3.2.6 Dekonstruksie as die skep van 'n nuwe lewensverhaal

Daar is reeds aangetoon dat mense betekenis gee aan hulle lewens deur dit te storie. Verder is daar aangetoon dat die verhaal 'n eie ingeboude sensorskap besit wat alle inligting wat nie inpas

by die bestaande verhaal nie, óf ignoreer óf dit so interpreteer dat dit inpas by die verhaal. Maturana noem dit 'n "organizationally-closed self-determining entity or unit" (Efran & Lukens 1985:25). Teoreties gesproke is transformasie, groei of verandering onmoontlik. Met die oog op dekonstruksie is daar twee belangrike uitgangspunte wat in gedagte gehou moet word. Eerstens is dit belangrik om te beseef dat kennis wat mag gekry het, slegs 'n konstruksie is en dus gedekonstrueer kan word. Waarheid is dus slegs 'n keuse en ander of nuwe keuses kan gemaak word. Tweedens moet die persoon verantwoordelikheid aanvaar en beseef dat hy verantwoordelik is vir sy lewe en niemand kan verwyf vir sy lewenskwaliteit nie, behalwe hyself. 'n Nuwe lewe is moontlik, maar vra nuwe keuses en 'n nuwe lewensverhaal (Kleynhans en Kellerman 2000:77).

In die konstruering van die lewensverhaal word sekere gebeure gekies en betekenis aan hulle gegee om op die einde 'n lewensverhaal te skep. White & Epstone beklemtoon dit dat daar in die proses verskeie verhale uitgelaat word (1990:11). Bruner bevestig hierdie standpunt as hy sê: "Narrative structures organize and give meaning to experience, but there are always feelings and lived experience not fully encompassed by the dominant story" (1986:143). Hierdie "onvertelde" verhale moet aan die woord kom. 'n Meer volledige lewensverhaal kan gekonstrueer word indien so veel as moontlik verhale betrek word in die proses van die skep van 'n lewensverhaal (die proses van betekenis-gee). Die enigste wyse om te kom tot die konstruering van 'n nuwe lewensverhaal is deur meta-kommunikasie te laat plaasvind. **Met meta-kommunikasie word bedoel dat daar gesprek gevoer moet word oor die proses van betekenisgewing.** Die dominante storie of stories moet herevalueer word, want die storie is nie noodwendig negatief nie, maar die gesensorde stories moet ook in berekening gebring word (Joubert 2000:46).

Daar moet afstand tussen die persoon en die storie geskep word. Die persoon moet homself differensieer van sy storie en weer nuut bind. Wanneer die persoon slegs losmaak en nie weer bind nie, het die persoon nie vrede gemaak met sy storie nie. Afsnyding wys op onopgeloste situasies. Eksternalisering moet plaasvind. Wanneer eksternalisering plaasgevind het, kom die persoon in 'n posisie van objektiwiteit, vanwaar hy sy verhaal van buite kan sien, asook die invloede wat meegehelp het tot die skep van die verhaal. In enige mens se geskiedenis is daar geleenthede waar die persoon as heel mens opgetree het. Indien die persoon na daardie geleenthede sou kyk, sou sy self-narratief beslis 'n opbouende positiewe verhaal gewees het.

Hierdie insidente waar die persoon miskien anders as wat sy self-narratief sou wou erken opbouend opgetree het, word ‘unique outcomes’ genoem. White & Epston beklemtoon die noodsaak dat alle stories in ag geneem moet word in die konstruering van ’n lewensverhaal. “Those aspects of lived experience that fall outside of the dominant story provide a rich and fertile source for the generation, or re-generation, of alternative stories” (White & Epston 1990:15).

Aangesien die sisteem of lewensverhaal ’n geslote sisteem is en geen inligting ‘ongesensor’ deurlaat nie, is pogings om inligting van buite te stuur met die oog op dekonstruksie teoreties gesproke ’n mors van tyd. Die lewensverhaal besit ’n onvermoë om die “unique outcomes” raak te sien en nuwe betekenis daaruit te konstrueer. Die lewensverhaal maak die persoon as’t ware blind. **Inligting van buite word uitgesensor of so geïnterpreteer dat dit die lewensverhaal versterk.** Kennis is mag. ’n Bose kringloop speel hom dus af, waar elke ‘herïnterpretasie’ die gekonstrueerde waarheid of self-narratief net meer versterk. **Die enigste effektiewe wyse om dekonstruksie te bewerk, moet dus van binne die sisteem kom.**

Daar is ook reeds genoem dat die sisteem ’n linguïstiese sisteem is en dat enige verandering deur taal moet plaasvind. Aangesien die konstruering van betekenis deur taal gebeur het, is die enigste wyse hoe dekonstruksie kan plaasvind ook deur taal. **Die persoon moet dus deur middel van taal op ’n afstand van sy lewensverhaal geplaas word en wel op so ’n wyse dat meta-kommunikasie (’n her-vertaling of her-konstruering van die verhaal) plaasvind.** Die aanhaling van White plaas klem op hierdie proses as hy sê: “... through the objectification of a familiar world, we might become more aware of the extent to which certain ‘modes of life and thought’ shape our existence, and that we might then be in a position to choose to live by other ‘modes of life and thought’ ”(1991:6). Dit is belangrik dat dit wat as algemene waarheid aanvaar word, bevraagteken moet word. Daar moet gevra word na die oorsprong van die waarheid asook na die rolspelers in die vorming van die betrokke waarheid. Dit is belangrik dat dit persoonlike waarheid moet word in plaas van iets wat deur iemand geglo word en vir iemand anders sin maak. Die navorser is van mening dat dit ’n groot leemte by gelowiges geword het dat ander persone se waarheid aanvaar word sonder om ooit daarvoor te wonder. Die navorser wil nie daarmee sê dat die ‘ander waarheid’ afbrekend of ‘onwaarheid’ is nie, maar slegs dat in die

kommunikasie-proses waar die ‘ander se waarheid’ ‘my waarheid’ word, groei plaasvind. As hierdie gesprek van ‘jou waarheid’ na ‘my waarheid’ nie plaasvind nie, word groei ernstig ingekort. Kommunikasie bring groei en transformasie. White (1990:6) sê ons moet “critical constructivists” word. Hierdie gesprek moet nie net gevoer word oor geestelike lektuur en preke nie, maar ook oor die Bybel. Ons sien dat hierdie ‘worstelgesprek’ in verskeie Psalms uitgebeeld word en getuig van geestelike groei wat gespruit het uit die worsteling. Psalm 13 is ’n sprekende voorbeeld.

Kommunikasie moet egter eksternalisering teweegbring. White (1991:80) praat van “a counter-language”. Daarmee bedoel hy die kommunikasie moet dwing in ’n teenoorgestelde rigting of die kommunikasie moet juis die homeostase of krag binne die sisteem skud. Die kommunikasie moet die persoon losmaak van die verhaal en hom buite die verhaal plaas. Hierdie kommunikasie stel belang in die invloed van die verhaal op die persoon en die invloed op al die ander verhoudinge waarin die persoon betrokke is. In watter mate beïnvloed die persoon se lewensverhaal sy emosies, sy familie, sy verhoudings met ander, sy siening op die wêreld en sy onmiddellike omgewing en veral sy verhouding met God en as verteenwoordiger van God? In hoe ’n mate beïnvloed die persoon se lewensverhaal sy hantering van situasies? Hierdie kommunikasie stel belang in die wyse hoe hierdie lewensverhaal tot stand gekom het. In die proses kry die persoon afstand van sy lewensverhaal en dring die besef deur dat die persoon nie net slaaf hoeft te wees nie, maar in beheer kan wees (White 1991:8). Die besef van ’n alternatiewe verhaal word ’n moontlikheid.

Hierdie kommunikasie stel ook belang in gebeure of insidente waar die persoon nie opgetree het in lyn met die lewensverhaal nie. Insidente waar die reëls van die lewensverhaal verbreek is, is baie belangrik. Soos vroeër genoem word hierdie insidente ‘unique outcomes’ genoem en open die pad na alternatiewe optrede. Hierdie kommunikasie stel belang in die gebeure rondom die “unique outcome”. In die proses word die persoon bewus van sy eie vermoëns asook van nuwe maniere van doen. Die persoon moet self die ‘unique outcomes’ identifiseer en aandui waarom hierdie insident uitgesonder word. Die kommunikasie poog om meta-kommunikasie (dit wil sê kommunikasie oor kommunikasie) te laat plaasvind. Die vraag moet ook gevra word na die verband tussen die Godsverhaal en die ‘unique outcomes’. Getuig die ‘unique outcome’ meer van

die verhaal wat in lyn met God se wil is of nie? **Die nuwe verhaal moet nie net die persoon pas nie, maar moet ook inpas by God se wil vir die persoon.**

Dit is reeds verskeie kere genoem dat hierdie sisteem of lewensverhaal geslote is met betrekking tot inligting van buite en dat dekonstruksie of verandering alleen kan plaasvind as iets binne in die sisteem kan gebeur. 'n **Baie effektiewe wyse om die kommunikasie met die oog op die verkryging van afstand (objektiwiteit) aan die gang te sit binne in die sisteem, is deur vrae te vra, wat op verdere kommunikasie gerig is.** Die intensie van die vraagsteller is egter bepalend. Tomm (1988:1-15) noem dat daar vier tipes vrae is wat gevra kan word. Drie van die vier is gerig op inligting terwyl die vierde beskryf word as refleksiewe vrae wat gerig is op beïnvloeding. Met betrekking tot die refleksiewe vrae skryf Tomm (1988:12): "Family members experience themselves as being invited into entertaining new views instead of being pushed or pulled into them. The questions tend to open space for family members to entertain new directions, and new options." Aangesien die navorser die krag van kommunikasie met die oog op verandering beklemtoon, is hy van mening dat refleksiewe vrae baie belangrik is, aangesien dit verdere kommunikasie stimuleer. Vrae wat reeds die antwoord veronderstel, smoor kommunikasie. Tomm (1988:12) noem dat hierdie vrae kan lei tot verwarring aangesien dit die vastighede kan skud. Die navorser stem egter saam met Tomm dat hierdie onsekerheid in werklikheid positief is, "For instance, when certain family members 'know the Truth' or 'have all the answers' in a manner that keeps them stuck in problematic patterns and blind to novel alternatives, the confusion can be quite liberating" (1988:12). Die doel van die vrae is juis om die bestaande konstruksies te bevraagteken met die oog op persoonlike geloof. **Vrae is dus baie belangrik, maar die intensie van die vraagsteller moet altyd wees om afstand te skep tussen die persoon en sy lewensverhaal.**

White (1991:8) noem twee tipes vrae wat gevra kan word wat eksternalisering tot gevolg het, naamlik "landscape of action" en "landscape of consciousness" vrae. Albei hierdie groepe kan beskryf word as refleksiewe beïnvloedingsvrae. White verduidelik hierdie vrae soos volg: "Landscape of action questions encourage persons to situate unique outcomes in sequences of events that unfold across time according to particular plots. Landscape of consciousness questions encourage persons to reflect on and to determine the meaning of those developments

that occur in the landscape of action” (1991:8). Hierdie vrae lei tot die ontdekking van ‘unique outcomes’: “Thus unique outcomes provide the foundation for unique accounts or stories. Questions are then initiated that invite an appreciation of the significance of the unique outcomes and unique accounts in terms of unique redescriptions of self, others, and relationships, and the associated unique possibilities” (White 1988:39). Deur vrae te vra kan die sisteem reageer sonder dat daar inligting van buite oorgedra word. Hierdie vrae laat dus ’n reaksie binne in die sisteem ontstaan wat lei tot ’n kettingreaksie. White onderstreep hierdie proses as hy sê: “Relative influence questioning provides for multiple description” (1988:38).

“Landscape of action” vrae vra na insidente (‘unique outcomes’) in die verlede, hede en selfs die toekoms waar die persoon nie opgetree het in lyn met die verwagte optrede volgens die lewensverhaal nie. Die doel met die vrae is om die persoon bekend te stel aan ’n ander manier van hanteer en dat die persoon sal besef dat hy nie altyd slagoffer hoef te wees nie, maar persoon in eie reg is wat self besluite kan neem. Voorbeelde van ‘landscape of action’ vrae is die volgende:

- Hoe het jy jouself gereed gekry om die stap te neem?
- Net voordat jy die stap geneem het, het jy weerstand beleef en ’n behoefte om weer op die ou weë terug te gaan? Hoe het jy die versoeking oorkom?
- Indien jy aan hierdie weerstand ’n naam moet gee, wat sal jy dit noem? Waar dink jy kom hierdie weerstand vandaan?
- Watter invloed dink jy kan God op hierdie weerstand hê? Hoe kan jy Hom in staat stel om die weerstand af te breek?
- God het Jesus gestuur om die mens te bevry. Sou jy die bevryding in Jesus op enige manier aan hierdie insident kan koppel?
- Watter gebeure rondom die insident kan jy onthou?

- Is daar enige van die gebeure wat jou terugvoer na jou jongdae?
- Wat het jy gedink gedurende die tyd van die gebeure?
- Watter kommunikasie het jy met jouself gevoer tydens die gebeure?
- Watter kommunikasie het jy met God gevoer?
- Watter ontwikkeling het gebeur in ander areas van jou lewe wat direk aan hierdie insident gekoppel kan word?
- In hoe 'n mate dink jy het hierdie insident jou gereed gemaak om verdere stappe te neem?
- Hoe beïnvloed hierdie insident en jou optrede jou denke oor God en jouself?

In die proses om afstand te probeer skep tussen die persoon en sy lewensverhaal, kan daar ook op 'unique outcomes' in ander mense se lewensverhale gefokus word. Vrae soos die volgende kan gevra word:

- Hoe dink jy het jou ouers of beste vriend dit reggekry om so op te tree?
- Jou ouers staan bekend as gelowige mense. Hoe het hulle dit reg gekry om so op te tree?
- Wat in jou ouers se opvoeding in die algemeen en ook geestelik het hulle toegerus om so op te tree?
- Hoe verskil jou opvoeding van hulle opvoeding? Watter rol kan jou opvoeding speel in jou optrede?

- In jou waarneming die afgelope tyd van jou vriend, wat het jy opgemerk wat hom instaatgestel het om so op te tree?

- Watter voorbereiding (stappe) het jou vriendin gedoen om haar gereed te kry vir hierdie groot stap?

- Watter mense het 'n rol gespeel in hierdie optrede en wat was die rol?

Die voorafgaande vrae het gefokus op die onmiddellike geskiedenis om die 'unique outcome'. Vrae wat die lig laat val op die algemene geskiedenis of invloede wat ook 'n invloed gehad het op die gebeure, moet ook gevra word. Ook hierdie vrae is daarop gerig om afstand te skep tussen die persoon en sy lewensverhaal en verder om die persoon in die proses eienaarskap te laat aanvaar vir sy optrede. In die proses word alternatiewe 'landscape of actions' geskep (White 1991:9). Suksesverhale uit die Bybel moet ook geneem word om op te konsentreer. Vrae oor God se rol en hoe dit die persoon se lewe kan beïnvloed moet gevra word. Die volgende vrae pas in by hierdie kategorie wat konsentreer op die geskiedenis of invloede wat die persoon gereed gemaak het vir die optrede:

- Watter invloede in jou geskiedenis het 'n rol gespeel in jou sukses?

- Watter invloede het jou voorheen verhoed om so op te tree?

- In Jesus wil God die mens bevry. Hoe kan jy Jesus se bevryding koppel aan hierdie gebeure?

- Watter rol het God gespeel in jou optrede?

- Kan jy dink aan enige gebeure in die verlede wat jou gereed gemaak het vir hierdie optrede?

- Wat het jy opgemerk met betrekking tot jouself wat jou 'n idee kon gee dat hierdie optrede moontlik is vir jou?
- Wat dink jy watter rol het jou ontwikkeling as persoon en ook op geestelike gebied gespeel om jou gereed te maak vir hierdie optrede?
- Aan watter Bybelfiguur laat jou optrede jou dink?
- Watter rol het God gespeel in die Bybelfiguur om die persoon gereed te maak vir sy optrede?
- Watter invloed het God op jou gehad wat jou gereed gemaak het vir die optrede en watter rol kan God nou in jou lewe speel met die oog op die herhaling van die optrede?

Die volgende vrae wat gevra kan word met die oog op eksternalisering of die verkryging van afstand is 'landscape of consciousness' vrae. Hierdie vrae dwing tot 'n verdere rondte van kommunikasie naamlik die betekenis van die optrede wat in die 'unique outcome' geïdentifiseer is. Vrae wat hier gevra kan word, is die volgende:

- Wat sê hierdie gebeure vir jou met betrekking tot jou voorkeure?
- Ek is bewus daarvan dat jy op hoogte is met die gebeure in jou vriendin se lewe en die dinge wat aanleiding gegee het tot haar optrede. Hoe beïnvloed dit jou beeld wat jy van haar het?
- Hoe beïnvloed hierdie gebeure jou beeld van God?
- Hoe dink jy gaan hierdie nuwe Godsbeeld jou optrede beïnvloed?
- Wat sê hierdie ontwikkeling in jou lewe vir jou met betrekking tot wat jy graag in die

lewe wil hê?

- Wat sê hierdie ontwikkeling vir jou met betrekking tot jou doel en motiewe in die lewe?

Waarheen mik jy?

- Hoe dink jy het hierdie insident en jou nuwe Godsbeeld jou denke oor die toekoms verander?

- Wat sê hierdie optrede van jou vir jou van God se rol in jou lewe?

- Wat sê die rol wat God gespeel het in byvoorbeeld Dawid se lewe vir jou met betrekking tot jou optrede?

- Hoe verskil die God van Dawid en jou God van mekaar? Watter betekenis het jou antwoord vir jou met die oog op jou lewe?

Wanneer persone op die vrae reageer, dwing dit hulle om sekere gebeure vanuit 'n ander hoek te herleef. Hulle kyk dus nuut en in die proses word hulle lewensverhale verander. Alternatiewe kennis met betrekking tot hulself en hul verhoudings met die wêreld om hulle word ontwikkel.

White (1991:10) noem ook 'n derde groep vrae wat gevra kan word, naamlik 'experience of experience questions': "These questions encourage persons to provide an account of what they believe or imagine to be another person's experience of them". Hierdie vrae poog ook om die persoon te lei tot eksternalisering, deur hom te dwing om deur iemand anders se oë na hom te kyk. 'n Alternatiewe beleving van die self word dus moontlik. Dit is egter belangrik om te beklemtoon dat al hierdie verskillende vrae in die loop van kommunikasie gevra word en dat dit onder geen omstandighede soos geweerskote afgevuur word nie. Voorbeelde van 'experience of experience' vrae is die volgende:

- As ek 'n toeskouer was toe jy jonger was, wat dink jy sou ek gesien het wat nou

'n belangrike rol gespeel het om jou in staat te stel om hierdie optrede moontlik te maak?

- Wat dink jy vertel hierdie optrede vir my van jou en wat jy vir jou lewe beoog?
- Wat dink jy vertel hierdie optrede van jou vir ander van die God wat jy aanbid?
- In hoe 'n mate dink jy is my siening van jou beïnvloed deur dit wat ek nou gesien het?
- In hoe 'n mate dink jy is jou vriende se siening van God beïnvloed deur jou optrede?
- Hoe dink jy voel God oor jou?
- Jou familie was bewus van jou posisie in die sisteem. Wat dink jy watter boodskap het jou optrede aan hulle deurgegee oor hulle posisies in die sisteem?
- Wat dink jy vertel hierdie optrede van jou vir my met betrekking tot dit wat vir jou belangrik is in die lewe?
- Indien jy hierdie kennis wat jy nou oor jouself opgedoen het die hele tyd in gedagte hou, hoe dink jy gaan dit jou lewe verander?
- Van al die mense wat jou ken, wie dink jy sal die minste verbaas wees oor hierdie optrede? Waarom? Wat het hulle geweet wat die ander nie geweet het nie?
- God sê Hy ken ons. Wat dink jy sou God aan my wou deurgee oor jou na hierdie insident?
- Wat dink jy gee jou optrede aan ons deur oor God?
- Wat dink jy, dink hulle, gaan jou lewensdoel wees, as hulle hierdie optrede in gedagte hou?

- Wat dink jy hoe het God oor jou gevoel toe jy so volwasse opgetree het?
- Dink jy Hy was verras?
- Waarom is God nie verras as sy kinders reg optree nie?
- Hoe sien God jou ná die kruis en die opstanding?

In die proses van kommunikasie wat lei tot eksternalisering ontdek die persoon in hoe 'n mate sy lewe en die ander se lewens beheer word deur sy lewensverhaal, asook die wyse hoe hierdie lewensverhaal lei tot probleme wat die persoon baie verarm. Die proses hoe die persoon stelselmatig vasgevang is in die web van self-gekonstrueerde kennis en die mag wat die lewensverhaal huidiglik op die persoon uitoefen, word ook duidelik deur kommunikasie wat lei tot eksternalisering. Die belangrike gedagte is dat die persoon ontdek dat hy beheer word en dat hy in beheer kan kom. In hierdie proses kan die Godsverhaal die mens bemagtig tot oorwinning. Hierdie proses waar die Godsverhaal stadig oor die mens se verhaal skuif, kan ook bekering genoem word. Hudson (1995:50-52) noem drie stappe in bekering naamlik: "It involves the complete turnabout of our mind and outlook that turns us in a new direction, changes our distorted attitudes and gives our lives a new centre from which a new kind of life begins emerging". Bekering in die eerste plek beteken om jou lewe op Jesus te rig en nie meer op jou eie belange nie. Deur die Godsverhaal van Jesus op jou lewe toe te pas verander jou lewensrigting vanaf selfgesentreerd, na 'n lewe wat gerig is op die Koninkryk van God. Tweedens wil die verlossing in Jesus die mens se motiverings (attitudes) ook verander. In die taal van die sosiale konstruksionisme wil die verlossing in Jesus ook die mens se lewensverhaal of paradigma verander sodat die mens deur God se verhaal na die wêreld kyk. Wanneer die mens so na die wêreld kyk, sal die mens betrokke raak by God se wêreld. Die mens sal nie meer gedien wil word nie, maar dien. Die term bekering en dekonstruksie is dus gemaklik versoenbaar as die verhaal van God die fokuspunt bly en God die inisiatief behou. Die mens kan Homself nie red nie, maar moet reageer op die Godsverhaal. **Hierdie bekering wat volgens die navorser ook dekonstruksie genoem kan word, is 'n lewenslange proses:** "Conversion is a continuing

process that unfolds one day at a time as we bring more of ourselves to God” (Hudson 1995:59). Die navorser wil dit weer beklemtoon dat hy van mening is dat die verlossing in Jesus ook die bevryding van ’n bindende en afbrekende lewensverhaal insluit. Hudson bevestig hierdie standpunt wanneer hy daarop wys dat die versuim om die volledige lewensverhaal te hanteer vernietigende gevolge het: “This way of denial, as we shall see later, has destructive consequences. Most tragic of all is that large tracts of our inner life are prevented from experiencing God’s transforming friendship. Conversion can only continue as we acknowledge these shadow selves and expose them to the light of God’s love” (Hudson 1995:60).

Dekonstruksie lei die persoon tot die aanvaarding van eienaarskap vir sy optrede. Konsentrasie op of kommunikasie met God se verhaal laat die mens ook beseft dat dit nie ’n verlore stryd is nie, maar dat die lewende God ’n medestryder is. Die vrae moet die persoon help om nie net sy eie menslike vermoëns te ontdek nie, maar veral sy vermoëns met God aan sy sy. Wanneer die persoon God in sy verhaal (‘unique outcomes’) en in die verhale van ander mense en in Bybeltekste ontdek, word die mens bemagtig.

As opsomming kan die volgende oor dekonstruksie gesê word:

- As gevolg van ’n ingeboude sensorskap in die sisteem is transformasie of groei teoreties onmoontlik.
- Die mens moet beseft dat kennis slegs ’n konstruksie is en gedekonstrueer kan word.
- Die mens moet beseft dat hy ’n verantwoordelikheid vir sy lewe het.
- In die keuse van verhale met die oog op die vorming van ’n lewensverhaal word baie verhale uitgesensor.
- Met die oog op dekonstruksie moet kommunikasie plaasvind oor die proses van betekenisgewing. Dit word meta-kommunikasie genoem.

- Konstruksie (betekenisgewing) geskied deur taal. Dekonstruksie moet ook deur taal geskied.
- Dekonstruksie soek na geleenthede waar die persoon nie in lyn met sy lewensverhaal opgetree het nie. (Suksesverhaal of ‘unique outcomes’)
- Voordat dekonstruksie kan plaasvind, moet daar afstand kom tussen die persoon en sy verhaal.
- Vrae wat konsentreer op die relatiewe invloed van die verhaal, dwing tot kommunikasie wat afstand skep.
- Hierdie vrae bring ‘beweging’ in die sisteem sonder dat daar inligting oorgedra word.

3.2.7 “Not knowing”: Die kliënt is die spesialis

Voordat daar aandag gegee word aan die gedagte van die kliënt wat die spesialis is, moet die volgende ononderhandelbare uitgangspunte vanuit die narratiewe paradigma duidelik gestel word:

- “First, human systems are language-generating and, simultaneously, meaning-generating systems” (Anderson & Goolishian 1992:2).
- Betekenis en verstaan is sosiaal gekonstrueer. Betekenis en verstaan word alleen geskep deur kommunikasie.
- Terapie is ’n linguïstiese aangeleentheid. Die terapeutiese gesprek binne die narratiewe benadering is ’n wederkerige gesprek waar daar nie sprake van hiërargie is nie.
- Die doel van die gesprek is om ruimte te skep vir kommunikasie. Deur kommunikasie ontwikkel groei. ‘Open ended questions’ skep geleentheid tot gesprek.

- Dialoog is gerig op die skep van nuwe verhale en die aanvaarding van eienaarskap vir daardie verhale.
- Sisteme is geslote vir nuwe inligting. Die enigste wyse om verandering te bewerk is deur 'n posisie van objektiwiteit (eksternalisering) te skep.
- Objektiwiteit ten opsigte van die lewensverhaal word geskep deur relatiewe beïnvloedingsvrae te vra.

Teen hierdie agtergrond word die begrip “The client is the expert” en ’n “not knowing position” bespreek. Enige persoon moet aanvaar dat dit wat vir hom waar is, slegs ’n interpretasie bly. Eers wanneer iemand anders self ’n eie konstruksie gemaak het, aanvaar hy verantwoordelikheid vir daardie waarheid en beïnvloed dit sy lewe. Verder word waarheid geskep deur taal of kommunikasie. **Deur ’n posisie van ‘ek weet’ in te neem word kommunikasie afgesny en stop die geleentheid tot groei.** Die doel van gesprek tussen mense is nie om verandering te bewerk nie, maar om ruimte te skep vir gesprek (Müller 2000:17). Gesprek skep verandering. Die ‘not knowing-metode’ glo dat groei plaasvind deur gesprek en nie deur inligting deur te gee nie. ‘Not knowing’ glo dat verandering van binne geskied eerder as wat dit van buite bewerk word. “Oplossings wat van buite af aanbeveel en op mense afgelaai word, is gewoonlik vals oplossings”(Müller 2000:49).

Dit beteken nie dat almal reg is en dat ’n persoon nie ’n standpunt mag hê nie. ’n ‘Not knowing position’ sal egter beteken dat daar altyd ’n openheid tot verskil sal wees en dat die gespreksgenote altyd sal onthou dat gesprek groei bring, selfs al stem mense nie saam nie. In plaas van om vanuit ’n ‘ek weet posisie’ vir mense te sê wat ’n spesifieke teksgedeelte beteken, kan ’n houding van ‘dit is hoe ek dit verstaan, maar ek wonder wat sê dit vir julle’, gesprek uitlok wat tot groei kan lei. Retoriese vrae wat die antwoord veronderstel of pedagogiese vrae wat die rigting van die antwoord aandui, skep nie ’n ‘not knowing’ atmosfeer nie en smoor gesprek (Andersen & Goolishian ?:34)

’n Paar opsommende opmerkings:

- “Not knowing” soek na kommunikasie omdat kommunikasie lei tot groei.
- “Not knowing” stel belang in die persoon se ervaring eerder as in die regte antwoord.
- In die volgende hoofstuk beklemtoon die navorser dit baie sterk dat selfs in die prediking is die hoorder die spesialis met betrekking tot die toepassing van die teologiese spits. Die teoloog of predikant se terrein is die explicatio, maar die hoorder is die spesialis met die applicatio. Die ‘not knowing’ beginsel moet toegepas word om kommunikasie te skep met die oog op groei.

3.3 God se verhaal skep ’n toekomsdroom

Ons aanbid ’n God wat nie net die wonde van die verlede kan genees nie, maar ook die toekoms kan oopsluit. So beklemtoon Müller (2000:102) dat die droom en skep van ’n beter toekoms ten diepste ’n geloofsaak is. God se toekomsverhaal vir die spesifieke mens moet deel word van die lewensverhaal en toekoms-werklikheid van die mens. Om God se toekomsverhaal oor die mens se verhaal te laat skuif, moet die twee verhale met mekaar in gesprek tree, dan sal daar vanuit die kommunikasie ’n nuwe verhaal ontwikkel. In die volgende hoofstuk sal daar aandag gegee word aan die kommunikasie met God se verhaal. Hudson beklemtoon dit dat die heiliging of dekonstruksie van die mens se lewe in die eerste plek die werk van die Heilige Gees is, maar in die tweede plek ook daadwerklike aksies van die mens vra. Oor hierdie aksies skryf hy: “But what are we to do? God has graciously given to us, in the life of Jesus, activities through which we can open our hearts more widely to the Spirit’s transforming presence. Often described as ‘disciplines for the spiritual life’, these activities enable us to place our lives more consciously before God so that we can be changed” (1995:87).

Hoofstuk 4

Die christelike dissiplines en geestelike groei.

4.1 Inleiding

Full participation in the life of God's Kingdom and in the vivid companionship of Christ comes to us only through appropriate exercise in the disciplines for life in the spirit" (Willard 1988:26).

Die wêreld doen baie moeite om die gehalte van die lewe te verhoog, maar dit wil voorkom asof kwaliteit-lewe al laer word. Ten spyte van al die tegnologie word die mens se lewe al hoe meer gejaagd. Peterson (1987:22) wys treffend daarop hoedat pastors ook probeer inval by die mense se soeke en in die proses opgeslurp word in die gejaagde lewe. Op die einde sit die kerke en die lidmate met baie besige programme maar met weinig kwaliteit. Hy beklemtoon dat die lewe so besig geraak het dat mense nie meer tyd het om te bid nie en dat dit juis die probleem is. Volgens Willard (1988: 18) het die praktyk van Christene se lewens en hulle invloed in die samelewing uitgewys dat die pogings van die kerke nie effektief is nie. Veral gedurende die sewentiger jare het die christelike godsdiens nie daarin geslaag om geestelik volwasse mense te ontwikkel nie. Lidmate word nie deur die bediening van die kerk getransformeer om soos Jesus te word nie. Jesus was God se voorbeeld aan die wêreld. Volgens Willard (1988:ix) kan die christendom slegs 'n beduidende rol in die wêreld speel indien die uitdaging tot transformasie baie ernstig opgeneem word en die lidmate duidelike riglyne met die oog op transformasie ontvang. Hy stel dit in sy woorde soos volg: "The desperate need today is not for a greater number of intelligent people, or gifted people, but for deep people" (Foster 1989:1). Rice waarsku egter: "There are, of course, activities that can make us more vulnerable and open to encounters with God, but we need to be careful about efforts to create such experiences for ourselves People who are overeager to seek out the unusual may miss the God of the ordinary" (1991:37).

Die mens moet besef dat Jesus nie net die Verlosser is nie, maar ook die voorbeeld. Die mens moet doelbewus Jesus se voorbeeld volg. Die belangrike vraag is hoe Jesus dit reggekry het om so te lewe. Kon Hy dit doen omdat Hy die Seun van God was? Indien die klem op sy Godheid val, is die navolging van Jesus 'n onmoontlike saak. Die navorser deel Willard (1988:ix) en ander se mening dat Jesus oorwinnend kon lewe omdat Hy doelbewus in kontak met sy Vader gebly het. Jesus se geheim was stil-word saam met sy Vader. Willard stel dit so: "What activities did

Jesus practice? Such things as solitude and silence, prayer, simple and sacrificial living, intense study and meditation upon God's Word and God's ways, and service to others" (1988:ix).

Die navolging van Jesus se voorbeeld het egter oor die jare in onbruik geraak. Dit was te verstaan in die lig van die geloofstryd in die tyd na Jesus se hemelvaart. In die gesprek binne die kerk oor die korrekte inhoud van die geloof en die ontwikkeling van die verskillende geloofsbelydensisse, het die klem onvermydelik op die intellek geval en is die praktiese uitlewing van die geloof minder beklemtoon. Verder het die breë wêreldgees van die opkoms van rasionalisme en die stryd van die reformasie om los te kom van die Roomse Kerk se aflaatstelsel en die beklemtoning van goeie werke tot redding ook die aandag verplaas vanaf die praktiese navolging van Jesus na die meer intellektuele formulering van die geloofsinhoud. Hierdie stap in die geloofsverhaal van die kerk kan verstaan en waardeer word, maar in 'n proses van differensiasie moet die rol en die invloed op die huidige verhaal ook bereken word en moet sorg gedra word dat die reaksie een van balans sal wees. Die navorser is van mening dat die klem op kommunikasie met die Godsverhaal (die Bybel) en die kommunikasie in die geloofsgemeenskap wat onder leiding van die Heilige Gees staan, eensydigheid redelik effektief kan beperk. Dit is egter baie belangrik dat in die proses van gesprek die geloofsverhaal (geloofstradisie) van die kerk nie geïgnoreer sal word nie.

In die vorige hoofstuk is duidelik uitgewys dat geen mens geestelik kan transformeer sonder om homself ook in sy breë verhaal te vind nie. 'n Ignorering van die 'omgewing' waarbinne die mens gevorm is, lei tot identiteitloosheid. Hierdie beginsel geld ook vir die kerk. Wat egter bekommer in die huidige proses van transformasie binne die NG Kerk, is die indruk wat gekry word dat die gesprek met die Gereformeerde tradisie asook die ouer predikante, afgesluit is en dat die gesprek slegs plaasvind tussen die predikante en lidmate wat saamstem. Die navorser wil waarsku dat 'n breuk met die geskiedenis nie net arrogant is nie, maar ook selfvernietigend is. Geen mens en ook geen kerk kan leef sonder 'n geskiedenis nie. Enige proses wat 'n reaksie is, is eensydig. Differensiasie is die verantwoordelike en volwasse pad. Die navorser sou graag wou sien dat 'n gesprek met die geloofstradisie ontstaan waar die predikante en lidmate gelei word tot 'n proses van differensiasie deur kommunikasie. So kan die mooi uit die verlede steeds 'n invloed uitoefen terwyl die droë hout uitgekap word.

Die navorser is oortuig daarvan dat die fout nie in die eerste plek by die lidmate lê nie, maar by die bediening van die kerk. Die klem op die korrekte leer het die geestelike kommunikasie so beset dat die gesprek oor die praktiese navolg van Jesus baie minder, indien wel onder mekaar en ook met God gevoer is. Die teen-reaksie is dat die klem nou so op die ervaring geplaas word dat die “in diepte gesprek” met God en die geloofsverhaal van die kerk ook nie plaasvind nie, en dat alles net “lekker” moet wees. Die uitdaging is om die christelike dissiplines te gebruik om die gesprek te laat plaasvind tussen die Godsverhaal (die Bybel), die geloofsverhaal (tradisie) en die lewensverhaal (verhaal van die gelowige). Dit moet beklemtoon word dat die klem nie sal val op die betrokke dissipline nie, maar op die gesprek, en wel op God as die belangrikste gespreksgenoot.

Selfs Foster wat saam met Willard die groot voorstanders van die geestelike dissiplines is waarsku: “The purpose of the Disciplines is freedom. Our aim is the freedom, not the Discipline. The moment we make the Discipline our central focus, we turn it into law and lose the corresponding freedom” (Foster 1989:140). **Die dissiplines het geen waarde op hul eie nie, maar het groot waarde om die mens voor God te plaas sodat God die mens kan bevry** (Killian 1996:74). Die eindpunt is die bevryding, terwyl die dissiplines die pad is na die vryheid. Nadat die mens tot bekering gekom het, verander sy lewe nie oombliklik nie. Die patrone wat oor jare aangeleer is, is nog baie dominant. Daar is aangewys dat die antwoord vir hierdie diep gewortelde patrone kommunikasie is met die oog op ’n nuwe lewensverhaal. Die christelike dissiplines maak kommunikasie met God en sy verhaal moontlik.

Die christelike dissiplines dwing tot kommunikasie, wat die mens help om geleidelik ’n nuwe styl aan te leer. Die geestelike dissiplines is oefening wat lei tot geestelike fiksheid. Volgens Willard (1988:95) verwys 1 Kor. 9:24-27 na hierdie oefenprogram: “Weet julle nie dat atlete wat aan ’n wedloop deelneem, wel almal hardloop, maar dat net een die prys ontvang nie? Hardloop dan so dat julle die prys kan wen. Almal wat aan ’n wedstryd deelneem, ontsê hulleself allerlei dinge. Hulle doen dit om ’n verganklike oorwinnaarskroon te verkry, maar ons ’n onverganklike. Ek hardloop dan ook soos een wat nie van sy doel onseker is nie; ek slaan soos ’n bokser wat nie in die lug slaan nie. Maar ek oefen my liggaam en bring dit onder beheer, sodat ek nie ander tot die stryd oproep en self nie kwalifiseer nie”. Die christelike dissiplines is ’n oefening in

geestelike groei. Paulus gee aan Timotheus opdrag om tyd deur te bring in die geestelike gimnasium (1 Tim. 4:7-8): “Maar van onheilige en sinlose verdigsels moet jy wegbly. Oefen jou liever om in toewyding aan God te lewe. Dit het wel ’n bietjie waarde om jou liggaam sekere dinge te ontsê, maar om in toewyding aan God te lewe, het in alle opsigte groot waarde, want dit hou belofte in vir die teenswoordige en die toekomstige lewe”. Volgens Willard (1988:99) verwys Paulus hier na die christelike dissiplines van onder andere vas, om in eensaamheid te wees (solitude), om te studeer en om diens te lewer. Om die christelike dissiplines te verwerp, beteken dat daar beweer word dat die mens geestelik fiks kan word sonder om te oefen. Jelsma (1990:25) beskryf die onwilligheid om geestelik te oefen as ’n groot tekort in die protestantse tradisie: “Op alle andere terreinen van het leven onderkennen we het belang van training en oefening. Maar als het dan gaat om het navolgen van Christus, denken we vreemd genoeg dat dat wel zonder echte oefening te realiseren is”. In ’n volgende paragraaf sal die navorser daarop wys dat oefening hier reg verstaan moet word. Om oefening te sien as die klem op die wil van ’n persoon sonder dat die innerlike verander is, is om die onmoontlike van die persoon te verwag.

Dit is algemeen bekend dat Jesus self verskeie van die christelike dissiplines beoefen het. Hy was vir veertig dae in die woestyn waar Hy gevas het en deur God voorberei is vir sy werk op aarde. Verder het Hy Homself dikwels in eensame plekke teruggetrek om met sy Vader te verkeer. Ook in die Ou Testament het belangrike persone soos Moses, Elia en van die profete hulle in eensaamheid teruggetrek en gevas en gebed. Die klem het altyd geval op ’n ontmoeting met God. Die dissiplines is dus slegs ’n middel tot ’n doel, naamlik kontak met God.

Hoewel die onvermoë van die kerk en sy lidmate om die wêreld te verander, die klem in sekere kringe weer op die christelike dissiplines laat val het, het die beoefening van die dissiplines deur sommige die dissiplines in onguns laat beland. Die wyse hoe sommige van die geestelike vaders die dissiplines beoefen het, het gelei tot hulle onttrekking uit die wêreld, aangesien hulle nie meer deel van die samelewing was nie. Die onttrekking uit die samelewing en gebruike soos onder andere die bedelorde, het nie die wêreld se probleme effektief aangespreek nie. Dit is ook ’n tendens in die hedendaagse tyd dat sommige persone wat die christelike dissiplines beoefen, hul onttrek uit die bestaande kerke en hul eie aanbiddingsgroepe stig. Die wyse hoe die dissiplines deur sommiges beoefen word, gee nog steeds soos in die vroeëre geskiedenis

aanstoot. Dit is opvallend dat Jesus deel was van die samelewing en selfs in so 'n mate dat Hy deur vyande 'n vraat en wynsuiper genoem is. Jesus het 'n normale lewe geleef, hoewel Hy Homself dikwels onttrek het. Die christelike dissiplines moet die mens nooit onttrek uit die samelewing nie, maar juis toerus vir die lewe in die wêreld. Rice wys op die wisselwerking tussen uit die wêreld wees met die oog op die effektiewe toetrede tot die wêreld. Hy stel dit so: “Because of a healthy worldliness within the Reformed tradition, the goal of the disciplines of the Spirit is not to remove us from the world, but to form us into the image of Christ so that we may become better equipped to act in the world as the people of God” (1991:59). Jesus se optrede het beklemtoon dat die krag nie lê in die dissipline self nie, maar in die ontmoeting met die Vader. Jesus se optrede het ook beklemtoon dat die ontmoeting met God altyd opgevolg moet word deur 'n terugkeer na die wêreld met sy nood.

Foster beklemtoon ook dat die christelike dissiplines die mens nooit van die wêreld mag vervreem nie, maar juis die gewone mens toerus vir die alledaagse: “God intends the Disciplines of the spiritual life to be for ordinary human beings: people who have jobs, who care for children, who wash dishes and mow lawns. In fact, the Disciplines are best exercises in the midst of our relationships with our husband or wife, our brothers and sisters, our friends and neighbours” (1989:1). 'n Roeping wat die mens uit die wêreld wegneem, is vreemd aan die Bybel. Die navorser het dus probleme met 'n roeping soos deur Merton (1996:19) beskryf: “The monk is a Christian who has responded to a special call from God, and has withdrawn from the more active concerns of a worldly life in order to devote himself completely to repentance, ‘conversion’, metanoia, renunciation and prayer”.

Die groot fout wat gemaak word met betrekking tot die dissiplines is die gedagte dat daar krag in die dissiplines opgesluit is. Merton (1996:29) noem byvoorbeeld: “In proportion as meditation takes on a more contemplative character, we see that it is not only a means to an end, but also has something of the nature of an end.” In dieselfde verband word stilte genoem wanneer daar gepraat word van “the power of silence” (Merton 1996:42). Mense redeneer dan dat hoe meer die dissipline beoefen word hoe kragtiger word hulle lewens. Daarom het van die vroeëre geestelike vaders hulself totaal uit die samelewing onttrek en in die woestyn gaan woon. Willard beklemtoon dit weereens baie sterk dat die christelike dissiplines nooit 'n doel opsigself

word nie, maar die verhouding met God en die alledaagse lewe as gelowige in die oog het. Hy stel dit so: “ Yet when we look closely and continually at Jesus, we do not lose sight of this one fundamental, crucial point - the activities constituting the disciplines have no value in themselves. The aim and substance of spiritual life is not fasting, prayer, hymn singing, frugal living, and so forth. Rather, it is the effective and full enjoyment of active love of God and humankind in all the daily rounds of normal existence where we are placed” (1988:138). Foster beklemtoon dit dat die christelike dissiplines nooit die mens moet verslaaf nie, maar juis die mens wil bevry tot vreugde: “Joy is the keynote of all the Discipline. The purpose of the Discipline is liberation from the stifling slavery to self-interest and fear. When the inner spirit is liberated from all that weighs it down, it can hardly be described as dull drudgery” (Foster 1989:2). Die beoefening van die dissiplines moet die mens juis toerus om so deel van die wêreld te wees dat God deur sy teenwoordigheid sigbaar word. Jesus het nie gekom om die wêreld te veroordeel nie, maar om die oplossing vir die wêreld te bring. Hierdie oplossing strek verder as die verlossing van sondes, dit sluit ook ’n voorbeeld van gebalanseerde lewe in. Die wyse hoe die christelike dissiplines beoefen word, moet lei tot effektiewe transformasie en nie gelowiges onttrek van die wêreld nie. Die wyse hoe die christelike dissiplines beoefen word, moet lei tot die koms van die Koninkryk van God in die alledaagse lewe en nie net tot die heiliging van ’n klein groepie mense of selfs net een persoon nie. Die wyse hoe die christelike dissiplines beoefen is, het dikwels in die verlede en ook in die huidige tyd gelei tot die devaluering van die dissiplines en gevolglik tot die verarming van die Koninkryk van God en die inperk van die trefwydte van die evangelie.

Verder het die profete se aanvalle op leë godsdiens en Jesus se aanvalle op die Fariseërs ook die gedagte laat ontstaan dat die gebruike soos byvoorbeeld gebed, vas en die tydelike afsondering uit die samelewing skadelike gebruike in die godsdiens is. Dit is egter duidelik dat die aanvalle eerder gemik was teen die verkeerde gebruik van die betrokke dissipline. Dit is reeds genoem dat Jesus Homself dikwels onttrek het met die oog op gebed en dat Hy ook gevas het. Willard wys daarop dat die dissiplines dieper betekenis het en nie bloot op grond van die uiterlike verwerp kan word nie: “Rejection of spiritual disciplines because of an identification of them with the outward acts alone simply does not go to the heart of the matter” (Willard 1988:135).

Die Christelike dissiplines is ook verdag gemaak deur die strewe na rykdom in die Westerse wêreld. Die gedagte het posgevat dat die goeie lewe 'n lewe is van materiële oorfloed, groot motors en luukse huise, wat gefinansier word deur 'n hoogsbetaalde werk. Die kwaliteit-lewe wat deur die Bybel en in besonder deur die Christelike dissiplines voorgestaan word, maak nie sin in die lewe van gejaagdheid en materialisme nie. Die gees van kompetisie en status het die beklemtoning van selfverloëning onaantreklik gevind en gevolglik is die gedagte van geloof geredelik aanvaar, maar die praktiese navolging van Jesus is nagelaat. Selfs die kerk en plaaslike gemeente moet so bestuur word dat die voorspoed sigbaar is en dat die lidmate trots kan wees op hulle kerk. Hierdie wyse van godsdiens is egter selfgerig en beteken min vir die wêreld en die uitbreiding van die Koninkryk van God. Navolging van Jesus sal 'n gevoel hê vir die beginsel van eenvoud.

Die wêreldgees van menseregte en vryheid van die individu voel ook nie gemaklik met die gedagte van dissiplines nie. Dit klink te veel na 'n manier van voorskryf aan volwasse en selfstandige mense. In dieselfde lyn beklemtoon Foster (1989:2-3) dat die hedendaagse mens so materialisties geword het, dat hy nie meer glo dat daar iets anders is as slegs dit wat deur die materiële bewerk kan word nie. Kommunikasie met God in afsondering word gesien as sielkundige manipulasie. In sielkundige berading mag daar nie eens na God en sy verhaal verwys word nie, tensy God vir die betrokke mens belangrik is en die mens God in die gesprek intrek nie. Die moontlikhede tot 'genesing' wat God vir die mens inhou, word dus beperk tot die mens se keuse. In diepte beteken dit dus dat die mens se geloof in God in werklikheid 'n stuk 'denkgimnastiek' is. Daar het egter vanuit die mislukking van die moderne mens en sy metodes 'n soeke na iets agter die rasionele ontstaan.

Die tendens het ontstaan dat die Christelike dissiplines aan die een kant nie gewild was nie, maar dat die onvermoë van die Christelike geloof om die lewe van die gelowiges in so 'n mate te verander dat die gelowiges daadwerklik iets vir die breë wêreld kon beteken, weer 'n soeke na iets diepers laat ontstaan het. Die Christelike dissiplines as effektiewe wyse tot transformasie behoort weer nuwe klem te kry. Volgens Foster was dit baie duidelik, veral in die sewentiger jare, dat die lidmate van die kerk nie toegerus was om in die spore van Jesus te loop nie: "We simply do not know how to go about exploring the inward life. This has not always been true. In

the first century and earlier, it was not necessary to give instructions on how to ‘do’ the Disciplines of the spiritual life” (Foster 1989:3). Die belangrikste van alles is dat daar ’n dors na God moet wees. Kennis van die hoe, sonder ’n dors na God en die beoefening van die dissiplines, het weinig waarde. Verder kan ’n beoefening van die dissiplines sonder kontak met God lei tot wettisisme.

In die beoefening van die dissiplines moet daar ook gewaak word teen ’n skewe beeld van die mens. Die navorser is tog van mening dat die unieke mens en die algemene bestaan van die mens in die wêreld, as beeld van God nie deur sommige getroue navolgers van die dissiplines erken word nie. Merton (1996:27) skryf byvoorbeeld: “The prayer of the monk is dictated by this twofold consciousness of sin and redemption, wrath and mercy - as is the prayer of every Christian”. Die navorser is van mening dat in die lig van die opmerking en die gees wat in Merton se boeke geadem word, word die mens slegs gesien as sondig en verlos. Die hele bestaan van die mens word gegooi oor die boeg van of sondig of verlos. Die feit dat die mens God as unieke mens verteenwoordig en dat sonde ook deel van ’n sisteem kan wees wat aandag verdien, kom nooit aan die orde nie. Bloot “mens-wees” voor God, kry min aandag. Die navorser voel baie sterk daaroor dat “mens-wees” voor God, godsdiens is. Die mens moet bevry word van alles wat die mens kan verhinder om unieke mens voor God te kan wees in die wydste sin van die woord. Hier is dus ’n duidelike skeiding tussen natuur en genade. Die dissiplines moet gebruik word om God en die self te ontdek vanuit kommunikasie wat gestimuleer word deur die Godsverhaal. Die woordlose gebed pas dus ook nie in by die navorser se gedagte van kommunikasie wat lei tot geestelike groei nie.

Die “wêreldverhaal” of tydsgees dwing huidiglik vir ’n soeke na iets meer effektief met die oog op transformasie. Hierdie doodloopsituasie moet deur die kerk benut word. Daar moet egter gewaak word teen ’n oorreaksie. Selfs die ontstaan van die kloosters was ’n reaksie, aangesien die Christene eers vervolgd is en dus uit die wêreld gedwing is en later weer so deel van die wêreld geword het in Konstantyn se tyd, dat die kloosters volgens sommige van die destydse Christene, noodsaaklik was. Selfs die reformasie was in sommige opsigte ’n oorreaksie, aangesien feitlik alles van die Roomse Kerk verwerp is. Die klem op die mistiek in die Roomse Kerk het gelei tot ’n reaksie: “Luther and his followers seem to have thought that the teaching and preaching of the gospel, along with the administration of the sacraments, was all that was

really essential for the formation of the spiritual life” (Willard 1988:146). Die navorser is van mening dat die klem op die kommunikasie tussen die lewensverhaal van die gelowige (die realiteit) met God se verhaal (die Bybel - God se realiteit), eensydigheid kan teëwerk. Die klem moet val op die kommunikasie met God en mens in antwoord op die Woord van (af) God. God se Woord spreek die lewe van die mens aan, maar stuur die mens ook die wêreld in.

Die kommunikasie sal nie net eensydigheid teëwerk nie, maar ook die godsdienstige doodsheid aanspreek aangesien daar reeds aangetoon is dat kommunikasie lei tot nuwe lewensverhale en dus nuwe mense. God skep deur taal. Deur in gesprek te tree met God, transformeer God die mens se lewensverhaal om in lyn te kom met sy (God) verhaal. Rice (1991:37-39) beklemtoon egter dat daar in die ontmoeting met God sekere algemene lyne is wat vir almal dieselfde behoort te wees ongeag van die persoon of groep se spiritualiteit. In die eerste plek dwing die ontmoeting met God tot verwondering en ontsag. Rice stel dit so: “God’s powerful love is never a comfortable private possession and will always include both a sense of inner peace and an uncomfortable experience of awe” (1991:37). Tweedens eis die ervaring van God altyd iets van die mens wat dikwels moeilik uitvoerbaar is: “God’s love reaches out to us, but not just for our sakes alone. It is a love that would shape us as instruments of God’s wider concern for other people. The key to right understanding of all spiritual experience is in our obedience” (Rice 1991:38). **Die navorser wil ook beklemtoon dat die individu se ervaring van God en sy verstaan van die Godsverhaal altyd deur gesprek met ander Christene getoets moet word.** Die gevaar bestaan dat die mens God ervaar vanuit sy eie lewensverhaal en dus net hoor wat gerieflik is. Geestelike groei veronderstel dus groot nederigheid en openheid vir die opinie van ander. **Mense wat soek na geestelike groei kommunikeer ook nie net met eendersdenkendes nie.**

Willard (1988:157) neem die beeld van oefen en sien die rol van die dissiplines as herhaling met die oog op die outomatiese optree wanneer die werklike situasie aanbreek. Die navorser stem egter nie hiermee saam nie. Die navorser sien die rol van die dissiplines eerder as die skep van kommunikasie met God. Volgens die navorser is Foster (1989:5) meer gebalanseerd in sy siening, wanneer hy beklemtoon dat die blote inspanning van die wil om sonde te oorwin nie tot sukses lei nie: “We... want to make it quite clear that we cannot free and purify our own heart by

exerting our own will ... The moment we feel we can succeed and attain victory over sin by the strength of our will alone is the moment we are worshipping the will ... Willpower will never succeed in dealing with the deeply ingrained habits of sin 'Will worship' may produce an outward show of success for a time, but in the cracks and crevices of our lives our deep inner condition will eventually be revealed" (Foster 1989:5). Hoewel Foster nie werk met die beginsel van die lewensverhaal wat die uiterlike beheer nie, word die dilemma van die klem op die uiterlike en die wil duidelik deur hom uitgelig. Druk word op die persoon geplaas om te verander, terwyl die wil nie by magte is om die veranderingsproses te bemagtig nie. Foster (1989:6) is van mening dat die dissiplines die mens in kontak bring met God wat die veranderingswerk doen. Die navorser bevestig hierdie standpunt van Foster, maar beklemtoon dat dit die kommunikasie tussen God en mens is wat die verandering bewerk. God gebruik dus weer die woord om te (her)skep. Die wil kan slegs met die uiterlike werk terwyl die uiterlike deur die 'onsigbare' verhaal beheer word. Deur kommunikasie skuif God se verhaal oor die verhaal van die mens en word 'n nuwe verhaal (innerlike) geskep. In soverre die nuwe verhaal deur God se verhaal bevry is, sal die pogings om die uiterlike te verander, suksesvol wees.

Die krag tot verandering lê in die kommunikasie. Kommunikasie tussen die verhaal van God en die verhaal van die mens lei tot 'n nuwe lewensverhaal of 'n nuwe paradigma. Vanuit die nuwe lewensverhaal tree die mens dan nuut op. Iemand wat 'n donkerbril opsit hoef nie te probeer om alles donkerder te sien nie, dit gebeur outomaties. **Die beoefening van die christelike dissiplines dwing tot kommunikasie tussen God en die mens.** Gesprek tussen God se verhaal met die mens en die mens se lewensverhaal (paradigma) lei tot 'n veranderde lewensverhaal (paradigma) wat lei tot 'n nuwe lewensuitkyk en gevolglik nuwe optrede. Pogings tot nuwe optrede sonder dat die lewensverhaal verander is, sal lei tot kortstondige sukses en moedeloosheid, asook 'n negatiewe (afbrekende) nuwe lewensverhaal. Die opdrag tot 'n heilige lewe begin volgens die navorser dus by die navolging van Jesus se voorbeeld met klem op die geestelike dissiplines wat lei tot kommunikasie met die Vader. Hierdie kommunikasie lei dan tot 'n nuwe lewensverhaal waarin die Godsverhaal die mens se verhaal 'bemagtig'. Foster (1989:7) is van mening dat daar twee teenoorgestelde pole is met betrekking tot verandering, naamlik die gedagte dat die mens deur sy eie insette (wil) die verkeerde kan los en dus kan verander. Die ander teenpool is die gedagte dat God alles doen en die mens geen inset te lewer het nie. Volgens Foster pas die

dissiplines tussen die twee uiterstes in: “God has given us the Disciplines of the spiritual life as a means of receiving his grace. The Disciplines allow us to place ourselves before God so that he can transform us ... A farmer is helpless to grow grain; all he can do is provide the right conditions for the growing of grain ... By themselves the Spiritual Disciplines can do nothing; they can only get us to the place where something can be done” (1989:7). God is die Een wat verander, maar die mens se verantwoordelikheid is om homself in die posisie te bring waar God sy werk kan doen. Die navorser sien die rol van die dissiplines om die gelowige in die posisie te plaas waar die Godswoord die mens kan verander. Die gevare met betrekking tot geestelike groei binne die konteks van die geestelike dissiplines is aan die een kant ’n gebrek aan insette van die mens, ’n houding van alles is God se werk. Aan die ander kant is die gevaar om die dissiplines te verhef as middel waardeur die mens verander word. Die dissipline word dan tot wet verhef. Die mens, sy verstand, en die Heilige Gees staan nie teenoor mekaar nie, maar werk saam in die proses na geestelike groei.

Willard (1988) en Foster (1989) beklemtoon verskeie christelike dissiplines, byvoorbeeld meditasie, gebed, vas, studie, eenvoud, armoede, eensaamheid, stilte, onderwerping, diens, belydenis, aanbidding, geestelike begeleiding, viering, self-kastyding en geheimhouding. Die navorser is van mening dat die klem in die christelike dissiplines val op die skep van kommunikasie met God. In die verhaal van God met die mens het die woord (kommunikasie) deurlopend ’n kardinale rol gespeel. Selfs die koms van Jesus word deur Johannes beskryf as die Woord wat mens geword het. Die skeppingskrag van die Woord word ook beklemtoon in Johannes 1:1-2: “In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God. Hy was reeds in die begin by God. Alles het deur Hom tot stand gekom: ja, nie ’n enkele ding wat bestaan, het sonder Hom tot stand gekom nie”. Die Woord van God dra dus skeppingskrag. Die kommunikasie vanaf God (die Bybel) en met God (gebed) bemagtig en herskep (transformeer/ dekonstrueer). Jesus het Homself dikwels onttrek om met sy Vader te kommunikeer. Die navorser is gevolglik van mening dat die dissiplines wat lei tot direkte kommunikasie in werklikheid die ‘ware’ dissiplines is. Meditasie, gebed, studie van die Woord, eensaamheid en stilte, dwing volgens die navorser tot kommunikasie met God. Hoewel die gebruik van vas ook aandag sal kry, het vas meer die rol gespeel van gereedmaking met die oog op kommunikasie. Aangesien die navorser vanuit redes wat reeds verduidelik is, kies om klem te

lê op kommunikasie, sal daar ook aandag gegee word aan die erediens as kommunikasiegebeure tussen God en mens en die kommunikasie in kleingroepe.

Die ander dissiplines wat deur onder andere Willard (1988) en Foster (1989) beklemtoon word soos byvoorbeeld eenvoud, armoede, onderwerping, diens, belydenis, viering, selfkastyding en geheimhouding word deur die navorser as 'n gevolg van die aanvanklike kommunikasie gesien. Die Woord van God word gesien as die eerste rondte van kommunikasie. Daarna kommunikeer die mens met God oor sy verstaan van God se kommunikasie (meta-kommunikasie). Die veranderende lewe, soos dit sigbaar word in onder andere eenvoud, diens, ensovoorts, is dus al weer 'n verdere rondte van kommunikasie (meta-meta-kommunikasie). Die ideaal is dat hierdie kommunikasie deurlopend voortgesit moet word vanuit die aangesprokene deur die Woord van God. In die proses sal die lewensverhaal (geloofsverhaal) van die mens verander met gevolglike verandering in die lewenspraktyk. Die doelbewuste pogings om die uiterlike lewe te verander sal dan suksesvol wees omdat daar nie 'n onsigbare mag is wat verandering teëwerk nie. 'n Opmerking oor die wisselterm lewensverhaal/geloofsverhaal verdien aandag. Die navorser sien die mens se hele lewe as 'n lewe in die teenwoordigheid van God. Die mens antwoord met sy lewe op sy verstaan van die spreke van God. Alles wat die mens doen, is dus ook 'n geloofsaak. Die mens antwoord in geloof of in ongeloof of ongehoorsaamheid. **Die mens se lewensverhaal is dus 'n geloofsantwoord.** Daarom beklemtoon die navorser dit dat 'n afbrekende of negatiewe lewensverhaal beslis lê op die terrein van die herskeppende verhaal van God in Jesus Christus. Jesus wil ook bevry van patrone wat groei negatief beïnvloed. Hierdie herskepping vind plaas deur kommunikasie met God.

Vir die doel van die studie sal daar dus aan gebed, afsondering (solitude), stilte, meditasie, die lees van die Woord van God en die erediens aandag gegee word.

As samevatting kan die volgende as inleiding oor die geestelike dissiplines genoem word:

- Jesus is nie net die Verlosser nie, maar ook die voorbeeld tot kwaliteit-lewe.
- Jesus het Homself dikwels afgesonder om met sy Vader te kommunikeer.

- Die geestelike dissiplines is 'n middel tot 'n doel, naamlik om met God te kommunikeer.
- Die klem val nooit op die dissiplines nie, maar op kontak met God.
- Eensydige beklemtoning van die dissiplines lei tot wettisisme.
- Klem op die wilskrag van die mens tot transformasie, oorskat die mens. Die innerlike patrone in die mens moet effektief aangespreek word.
- God skep en herskep deur taal (kommunikasie).
- Kommunikasie tussen die Godsverhaal en die lewensverhaal lei tot 'n nuwe lewensverhaal (paradigma).
- Die dissiplines plaas die mens in 'n posisie waar God die mens deur kommunikasie kan verander.
- Die mens se eerste verantwoordelikheid is om die dissiplines te beoefen ten einde in die posisie te kom waar God die mens kan verander.
- Die verandering van die uiterlike lewe lê op die derde vlak van kommunikasie (meta-meta-kommunikasie).

4.2 Die Bybel as God se spreke (Godsverhaal) met die mens

“Die Bybel is nie net 'n boek vol mooi en goeie gedagtes wat 'n mens moet verstaan en gehoorsaam nie. Dit is die kanaal waardeur die Gees vandag nog werk. Dit vertel nie net hoe God in die verlede gepraat het nie, maar dit is die wyse waarop God vandag nog met ons praat” (Eie beklemtoning) (Nicol 1989:71). Cilliers maak ook belangrike opmerkings met betrekking tot die Bybel: “Deur die geheimenisvolle werk van die Heilige Gees word die

letterlike woorde van die Skrif tot lewende woorde gemaak ... Die Gees laat die Woord wêrk. Die Heilige Gees maak van die Bybel 'n unieke Boek, anders as enige ander geskrif in die geskiedenis" (1996:21-22). Rice (1991:34) noem dat selfs Calvin iets soos 'n intuïtiewe ervaring as werking van die Gees erken het, maar beklemtoon dat hierdie insigte altyd aan die Woord getoets moet word. Die Gees sal nooit anders as die Woord lei nie. **Die Bybel vertel van God en sy groot dade in die geskiedenis en die lewens van mense.** Die bril waardeur ons moet kyk as ons die onsiglike God wil sien is die Bybel (Cilliers 1998:100). Hierdie God is vandag nog handelend teenwoordig in sy kinders. Hierdie God wil heelmaak. Hierdie God leer ons onder andere ken in die verhaal van die verlore seun, maar veral in die geskiedenis van Jesus. Cilliers beklemtoon egter dat daar moeite gedoen moet word om die stem van God in die Bybel te hoor. Hy stel dit so: " 'n Mens kan na die Bybelse teks - die bron van water - luister, en jy kan daarna lúister. Jy moet jou ore naby aan die stroom hou, totdat jy die musiek van God se ewangeliewoord hoor ... en kan saamsing. Al is dit soms 'n klaagpsalm" (1996:123). In die voorwoord van Cilliers (1998) skryf Müller: "So bring die kyk deur die teks wêrelde bymekaar: God se wêreld en ons wêreld ... en siedaar! - 'n nuwe wêreld word gebore, vol hoop, vol sprankel, vol nuwe lewe. Alles word nuut (2 Kor 5:17)".

Om die Bybel te lees, is nie noodwendig dieselfde as om na God te luister nie. Die primêre doel van taal en ook die geskrewe taal is nie in die eerste plek om inligting oor te dra nie, maar om 'n verhouding te skep. As ons die Bybel lees sonder om persoonlik betrokke te raak, mis ons die boodskap. Om te kan hoor, veronderstel dat die Bybel gelees moet word, maar lees beteken nie noodwendig dat die leser ook hoorder word nie. **Peterson beklemtoon dat hoor beteken dat die leser in gesprek met God moet tree:** "The word is always sound: words spoken and heard, questioned and answered, rejected and obeyed, and finally, prayed" (1987:72). Foster beklemtoon dat hierdie gesprek oor die Woord (ook in meditasie), lei tot persoonlike geloof: "Whereas the study of Scripture centres on exegesis, the meditation of Scripture centres on internalising and personalising the passage. The written Word becomes a living word addressed to you" (Foster 1989:33). Hoewel Foster en Bonhoeffer (volgens Foster) beklemtoon dat die klem nie op die analisering van die Woord val nie, maar op die vraag na die betekenis vir die betrokke persoon, wil die navorser beklemtoon dat die wetenskaplike omgaan met die Woord nie oorbodig raak nie. Ons moet voortdurend vra na die bedoeling van die gedeelte en die bedoeling van die skrywer,

omdat ons alleen so die bedoeling van die Heilige Gees ontdek: “Om dit te kan doen, moet ek , soos by enige ander geskrewe stuk wat ek lees, altyd in gedagte hou dat die betrokke woorde in ’n bepaalde verband voorkom, dat hulle onder bepaalde omstandighede geskryf is, dat hulle in ’n bepaalde stylvorm geskryf is, dat hulle in eerste instansie aan ’n bepaalde adres gerig was en iets spesifiek aan daardie eerste lesers wou oordra” (Jonker 1974:6). Aangesien betekenis deur taal geskied, wil die navorser weer beklemtoon dat hierdie soeke na betekenis moet geskied deur kommunikasie. **Die persoon en gemeente moet eerstens soek na God se gekommunikeerde wil en dan in kommunikasie met God en met mekaar soek na die betekenis vir die tyd en omstandighede.**

Die navorser sien die oorspronklike betekenis van die teks as baie belangrik. Hierdie betekenis moet aan die persoon deurgegee word en saam met die betrokke teks peinsend oordink word met die oog op die betekenis vir die persoonlike lewe. Hoewel die navorser die kommunikasie tussen die persoon en die Woord van God baie sterk beklemtoon, sien die navorser die teoloog as deel van die gesprek. Die teoloë en leraars moet poog om die oorspronklike betekenis van die teks verstaanbaar uit te lê. Hulle moet die lig duidelik laat val op God en sy handeling in die teksgedeelte. Die navorser sien die taak van die teoloog en die predikant (wat ook veronderstel is om ’n teoloog te wees), om die Woord so uit te lê dat God uit die teks na vore tree. Die Godsverhaal moet sigbaar word. Verder is die taak van die teoloog en leraar volgens die navorser om die regte vrae te vra met die oog op die internalisering en personalisering van die Godsverhaal. Die gebruik van kommunikasie met betrekking tot die betekenis van die Godsverhaal vir ’n spesifieke situasie of tyd vind ons in die Skrif geïllustreer. Jonker (1974:19-20) wys daarop hoedat Israel in ’n omgewing geleef het waar bepaalde versoekings oor hulle pad gekom het en hoedat die reinheidswette hulle juis in daardie spesifieke omstandighede beskerm het. In die Nuwe Testament word die reinheidswette nie herhaal nie, omdat die omstandighede verander het. So het sekere voorskrifte met betrekking tot die vrou in die gemeente ook verdwyn omdat ons vandag in nuwe omstandighede leef: “Hoe die één wil van God in die verskillende situasies gedoen moet word, hang af van die omstandighede” (Jonker 1974:15). **In hierdie soeke na die praktiese uitlewe van die wil van God is die mens aktief teenwoordig:** “Die feit dat die Heilige Gees ons lei by die verstaan van die Skrif beteken nie dat ons self geen verantwoordelikheid in verband daarmee het nie. **Die leiding van die Gees gaan**

nie buite ons bewussyn, denke, aktiwiteit en verantwoordelikheid om nie” (Jonker 1974:4).

Woorde het altyd twee mikpunte, naamlik om iets weer te gee vanaf die skrywer en om iets te bereik in die leser: “ As ek my hele innerlike vir die Woord oopstel, het my intellek ook ’n belangrike funksie. Ek moet daardeur seker maak dat ek die woorde van die Bybel verstaan soos wat die oorspronklike skrywer dit bedoel het, en nie soos wat ek dit wil verstaan nie” (Nicol 1998:28): “ Die Woord het altyd ’n belofteryke karakter (promissio). Dit vertel die storie(s) van God se groot daade, waarby die mens ook ingesluit word” (Cilliers 1996:23). **God se verhaal is altyd evangelie, dit wil sê genade, reddend, heelmakend. Die leser moet altyd soek na God se verhaal en sy eie verhaal laat reageer op God se verhaal.** Die vraag moet altyd gevra word na God se rol in die teks met die oog op heel-word. Daar moet altyd gesoek word na die evangelie en God se rol in die evangelie en wat die evangelie vir die mens inhou asook God se rol in die uitwerk van die evangelie in die persoonlike lewe. Selfs al oordeel God, roep Hy op tot ’n heel-word -proses. In hierdie heel-word is Hy aktief betrokke, dit het Hy kom wys in die koms van Jesus Christus. God moet altyd gesoek word in die Bybelverhaal. Wanneer God se rol as ‘evangelie’ misken word, word die klem verskuif na selfregverdiging en dus ’n oorskatting en oorlading van die mens. Selfs in die gedeeltes waar daar ’n bevel gegee word (imperatief) is die evangelie (helpende God) teenwoordig. Cilliers stel dit goed: “Die Bybelse gebod is nooit bloot ’n naakte bevel nie, maar eerder ’n kragtige toesegging, ’n belofteryke uitnodiging om jou geloof elke dag uit die werklikheid van die verlossing te leef ... God gebied in die mate waarin Hy skenk; Hy skenk ook in die mate waarin Hy gebied” (1996:45). In die gebod is die evangelie dus opgesluit. Daardie evangelie moet verkondig word, anders word die mens oorlaai. Die navorser oordeel dat die klem op kommunikasie tussen die Godsverhaal en die lewensverhaal van die mens goed benut kan word om God bloot te lê in die Bybelverhaal. Die woord ‘Godsverhaal’ hou reeds die betekenis in dat God die bepalende faktor is en stuur dus weg van die mens se verhaal as uitgangspunt. In hierdie soeke na die God in die teks en die betekenis van die Godsverhaal vir die mens se lewensverhaal, is die Heilige Gees skeppend teenwoordig. Rice beklemtoon die noodsaak van die Heilige Gees in die lees van die Bybel: “Because reading scripture is not easy and its meaning is not obvious, we need the assistance of the Holy Spirit so that we may actually encounter the living word of God in our reading ...Understanding the Bible

is never simply a matter of mechanical reading, but involves the reader in a process of prayerful and attentive work” (1991:103-104).

Die klem op die Godsverhaal beklemtoon ook die positiewe verhaal en skep dus hoop, eerder as om by die mens se verhaal te begin wat sonder die Godsverhaal in werklikheid hooploos is. Bloot die woordkeuse wat in die hipotese gebruik word, naamlik geestelike groei as kommunikasieproses tussen die lewensverhaal van die gelowige en God se verhaal met die gelowige, stuur dus reeds weg van ’n ‘onevangeliese’ oorbeklemtoning van die rol van die mens. Die werklike groei gebeur deur die W[w]oord, God se Woord en die mens se woord, dit wil sê die kommunikasieproses. Die aksie van die mens groei dan uit hierdie nuwe verhaal.

Die mens moet ook nooit dink dat ’n teks so bekend aan hom is dat dit geen boodskap meer vir hom inhou nie. Die Gees kan altyd die Woord nuut laat word vir ’n betrokke persoon. Verder is die gedagtes wat die mens van buite ken dikwels nog nooit deurdink en in die lewensverhaal geïntegreer nie. Brueggeman (1989:51) beklemtoon dat die teks ’n “abrasiveness” het. Die teks het ’n inherente vermoë om die mens altyd weer te verras. Hierdie kommunikasieproses is ’n voortgaande proses met onuitputlike potensiaal tot transformasie. Cilliers (1996:25) maak ’n geldige opmerking wanneer hy sê dat in die lees van die verhaal kom staan die verhaal teenoor die verhaal van die mens en vra na die verskille in die Bybelverhaal met die lewensverhaal. Die Bybelverhaal roep as’t ware vanuit die eskatologie na die lewensverhaal. Die belangrike vraag is: “Waaruit en waarheen roep die Bybelverhaal en God se rol in die verhaal die lewensverhaal?”

In die proses van die skep van ’n nuwe geloofsverhaal is God en die mens aktief betrokke. Die navorser het dus ’n probleem met die volgende opmerking van Nicol: “ As ek so met die Bybel omgaan, werp ek my op die lewende waters van sy Gees en verloor ek beheer oor wat met my in my stiltetyd gebeur. Ek kan dit nie doen as ek nie bereid is om my aan God oor te gee en om deur Hom gevorm te word nie” (1989:72). Die navorser het ’n probleem met die gedagte dat die mens nie beheer het oor wat in sy stiltetyd met hom gebeur nie. Dit is wel so dat verandering God se werk is, maar die term teonome resiprositeit wil juis beklemtoon dat God en die mens as’t ware vennote in die proses van verandering is. Die mens konstrueer saam aan sy nuwe verhaal. Die mens is die hele tyd aktief betrokke. Die mens se aandeel hou nie op sodra hy sy innerlike vir

God oopgestel het nie. Dit is egter wel so dat daar in die ontdekking van God se rol in die Bybelverhaal, 'n nuwe verstaan van God plaasvind en dat hierdie nuwe verstaan lei tot 'n nuwe geloofsverhaal wat op sy beurt weer veranderende optrede tot gevolg het. In die proses van kommunikasie lê daar wel 'n krag opgesluit wat 'n sneebaleffek het. Vanuit die gesprek met God en sy verhaal kan daar verrassende nuwe dinge gebeur. Die wonder is dat die mens deel bly van hierdie verhaal. Die nuwe verhaal is dus nie net iets wat met die mens gebeur nie, dit gebeur in hom en deur hom saam met God.

In die nadenke oor die teksgedeelte is die doel nie om die regte antwoorde te ontdek nie, maar om die Godsverhaal op die lewe te laat fokus. Dit is dikwels ook beter om op een sentrale gedagte vanuit die Woord te konsentreer as om verskillende gedagtes te probeer deurdink. Bonnhoeffer se siening was dat daar selfs 'n hele week aan een perikoop gewy kan word, waar daar dan elke dag aan 'n ander gedagte aandag gegee word (Foster 1989:34). Volgens Rice (1991:113) is daar 'n paar stappe wat in gedagte gehou moet word by die lees van die Bybel. In die eerste plek moet die teks met verwagting en openheid vir 'n boodskap gelees word. In die tweede plek moet die teks in gebed genader word. Gebed getuig ook hier van die afhanklikheid van die Gees om die teks oop te maak. In die derde plek moet daar tyd met die Bybel deurgebring word. Die leser moet homself gereed maak om die boodskap vanuit die Bybel te hoor. Om eers stil te word, is noodsaaklik om die boodskap vanuit die Woord te hoor. In die leesproses moet die kernboodschap gesoek word asook die boodskap vir die persoonlike lewe. In die verband kan die relatiewe beïnvloedingsvrae baie sinvol gebruik word om die boodskap persoonlik te maak. Hierdie hele proses moet biddend gedoen word. Gebed getuig van die afhanklikheid van God.

Betekende dit dat die rigting altyd vanaf die Bybel na die lewensverhaal moet wees, of kan die rigting ook soms vanaf die lewensverhaal of 'n situasie na die Bybel wees? Die navorser is van mening dat die orde soms ook omgekeer kan word aangesien die lewensverhaal of sekere situasies dikwels dwing tot 'n gesprek met God. Daar moet egter gewaak word dat die Godsverhaal dan nie verskraal word tot die mens se lewensverhaal nie. Deur op die Godsverhaal te konsentreer word die mens se verhaal verbreed. Die mens word uitgenooi om deel van God se omvattende verhaal te word.

Die vraag ontstaan ook of die Here slegs deur die Bybel werk en of die Gees die mens ook direk kan lei. Hoewel die Bybel verwys na verskeie geleenthede waar die Gees iemand tot bepaalde insig gelei het, is die navorser van mening dat die 'stem van die Gees' altyd aan die Skrif getoets moet word en dat die insig van die gemeenskap van die gelowiges nooit gering geskat mag word nie. Die Gees lei nie net sekere individue nie, maar alle gelowiges. Dit het dus groot waarde om sake ook met mede gelowiges te bespreek en hulle siening oor die saak en die Bybel te hoor.

As samevatting kan die volgende genoem word:

- Die Bybel is steeds die kanaal waardeur die Gees vandag nog werk.
- Die Bybel handel oor die handelende God in die proses van heelmaak.
- Die doel van die Bybel is die skep van 'n verhouding tussen God en mens, waar die mens reageer op die ken en beleef van God.
- God is altyd in enige teks helpend teenwoordig. In enige teks is daar evangelie.
- Die teologiese spits van 'n teksgedeelte moet deur die leser/hoorder geïnternaliseer en gepersonifieer word.
- Kommunikasie tussen die Godsverhaal en die mens se lewensverhaal lei tot 'n nuwe verhaal (geestelike groei).
- In die gesprek tussen God en mens val die klem op die Godsverhaal as 'eskatologiese' moontlikheid. Die Godsverhaal roep die mens vanuit sy verhaal tot 'n nuwe verhaal.
- Die nuwe verhaal (groei) is 'n samewerkingsproses tussen die Heilige Gees en die mens.
- Deur die W[w]oorde tussen mens en God gebeur 'n nuwe verhaal deur die Gees en die mens.

4.3 Afsondering (Solitude) is nodig om God se stem te hoor

“Settle yourself in solitude and you will come upon Him in yourself”

Teresa of Avila

Die tydelike afsondering van die samelewing met die oog op kommunikasie met God is meer as om net stilte te beleef. Met die volgende aanhaling beklemtoon Foster dat afsondering in werklikheid ’n positiewe ervaring is, terwyl eensaamheid getuig van iets negatiefs: “Loneliness is inner emptiness. Solitude is inner fulfilment” (1989:121). Die afsondering van mense en uit die daaglikse roetine skep afstand wat in gesprek met God kan lei tot ’n herwaardering van die lewe en die dinge wat die daaglikse lewe vul. Deur so te onttrek word die mens gekonfronteer met dit wat aan hom sekuriteit gee. Die ‘woestyn’ was ook in die Israelse tradisie ’n plek waar kragte opgebou is met die oog op die hantering van die lewe wat voorlê. Die geheim van die kragte was die totale afhanklikheid van God en die kontak met God.

As gevolg van ’n gebrek aan ’n gepaste afrikaanse woord, sal die woord afsondering gebruik word om die tydelike onttrekking uit die samelewing aan te dui. Die klem word egter geplaas op eensame afsondering met die oog op die vol-word van God. Stilte is eerder ’n stemming binne in die mens, as wat dit ’n spesifieke plek is (Postema 1997:17). Foster beklemtoon die gedagte dat die positiewe waarde nie lê in die alleen wees nie, maar wel in die kontak met God. Dit is moontlik om alleen te wees maar steeds baie gejaagd in die innerlike. Volgens Foster bring die afsondering waarvoor hy pleit ’n bewustheid van die teenwoordigheid van God en dit bring ook innerlike rustigheid. “It is quite possible to be a desert hermit and never experience solitude. But if we possess inward solitude we do not fear being alone, for we know that we are not alone. Neither do we fear being with others, for they do not control us” (Foster:1989:122). Die waarde is nie in stilte nie, maar in stilte wat die geleentheid tot ongehinderde kommunikasie skep (Nouwen 1995:28). Hoewel die navorser nie die gedagte dat ’n mens ook tussen mense hierdie stilte kan ervaar, opponer nie, wil hy beklemtoon dat die afsondering wat hy beklemtoon op kommunikasie met God en sy Woord gemik is. Hierdie afsondering kan baie moeilik tussen baie mense gebeur. Afsondering en stilte is maats.

Hoewel sommige skrywers (Willard 1988; Foster 1989; en Nouwen 1981) stilte as dissipline los van afsondering beklemtoon, beskou die navorser stilte en afsondering as een proses om God se stem te hoor. Afsondering wat die mens vul deur kommunikasie met God, vereis ook stilte. Die navorser wil dit weer beklemtoon dat die klem nie val op die dissipline nie, maar op die kommunikasie met God. Enige iets wat die mens se aandag aftrek van die kommunikasie met God, moet uit die weg geruim word. Willard beklemtoon dat stilte afsondering moontlik maak wanneer hy sê: “Only silence will allow us life-transforming concentration upon God” (1988:164). Afsondering word dus reeds gesien as deel van die volword wat alleen gebeur deur kommunikasie met God. Die navorser is huiwerig om die verskillende dissiplines uit mekaar te haal. **Vir die navorser is daar eintlik net een dissipline, naamlik kommunikasie met God.** Afsondering, stilte, vas, bestudering van die Woord, meditasie en gebed is alles deel van een dissipline, naamlik kommunikasie met God. Wanneer die dissiplines uit mekaar gehaal word, bestaan die gevaar dat die gedagte van verdienste die kommunikasie bedreig.

By Willard (1988:159) kry die navorser tog die gedagte van verdienste of selfopgelegde eise wanneer daar klem gelê word op die onthouding van dinge soos kos (vas), slaap, liggaamlike aktiwiteit en seksuele verkeer. Daar moet meer gedoen word as wat die Woord vra. Selfs die beklemtoning van stilte word na die mening van die navorser dikwels losgemaak van die eintlike doelwit, naamlik kommunikasie met God. Die navorser oordeel dat enige onthouding van aardse goed, byvoorbeeld kos in die geval van vas, altyd op effekiewe kommunikasie gerig moet wees, anders is dit selfgerig. Die gevaar van selfkastyding moet nie hier buite rekening gelaat word nie.

Jesus het homself dikwels onttrek na 'n eensame plek (Postema 1997:17; Hudson 1995:87): Voordat Hy sy bediening begin het, het Hy Homself vir veertig dae in die woestyn onttrek; Voordat Hy die twaalf gekies het, het Hy Homself vir 'n nag in eensaamheid afgesonder (Lk 6:12); Nadat Hy die nuus van Johannes die Doper se dood gehoor het, het Hy Homself in 'n eensame plek teruggetrek; Na die wonderwerk toe daar vyfduisend mense deur Hom gevoed is, het Hy Homself onttrek (Mt 14:23). Nadat die twaalf van 'n geleentheid teruggekom het waar hulle die evangelie verkondig het en mense genees het, het Jesus hulle aanbeveel om hulself na 'n eensame plek terug te trek; Jesus het Hom ook in eensaamheid in Getsemane onttrek om daar in

afsondering met sy Vader te worstel. Postema se opmerking beklemtoon die noodsaak van afsondering: “If Jesus needed such solitude for prayer, for listening to God, we certainly do!” (1997:17).

Om regtig effektief tussen mense te werk, moet die mens soms van daardie mense onttrek om deur God gevul te word. Foster beklemtoon dat die doel van afsondering gemik is op die hoor van God: “The purpose of silence and solitude is to be able to see and hear” (1989:123). Dit is egter baie belangrik om daarop te wys dat Jesus baie gou weer teruggekeer het na die mense wie Hy gedien het. Hoewel dit amper soos heiligs kennis voel om die groot geestelikes van die vorige eeue te kritiseer, is die navorser van mening dat die klem op die terugtrek in eensaamheid dikwels meer klem gekry het as die kommunikasie met God en die terugkeer na die wêreld om te dien. “St John of the Cross” verwys na “the dark night of the soul”. Die gebeurtenis wat hy beskryf is iets soortgelyks aan ’n baie diep depressie. Gedurende hierdie tydperk verdwyn die begeerte om kontak met God te maak. Die geheue word swak en die gevoelens afgestomp: “When God lovingly draws us into a dark night of the soul, there is often a temptation to seek release from it and to blame everyone and everything for our inner dullness ... What should we do during a time of inward darkness? First, disregard the advice of well-meaning friends to snap out of it” (Foster 1989:128-129). Die stil-word waarna die navorser verwys, is iets anders as dit waarna St John of the Cross verwys. Die stil-word waarna die navorser verwys is iets ‘doodgewoons’. Die navorser is, hoewel baie versigtig om kritiek te lewer, tog van mening dat die afsondering waarna St John verwys gevaarlik is, omdat dit iets is wat nie in die Bybel beskryf word nie. Die gevaar bestaan dat die klem op die ervaring kan rus en dus ’n gemanipuleerde situasie kan wees. Die stil-word wat in hierdie studie beklemtoon word, is die keuses tot afsondering met die oog op die bestudering van die Woord van God en gebed. Die klem val dus op kommunikasie tussen God en mens.

’n Ander voorbeeld waarna Nouwen (1981:19) verwys, is St Anthony die vader van die monikke. Toe hy ongeveer agtien jaar oud was, het hy ’n stem in die kerk aan hom hoor sê dat hy alles moet gaan verkoop, die geld aan die armes gee en Jesus dan volg. Hy het dit gedoen en na ’n tyd van armoede nog verder gegaan en in die woestyn gaan woon. Hoewel daar verskeie mense vir hulp na hom gekom het, was sy optrede duidelik nie in lyn met Jesus se opdrag om die

sout vir die wêreld te wees nie. Hoewel Nouwen (1981:20) hierdie optrede hoog aanslaan en afsondering sien as die smeltkroes waarbinne hierdie ‘word soos Jesus’ gebeur het, is die navorser van mening dat die eerste roeping nie in lyn met die res van die Skrif was nie. Die navorser moet dus waarsku teen ’n verheffing van iemand wat volgens menslike standarde geestelik hoë hoogtes bereik het, maar dit bereik het los van die gemeenskap van die gelowiges en vanuit ’n vreemde “Skrifgebruik”. Die navorser se waarskuwing word as geldig bewys deur ’n aanhaling wat Nouwen (1981:21) vanuit ’n boek van Merton maak: “Society ... was regarded [by the Desert Fathers] as a shipwreck from which each single individual man had to swim for his life... These were men who believed that to let oneself drift along, passively accepting the tenets and values of what they knew as society, was purely and simply a disaster”. Die mens is tog juis deur God gemaak om die wêreld onder die heerskappy van God te plaas. Om weg te vlug vanuit die wêreld en geestelik hoë hoogtes te bereik, mag indrukwekkend wees, maar dit is nie in lyn met God se skeppingsopdrag nie. Die riglyne van die Skrif bly steeds belangriker as die standaard wat in individue bereik word. Die gevaar bestaan dat iemand wat volgens menslike standarde ’n hoë geestelike peil bereik het, as standaard geneem word terwyl die persoon se optrede wel indrukwekkend mag wees, maar nie in lyn met die Skrif nie. In afsondering is dit belangrik dat die persoon in kontak kom met God, maar ook weer daardie kontak prakties kom uitleef in God se wêreld. Postema beklemtoon die betrokkenheid in die wêreld so: “A zealous involvement with ‘holy things’ can never be a way of avoiding the pain that prevails in the world or the alienation that exists between ourselves and a brother or sister” (1997:157).

Die teenoorgestelde van die totale afsondering is wanneer mense nooit stil word nie en dit beklemtoon dat hulle hele lewe ’n gebed is en dat hulle nie nodig het om eenkant te kom nie. Tereg merk Foster (1989:131) op dat hierdie stil-word nie net gebeur waar die mens homself vir ’n lang tydperk onttrek nie. Daar waar die mens selfs net vir ’n oomblik aan God dink en met Hom kommunikeer vind daar groei plaas. Hoewel die navorser hierdie stil-word-oomblikke kan waardeer, is hy tog van mening dat die stil-word-geleentheid wat Jesus toegepas het en wat die mens nodig het met die oog op kommunikasie en groei, ’n doelbewuste afsondering van mense en ’n doelbewuste kommunikasie met God vra (Postema 1997:48). Foster bevestig die navorser se standpunt dat hierdie afsondering nie maar toevallige afsonderingsgeleentheid is nie, maar beplan moet word: “Like Jesus we must go away from people so that we can be truly present

when we are with people”(Foster 1989:131). In die lig van die navorsing wil die navorser verder beklemtoon dat die stil-word saam met God nie net ’n “petrolpomp” is waar die mense weer brandstof kry vir die volgende skof nie, maar die stil-word saam met God lei ook tot die kennis van die self en die kennis van die nood van ander. Vanuit gesprek met God kan die mens dan meer berekend en as unieke mens aan unieke probleme aandag gee. Foster beklemtoon die gedagte dat afsondering die mens ’n fyn aanvoeling gee: “The fruit of solitude is increased sensitivity and compassion for others” (Foster 1989:134). Hierdie sensitiwiteit geld vir die mens se eie persoon en die omstandighede van ander.

Die stil-word in ’n eensame plek help ’n mens ook om in die lig van die Woord en in gesprek met God voorraadopname te doen van die lewe. Hoewel die navorser anders oordeel oor die woestynvaders as Nouwen, is sy siening van afsondering hier van belang: “Solitude is the furnace of transformation. Without solitude we remain victims of our society and continue to be entangled in the illusions of the false self ...Solitude is the place of the great struggle and the great encounter - the struggle against the compulsions of the false self, and the encounter with the loving God who offers himself as the substance of the new self” (1981:25-26) Hoewel Nouwen nie werk vanuit die hoek van die sosiale konstruksionisme nie, beklemtoon hy ook dat die mens in die stil-word saam met God, gekonfronteer word met sy valse self en met God as die grond vir die ware self. In die taal van die navorser, beklemtoon hy dat die mense se lewensverhaal deur gesprek met God aan die kaak gestel word en dat die Godsverhaal die lewensverhaal transformeer.

Die vinnige lewe het vir die meeste mense ’n probleem geword. Foster (1989:135) skryf: “In time, however, we found that solitude did not give us power to win the rat race; on the contrary, it taught us to ignore it altogether.” Terwyl ons bevry word van ons eie verwagting en die van ander, word ons vry om God se Woord en sy wil te hoor en te ontdek. In die proses ontstaan daar volgens Foster ’n noue band tussen die mens en God: “God takes this useless discipline, this wasted time, to make us His friend” (1989:135). Nouwen beklemtoon dat afsondering dikwels baie swaar kan wees, maar die mens tog stroop van alles wat aan hom valse waarde gee voor God. Hy stel dit treffend soos volg: “In solitude I get rid of my scaffolding: no friends to talk with, no telephone calls to make, no meetings to attend, no music to entertain, no books to

distract, just me - naked, vulnerable, weak, sinful, deprived, broken - nothing. It is this nothingness so dreadful that everything in me wants to run to my friends, my work, and my distractions so that I can forget my nothingness and make myself believe that I am worth something” (1981:27). In gesprek met God word die mens gestroop van alles totdat hy alleen voor God staan. Wanneer God se verhaal dan in gesprek oor die mens se lewensverhaal skuif, word ’n nuwe verhaal en ’n nuwe mens gebore.

Dit moet egter weer beklemtoon word dat die doel van afsondering kommunikasie is met God deur na sy Woord te luister, dit te oordink en te reageer in gebed. Foster beklemtoon hierdie gedagte baie sterk met die volgende aanhaling: “We enter the terrifying silence to listen to God, to experience communion. This purpose needs to be kept before us, because, at first, time thus spent will seem so useless, so wasted. We will soon be severely tempted to make ‘good use of our time’ by reading many books or writing many pages. What we must clearly understand and underscore is that our real task on retreat is to create a space in our lives where God can reach us” (1989:136). Nouwen beklemtoon ook die doel van afsondering: “We enter into solitude first of all to meet our Lord and to be with him and him alone” (1981:30). Vanuit die stille ontmoeting beweeg die mens die wêreld in om God daar sigbaar te maak: “Mystiek zonder handelen verschraalt tot mysticisme” (van’t Spijker 1993 d:440).

Die navorser het probeer aantoon dat afsondering ’n moet is vir alle gelowiges. **Afsondering lei tot kommunikasie met God wat lei tot transformasie.** ‘Solitude’ beteken egter nie permanente afsondering uit die samelewing nie. Stil-word wat lei tot transformasie moet lei tot hernude diens in die wêreld. Afsondering is meer as die kultuur van dagboek-lees wat onder die hedendaagse Christen ontstaan het. Afsondering beteken kommunikasie met God.

In samevatting kan die volgende oor stil-word (solitude) gesê word:

- Afsondering is meer as stil-word. Dit is vol-word van God.
- Die navorser is van mening dat daar eintlik net een dissipline is naamlik kommunikasie met God. Al die ander dissiplines dien kommunikasie of vloei uit kommunikasie met God.

- Wanneer die verskillende dissiplines beklemtoon word los van die gedagte van kommunikasie, kan dit maklik lei tot verdienste.
- Afsondering dwing terug na die wêreld en die wêreld dwing terug na afsondering.
- Die Skrif bly die norm vir geestelike groei en nooit die standaard van mense nie.
- Stil-word vra beslisde besluite met betrekking tot afgesonderde tyd en is meer as 'n terloopse dink aan God.
- Stil-word konfronteer die mens met sy valse self en dwing tot gesprek met God se verhaal wat lei tot die ware self.
- Afsondering beteken kommunikasie met God.

4.4 Vas skep tyd vir kommunikasie

Volgens Wimmer (1982:3) beskryf Bultmann hermeneutiek as: “ the art of arriving at the understanding of life expressed in a written text.” Volgens hierdie definisie van hermeneutiek moet daar ondersoek gedoen word na die wyse , indien enige, hoe die dissipline van vas die lewe beïnvloed. Met lewe word hier in die eerste plek bedoel die lewe in teenwoordigheid van God (coram Deo). Binne die konteks van die navorsing moet daar ondersoek gedoen word na die mate waarin vas kommunikasie met God is en kommunikasie met God skep.

Daar is reeds gewys op die feit dat Jesus nie net Verlosser was nie, maar ook voorbeeld van die lewe in die teenwoordigheid van God. As Jesus dit sinvol beleef het om te vas met die oog op sy verhouding met die Vader, is dit ook vir sy volgelinge belangrik. Dit is belangrik om vas te stel waarom dit vir Jesus en die vroeëre volk van God sinvol was om te vas. Die gebruik van vas word reeds in die Ou Testament aangetref. Die vraag ontstaan waarom die gebruik wat so baie voorkom in die Bybel totaal in onbruik geraak het binne die christelike kerk. Een van die groot

redes is volgens Foster (1989:61) die wyse hoe sommige gelowiges die gebruik in die middeleeue toegepas het. Vas is losgemaak van die kommunikasie met God en het 'n grootheid op sy eie geword. Jesus se veroordeling van die Fariseërs se gebruik van vas kon ook gelei het tot die persepsie dat vas verkeerd is. Jesus wou egter net die verkeerde gebruik van vas uitwys. Foster beklemtoon dat dit eerder gaan om die ingesteldheid van die hart as die uiterlike daad van vas as hy die volgende sê: "...but the most important thing to monitor is the inner attitude of the heart" (1989:71).

In die Ou Testament was dit die gebruik om van tyd tot tyd vir 'n dag sonder kos en water te bly. In die tyd van versoening is daar ook vir 'n langer tyd (vier en twintig uur) sonder kos of water gebly. In tye van krisis, byvoorbeeld voor 'n oorlog en ten tye van hartseer, byvoorbeeld by die dood van 'n geliefde, is daar gevas. Die doel van vas was gemik op betoning van nederigheid, self-vernederings asook afhanklikheid van God. Daar was egter nooit sprake van enige waarde wat daar was in die dissipline van vas nie. Vas was 'n manier van kommunikasie met God. Joël 2:12-14 werp duidelikheid op die gesindheid wat met vas gekommunikeer is:

“Maar nou sê die Here:

‘Kom met julle hele hart terug na My toe, vas, huil, en treur!

Skeur julle harte, nie julle klere nie.

Kom terug na die Here julle God toe:

Hy is genadig en barmhartig;

Hy is lankmoedig en vol liefde.

Hy is bereid om te straf”.

Vas in die Ou Testament het die mens gedwing om ondersoek in te stel na sy hele lewe:

“Fasting has a symbolic function and it is capable of allowing a person to penetrate more deeply into an understanding of his/her relationships to self, others, the world, and God” (Wimmer 1982:5). Vanuit hierdie opmerking van Wimmer wil die navorser dit beklemtoon dat dit in die gebruik van vas ten diepste daarom gaan dat daar vir 'n tyd weggebreek word van die materiële, die aardse, die dinge wat dit moeilik maak om die volle aandag op God en sy Woord te vestig. Daar is byvoorbeeld geen sin in om vir 'n dag lank niks te eet nie, maar die hele dag voor die televisie deur te bring nie. Die navorser wil dus beklemtoon dat die mikpunt van vas, soos ons dit

vind in die Ou Testamentiese sin, steeds noodsaaklik is. Miskien het dit, gesien in die lig van ons gejaagde lewe, noodsaakliker geword as selfs in die Ou Testamentiese tyd.

In die inter-testamentêre tydperk het die beoefening van vas nie verander van die Ou Testamentiese gebruik nie, hoewel sekere klanke van verdienste in enkele geskrifte gehoor is. In die eerste boek van Henog staan daar byvoorbeeld die volgende woorde wat 'n idee gee van klemverskuiwing vanaf vas as kommunikasie met God na 'n saak van verdienste: "It is ascetical in tone and present fasting in connection with humility, divine reward, and the idea of heaven; verse 10 goes on to mention God's reward 'because they loved heaven more than their life in the world' " (Wimmer 1982:11). In die hellenistiese wêreld waarbinne die Nuwe Testament ontstaan het, het vas feitlik geen rol gespeel nie.

Hoewel Jesus as voorbeeld dien met die oog op 'n lewe in die teenwoordigheid van God, moet daar onderskeid gemaak word tussen Jesus se daaglikse lewe en sy lewe as plaasvervanger in die plek van die sondige mens. Jesus se versoeking van veertig dae in die woestyn is nie bedoel om deur die mens nagevolg te word nie. Daar is 'n sterk ooreenkoms tussen Dt 8:2-5 en Mt 4:1-4/Lk 4:1-4. Die getal veertig en die terugtrek in die woestyn was as't ware tradisies wat in Israel se godsdiens geleef het. Ons lees van Moses wat vir veertig dae alleen saam met God was nadat Moses vir 'n tweede keer die wet by God moes gaan kry (Eks 34:28) Die volk het ook vir veertig jaar in die woestyn rondgeswerf. Jesus se verblyf van veertig dae in die woestyn het beslis te doen met die simboliese betekenis van die tydperk van veertig en die woestyn. In Dt 8:2-5 lees ons dat die volk vir veertig jaar in die woestyn moes swerf sodat God seker kon wees dat hulle aan Hom getrou sou bly en aan hulle doel sou beantwoord. Verder lees ons dat hulle ook honger moes ly sodat hulle kon leer dat die mens nie net van brood leef nie, maar veral van die Woord van God (dit wil sê die verhouding met God). Wanneer Jesus dan die toets slaag, gryp dit vooruit na die kruis waar hy namens die mens aan God se eise voldoen het. Wat die volk nie kon regkry nie, het Jesus namens die mens reggekry. Die mens moet nou net in Jesus glo. Aangesien die vas in die woestyn vir veertig dae plaasvervangende waarde gehad het, moet die mens juis nie hierdie gebeure probeer herhaal nie. Wat wel belangrik is, is die rol wat die Woord gespeel het in Jesus se oorwinning. Kommunikasie met God lei daartoe dat die mens aan sy doel beantwoord. **Die klem val nie op die vas nie, maar op die verhouding wat 'n werklikheid**

word deur kommunikasie tussen God en mens. God praat en die mens antwoord deur woord en daad.

In die verband kan veral Dt 8:3 vergelyk word: “Hy het jou laat swaarkry, laat honger ly en toe met manna gevoed, iets waarmee nóg jy nóg jou voorvaders bekend was. Hy het dit gedoen om jou te leer dat ’n mens nie net van brood leef nie, maar dat hy leef van elke woord wat uit die mond van God kom.” God wil die mens altyd bring tot gesprek. Waar gesprek plaasvind, word nuwe lewe geskep. **Gesprek tussen God en mens, met God as die hoofgespreksgenoot, is belangriker vir die lewe as aardse dinge soos kos.** Daar moet vir ’n tyd lank van die aardse dinge onttrek word ten einde op God en sy Woord te konsentreer.

In Mt 6:1-18 word daar niks gesê oor die betekenis van vas nie. Die enigste belangrike afleiding wat uit die teks gemaak kan word, is die feit dat Jesus hulp aan armes, gebed en vas op dieselfde vlak hanteer (Wimmer 1982:72; Foster 1989:66). Vas was dus deel van die christelike lewe en kan nie gesien word as iets wat bloot deel van die Ou Testamentiese tradisie was nie. Jesus het vas ook gesien as ’n sigbare uiting van wat in die mens se binneste aangaan. Vas was ’n uiting van ’n eerlike begeerte om die verhouding met God reg te stel en te versterk. Jesus waarsku dat vas nooit gebruik mag word om goedkeuring van ander te kry nie.

’n Belangrike gedeelte in die Nuwe Testament met betrekking tot die betekenis van vas is Mk 2:18-22. In hierdie gedeelte antwoord Jesus die vraag waarom die dissipels van Johannes die Doper vas terwyl Jesus se dissipels nie vas nie. Jesus se antwoord is tweeledig. Eerstens antwoord Hy dat die bruihofsgaste tog nie kan vas terwyl die bruilof aan die gang is nie. Hulle sal weer vas wanneer die bruidegom weg is. Jesus wil dus beklemtoon dat sy dissipels deur nie te vas nie, getuig dat Hy die Seun van God is. Deur later weer terug te keer tot die gebruik van vas, is ’n verwysing na die hartseer gebeure met Jesus se kruisiging toe die wêreld Hom nie as Seun van God erken het nie. Deur weer te vas illustreer die gelowige ook sy verlange na die wederkoms en om weer by Jesus te wees. Die christelike vas is dus anders as die jудаïstiese vas veral wat motivering betref. Met die christelike vas word die verlossing in Jesus voor die oë geroep asook die finale afronding met sy wederkoms (Wimmer 1982:101). In die konteks van die navorsing word die gedagtes in die christelike vas gekonsentreer op God se verhaal van verlossing en heel-

maak in Jesus. Daar word ook gefokus op die gebrokenheid van die eie lewensverhaal asook die nuwe moontlikhede wat die gerealiseerde eskatologie en die finale afronding vir die persoonlike lewensverhaal inhou.

Vas is kommunikasie met God. Rice beklemtoon hierdie gedagte as hy sê: “We fast in order to prepare ourselves for prayer and meditation” (1991:64). In vas kommunikeer die mens met God oor sy lewe en sy soeke na heiligheid. Foster beklemtoon die gedagte dat vas beteken om van die materiële aardse goed te onttrek ten einde op God en sy Woord te konsentreer: “The central ideal in fasting is the voluntary denial of an otherwise normal function for the sake of intense spiritual activity. There is nothing wrong with these normal functions in life; it is simply that there are times when we set them aside in order to concentrate” (1989:75). **Hierdie konsentrasie moet gerig wees op God se verhaal vir my (die Bybel) en my lewensverhaal.** Die ideaal is dat vanuit ’n gesprek tussen hierdie twee verhale daar ’n nuwe lewensverhaal moet ontwikkel.

Gedurende vas word die mens herinner aan mense wat elke dag onder die swaard van armoede leef. Gedurende vas word die mens herinner aan die feit dat alles wat hy het uit genade alleen is. Wimmer beklemtoon dit dat vas ook lei tot liefde en dankbaarheid: “It gradually purifies us of our selfishness, the principal enemy of love, and thus nourishes the growth of love in our heart” (1982:117). Vas kan ook dien as ’n ‘unique outcome’ waar die mens kan sien dat hy beheer oor sekere dinge kan kry. **Die groot gedagte wat die mens se gedagtes moet beset terwyl daar gevas word is: ‘Die mens sal nie van brood alleen leef nie, maar van elke woord wat uit die mond van God kom’.** Daar moet gestreef word om God se Woord te hoor en daarop te reageer. Vas sonder die Woord is leeg. Foster stel dit goed: “Fasting must forever centre on God ...Therefore, in experiences of fasting we are not so much abstaining from food as we are feasting on the word of God. Fasting is feasting” (Foster 1989:69-70; Willard 1988:167).

Vas in die Nuwe Testament sluit aan by die gebruik in die Ou Testament. Die boodskap van Jesus bring egter ’n nuwe Godsverhaal aan die orde.

Die dissipline van vas kan soos volg opgesom word:

- Jesus se voorbeeld wys dat vas waarde het vir die gelowige.

- Vas beteken dat die mens homself vir 'n tydperk van materiële dinge onthou, ten einde onverdeeld op God te konsentreer.
- Vas is kommunikasie met God.
- Vas kommunikeer die gesindheid van die hart, naamlik skulderkenning, nederigheid, afhanklikheid.
- Gedurende vas word gekonsentreer op die verhaal van God met die mens (die Bybel) en die mens se verhaal in die lig van die Godsverhaal.
- Vas dwing tot ondersoek van die hele lewe.
- Vas lei tot 'n sensitiwiteit ten opsigte van ander se nood.
- Vas lei tot dankbaarheid oor God se sorg.

4.5 Meditasie as fokus op die Woord

Die lewe van vandag word gekenmerk deur werksdruk, onrus, gejaagdheid, finansiële kwellings en spanning (Postema 1997:16; Rice 1991:23). Daar is baie onderlinge druk en kompetisie. In Suid Afrika het die woord regstellende aksie vir baie mense 'n bedreiging geword. 'n Woord wat algemeen geword het, is stres. Dit verwys na die druk wat 'n mens se omstandighede op jou uitoefen, en die wyse hoe die mens op daardie druk reageer, sodat daar ook drukking in die binneste ontwikkel. As gevolg van die gejaagdheid van die lewe en baie ander faktore soos byvoorbeeld die invloed van televisie, vind baie mense dit baie moeilik om stil te word en persoonlike gemeenskap met God te hê. Die psigiater Carl Jung het gesê dat haas nie van die duiwel is nie, maar die duiwel self is (Foster 1989:19). Die lewe word nie net uiterlik onrustig nie, maar die onrus word later deel van ons lewensstyl.

Sommige mense kan nie leef as daar nie 'n televisie en 'n radio aan is nie en hulle moet altyd iets

hê om hulle besig te hou. In ons harte is daar nie rustigheid nie, maar gejaadheid en onrus. Die onrus lê dikwels nie net in omstandighede nie, maar in die mens self (Nouwen 1995:32). Foster wys dit uit dat Jesus se antwoord op sy besige program afsondering was met die oog op stil-word: “In the midst of an exceedingly busy ministry Jesus made a habit of withdrawing to a lonely place apart (Matthew 14:13). He did this not just to be away from people, but so He could be with God. What did Jesus do time after time in these deserted hills? He sought out his heavenly Father; he listened to him, he communed with him. And he beckons us to do the same” (1989:20). Jesus het ook ’n baie besige program gehad. Hy het dit nodig gevind om Homself te onttrek. Die navorser is tog van mening dat daar midde in die besige programme rus gevind kan word. Postema (1997:9) sê hy het by Nouwen geleer dat daar midde in die gejaag rus gevind kan word. Dit is verblydend, want dit is baie duidelik dat baie gejaagde mense nie eenvoudig net kan afskaal sonder om ook hulle beroepe in gevaar te stel nie. Die kuns om in die gejaag ook te kan stil word is baie belangrik. Min mense het egter al hierdie kuns van stil-word midde in ’n gejaagde program aangeleer.

In Suid-Afrika het dagboeke van gewilde skrywers mode geword. Mense spandeer flentertjies tyd om stil te word saam met God. Nicol wys daarop dat stiltetyd vir baie mense weining waarde het: “Party lees en bid maar eintlik om hulle gewete te sus. Ander dissiplineer hulself om langer stiltetyd te hou, maar dit is dooierig, en het eerder ’n verlamme as versterkende uitwerking” (1989:3). Die mense lees wat ander oor God sê, maar vra selde die vraag: “Wat sê God self vir my vanuit die gedeelte?” Die probleem is dat daar dikwels nie tyd gemaak word om vir die antwoord te wag nie. Die navorser voel baie sterk oor die volgende aanhaling van Foster: “Human beings seem to have a perpetual tendency to have somebody else talk to God for them. We are content to have the message secondhand” (1989:28). Die navorser is oortuig daarvan dat indien mense weer self soek na wat God vir hulle wil sê, eerder as om ’n dagstukkies te lees, geestelike groei bespoedig kan word. Daar is duidelik uitgewys dat kommunikasie met God en sy verhaal lewe skep. Hoewel die lees van ’n dagstukkies so hanteer kan word dat dit ook kan lei tot kommunikasie met God, is die navorser van mening dat dit dikwels kommunikasie smoor en groei beperk.

Die gevaar bestaan dat die hedendaagse mens baie godsdienste in sy lewe kan hê, maar die hart van

die saak, 'n persoonlike verhouding met God, klop maar flou. Die navorser oordeel dat die beklemtoning van kommunikasie tussen die lewensverhaal van die gelowige en God se verhaal met die gelowige, die gelowige weer deel kan maak van die 'stil-word proses'. **Dit is volgens die navorser baie meer kragtig om self te ontdek wat die Woord sê vir die persoonlike omstandighede, as wat bekende mense oor die betrokke onderwerp sê.** Kommunikasie met God dwing nie net tot selfdenke en maak die persoon betrokke nie, maar kommunikasie lei tot transformasie.

Nicol (1989:4) omskryf meditasie soos volg: "Meditasie verwys na die moontlikheid wat alle mense het om hul bewussynsvlak te verdiep, en na die metodes wat vir die doel ingespan word. Die metodes behels veral liggaamlike ontspanning, innerlike ontspanning en bedaring, uitbouing van kontak met wat dieper in jou hart leef en verskerping van jou waarnemingsvermoë. Meditasie kan baie menslike aktiwiteite verdiep..." Foster (1989:21) sien meditasie as, "... the ability to hear God's voice and obey his word". Postema waarsku teen die beklemtoning van 'n lekker gevoel, terwyl meditasie ten diepste op God gerig moet wees: "Seek God, not happiness - this is the fundamental rule of all meditation" (1997:94). Aangesien die navorser konsentreer op kommunikasie as kanaal waarbinne transformasie vloei, sal daar ondersoek ingestel word na meditasie as kommunikasie en die wyse hoe meditasie kommunikasie tussen God en mens kan verbeter. Daar sal dus nie 'n in diepte studie oor meditasie en die verskille met van die Oosterse godsdienste gedoen word nie. Rice beklemtoon dat meditasie maar net 'n gewysigde manier van bid is: "As we become quiet, we discover that prayer does not requires words. Calvin says that the best prayer are sometimes unspoken ...Silent prayer involves us in attitudes of listening, waiting, and paying attention to God" (Rice 1991:87-88). Meditasie is dus ook kommunikasie. By die Boeddhisme is meditasie gerig op liggaamlike en geestelike selfkennis met die doel om van die dwang van die menslike bestaan verlos te word. Meditasie is dus 'n wyse hoe die mens verlos word. Die liggaamlike bestaan van die mens word as negatief gesien. Deur meditasie word daar na innerlike leegheid gestreef. In Suid-Afrika is baie mense bekend met joga. Hier word gekonsentreer op inkering en konsentrasie. Die doel is bevryding van die gees deur uitsonderlike beheersing van die liggaam. Christelike meditasie is nie, soos in die Oosterse meditasie, 'n weg tot verlossing nie, maar 'n oopstel vir God, sodat Hy die verlossingswerk (transformasie) kan doen. Christelike meditasie se doel is nie om leeg te word nie, maar om juis gevul te word.

(Foster 1989:24). Postema beklemtoon dat christelike meditasie beteken om op God te fokus, maar nie om met God te verenig nie: “One sees a real distinction between the kind of philosophical meditation which tries to penetrate to the essence of God and the sort of meditation which observes with the sense and considers with the mind the method of God’s works” (1997:129). Die gereformeerde siening dat die Woord tussen God en die mens staan en die kontak tussen God en mens bewerkstellig, word deur De Knijff bevestig: “Want de Schrift stelt zich tussen God en mens in, zij bemiddelt tussen God en mens” (1973:17). Gereformeerde meditasie is altyd meditasie oor die Woord van God en is dus meta-kommunikasie in antwoord op God se spreke (Oostenbrink & Lotter 1999:372).

Christelike meditasie beklemtoon die verhouding met God, terwyl die eie identiteit behou word. Jelsma beklemtoon die baie belangrike gedagte dat christelike meditasie nooit lei tot ’n gryse christendom waar individue almal dieselfde word nie. Daar is reeds duidelik aangewys dat geestelike groei juis beteken om te groei na ’n eie unieke identiteit in diens van God. Jelsma stel dit so: “Maar een mysticus is bereid zijn eigen identiteit prijs te geven” (1973:110). “De God van Jezus Christus wil immers niet onze leegheid maar dat wij door zijn kracht opstaan tot een nieuwe leven. Schenkt Hij ons niet een nieuwe identiteit waarin wij meer onszelf zijn dan ooit tevoren?” (1973:116). **Die gelowige gaan nie in God op nie, maar antwoord as unieke mens deur sy lewe, op sy verstaan van God** (De Knijff 1973:17; Oostenbrink & Lotter). Daar moet gewaarsku word teen enige beoefening van meditasie waar die mens minder mens is en uit die wêreld weggeneem word. Daar is nie sprake van ’n versmelting tussen God en mens nie. Die mens is in ’n liefdesverhouding aan God verbind. Hoe meer die mens God verstaan, hoe meer kan hy sy lewe aan God wy. Die mens leef sy verhouding met God in die wêreld en tussen die mense uit (Smelik 1973:80). Die wêreld is nie iets negatiefs wat ontvlug moet word nie, maar juis die terrein waar die mens God sigbaar moet laat word. Die gevolg van christelike meditasie moet duidelik deur die wêreld gevoel word. Christelike meditasie is nie gerig op die ervaring nie, maar op die hoor wat God sê, sodat die mens die boodskap kan uitleef. Christelike meditasie is dus kommunikasie met God met die oog op ’n lewensantwoord in die wêreld. **Christelike meditasie maak die mens gereed om God se Woord te hoor en is ook deel van die hoorproses.**

In christelike meditasie speel denke en sinvolle gedagtes ’n groot rol. Twee Rooms-Katolieke

skrywers wat 'n groot invloed uitoefen, is Merton en Nouwen. Hulle is albei van mening dat die mens se innerlike eintlik die plek is waar God praat en waar die mens met God kontak maak. Hierdie denke sluit ook aan by die psigoloog Carl Jung: “Hy het die dieptes van die onderbewuste leer ken, en ondervind dat die ontmoeting daarmee genesend is vir sy persoonlikheid, asook vir sy pasiënte ” (Nicol 1989:14). Hulle neiging was om hierdie ontmoeting ook as 'n ontmoeting met God te beskou. Die ‘centering prayer’ waar een woord of sin vir honderde kere in die gedagtes oor gesê word, help hierdie ontmoeting met die innerlike aan.

Ook gebed bekend as kontemplasie (gebed in stilte), waar die innerlike in sprakelose en beweginglose stilte net die teenwoordigheid van God geniet, word gebruik om in kontak te kom met die innerlike. Yarnold (1996:17) en Jelsma (1973:109) slaan kontemplasie baie hoog aan. Volgens hulle word dit as die hoogste vorm van geestelike aktiwiteit gesien. Gewone meditasie lê 'n trap laer en kan na kontemplasie lei. In meditasie beweeg daar nog baie gedagtes en gevoelens deur die gelowige, maar wanneer dit alles tot stilstand kom en sy innerlike leeg is van alles behalwe die blote bewussyn van God, kontempler hy (Nicol 1989:15). Die siening is eintlik dat gedagtes en gevoelens nog te naby aan die mens is, en dat 'n mens daarvan ontslae moet raak om met God verenig te kan word. Nouwen (1995:33) skryf: “ It is hardly surprising, then, that when we shut off all the daily racket, a new inner noise can often be heard, rising from all those chaotic feelings screaming for attention. Entering into a quiet room doesn't automatically bring us inner silence. When there is no one to talk to or to listen to, an interior discussion may start up often noisier than the noise we just escaped”.

Die navorser is van mening dat hierdie onrustige gedagtes wat na die oppervlakte gedryf word nie noodwendig weggedink moet word nie, maar met God gekommunikeer moet word. Laat die lig van die Godsverhaal op die gedagtes skyn. Die klem val nie op die stilword nie, maar op die kommunikasie met die oog op groei. Vrae soos die volgende kan gevra word: Waarom is hierdie saak so belangrik dat dit nou na die oppervlakte kom? Watter verskil kan God en my verhouding met God hieraan maak? Wat moet met hierdie saak gedoen word in die lig van die Godsverhaal? Wat verhinder my om hierdie saak effektief aan te spreek? Watter situasie in die verlede herinner my aan hierdie saak? Hoe is dit toe hanteer? Watter verskil maak my verhouding met God in die

hantering van die situasie tussen toe en nou? Watter rol het God in die vorige situasie gespeel? Watter mense is betrokke in hierdie saak en watter rol speel hulle in my lewe? Watter lig wil die verlossing in Jesus op hierdie saak laat val?

Nouwen (1995:40) beklemtoon 'n belangrike vraag: “Why do I avoid silence?” Hanteer eerder iets as om dit te ignoreer. Hanteer dit egter deur die lig van God se verhaal daarop te laat val. Die navorser wil dus die stilte eerder met kommunikasie met God vul as om te kontempler.

Gedurende meditasie kan daar ook gedink word aan ‘unique outcomes’ en spesifieke gebeure in die Godsverhaal en die eie lewe wat betekenis vir die spesifieke situasie kan hê. Daar moet doelbewus gedink word oor die rol wat God in soortgelyke situasies in die persoon en ander persone se lewe gespeel het. Hudson verwys na hierdie proses tydens meditasie as ‘christian memory’: “When curious Israelite children desired to know more about God they were seldom taught abstract precepts. Memories were shared with them. They were told stories of the Lord their God...” (1995:34). Sy eerste stap is om op Jesus te konsentreer, want deur op Jesus te konsentreer leer die mens vir God ken. In die fokus op Jesus sou die mens God se hart ontdek het. Die mens sou ontdek het dat hoewel hy nie alles kan verstaan nie, hy seker kan wees van God se liefde.

Die tweede stap is om op mens se eie stories te konsentreer. Terwyl hy nou op sy eie lewe konsentreer moet hy dit doen met die wete dat God dit goed bedoel met hom en altyd by hom is. In die konsentrasie op sy eie storie moet die mens op drie terreine konsentreer: “Now, if asked to share my faith-story, I would begin by speaking about my earliest memories of warmth and kindness” (1995:34). Hoewel Hudson meer konsentreer op die ervaring van God, wil die navorser beklemtoon dat hier ook gekonsentreer kan word op die ervaring van warmte en omgee tussen mense. Die vraag moet egter gevra word na God se betrokkenheid in die goed wat ervaar is. Hier moet ook gekonsentreer word op God se sorg deur die jare. Die tweede terrein waarop gekonsentreer moet word is dié van pyn: “In our spiritual autobiographies, how do we connect memories of painful suffering with the presence of God? Die persoon moet nadink oor pynvolle situasies en die vraag vra watter rol God gespeel het in die verwerking van die situasie: “Gently connect the memories with the ever-present suffering love of the crucified and risen Lord”

(1995:34). In die ontdekking van God se sorg sal die hart van God ontdek word en sal die mens ontdek dat dit nie God is wat die swaar oor hom bring nie, maar dat God in Jesus teen die lyding in die wêreld geprotesteer het. God sit nie agter lyding nie, maar is saam met die slagoffer. Die vraag moet egter gevra word wat die verhaal van genesing in Jesus vir die wonde van die lyding kan beteken. Oor die genesing moet deeglik nagedink en gebid word. Derdens beklemtoon Hudson (1995:41) dat die mens in sy opstel van 'n "christian memory" ook moet konsentreer op die wyse hoe God hom gebruik het om vir ander mense iets te beteken. Deur op hierdie drie terreine te konsentreer, word God ontdek waar Hy teenwoordig is in die mens se lewe. Verder ontdek die mens ook dat God hom kan gebruik in ander se lewens.

Laastens beklemtoon Hudson dat die mens voordat hy gaan slaap, elke dag moet dink/mediteer oor God se teenwoordigheid in sy lewe en of hy bewustelik in God se teenwoordigheid geleef het. "Ask him also to reveal where he has been present in your life throughout the day, either in you or in others, and what he has been asking of you. Reflect upon your moods during the day. See if there is any underlying attitude that needs conversion. Ask the Lord for forgiveness for those moments when you did not respond to his love. And in closing, think about the following day and ask God for whatever help and guidance you need" (1995:43). Die navorser oordeel dat hierdie metode wat deur Hudson voorgestel word die terrein van God se verhaal asook die mens se verhaal betrek en lei tot kommunikasie tussen die twee. In die proses word die groot verhaal van die mens betrek, maar ook die daaglikse insidente wat deel is van die verhaal. Die navorser stel verder voor dat 'n kort Skrifgedeelte gelees word waar die vraag verder gevra word na die betekenis van die gedeelte waarvoor nagedink is.

Meditasie is dus kommunikasie. **Meditasie dink na oor die Godsverhaal en die lewensverhaal en gaan oor in gebed wanneer die twee met mekaar kommunikeer.** Die wyse van kommunikasie waar een woord vir lang tye herhaal word of waar daar probeer word om leeg te word, is vreemd aan die Bybel. In meditasie-terme word daar gepraat van die apofatiese en die katafatiese wyse van mediteer. Volgens Holt was Pseudo-Dionysius een van die groot inisierders van die apofatiese wyse van meditasie: "One of the most powerful and distinctive teachings of Pseudo-Dionysius is his apophatic theology, which means a theology beyond words and images. He believes that since all human concepts limit and distance God, they must be

stripped away from the mind if God is to be known” (1993:48). Jones verduidelik hierdie wyse van meditasie verder: “The mystic is in touch with an ‘object’ which is invisible, intangible and inaccessible, beyond sensual contact” (1996:19). Holt stel dit so: “The affective side of apophatic theology is a spirituality that requires a state of utter passivity on the side of the mystic. Accordingly to Pseudo-Dionysius, such passivity leads to an ecstasy of love in which the human is fused with God” (1993:49). Hierdie denkriktig het die intellek probeer uitskakel in die kom tot kennis van God. Verder was die gedagte dat niks instaat is om God na waarde te beskryf nie, daarom moet daar gepoog word om met God kontak te maak terwyl die denke leeg is

Voordat aan die katafatiese aandag gegee word, wil die navorser op hierdie punt waarsku dat mense se goeie bedoelings nie altyd die saak wat hulle met opregtheid dien, reg maak nie. Dit is baie duidelik dat Pseudo-Dionysios se bedoeling goed was en dat hy baie respek vir God gehad het. Sy siening was egter nie in lyn met die Bybel nie en het daarom later gelei tot baie ongebalanseerde optrede en mense wat hulle uit die samelewing onttrek het. Hierdie mense was vir God lief en kon as gebalanseerde mense baie vir Hom doen.

Die teenoorgestelde van apofaties is katafaties, “which means an active attempt to image God by the use of one’s imagination and emotions. The practice of meditation by means of calling forth images from the Scripture, for example, is kataphatic” (Holt 1993:49). Die navorser kies die katafatiese wyse van mediteer omdat dit lei tot kommunikasie. **Die navorser kies egter die Bybel as Woord van God, as konsentrasieobjek omdat die Bybel Woord is en woorde skep.** “Die waarde van die Bybel as middel om kontak tussen God en mens te bewerkstellig kan maklik onderskat word en kan nie oorskakel word nie. Daar is mense vir wie dinge soos die natuur en musiek meer beteken om nader aan God te kom as die Bybel. God kan so werk, maar hulle weet nie hoeveel hulle mis nie” (Nicol 1989:25). Die verkondiging van Jesus was die hand wat God na die mens uitgesteek het. Vandag is daardie uitgesteekte hand die Heilige Gees en die Bybel. Jh 15:7 beklemtoon die krag van die Woord waar Jesus oor vrugdra skryf: “As julle in My bly en My woorde in julle, vra dan net wat julle wil hê, en julle sal dit kry”.

Vanuit die hoek van die navorsing is die leeg-word van enige gedagte of gevoel waardeloos met die oog op transformasie. Hierdie gedagtes en gevoelens is nie net deel van die lewe wat deur

God geskep is nie, maar vertel ook van die persoon se unieke omstandighede en lewensverhaal. Hierdie gedagtes en gevoelens moet juis deur gesprek onder die lig van God se verhaal geplaas word. Die mens moet nie loskom van sy lewensverhaal nie, maar sy lewensverhaal moet juis gedekonstrueer word, sodat die nuwe verhaal in lyn is met God se ideale verhaal vir daardie betrokke persoon.

Die mens moet nie die werklikheid ontvlug deur in sy innerlike 'weg te raak' nie, maar die eskatologie in sy lewe en in die werklikheid intrek. God het mens kom word in 'n wêreld met gedagtes en gevoelens. God het medemens kom word vir tollenaars en sondaars. God wil gehoor word in die lewensverhaal van die mens en in die verhaal van die wêreld. Christelike meditasie sluit nie die denke en sinvolle gedagtes uit nie, maar gebruik dit juis om God se verhaal te verstaan en toe te pas in die eie lewensverhaal met die oog op 'n nuwe verhaal. Kontemplasie wat klem lê op leeg-word, lei volgens die navorser nie tot kommunikasie nie, en gevolglik ook nie tot transformasie nie, en is as sulks van weinig waarde vir God en sy wêreld. **Daar moet gewaak word om godsdiens te ingewikkeld en te vroom te maak. Jesus se lewe was een van eenvoud, maar baie effektief.** Die klem val op 'n verhouding. Enige gesonde verhouding behoort nie ingewikkeld te wees nie.

Vir die navorser is christelike meditasie nadenke oor die Woord van God met die oog op 'n lewensverandering. Hierdie nadenke moet ook konsentreer op die lewensverhaal met die lig van die Woord wat op die lewensverhaal skyn. Meditasie beteken nadink. Meditasie vra meer as weet. Meditasie lê klem op verstaan met die oog op 'n verhouding en die uitleef van die verhouding. Ook die vaders van die Reformasie het hierdie praktyk toegepas. Luther het daagliks op 'n meditatiewe wyse met die Skrif omgegaan. Hy het vaste tye vir meditasie en gebed opsy gesit, gewoonlik ongeveer drie ure per dag. Luther het ook die goeie gebruik gehad om met 'n Skrifgedeelte te gaan slaap. Daarmee word bedoel dat hy 'n sekere Skrifgedeelte oordink het voordat hy gaan slaap, met die verwagting dat die gedeelte in sy onderbewussyn sal werk. Die klem het geval op die oordink van 'n spesifieke teksgedeelte met die oog op die lewe. Toe Dietrich Bonhoeffer tussen die twee wêreldoorloë die seminarie by Finkelwald gestig het, was die reël dat alle studente en dosente vir 'n halfuur lank in stilte oor 'n Skrifgedeelte moes mediteer (Nicol 1989:18).

Christelike meditasie vra dat die mens baie oor God en die boodskap van sy Woord moet dink. “ ’n Mens se omgang met die Bybel is funksioneel, nie as jy dit reggekry het nie, maar as God dit reggekry het; nie as jy suksesvol met die Bybel gewerk het nie, maar as die Bybel met jou gewerk het; nie as jy ’n teks oopgemaak het en geanaliseer het nie, maar as die Gees jou vir ’n teks oopgemaak het” (Nicol 1989:23). Verstand en emosie moet egter nie geskei word nie, want anders kan die emosie onbetroubaar word. Die verstand en die emosie is albei deel van die mens en die ideaal is dat God met die hele mens werk. Dit moet egter beklemtoon word dat die christelike meditasie oor die Woord van God verder gaan as om net die regte antwoord te gee. Die vraag na die betekenis vir die persoon se lewe moet gevra en deeglik oordink word onder die leiding van die Heilige Gees.

Meditasie vra stilte en privaatheid. Jesus het gepraat van die binnekamer. ’n Onrustige hart is deurmekaar en maak dit baie moeilik om op God se Woord te konsentreer en sy stem te hoor. Meditasie gaan op hierdie punt ’n bietjie wyer as die lectio Divina, aangesien meditasie ook gebruik kan word om die mens gereed te maak om te kan hoor. Nicol lê baie klem op die metodes wat gebruik kan word in meditasie met die oog op die stil-word sodat daar op die Woord gekonsentreer kan word. “Meditasie behels metodes om innerlik rustigheid en beheer oor jou malende gedagtes uit te oefen, sodat jy jou gemeenskap met God vollediger kan beoefen” (Nicol 1989:30). Daar moet egter beklemtoon word dat meditasie nie ’n grootheid op homself is nie, maar gerig is op effektiewe kommunikasie tussen God en mens.

Nicol (1989:36-48) noem sewe sake wat belangrik is met die oog op effektiewe kommunikasie, naamlik die besluit om stil te word, om stil te sit, om die liggaam te ontspan, om die gedagtes te kalmeer, die integrasie van die innerlike, die verskerping van waarnemingsvermoë en die aktivering van kreatiewe kragte. Aangesien die studie nie handel oor meditasie nie, maar kommunikasie met God, sal die navorser slegs in kort stilstaan by elkeen van hierdie sake. Nicol (1989) noem ook verskeie oefeninge wat by elke stap gebruik kan word. Weereens sal die navorser slegs kortliks daarna verwys.

“Die blote besluit om gereeld tyd opsy te sit waarin jy nie met jou gewone lewe voortgaan nie, is ’n oorwinning en die begin van ’n proses wat jy in jouself aan die gang sit. Dis ’n besluit wat jou

lewe kan verander” (Nicol 1989:35). Dit is baie moeilik om uit ’n gereelde patroon te breek en ’n nuwe patroon te ontwikkel. Ten diepste beteken dit dat die lewensverhaal reeds met hierdie besluit grootliks beïnvloed word.

Volgens Nicol (1989:36) het die Franse filosoof Pascal gesê: “Die meeste van die mens se probleme is die gevolg daarvan dat hy nie in staat is om stil in sy kamer te sit nie”. Om aan hierdie aktiwiteit gewoond te raak kan die mens vir vyf tot tien minute bloot op ’n stoel gaan sit waar niemand sal pla nie. Geniet dit net vir ’n tydjie om niks te doen nie. Indien probleme opkom, moenie probeer om dit gedurende daardie tydjie op te los nie. Kyk hulle in die oë en besluit om later aan hulle aandag te gee of soos reeds genoem, laat die lig van God en sy verhaal daarop skyn.

Spanning kom lê dikwels in die mens se liggaamsdele: “Maar die spanning in jou het handvatsels wat jy makliker in jou greep kan kry. Van die maklikste handvatsels is spierspanning en asemhaling” (Nicol 1989:38). Hierdie spanning kan deur spesifieke aksies aangespreek word. So kan die een hand byvoorbeeld opgetrek word, sodat die vingers reguit word en die hand plat bly. Ontspan die hand en trek dit weer styf. Dit kan vir ’n paar keer herhaal word. Daar moet gekonsentreer word om die ontspanning te beleef. Doen hierdie oefening ook in ander dele van die liggaam wat gespanne is (Jongerus 1990:17).

Om sinvol na God se Woord te kan luister, moet die malende gedagtes ook beheer word. “Die mees algemene metode om die gedagtestroom in ’n stil kuil te laat vloei, is om op een ding te konsentreer” (Nicol 1989:40). Daar kan met rustigheid gekonsentreer word op die geluide wat gehoor word (Jongerus 1990:18). Kies een uit en probeer hierdie geluid aan God koppel. In watter opsig laat hierdie geluid jou aan God dink? Om dit te oefen kan daar op die asemhaling gekonsentreer word. Vir ongeveer vier minute kan die persoon op sy asemhaling konsentreer. Probeer om die asemhaling te beleef. Indien die gedagtes afdwaal, kan dit rustig teruggebring word.

Onder die opskrif ‘innerlike integrasie’ sluit Nicol (1989:41-44) aan by die gebruik van die sogenaamde ‘centering in yourself’, waar een woord, gedagte of sinsnede vir ’n tyd lank herhaal

word. Volgens die beoefenaars van hierdie metode dwing die innerlike dan die vuil en onrustige dinge na bo. Amper soos die see wat alles uitwerk wat nie deel van hom is nie. Die navorser het reeds daarop gewys dat hy vanuit die beginsel van kommunikasie wat lewe skep nie hierdie stap kan onderskryf nie. Die navorser is eerder van mening dat die verkeerde dinge vanuit die gesprek tussen die Godsverhaal en die lewensverhaal na die oppervlakte moet kom. Nicol (1989:61) noem elders dat hierdie gebruik tot die ydelike gebruik van God se Naam kan lei.

Die persoon se waarnemingsvermoë kan verskerp word deur doelbewus belewenisvrae te vra. Vestig die aandag op iets wat gehoor of gesien kan word en vra wat hierdie geluid vir die persoon vertel van God en sy verhaal met die mens. In die proses word die persoon sensitief gemaak om God ook in die lewe op te merk. In die proses word die lewe in die algemeen 'n gesprek met God en vind daar groei plaas.

Laastens plaas die gedagte van die gesprek tussen die lewensverhaal van die mens en die verhaal van God onder andere ook klem op die kreatiewe kragte wat in die mens is. In plaas van om toegesprek te word, word die mens aangemoedig om self te hoor en met God in gesprek te tree oor moontlike oplossings. In die proses word die mens medeverantwoordelik en spesialis op sy terrein. As oefening kan die mens dink aan 'n moeilike situasie of verhouding. Dit kan dan met God bespreek word en insig van God gevra word. Die persoon kan dan aan moontlike oplossings probeer dink wat in lyn met God se verhaal is. "Meditasie kan help dat jou verhouding met God nie net 'n saak van kennis en verstandelike geloof is nie, maar werklik 'n persoonlike liefdesverhouding met warmte en aanraking" (Nicol 1989:49). "The purpose of meditation is to enable us to hear God more clearly. Meditation is listening, sensing, heeding, the life and light of Christ" (Foster 1989:37).

As samevatting kan die volgende oor meditasie gesê word:

- Jesus se antwoord op sy besige lewe was om Hom te onttrek met die oog op kommunikasie met sy Vader.
- Christelike meditasie beteken nie om met God een te word nie.

- Christelike meditasie konsentreer op die Woord van God.
- Christelike meditasie beteken om vol te word vanuit 'n aangesprokenheid deur God.
- Meditasie maak die mens gereed om God se stem te hoor.
- Meditasie beteken nie om met God te versmelt nie, maar om te konsentreer op die verhouding met God.
- Meditasie dryf die mens uit na die wêreld, terwyl die wêreld die mens dryf na meditasie .
- Meditasie beteken om met God te kommunikeer met die oog op 'n lewensantwoord.
- Die mens is aktief betrokke in meditasie met die oog op transformasie.
- In meditasie speel denke en sinvolle gedagtes sowel as emosies 'n belangrike rol.
- Godsdienst moet in eenvoud beoefen word.
- Meditasie beklemtoon dat die mens nie net die Woord van God moet ken nie, maar ook moet vra na die betekenis vir die persoonlike lewe.
- Meditasie vereis stilte en privaatheid.
- Meditasie is nie 'n grootheid op homself nie, maar is gerig op kommunikasie met God.
- Om effektief te kan mediteer, moet die liggaam ontspan en die gedagtes gefokus wees.

4.6 Gebed as die reaksie op God se spreke

Ons wil kwaliteit-lewe hê op ons voorwaardes en nie op God se voorwaardes nie. Gebed lei dikwels nie tot dit wat die mens wil hê nie, maar tot dit wat God wil hê. Die gesprek met God (gebed) kan dus die mens se lewensverhaal (geloofsverhaal) grondig verander en lei tot geestelike groei. Die gesprek moet dan nie net vanuit die mens se hoek (behoefte) kom nie, maar moet eerder God se verhaal met die mens as gespreksgenoot betrek. Rice beklemtoon die gedagte dat dit in gebed in die eerste plek om God gaan: “In The Lord’s Prayer, the focus of attention is on God rather than on our own needs” (1991:740). Patterson (1996:33-37) wys daarop dat die mens in sy besige lewe nie tyd maak vir gebed nie, omdat hy gebed nie sien as iets wat regtig ’n verskil kan maak nie: “It is a pleasant luxury that would be wonderful to spend more time on, if only we did not have so many necessities pressing in” (1996:34). Wanneer die hervormingskrag van kommunikasie met God ontdek word, sal gebed weer meer betekenis dra. Gebed is beslis meer as die aflewer van ’n behoeftelys. Gebed is ’n skeppingsdaad wanneer daar met God, op grond van sy verhaal in gesprek getree word.

Gebed is nooit die eerste woord nie, maar altyd die tweede woord. Gebed is reaksie op God se Woord (Velema 1993b:427). God moet altyd die eerste woord hê. Gebed is nie aanspreek nie, maar respons as aangesprokene (Peterson 1987:32; Postema 1997:130). Postema beklemtoon hierdie gedagte so: “It is in Scripture that we find the promises of God that form the basis of our prayer. It is in the Scripture we catch a vision of the purpose of God and in prayer that we move toward those purposes” (1997:88). Rice bevestig ook dat gebed in werklikheid antwoord op God se Woord is: “The prayer is one of willing abandonment of self to God’s will” (1991:75). Boeke wat handel oor gebed behandel dikwels die verskillende vorme van gebed soos dit in die Bybel gevind word, met ’n oproep dat die gelowiges ook so moet bid. Foster (1992) beklemtoon byvoorbeeld die eenvoudige gebed, die gebed van ondersoek, die gebed van trane, die gebed van oorgawe, die gebed van bewondering en aanbidding en nog vele meer. Die navorser is van mening dat kommunikasie met die Godsverhaal die vorm van die gebed sal en moet bepaal. In plaas van om te konsentreer op ’n spesifieke vorm van gebed, moet die gelowige eerder konsentreer op die boodskap van ’n teksgedeelte en in gebed reageer op die boodskap.

Hoewel God primêr in sy Woord gevind word, kan Hy ook in die natuur en in sy handewerk opgemerk word. Hierdie gedagte vra van die mens om waarnemend te leef en God te soek, nie net in sy Woord nie, maar ook in sy handewerk. Die klem op 'n spiritualiteit van dankbaarheid bepaal ook die belangrikheid van gebed in die danksegging en lof aan God. Postema beklemtoon ook die gedagte van dankbaarheid: "In prayer we can open our heart, be receptive, make space for God, and begin to give thanks" (1997:57). Op die vraag waarom gebed vir die Christen nodig is, antwoord die Heidelbergse Kategismus in Sondag 45 vraag en antwoord 116 soos volg: "Omdat dit die vernaamste deel van die dankbaarheid is wat God van ons eis..."

Gebed is nooit op die mens gerig nie, maar altyd op God gerig. Gebed is 'n spontane en openhartige gesprek met die Vader wat ook die mens se Vriend is (Nicol 1989:91). Die gelowige se gebed moet egter Woordbepaald wees, naamlik 'n reaksie op God se Woord. "As 'n mens se meditasie by 'n behoorlike oopstelling vir die Skrif uitgekom het, en jy die Here persoonlik met jou hoor praat het, kom gebed so vanself en maklik soos om 'n vraag van jou beste vriend te antwoord" (Nicol 1989:93). **Die mens se hele bestaan is in werklikheid gebed,** Postema beklemtoon dit ook: "The whole of existence ... is a conversation which God begins ... Our prayer is not making conversation with God. It is joining the conversation that is already going on in God" (1997:130). **In die lig van die hipotese is gebed dus gesprek met die reeds bestaande verhaal van God. In gesprek met die bestaande verhaal van God, skuif God se verhaal oor die mens se verhaal en vind geestelike groei plaas.**

Gebed wat lei tot 'n ontmoeting met God is ook moeilik, omdat hierdie gesprek met God verandering bring. Nouwen (1995:13) beskryf die weerstand in gebed met 'n hand wat styf toe is in 'n vuus. In die hand hou die bidder sy sekuriteit styf vas: "You feel it is safer to cling to a sorry past than to trust in a new future". Druk binne die sisteem om verandering teen te werk, kan ook lei tot 'n gebrek aan 'in diepte' gebed. Min gelowiges bid glad nie, maar hulle gebede lei dikwels nie tot 'n ontmoeting wat transformeer nie. Dit is dus belangrik dat die bidder ook sal vra: "Wat wys die Woord aan? Wat moet in my lewe verander? Wat verhinder verandering?" **Die kragte binne 'n sisteem kan dus meewerk tot biddeloosheid.** Sodra hierdie kragte deur kommunikasie (met die hulp van die Heilige Gees) uitgewys is, kan dit effektief aangespreek word. Biddeloosheid is nie noodwendig net sondige luiheid nie, dat kan ook dui op 'n onvolmaakte

sisteem. Die fokus moet op God wees wat die mens baie liefhet. **Die navorser se keuse vir 'n spiritualiteit van dankbaarheid asook Godsvertroue maak dit moontlik om die hand in kommunikasie oop te maak en God te vertrou dat die verandering genesing sal bring.** Hierdie gebed tot geestelike groei (transformasie) is 'n lewenslange gebed. "It is a long spiritual journey of trust, for behind each fist another one is hiding, and sometimes the process seems endless. Much has happened in your life to make all those fists, and at any hour of the day or night you might find yourself clenching your fists again out of fear" (Nouwen 1995:18).

Dear God

I am so afraid to open my clenched fists!

Who will I be when I have nothing left to hold on to?

Who will I be when I stand before you with empty hands?

Please help me to gradually open my hands

and to discover that I am not what I own,

but what you want to give me.

And what you want to give me is love,

unconditional, everlasting love.

(Nouwen 1995:21)

Die mens moet die Godsverhaal ernstig opneem. Wanneer gebed nie op God konsentreer nie, word gebed 'n lang lys van versoeke (Nouwen 1995:67). Geen groei vind in hierdie kommunikasie plaas nie. Rice beklemtoon dit dat daar eerstens op God gekonsentreer moet word: "One of the greatest problems that contemporary Christians have with prayer is that we have forgotten who God is. We allow our ideas of God to be determined by images other than Christ, and thus fall into fear that God will reject us and our petitions" (1991:80). Die mens moet kommunikeer met die God wat verandering laat gebeur. Die mens moet kommunikeer met die God wat met hom wil kommunikeer. Die mens moet kommunikeer met die God wat hom liefhet. Die mens moet God weer die eerste Woord gee en reageer op daardie Woord. Daar is verskillende wyses waardeur die mens op God gefokus kan raak met die oog op gebed. Soos reeds gesê is die belangrikste en effektiefste wyse om God te ontdek, in sy Woord. Die mens moet egter ook waarnemend leef, opsoek na God in die omgewing, in mense en in die skepping

(Foster 1992:92; Deist 1978:13). Die mens moet in sy soeke na God soek na iets om oor te bid. Die mens moet in die Woord soek na iets waaroor hy met God kan en wil praat. Die mens moet vra na dit wat die Woord in sy lewe wil aanspreek en wat in die pad van verandering staan. Nouwen beklemtoon dat daar in gebed verder as die 'nou' gekyk moet word. Gebed maak dus ook 'n toekoms van hoop oop, "There can be life and movement only when you no longer accept things as they are now and look ahead toward that which is not yet ...However, when it comes to prayer, it seems that we do more asking than hoping" (1995:62-63). **Waar die mens die eerste woord het, groei daardie woord vanuit 'n gebroke werklikheid. Daardie woord is gebore in 'n 'probleem bepaalde' verhaal. Deur te luister na die Godsverhaal en daarmee in gesprek te tree, word die dominerende verhaal die genesende verhaal.** Gebed wat reageer op God en sy verhaal is gebed in hoop. "Whenever we pray with hope, we put our lives in the hands of God" (Nouwen 1995:73).

Die navorser het reeds aangedui dat kommunikasie 'n skeppingsdaad is. Gebed as antwoordende gesprek op God se Woord, is dus nie soos 'n afsetter se pistool wat die teken gee aan belangrike dinge om te gebeur nie. Gebed is die belangrike ding wat gebeur. Gebed skep, maar dan moet gebed 'n reaksie op God se Spreke wees. "Terwyl ons oor God mediteer, gaan die derde persoon dikwels in die tweede persoon oor, dit wil sê as ek weer sien, word die Hom oor wie ek mediteer, 'n U met wie ek praat:meditasie vloei in gebed in" (Nicol 1989:77).

In die lig van dit wat gesê is, wil die navorser met Peterson (1987:33) saamstem as hy sê dat ons gebed dikwels as 'n afgodsbeeld of towerstaf gebruik. Alles moet met gebed geopen en gesluit word (Deist 1978:3-4). Gebed het 'n kultuur-aksie geword (Patterson 1996:330). Om God opdrag te gee om iets te doen, of om deur middel van gebed in werklikheid 'n boodskap aan mense oor te dra, is om gebed te misbruik (Smith Sr 1996:60). Daar moet weer moeite gedoen word om gebed as reaksie op God se spreke te sien en nie as 'aanspreek/toespreek' van God nie. Dit wat gebeur ná die gebed moet as verlengstuk van die gebed (as reaksie op God se spreke) gebeur. Gebed is nie 'n wyse om God te manipuleer nie, maar juis 'n versoek om deur God 'gemanipuleer' te word. Terwyl gebed kommunikasie met God is, kan daar ook vooraf kommunikasie oor die kommunikasie gevoer word. Die volgende vrae kan gevra word: Waarom moet daar gebed word? Wat is die behoefte van die bidder? Wat is die verwagting wat die bidder

het? Is die verwagting in lyn met God se Woord en wil? Watter sake word deur die Woord op die gebedslys geplaas? As daar op die Godsverhaal gekonsentreer word, waarvoor moet daar gebid word? In plaas van om angstig in 'n oorvloed van woorde 'n versoek in spanning te herhaal, kan daar eerder vanuit die Woord kommunikasie met God gevoer word oor die moontlikhede van die situasie in die lig van God se Woord. In die klaagpsalms is dit duidelik dat die bidder aanvanklik vanuit die situasie bid, maar later val die lig van die Godskennis op die situasie en gaan die gebed meestal oor in 'n loflied. Gebed moet altyd poog om die lig van die Godsbeeld deur middel van kommunikasie (gebed) ook op die situasie te laat skyn. Gebed moet egter ook die emosie van die situasie asook die emosie wat deur die Godsverhaal opgewek word, reflekteer. Rice bevestig hierdie standpunt: “ Prayer is an affair of the mind and the heart We need to pray as both speakers and hearers” (1991:85).

Verder is die skepping ook 'n reaksie op God se spreke. Alles wat tot stand gekom het is 'n Woordgebeure. Die mens se lewe in God se skepping is 'n verdere reaksie op God se Woord en dus ook 'n gebed. Die mens se lewensverhaal moet reaksie wees op God se verhaal met die mens en in die sin ook 'n gebed. Die mens moet dus in konstante selfgesprek en gesprek met God wees oor sy 'lewensgebed'. Die vraag kan gevra word oor hoe ander sy lewe interpreteer; In watter mate vertel sy lewe van God en God se verhaal van heelmaak en liefde? In watter mate word sy lewe deur God beheer en in watter mate deur ander mense? Indien God beheer oorneem, watter verandering sal daar in sy algemene lewe intree? Wat staan in die pad van hierdie verandering? Indien iemand wat naby aan hom is sy lewe moet beskryf en dit wat verandering teëwerk, wat sal hy sê? Oor hierdie sake moet met God in gesprek getree word.

God se spreke kom eerste. Die mens se antwoord op God is nie net woorde nie, maar woorde en dade. Gebed is dus 'n gesprek in die wydste sin van die woord. Volgens Peterson is die psalms 'n voorbeeld van die omvattende gebedsreaksie op God se spreke: “The most of Scripture speaks to us; the Psalms speak for us ...Everything that a person can possibly feel, experience, and say is brought into expression before God in the Psalms” (1987:38-39). Postema beklemtoon dieselfde gedagtes (Postema 1997:116). Die navorser stem saam dat die Psalms 'n waardevolle voorbeeld is van gebedsreaksie op God se spreke, maar is van oordeel dat daar baie meer waarde kan wees in die skryf van 'n eie psalm. Hiermee wil die navorser nie te kenne gee dat hy oordeel

dat die mens se eie ‘psalm’ gelyk aan die Bybelse Psalm is nie, maar wel dat daar baie waarde is in die deurworstel van die situasie met God, terwyl die Woord as gespreksgenoot gebruik word. Die navorser pleit dus dat die kommunikasie-worsteling wat in die psalmis geboorte gegee het aan die Psalm soos ons dit in die Bybel kry, ook in die hedendaagse mens aangemoedig moet word. Daar kan byvoorbeeld genoem word dat die Psalm die produk was van ’n sekere skrywer se worsteling met God vanuit sekere omstandighede. Daar kan dan aan die betrokke lidmaat of lidmate gevra word om te dink aan ’n soortgelyke situasie in hul eie lewens. Hoe sal hulle psalm lyk as hulle vanuit hulle situasie reageer op God se spreke? (Postema 1997:117). Wat sien hulle in die Bybelse Psalm wat hulle help in hulle situasie? Hoe sal hulle die situasie van destyds nou hanteer as hulle hierdie Psalm as riglyn gebruik? Die navorser pleit dus vir kommunikasie eerder as die blote aanvaarding van ander se sienings, selfs al is dit Bybelskrywers se sienings. Die worstelstryd waardeur die Psalm gebore is, het waarde en moet aangemoedig word. Dit is gebed om so met God vanuit die situasie te worstel. Dit is gebed wat groei bring. Verdere groei kan plaasvind indien die persoon se psalm met ander se psalms in gesprek tree en die verskillende mense hulle worstelstryd wat tot die geboorte van die persoonlike psalm gelei het, met mekaar deel. Kommunikasie skep nuut. Worsteling is ook gebed en bring groei.

Wanneer die mens selfs sy woede of worsteling met betrekking tot ’n persoon of situasie en selfs woede teenoor God en worsteling met God, met God bespreek, kom daar nuwe perspektief op God. Die mens moet sy hele lewe met God deel. Die mens mag ook die oomblikke van twyfel en gebrek aan verstaan met God deel (Deist 1978:17-18). Postema bevestig Deist se standpunt, “Our first response to such feelings is to hide them from God in the belief that they have no place in our spiritual life. In so doing, however, we limit our relationship with God to pious moments or sentimental hours” (1997:136). In die proses word dit wat regtig vir die mens belangrik is, weggehou van God en die lig van God se verhaal, en bly dit onveranderd. God se verhaal met die mens loop ook deur donker dieptes en oomblikke van vertwyfeling. Terwyl die mens in gebed met God worstel, is God in werklikheid baie naby. God was naby in Jakob se worsteling, asook in Job se worstel-geprek toe hy nie verstaan het nie. God het vir Jeremia en Hanna geantwoord terwyl hulle in vertwyfeling was. God is naby in ’n worstelstryd met Hom (Postema 1997:136). Hierdie worstelgesprek met God is baie effektief in die skep van ’n nuwe visie op God. In die ontmoeting wat vanuit die worsteling spruit, word God nuut beleef. ’n Nuwe verstaan van God

lei tot 'n nuwe verstaan van die self binne God se verhaal en lei tot nuwe optrede. Jakob se naam wat verander is na Israel, is 'n bewys van hierdie stelling: "The name Israel, the 'God-Wrestler', was later given to a whole race of people - a people whose protest often mixed with their praise, not as a sign of lack of faith, but as a sign of depth of faith, as an expression of love" (Postema 1997:137). Israel wat beteken, 'hy stry met God', is deur God aan Jakob as teken van 'n nuwe mens gegee en later ook aan God se volk. Uit hierdie naam is dit baie duidelik dat God nie net ruimte laat vir 'n worstelgesprek met Hom nie, maar dit in werklikheid veronderstel. Jakob word geseën, omdat hy met God geworstel het. **Die navorser maak die afleiding daaruit dat God gesprek met Hom verwelkom.** Dit beklemtoon weereens die korrektheid van die hipotese, naamlik dat gesprek tussen die mens (en sy lewensverhaal) en God (se verhaal) lei tot geestelike groei. Postema se opmerking bevestig volgens die navorser die korrektheid van die hipotese as hy sê: "As we learn more about spirituality and prayer, about what it really means to belong to God, we may dare to wrestle with God - and end up with a covenantal hug!" (1997:138). **Die worstelaar is beslis nader aan God as die persoon wat ander se geloof aanvaar sonder om dit te deurleef.** Die kommunikator kom tot 'n ontmoeting met God, terwyl die persoon wat alles aanvaar sonder om met God te kommunikeer geestelik arm is.

Die noodsaaklikheid van kommunikasie met God word verder geïllustreer in die ritme van die skepping, naamlik dag en nag asook die sewende dag as rusdag. Die breuk aand/môre herinner aan God wat sorg terwyl die mens slaap. Verder voed Hy en versterk Hy die mens deur die slaap. Die mens se verhouding met God is een van genade. Aand sê 'God gee rus'. Die eise van die dag het nie die laaste sê nie. Oggend kondig 'n geleentheid aan om God se handewerk te geniet. Die mens leef in 'n wêreld wat hy nie gemaak het nie, maar God se gawes kan ontgin. God praat met die mens deur dag en nag. Die mens se antwoord op God se spreke is gebed. Die mens se hele lewe is gebed.

Die rusdag (Sabbat/Sondag) is ook 'n spreke van God. Exodus sê God het alles in ses dae gemaak en toe gerus. As God dit kon doen en nodig geag het om te rus na ses dae se werk moet ons dit ook doen. Deuteronomium plaas weer die klem op menslikheid. Die Israeliete het vir vierhonderd jaar nooit 'n dag af gehad nie, daarom het God die rusdag ingestel. Mense is dus meer as masjiene of werkseenhede. Die mens het vir God meer waarde as om net te produseer

(Peterson 1987:49-51). Wanneer die mens so oor God nadink en God se bakens reg lees en toepas op hulle lewens en hulle lewensverhale herskryf in die lig van God se verhaal word die hele lewe 'n gebed. Die Sabbat is juis ingestel met die oog op kommunikasie met God. Volgens Peterson dwing die rusdag tot die vraag of die leefwyse die afgelope week getuig het van die verstaan van God en sy verhaal met die mens: "Sabbath: Uncluttered time and space to distance ourselves from the frenzy of our own activities so we can see what God has been and is doing ... Sabbath-keeping: Separating ourselves from the people who are clinging to us, from the routines to which we are clinging for our identity, and offering them all up to God in praise" (1987:51). Die rusdag dwing die mens tot kommunikasie (gebed) met God, maar ook tot die vraag of God se geskenk van die lewe nog geniet word. Veral Deuteronomium het dit beklemtoon dat die Israeliete nooit die lewe kon geniet nie, want hulle moes net werk. Wanneer die rusdag so ingerig word dat dit weereens werk word maar net op 'n ander manier, oortree dit die gebod wat ook wil herinner aan speel/geniet. Dit is verkeerd om aan die rusdag te dink in terme van ses dae werk in die wêreld en eendag aan God wy. Sulke denke lei tot die oorlaai van die rusdag. Vanuit so 'n denke vloei 'n oorvol program op Sondag. Die rusdag moet volgens Peterson (1987:53) elemente van "pray and play" bevat. Kommunikasie met God vra dus na die antwoord van die mens op die terrein van verantwoordelikheid asook "playfulness". Gebedsmense moet in die wêreld vir God werk, maar ook God se skepping geniet en nie toelaat dat die werk die vreugde uit die lewe uithaal nie.

'n Geestelik-volwasse persoon se lewe sal elemente van gebed (praying) en genot (playing) bevat. Dit is baie maklik om een van die twee rigtings in te slaan, óf 'n Exodus-klem, naamlik gebed (praying) óf 'n Deuteronomium-klem, naamlik genot of vreugde (playing). Dit is egter moeilik maar noodsaaklik om as geestelik volwasse persoon nie net op Sondag hierdie elemente op 'n gebalanseerde wyse te inkorporeer nie, maar ook deur die hele lewe. Ongelukkig is dit waar dat die persone wat as geestelik volwasse beskou word, dikwels baie van die gebed maak, maar baie min van die 'playing'. "Prayerfulness and playfulness reverse the deadening effects of sin-determined lives. They are life-enhancing not life-diminishing ... Playing and praying counter boredom, reduce anxieties, push, pull, direct, prod us into the fullness of our humanity by getting body and spirit in touch and friendly with each other" (Peterson 1987:54).

'n Vorm van gebed wat in die mistieke wêreld gebruik word, is die sogenaamde 'centering prayer' (Hendrix 1973:54). In hierdie gebed word een woord vir tot dertig minute aanmekaar in die gedagtes herhaal. Dit kan ook die 'een-woord-gebed' genoem word. Hierdie tradisie was vir die eerste keer na die Weste gebring deur 'n sekere John Cassian, wat dit aan die einde van die vierde eeu geleer het van iemand wat vroeër geleef het. Die navolgers van hierdie gebruik is van mening dat dit dateer vanuit die tyd van Jesus. Die woorde "Here Jesus, Seun van God, wees ons genadig", is meestal gebruik hoewel daar ook beklemtoon word dat enige woord wat vir die gebruiker betekenis het, gebruik kan word. Aan die beginner word dan 'n tou met een honderd knope in gegee. Vir elke knoop moet die persoon dan die woorde een maal bid (Pennington 1999:11-15). Hierdie gebruik sluit baie nou aan by sommige vorme van meditasie.

Later het 'n verdere vorm ontwikkel waar die monnik of non die Bybel gelees het en dan een woord wat die persoon getref het oor en oor herhaal het. Die gebruik het in die Oosterse kerk voortgegaan, maar feitlik verdwyn in die Westerse Kerk. In Suid-Afrika het die gebruik van Joga hierdie wyse van gebed in die kalklig geplaas.

Hierdie vorm van gebed maak die persoon leeg voor God: "We move beyond thoughts and feelings into a more intimate exchange with God, from conversation to communion ... The purpose of Centering Prayer is not self-perfection or self-preoccupation, but to move beyond ourselves into God" (Keating 1999:17-18). Hy noem ook dat hierdie vorm van gebed die mens kan genees: "However, normally, if we can put up with the purging process, it heals our deepest wounds and uncovers the Divine presence that was present within us all along" (1999:25). Die navorser wil kommentaar lewer op hierdie vorm van gebed/meditasie wat daarop aanspraak maak dat dit die mens in God plaas.

In die eerste plek het die navorser reeds daarop gewys dat die mens nooit opgaan in God nie, maar dat die unieke mens vanuit sy verhouding met God reageer. Verder is die navorser van mening dat die eenvoud wat in Jesus se lewe te bespeur was ook in die gelowige se godsdiens moet wees. Jesus was nooit 'ingewikkeld' in sy eise wat Hy aan die mens gestel het nie. Die navorser is van mening dat die apofatiese wyse van gebed of meditasie vreemd is aan die Skrif en dat die Bybelse manier eerder die katafatiese is, waar die gedagtes op die Woord van God

gerig word. Verder het die navorser aangetoon dat dit juis die Woord van God is wat skeppingsmag het en dat die kommunikasieproses met God tot herskepping/transformasie lei. 'n Wyse van gebed waar geen kommunikasie plaasvind nie, is nie net vreemd aan die Bybel nie, maar dit pas ook nie in binne die gedagte van woorde wat herskeppingskrag het nie.

Gebed is 'n versoek om God se verhaal oor die mens se verhaal te laat skuif. Gebed is gerig op die koms van God se koninkryk in die persoonlike lewe, maar ook in die alledaagse leefwêreld. Postema beklemtoon weereens die gedagte dat ook gebed nie die mens uit die samelewing mag uithaal nie. Daar moet 'n vrye beweeg wees tussen die binnekamer en die wêreld. Postema beklemtoon dit so: "To follow the way of the Kingdom is therefore to follow him who fed the hungry, healed the sick, befriended the outcast, and blessed the peacemakers ... Prayer presupposes justice. But justice and compassion also presupposes prayer" (1997:158-159). **Gebed dwing die mens nie net na God nie, maar dwing die mens ook die wêreld in.** 'n Bidder moet ook betrokke wees by die skep van geregtigheid. Die kommunikasie met God in gebed moet oorgaan in 'n 'meta-meta-kommunikasie' in die 'plakkerskampe' van die lewe. Postema beklemtoon die gedagte ook: "The deeper the prayer is, the deeper we enter into solidarity with a suffering world" (1997:159). **In gebed moet die gelowige ook nadink oor die "eskatologiese" moontlikhede wat God se verhaal vir 'n stukkende situasie inhou.** 'n Bidder sal nie net met God oor die nuwe moontlikheid praat nie, maar ook daadwerklike pogings aanwend om God se verhaal oor die stukkende verhaal te laat skuif. Gebed gebeur op die knieë en op die voete.

Hierdie gebed dwing tot 'n gebalanseerde spiritualiteit, naamlik die verstand word gebruik in die gesprek met God om die Godsverhaal toe te pas op die werklikheid, terwyl die gesprek met God sekerlik in die mistieke kwadrant kan tuishoort. Die bidder beweeg weg uit die mistieke kwadrant na die betrokkenheid by die wêreld, met 'n emosionele bewoëndheid in solidariteit met Jesus wat aangegryp was oor die nood (piëtistiese kwadrant). Volgens Ware (1995) funksioneer 'n gebalanseerde spiritualiteit in al vier bogenoemde kwadrante. **Gebed (kommunikasie met God), skep dus 'n gebalanseerde gelowige, indien die gebed in gesprek bly met God se verhaal en nie slegs vanuit die eie nood spruit nie.**

Gebed sny dus nooit die mens se verstand uit met die oog op 'n emosionele ervaring nie. Die emosionele ervaring moet altyd vloei vanuit verstaan en geloof. Die verstand en die mens se omstandighede is nie vuil of sondig nie, maar die mens moet juis toegerus word om in die omstandighede vir God sigbaar te maak. Hoewel die navorser huiwerig is om mense wat die Here ook eerlik probeer dien het en nog steeds probeer dien, te kritiseer, is die navorser van mening dat die 'een-woord-gebed' (centering prayer) nie getrou is aan die kommunikatiewe aard van die verhouding tussen God en mens nie. Die psalms is voorbeelde van eerlike geloofsworsteling met God. Volgens Postema (1997:116) het Bonhoeffer die psalms die "prayerbook of the Bible" genoem: "The more deeply we grow in the psalms, and the more often we pray them as our own, the more simple and rich will our prayer become". Die navorser stem saam dat die psalms die gelowige help om sy gedagtes voor God te bring, maar hy voel dat daar meer waarde lê in die kommunikasie met God oor die psalms as om dit bloot na te bid. Die psalmis se worsteling moet leiding gee in die persoon se eie worsteling met God. Worsteling met God was deel van die Ou Testamentiese spiritualiteit (Barton 1996:51). Die gelowige kan aandag gee aan die belewenisse van die psalmdigter en dan probeer nadink oor die vraag in watter mate hulle gevoelens ooreenstem. Wat is die geskiedenis van die gevoel wat die gelowige beleef? Wat dink hy is die geskiedenis van die situasie en gevoelens wat in die psalm na vore kom? Watter rol het ander mense gespeel in die ontstaan van die situasie en gevoel? In watter mate is die gevoel en omstandighede 'n gevolg van druk binne die sisteem? Hoe het die gelowige soortgelyke situasies in die verlede hanteer? Watter rol het God gespeel in die psalmdigter se 'oplossing'. Hoe het die psalmdigter by 'n oplossing gekom (unique outcome)? Watter invloed kan God se verlossing in Jesus hê op die aanleidende faktore tot die situasie en die gevoel? In hoe 'n mate wil God ook die sisteem verlos, of die individu help om te differensieer binne 'n onvolmaakte sisteem? Deur die regte vrae te vra kan die gelowige hom nie net differensieer binne die omstandighede nie, maar kan hy God ontdek in die psalm en nie net beter voel nie, maar ook die aanleidende faktore effektief aanspreek.

Laastens beklemtoon Rice (1991:91) dit dat hoewel die dissiplines nie wetties toegepas moet word nie, elke gelowige wel 'n vasgestelde tyd aan gebed moet wy. Indien daar nie tyd gemaak word om te bid nie, sal die persoon net nooit tyd kry nie. Vanuit die beginsels van die sosiale konstruksionisme wil dit ook voorkom asof die kragte binne die sisteem gebed met alle mag sal

teëwerk omdat gebed (kommunikasie) lei tot verandering. 'n Vasgestelde tyd wat opsy gesit is vir gebed kan dus die magte binne die sisteem beperk. Verder moet daar beslis gekonsentreer word om ook in gebed aandag te gee aan relatiewe beïnvloedingsvrae. Vrae soos watter rol speel God in die teksgedeelte, en wat wil die verhaal en God se betrokkenheid, in die individu se lewe aanspreek asook die vraag na dit wat verandering in die persoon se lewe verhinder, moet in gebed (gesprek tussen God en mens) aan die orde kom. Die gelowige moet altyd in gedagte hou dat in die gesprek met God is die Heilige Gees altyd openbarend en herskeppend teenwoordig. Die Gees kan lei tot ontdekkings en verandering.

As samevatting kan die volgende oor gebed gesê word:

- Gebed is nooit 'n eerste woord nie, maar altyd 'n tweede woord. Gebed is die reaksie op God se Woord.
- Gebed is nie aanspreek nie, maar reaksie van 'n aangesprokene.
- Gebed is 'n opdrag. Die mens moet iets soek om met God oor te praat.
- In gebed moet die mens konsentreer op God se verhaal. Konsentrasie op die mens se verhaal lei tot 'doodloop-woorde'. Gebed is die smag na God se verhaal in die mens se verhaal.
- Gebed is nie 'n wyse om God te manipuleer nie, maar 'n versoek om 'gemanipuleer' te word.
- Die mens se hele lewe is 'n reaksie op God se Woord en dus ook 'n gebed. Gebed is meer as woorde.
- Gebed kan ook gebeur in die vorm van 'n worsteling. (Vergelyk baie van die Psalms.)
- God praat ook met die mens deur die skepping en die ritme in die skepping. Die mens se

reaksie is 'n gebed.

- God se mense moet 'pray' en 'play'. Gebedsmense moet ook vra of hulle die lewe geniet.
- Die 'centering prayer' is nie kommunikasie wat tot transformasie lei nie, en daarom vreemd aan die Skrif.
- Gebed vanuit die katafatiese is egte tweerigting-kommunikasie en waardevol, terwyl die apofatiese die verstand uitsny en vreemd is aan die Skrif.
- Gebed gebeur op die knieë en op die voete. Die gebed om die koms van die Koninkryk van God, gaan ook oor in 'n betrokkenheid in die wêreld.
- Deur die regte vrae te vra kan die bidder vanuit die Skrif nie net vir God ontdek nie, maar ook genees word binne sy eie verhaal.

4.7 Die erediens as ontmoeting tussen God en sy kinders

De Klerk (1982:11) beklemtoon dat die erediens die amptelike ontmoeting tussen God en sy volk is en dus sentraal staan in die kerklike lewe. Barnard (1981:387) beklemtoon dit dat die gereformeerde erediens 'n gesprek tussen God en sy volk is: "God spreek en sy volk antwoord en sy volk spreek en God antwoord". In die erediens word die volk blootgestel aan die Godsverhaal (Bybel). Die ideaal is dan dat die gelowiges in die erediens asook in die lewe buite die kerk, moet reageer op die Godsverhaal. Die term liturgie verwys na die verskillende elemente waaruit 'n erediens bestaan. 'n Erediens dra altyd die karakter van 'n tweegesprek tussen God en sy volk. Eks19 beklemtoon dat daar 'n ontmoeting met God plaasvind en dat dit 'n gevoel van eerbied en ontsag by die mense moet ontketen. De Klerk (1982:11) stel die vereistes vir die handeling in die erediens soos volg: "Die grondlyne van hierdie handeling moet baie duidelik na die styl van die Godsryk en volgens die Woord getrek word". Ook in die erediens gaan dit dus oor die Godsverhaal en nie oor die behoefte van die mens in die eerste plek nie. 'n

‘Lekker’ erediens, sonder dat daar ’n gespreksontmoeting tussen God en mens plaasgevind het en sonder dat hierdie gesprek voortgesit word, het sy doel gemis. In die erediens kom God aan die woord en moet die mens vanuit hul eie lewensverhale antwoord. Die ideale erediens laat kommunikasie ontvlam wat lei daartoe dat die Godsverhaal oor die lewensverhaal skuif en die dominerende verhaal word.

Soos wat die teologiese tradisie ’n invloed het op spiritualiteit, het dit ook ’n baie sterk invloed op die erediens. In die Gereformeerde tradisie word daar baie klem geplaas op die Woord. Die ervaring of belewenis word bepaal deur die Woord. Die preek sal dus die sentrale plek inneem in die Gereformeerde erediens. Die liturgiese orde asook die inhoud van die verskillende elemente sal deur die teks en die boodskap bepaal word. Omdat die navorsing fokus op geestelike groei as die kommunikasieproses tussen die lewensverhaal en die Godsverhaal, sal daar in besonder aandag gegee word aan die hantering van die Godsverhaal in die erediens. Die hoorders (Godsvolk) moet aan die einde van die erediens gelei word om vanuit die Godsverhaal in gesprek te tree met hul eie lewensverhale. Hoewel die erediens kommunikasie tussen God en mens is, moet die erediens ook verdere kommunikasie met die Godsverhaal vanuit die lewensverhaal laat ontspring.

“Die predikante is week na week die jaghonde van die kerk, die spoorsnyers agter God aan, op soek na God in die teks. Een teks op ’n keer. Daarom is predikante ook teoloë wat hard, onverbiddelik aan die teks vashou, knaend op die voetspoor van die voortbewegende God van die geskiedenis moet bly ... in die teksgedeeltes waar die spore duidelik sigbaar lê op Golgota, op die Paasmôre, maar ook in dié gedeeltes waar sy voetspore byna onsigbaar verdwyn in die kliprantjies en die donker watergate van Job en Psalm 88 ... Immer besig, immer op soek, totdat die spore so warm word dat hulle selfs die skoene moet uittrek by die brandende braambos, tot daar waar hulle met brandende voete voorthardloop met die stem in hulle ore: ‘Gaan sê vir die kinders van Israel, gaan sê vir die Farao..’ ”. Hierdie treffende aanhaling van Müller uit die voorwoord van Cilliers (1998) beklemtoon die dringendheid waarmee God in die teks gesoek moet word.

Die kern-element in die erediens is sekerlik die lees en verkondiging van die Woord. Cilliers

(1996) wys egter hoedat God in die naam van ‘woordverkondiging’ op die kansel uitgewis kan word. **Die gevaar bestaan dat predikers hulle eie verhale oor God as evangelie verkondig.** Om hierdie gevaar te probeer hokslaan, moet predikers altyd vra na die evangelie in die gedeelte. Die evangelie kan nie van God losgemaak word nie. God is tog immers liefde. Dikwels word die verantwoordelikheid van die mens los van die evangelie verkondig. Die imperatief word beklemtoon sonder om eers die genadige indikatief te belig. Prediking konsentreer op God en hoe die gedeelte die God van die evangelie belig. Cilliers stel dit so: “Alhoewel ons niks anders as die Bybelteks het om te verkondig nie, verkondig ons streng genome nie die Bybelteks nie. Ons verkondig die Persoon van die lewende God wie se Woord dit is” (1996:119). Deur die prediking moet daar ’n ontmoeting plaasvind met die Persoon oor wie die teks handel. Die ontmoeting moet die toekomsverhaal van die mens grondig beïnvloed. Daar moet ’n paradigmatverandering plaasvind tydens elke ontmoeting. Die paradigma van die eie lewensverhaal moet elke keer deur die Godsverhaal verander word, sodat ’n nuwe lewensverhaal (paradigma) ontstaan. Die belangrike is dat uiterlike optrede meestal deur die innerlike lewensverhaal bepaal word. Deur die persoon se siening oor God te verander, verander die eie lewensverhaal en die uiterlike optrede.

Volgens Cilliers (1996:48) het Niebuhr die volgende gesê: “Die wonder van die prediking is dat dit werk met tekste waardeur die lewende Persoon van God tot ons kom, tekste met ’n teologiese aard in die sin dat dit die storie van die handelende God vertel en verder vertel. **In die prediking gaan dit om God en sy handeling**” (eie beklemtoning). Die vraag aan die hoorder is watter invloed hierdie handeling van God op sy optrede kan en behoort te hê. Dieselfde handelende God, wat hierdie dade gedoen het, wil ook in die hedendaagse mens se lewe werk. Die vraag kan aan die lidmate gestel word, wat dink hulle wil en kan Hy doen? Die mens moet deur die bril van God se verhaal na sy eie verhaal kyk. Cilliers (1996:48) beklemtoon dat die afstand tussen die teks en God deur God self oorbrug word. Die navorser wil hier byvoeg dat hierdie oorbrugging geskied deur kommunikasie tussen God en mens. Deur die taalgebeure tussen God en mens word ’n nuwe lewensverhaal geskep wat ook ’n nuwe bril op die samelewing beteken.

Cilliers beklemtoon dat deur die prediking moet die Godswoord sy lig laat val op die lewe van die mens: “Die waagstuk en die wonder van die prediking lê daarin om die belofte van die Bybelteks so te ontsluit dat die gemeente God in sy handelende teenwoordigheid in hulle

spesifieke konteks sal ontdek, en in die vreugde daarvan ingevoer sal word” (1996:49). “In die prediking handel dit daarom dat die prediker sy of haar alledaagse leefwêreld, en dié van die gemeente, in die lig van God se wêreld (koninkryk) sal sien, en dat die gemeente ook in hulle visie, hierdie uitsig op God se wêreld sal deel. Dis om jou wêreld nuut te sien, omdat God se nuwe wêreld in ons (ou) wêreld aangebreek het” (1998:17). Aangesien die navorser uitgaan van die gedagte dat die gemeente en elke individu ’n inligtingsgeslote sisteem is, is die navorser van mening dat hierdie ‘gewaarwording’ by die gemeente deur middel van vrae bereik kan word, eerder as om ‘toegespreek’ te word. **Om die gemeente toe te spreek, is vanuit die sisteembenadering nie baie effektief nie. Verder bestaan die gevaar dat die prediker die aanname kan maak dat hy die leefwêreld van die hoorder in so ’n mate ken dat hy die toepassing kan maak.** Die navorser is egter van mening dat die **hoorder ’n spesialis is in sy eie lewe** en dat hy deur die regte vrae gelei moet word, om sy eie verhaal in hierdie Godsverhaal te ontdek. **Die taak van die prediker word dus gekonsentreer op die ‘explicatio’ terwyl die hoorder gelei word om self die ‘applicatio’ te maak.** Die prediker kan egter sy eie ervaring en aangesprokenheid met betrekking tot die teks deel. Die navorser is van mening dat die deel van eie ervaring met die teks ook in die eie lewensverhaal, die hoorder sensitief kan maak vir die soeke na betekenis van die teks in sy eie lewe. Wanneer die predikant vanuit sy eie gebrokenheid en aangesprokenheid toepassings maak, word die gemeente ingelok in hul eie lewensverhale en kan die Godsverhaal ook in hulle lewensverhale die dominerende verhaal word. Die navorser pleit nie vir ’n uithang van vuil wasgoed nie, maar vir ’n openheid wat mense uitnooi om die Godsverhaal ook in hulle lewens te oordink. Weereens kan vrae wat op God fokus asook vrae wat vanuit die teks op die lewensverhaal van die mens fokus, die hoorder lei tot die applicatio.

Cilliers (1998:99) impliseer in ’n voorbeeld dat ons te gou by die toepassing uitkom en in die proses die kreatiwiteit van die mens en die Gees aan bande lê. Verder kan die prediker deur te gou toepassings te maak, die indruk skep dat hy dink dat sy persepsie die enigste werkbare een is. Volgens die navorser moet die klem val op die skep van kommunikasie. **Die vaste en bekende weë moenie noodwendig verlaat word nie, maar moet bevra word.** Deur kommunikasie kan daar ’n nuwe verhaal vanuit die ou weë kom. Ook die Belydenisskrifte moet volgens die navorser in die gesprek betrek word. Die navorser pleit nie vir ’n kritiese bevraagtekening met die oog op ’n leë Bybel en ‘formulierboek’ nie, maar vir ’n bevraagtekening

met die oog op 'n nuwe lewensverhaal waar God se verhaal weer die 'unique outcome' word, in plaas van die mens en die samelewing se moedelse verhaal van nederlaag.

Die applicatio moet dus so ver as moontlik aan die gemeente oorgelaat word. Die 'explicatio' moet egter so aktueel en kontekstueel gemaak word dat dit die persoon duidelike rigting gee oor die terrein van die lewe waar die teks wil spreek. Deur middel van vrae moet die hoorder gelei word om objektief te staan teenoor sy eie verhaal, terwyl God se verhaal as 'n nuwe moontlikheid gesien word. So ontstaan 'n nuwe verhaal wat deur die Godsverhaal geïnisieer is. Die fokus val dus op God en sy rol in die Bybelverhaal asook die moontlikhede wat God oopsluit in die mens se persoonlike verhaal. Soos reeds genoem, is die voordeel van hierdie benadering dat die klem gelê word op die Godsverhaal wat 'n positiewe verhaal is, in plaas van om die mens se verhaal die fokuspunt te maak. Deur die vrae wat lei tot kommunikasie word die mens bemagtig deur die lewende God self. God nooi die mens om Hom te ontdek waar Hy langs die mens in sy situasie staan. **God moenie in die mens se verhaal ingenooi word nie, God moet net raakgesien word, want Hy is reeds daar.**

Omdat die Gees aktief werksaam is in hierdie kreatiwiteit waar God ontdek word met die oog op 'n nuwe lewensverhaal, kan die Gees ook vertrou word en moet die prediker juis versigtig wees om die moontlikhede van Gees en mens aan bande te lê. In die proses van preekmaak noem Cilliers (1998:113) dat Bohren die volgende opmerking gemaak het: "Neem die teks saam met jou die nag in, vertrou die teks, dit sal sy weg met jou gaan; vertrou ook die Gees - Hy is immers ook die Here van ons onderbewussyn". Die navorser wil dit beklemtoon dat dit nie net predikante is wat die Gees kan vertrou met die oog op hulle verstaan van die Woord nie, maar dat predikante ook die Gees kan vertrou, waar die Gees die lidmate lei in hulle verstaan van die Woord. Die klem val op die verstaan van die Woord binne 'n bepaalde konteks of lewensverhaal. Die Gees kan lidmate help om daardie lewensverhaal nuut te verstaan in die lig van die Woord. Klem op die regte antwoord moet vermy word. Lidmate is bang hulle maak 'n fout of gee nie die regte antwoord nie. **Klem moet op die kreatiewe proses (kommunikasieproses) geplaas word en nie op die regte antwoord nie.** Die proses sorg vir groei. Predikante is grootliks verantwoordelik vir die feit dat die gemeente tot swye gebring is (Cilliers 1998:132). Die navorser is ook van mening dat die modernistiese klem op die rede en die gevolglike klem op die korrekte antwoord wat in lyn met die belydenisskrifte is, die stem van die lidmaat stilgemaak

het. Die indruk is geskep dat die dominee die enigste een is wat die regte antwoord het. Die sterk klem op die herder-kudde-model het ook gelei tot die onmondigheid van die hoorders. Die prediker is die enigste een wat die toepassings kan maak (König 1998:53). Daar sal 'n paradigmaskuif by dominees moet plaasvind, weg van die regte antwoord na die kommunikasieproses. Daar sal ook 'n paradigmaskuif moet plaasvind by lidmate in die sin dat lidmate sal ontdek dat die Heilige Gees ook met hulle praat en nie net met dominees of bekende skrywers nie. Ps. 131, 'n psalm wat vertel van die rus wat in God gevind is, volg op die worsteling in Ps. 130. **Wie met God en sy Woord worstel, word gevind.** Wie met die preek vanuit die Woord worstel, groei. Lidmate moet opgelei of opgevoed word om na God 'te soek' in 'n teksgedeelte en 'n preek. Lidmate moet ook gelei word om die herder-kudde-model te bespreek in die lig van die ander metafore in die Bybel soos die gemeente as liggaam, leërmag of tempel van God.

Cilliers (1996:69) verwys na 'n preek oor 1 Pet. 1:3-9 en as kommentaar gebruik hy hierdie woorde: “Die preek word trouens deurgaans gekenmerk deur hierdie ‘oop’ styl, 'n styl wat die hoorder uitnoui om hom of haar binne die ruimte van die genade te begewe. In so 'n preek is daar 'n stuk troos, maar ook 'n opgewondenheid oor wat God doen”. In dieselfde trant skryf hy: “Daarom moet gebodsprediking, oftewel alle verkondiging wat 'n oproep tot mense rig, eerder 'n uitnodiging wees om te kom deel in God se werke, as 'n naakte bevel” (Cilliers 1996:68). Die mens kan opgeroep word tot die aanvaarding van verantwoordelikheid, maar dan moet die imperatief toegevoeg wees in die omhulsel van die evangelie. God as handelende in die mens se handeling, moet beklemtoon word. Die mens tree nooit op sonder God se hulp nie. Die mens se verhaal tot gehoorsaamheid speel altyd af binne God se groot verhaal van genade. God se verhaal met die mens is gerig op heel-word. God is in hierdie heel-word-proses aktief teenwoordig omdat die groei van sy kinders Hom na aan die hart lê. Deur middel van vrae moet die hoorder mede kommunikator word. Die vrae moet 'n gesprek ontlok wat konsentreer op God se rol in die Bybelteks, en hoe die God wat in die Bybelteks die handelende persoon was, die God wat ook aktief in die hoorder se lewe teenwoordig is, die hoorder se lewensverhaal kan beïnvloed. Die vraag is dus nie meer wat moet 'ek' doen nie, maar wat gaan gebeur as ek rekening hou met die handelende God in my lewe? Watter verskil sal dit maak indien hierdie God ook hierdie daad in my lewe doen? Hoe bemagtig sy teenwoordigheid in my lewe my om die

gebroke situasie effektief aan te spreek?

Die taak van die prediker is om die lig so op God te laat val dat die mens die ‘godloosheid’ van sy eie verhaal ontdek en God se verhaal as bril opsit waardeur hy na sy eie verhaal kyk. Dit onthef die prediker van die swaare verantwoordelikheid om die boodskap so te bring dat die mens hom daarin kan vind. Die verantwoordelikheid word na regte oorgeplaas op die hoorder. Die hoorder moet sy verhaal met God ‘deurpraat’ en so tot nuwe ontdekkings kom. Die denke wat aan die wortel van hierdie uitgangspunt lê, is die klem op kommunikasie as ‘skeppingsmag’, die mens as geslote sisteem, en die gedagte dat elke mens spesialis in sy eie lewe is. **Die rol van die prediking en die liturgie is om ’n gesprek aan die gang te sit rondom spesifieke sake met betrekking tot die Godsverhaal. Die taak van die prediking is om hierdie sake op die agenda te plaas vir gesprek.** Hierdie gesprek kan verskillende vorme aanneem. Die gesprek moet beslis gebeur tussen die individu en God.

Hierdie gesprek moet begin in die erediens waar die liturgie so ingeklee word dat die hoorder kommunikator word. Daar moet sorg gedra word dat die liturgie lei tot ’n gesprek met God en sy verhaal. Van der Velden beklemtoon die kommunikasie wat in die beplanning met betrekking tot die liturgie moet plaasvind: “De vraag is veel meer of deze vormen in het licht van de Schrift in staat zijn datgene te doen ervaren waartoe de samenkomst van de gemeente bedoeld is: de verdieping van het geloof, de wederzijdse opbouw, de oefening in het gaan van Gods weg in de wereld” (1993:345). In plaas van om die liturgiese elemente aan te kondig, moet die betrokke element ‘bevra’ word. In plaas van om te sê: “Ons sing die lied as antwoord op die preek”, kan die liturg eerder sê: “Ek wonder wat sê hierdie lied vir u oor dit wat ons vandag oor God gehoor het?” Of: “Hierdie lied is geskryf deur iemand wat iets van sy ervaring oor God wou weergee, hoe verstaan u sy ervaring en as u iets moes verander wat sou dit wees? Miskien moet u ook iets gaan skryf oor u geloofservaring vanuit hierdie teksgedeelte.” In plaas van om die liturgie as voorskrywend te gebruik moet die liturg poog om ’n deelnemende liturgie vanuit die Woordervaring daar te stel. Die boodskap kan voor die erediens met iemand bespreek word met die opdrag om sekere liedere uit te soek wat iets weergee van sy aangesprokenheid vanuit die Woord. Daardie persoon kan dan gevra word om sy keuse kortliks te verduidelik. Die idee is om kommunikasie vanuit die Woord en die prediking te ontlok. As die gebed deel is van die

gemeente se kommunikasie met God, sal dit gesprek met God aanmoedig indien gemeentelide sommige van die gebede in die erediens waarneem. Weereens kan die boodskap voor die erediens met die betrokke lidmate bespreek word, met die versoek om die gemeente dan in gebed te lei in antwoord op die boodskap. Om te sê dat die erediens kommunikasie is tussen God en mens, God spreek en die mens antwoord, is volgens die navorser nie meer baie effektief nie. Die lidmate is in teorie betrokke, maar in die praktyk voel hulle nie altyd deel nie. Die probleem is volgens die navorser weereens die gedagte dat die dominee dink dat hy/sy in die beleweniswêreld van die lidmaat kan inklim. 'n "Not-knowing" aanslag sou meer effektief wees. Die dominee kan nadat hy die boodskap gebring het, geleentheid gee vir elkeen om 'n gebed voor te berei. Die betrokke lidmaat met wie vooraf gereël is, kan gevra word om 'n geleentheid met gebed af te sluit. Dit gee aan ander wat gelei voel ook geleentheid om aan die gebed deel te neem.

Die liturg kan nie meer die kommunikasie op 'n voorskrywende wyse hanteer nie. Moeite moet gedoen word om 'n deelnemende liturgie te skep. Reeds in die erediens moet die hoorder sensitief gemaak word vir die krag van kommunikasie tussen God en mens. Die skuif gedurende die reformasie vanaf die erediens as gebeure tussen die priester en God, na die gemeente as deelnemers in sakramente en lied, moet verder uitgewerk word. Die hoorder moet vanuit die erediens verder kommunikeer met die oog op 'n deurleefde geloof. Selfs die erediens en die verskillende elemente moet onderwerp word aan 'n soeke na sin. Van der Velden maak 'n baie belangrike opmerking: "Tegelyk wjst de geschiedenis en de praktijk van de liturgie aan dat dit behoudend aspect ook zijn schaduwkant heeft. De traditie gaat dan functioneren als wet waardoor op een liturgische wijze vormen en woorden verabsoluteerd en vaak leeg worden en de echte spiritualiteit eerder in de weg staan dan verdiepen. Aan deze 'vormendienst' is ook de gereformeerde liturgie niet altijd ontkomen" (1993:349). In die soeke na sin moet God en sy verhaal egter in die sentrum bly en nie die verhaal van die mens nie. Daar moet egter besef word dat dit wat eenmaal nuut was kan verouder (König 1998:71). Daar moet ook besef word dat die verhaal van die samelewing ook verander en dat die gevestigde verhale onder die lig van die Godsverhaal geplaas moet word. Die soeke na sin vind plaas deur middel van kommunikasie.

Hierdie kommunikasie moet plaasvind in 'n selfgesprek asook in groeps gesprekke. Rice beklemtoon die gesprek in die gesin: "Family conversation in Reformed homes on the Lord's

Day included discussion of the sermon and of the way the preacher used the biblical text ... Thus there was a direct carryover from public worship to family study and devotions” (1991:109). Volgens Rice (1991:110) was dit nog altyd ’n probleem dat die predikers nie die hoorders vertrou in die verdere interpretasie van die Skrif nie. Verder het die hoorders ook nie die lyn getrek tussen die gepredikte woord en hul eie lewens nie.

Die gesprek wat vanuit die preek voortgesit word, is ’n verlengstuk van die preek. Die reël wat geld in groepwerk, is dat die geheel groter is as die somtotaal van die dele. Dit beklemtoon eintlik die beginsel dat daar krag in kommunikasie is. Voeg die teenwoordigheid van die lewende God by en ’n besprekingsgroep van gelowiges word ’n baie kragtige instrument tot transformasie. Weereens geld die reël dat in die groep daar nie gesoek moet word na die regte antwoord nie, maar na die eie ervaring wat met die groep gedeel word. Eerstens moet daar gefokus word op God se rol in die verhaal. Tweedens kan gevra word na die aanleidende oorsake vir God se optrede en dan moet gevra word na die evangelie. Hoe is God met hierdie verhaal oppad na heelword? Die groep kan verder bespreek wat daar in die pad staan van God se verhaal in die algemeen. Indien die groep al vertrou het in mekaar, kan die lede ook hulle eie lewensverhale met mekaar deel. So vervleg die verskillende verhale met mekaar en met die Godsverhaal. Die produk is ’n verruimde en verrykte geloofsverhaal. Die oomblik wanneer die individu aan die woord kom, ontstaan die moontlikheid dat die geslote sisteem deurbreek kan word. Groepsgesprekke as verlengstuk van die erediens moet dus aangemoedig word met die oog op transformasie. Pieterse beklem die groepsgesprek baie sterk: “Die ervaring van ’n ontmoeting met Christus tydens die preek by diegene wat slegs op ’n individuele verstaan aangewys is, het in die lewenspraktyk slegs op persoonlike en in ’n mindere mate op interpersoonlike vlak effek. Die ervaring van ’n ontmoeting met Christus by diegene wat in ’n korporatiewe verstaan dit onder woorde bring en groter insigte kry, het in die lewenspraktyk effek op persoonlike, interpersoonlike, arbeids- en samelewingsvlak ... Diegene wat in ’n korporatiewe verstaan betrokke is, word deur die groep gehelp en ondersteun om die ervaring blywender te maak en verder in die lewenspraktyk toe te pas” (1991:32-33). Hoewel die persoonlike gesprek tussen individu en God vanuit sy Woord (stiltetyd) van groot waarde is, blyk dit dat die interpersoonlike gesprek nie nagelaat kan word nie.

Aangesien die navorser van mening is dat die in diepte ‘applicatio’ nie op die terrein van die prediker lê nie, verkies die navorser die groeps gesprek na die erediens eerder as die preekwerkgroep voor die erediens. Hoewel die navorser nie die gemeente wil uitsluit van die explicatio nie, is hy tog van mening dat dit meer die terrein van die prediker is. Die klem op die applicatio as terrein van die gemeente, ondervang na die navorser se mening die groot klem op die preekgesprek voor die tyd. Hoewel die navorser nie die waarde van die voorafgesprek wil ontken nie, wil hy eerder die gesprek wat volg op die preek beklemtoon met die oog op die “meta-meta-gesprek” in die lewe. Die wyse waarop die gemeente in die verlede die Woord van God gehoor het en die wyse hoe hulle na God gekyk het asook die nuwe perspektief vanuit die Woord en die preek moet bespreek word. Die prediker kan wel die teks in die week voor die preek “toets” in pastorale gesprekke om reeds dáár gesprek met die gemeente, maar ook met homself te begin. Die geweldige druk wat daar op die prediker geplaas word om in die verhale van die lidmate in te klim is volgens die navorser ’n oorspanning van die prediker se vermoëns. Die navorser wil nie beweer dat die prediker as’t ware in ’n klooster kan leef en die Woord effektief kan bring nie. Die prediker moet sy lidmate so goed ken dat die vrae op die aktuele terrein van die lewe gevra kan word, maar die toepassings bly die verantwoordelikheid van die persoon en die Gees. Die lidmaat moet saam met die Gees in hom soek na die betekenis vanuit die Woord vir sy lewe. Hierdie siening van die navorser word gesteun deur statistiek wat Cilliers (1998:139) noem oor die ‘sukses’ van die preek: “Basiese opvoedkundige en kommunikasie-wetenskaplike beginsels toon aan dat ’n mens in jou geheue ongeveer 10% behou van dit wat jy gelees het, 20% van dit wat jy gehoor het, 60% van dit wat jy gehoor, gesien en self onder woorde gebring het, en 90% van dit wat jy deur eie soeke ontdek het. Met ander woorde jy onthou 90% van inhoude waarby jy eksistensiële betrokke was - en veral waarvoor jy moes ly!” Laat lidmate self ontdek, dit kweek groei.

Kommunikasie vanuit die erediens kan ook aangemoedig word deur middel van ’n besprekingsblaadjie waarop vrae aangedui word. Die vrae is gemik daarop om afstand te skep tussen die persoon en sy/haar lewensverhaal. Die doel is beslis nie gemik op die gee van die regte antwoord nie, maar op die belewenis en die nuwe moontlikhede wat deur die visie op God oopgesluit word. Deur ’n besprekingsblaadjie asook die besprekingsgroepe kan die hoorders ook ’n nuwe styl van deelnemende hoor aanleer.

'n Gesprek oor ander kerke se sienings asook 'n gesprek met lidmate vanuit hierdie kerke kan ook verruimde geloofsverhale tot gevolg hê. Weereens sal daar 'n paradigmaskuif moet plaasvind in die sin dat daar nie op verskille gekonsentreer moet word nie, maar op die belewenis van die ander. Met hierdie opmerking wil die navorser nie sê dat almal reg is en dat 'n persoon of groep nie 'n eie standpunt mag hê nie. Daar moet egter rekening gehou word met die gedagte dat die Gees ook in ander kerke en groepe werk, en dat hoewel hulle moontlik 'n eensydige siening mag hê daar beslis by hulle geleer kan word. As die NG Kerk in die apartheidsjare meer ingestel was op kommunikasie en luister sonder om te dink dat sy standpunt die evangelie was, en nie almal as vyande beleef het nie, sou die kerk waarskynlik nie in so 'n groot verleentheid gekom het nie en sou die inwoners van Suid Afrika baie hartseer gespaar gewees het. Die ekumeniese gesprek is noodsaaklik met die oog op perspektief en geestelike groei.

As samevatting oor die erediens kan die volgende genoem word:

- In die erediens word die Persoon van die lewende God verkondig. Die Godsverhaal is die fokuspunt.
- Prediking poog om die persoon van die lewende God so te verkondig dat daar 'n ontmoeting met Hom plaasvind.
- Vanuit die erediens moet die mens gelei word om deur die bril van die Godsverhaal na sy eie lewensverhaal te kyk.
- Die Godsverhaal moet as 'n nuwe moontlikheid in die persoonlike lewensverhaal ingevoer word.
- Die prediker is hoofsaaklik verantwoordelik vir die explicatio terwyl die hoorder as spesialis in sy eie lewe, verantwoordelik is vir die applicatio.
- Die klem op die hoorder as die een wat verantwoordelik is vir die applicatio, verhoed dat

die prediker se vermoëns oorspan word.

- Die Gees moet vertrou word met die applicatio.
- Daar moet 'n paradigmaskuif by predikers plaasvind. Klem moet nie val op inligting nie, maar op kommunikasie.
- Klem val op kommunikasie as transformasiegebeure.
- Die imperatief moet altyd toegevoeg word in die evangelie (indikatief).
- Die liturgie moet die proses van kommunikasie dien sonder om inligtinggedrewe te wees.
- Gesprek vanuit die erediens moet op persoonlike vlak (stiltetyd), in groepsverband en in ekumeniese verband plaasvind.
- In die bespreking moet daar nie op die regte antwoord gekonsentreer word nie, maar op die beleving van die antwoord met die oog op 'n nuwe lewensverhaal.

4.8 Slot

“The spiritual life is one that requires constant practice if it is not to degenerate into religion that is little more than duty” (Rice 1991:181). Die navorser wil egter vanuit die voorafgaande beklemtoon dat die gedissiplineerde beoefening van die christelike dissiplines altyd gerig moet wees op kommunikasie met die oog op gesprek tussen die Godsverhaal en die lewensverhaal van die mens. Daar moet altyd gesoek word na die Godsverhaal en na God se rol in die verhaal en die rol wat Hy ook in die persoon se lewe wil en kan speel. **Die christelike dissiplines kan volgens die navorser 'n baie kragtige rol speel in geestelike groei indien dit benut word as skepper van kommunikasie tussen die Godsverhaal en die lewensverhaal van die mens.**

Hoofstuk 5

Kommunikasie tussen die lewensverhaal en God se verhaal 'n moet vir geestelike groei

5.1 Die samevoeging van al die lyne

In die bespreking van geestelike groei en spiritualiteit het dit duidelik geword dat twee faktore bepalend is vir die funksionering as gelowige, naamlik die verstaan van God en sy pad met die mens (Godsverhaal) en die persoon se selfverstaan (lewensverhaal). **In die proses waar die mens sy unieke persoonlikheid ontdek en aanvaar in die lig van die Godsverhaal, vind geestelike groei plaas. Hierdie proses tussen lewensverhaal en Godsverhaal is 'n wisselwerking wat plaasvind deur middel van kommunikasie.** Die einddoel is dat die unieke mens God op 'n unieke wyse verteenwoordig.

In die bespreking van die sosiale konstruksionisme het dit geblyk dat die lewensverhaal van die mens die bril is waardeur die mens na alles kyk. Die mens kyk ook na God deur hierdie bril. Die beeld wat van God gekry word, is dus in werklikheid 'n selfgekonstrueerde en beperkende beeld. Hierdie selfgekonstrueerde beeld van God bepaal die mens se geestelike lewe. Spiritualiteit en gevolglik ook geestelike volwassenheid word dus beïnvloed deur die lewensverhaal. Om geestelik te kan groei moet die mens se lewensverhaal aangespreek word.

Hierdie lewensverhaal is nie net onder gebroke omstandighede gevorm nie, maar ook deur gebroke mense. Die mens kyk dus deur lense wat uit fokus is na God, na homself, na sy medemens en na die wêreld. Aangesien hierdie lewensverhaal 'n konstruksie is, word aanvaar dat hierdie konstruksie geherkonstrueer kan en moet word. Die lense moet in fokus kom. Geestelike groei is dus nie net 'n saak van groter betrokkenheid by God of van Bybellees, bid, kerk toe gaan

en dienslewer in die samelewing nie. **Deur alleen klem te lê op die beoefening van die geestelike dissiplines, word die mag van die lewensverhaal ontken.**

Die ideaal is dat die mens se lewe in reaksie op God en sy verhaal geleef moet word. Indien die lewensverhaal nie aangespreek word nie, kan selfs die mens se godsdiens 'n reaksie op sy lewensverhaal wees. Sodanige godsdiens vloei nie vanuit 'n verhouding met God nie en is dus in werklikheid nie godsdiens nie, maar mense-diens. **Ware godsdiens is altyd reaksie op die Godsverhaal en die Persoon agter die verhaal.** Hierdie verhaal is 'n verhaal van genade en die reaksie dus 'n spiritualiteit van dankbaarheid. **Die christelike dissiplines moet benut word om die Godsverhaal te ontdek en vanuit die ontdekking die lewensverhaal te bevra met die oog op dekonstruksie.** Geestelike groei is 'n produk van kommunikasie tussen die Godsverhaal en die lewensverhaal van die gelowige.

Indien die lewensverhaal te veel aandag kry ten koste van die Godsverhaal, word daar na heelword vanuit 'n gebroke situasie gekyk. **Die mens se lewensverhaal sonder die Godsverhaal bly 'n gebroke verhaal, want sonder God is die mens hooploos.** Die Godsverhaal is 'n verhaal van heel-wees. Die Persoon agter die verhaal wil heelmaak en kan heelmaak. Sonder God kan die mens nooit heel word nie. Die wete dat die Godsverhaal die sleutel is tot heelword, behoort 'n honger te skep na die Godsverhaal. Dit behoort te lei tot 'n afhanklikheid van die Heilige Gees, omdat die lewensverhaal die mens gevange hou en die Heilige Gees die Godsverhaal as sleutel kan gebruik om die seldeur te laat oopswaai.

Daar is duidelik aangetoon dat alle betekenis geskep word deur taal. Eers wanneer iets in woorde beskryf is, het dit betekenis. **Alle betekenis is dus die produk van kommunikasie.** Die vorming van die lewensverhaal asook die verstaan van God, self, medemens en die wêreld het geskied en geskied nog steeds deur taal. Nuwe betekenis moet ook deur taal gebeur. **Kommunikasie skep nuwe betekenis.** Die lense van die lewensbril (lewensverhaal) kan dus ook alleen deur kommunikasie in fokus kom. Die sleutel wat dwing tot gebalanseerdheid en genesing, is kommunikasie tussen die Godsverhaal en die lewensverhaal. Die geestelike dissiplines van tydelike onttrekking, stilte, gebed, vas en skrifmeditasie dwing tot kommunikasie met God en is dus onontbeerlik vir geestelike groei. Die spesifieke dissiplines konsentreer op kommunikasie

met God.

In die proses van betekenisvorming maak die persoon gebruik van sekere gebeure (stories). Die persoon storie sy eie lewe deur 'n klomp stories te integreer tot een lewensverhaal (self-narratief). Hierdie gebeure is menslike verhale en het dus tekortkominge. Die mens het ook die geneigdheid om negatiewe verhale te kies in die vorming van die lewensverhaal. Die Godsverhaal word gesien as die modelverhaal. Let wel, die Godsverhaal is die modelverhaal. Die verhaal van die Bybelfigure is nie noodwendig modelverhale nie. Daar moet altyd gesoek word na God in die verhale van die Bybelfigure en in teksgedeeltes. Verder moet daar gevra word na die moontlikhede tot groei wat die God wat in die verhaal ontdek word vir die unieke lewensverhaal kan inhou. Hoewel elke persoon uniek is en uniek moet bly, moet die Godsverhaal die dominerende verhaal in die proses van betekenisvorming wees. Die mens se verhaal is een van reaktiwiteit op persone en gebeure. **Die ideaal is dat die Godsverhaal in so 'n mate die dominerende verhaal word, dat die mens se hele lewe 'n reaksie op die Godsverhaal is.** Die Godsverhaal is een van omgee en heelmaak. Vandaar die navorser se keuse vir 'n spiritualiteit van dankbaarheid. Die Godsverhaal bemagtig en genees.

Geestelike groei vra na die skep van 'n nuwe verhaal waar die Godsverhaal die hoof gespreksgenoot is, maar nie die enigste gespreksgenoot nie. Indien die patrone (lewensverhaal) nie met 'n alternatiewe verhaal vervang word nie, sal dit die persoon in die geheim bly beheer. Daarom word daar beklemtoon dat geestelike groei nie net 'n konsentrasie op die Godsverhaal is nie, maar 'n fokus vanuit die Godsverhaal op die lewensverhaal. Aangesien betekenis geskep word deur taal en nuwe betekenis ook moet geskied deur taal; en die Godsverhaal as die modelverhaal gesien word; en die lewensverhaal die mens gevange hou en groei teëwerk, is dit logies dat kommunikasie moet geskied tussen die lewensverhaal en die Godsverhaal met die oog op geestelike groei (dekonstruksie). Waar die lewensverhaal van 'n persoon en God se verhaal met die mens (die Bybel) in gesprek tree, word daar nuwe betekenis geskep. In die skep van die nuwe lewensverhaal word die Godsverhaal die dominerende verhaal in plaas van 'n probleemdeurtrekte verhaal. **'n Geprek tussen die lewensverhaal en die Godsverhaal skep 'n toekoms van hoop. Die christelike dissiplines skep kommunikasie met God en is dus instrumenteel in die skep van 'n nuwe lewensverhaal van hoop.**

Die navorser wil dit baie sterk beklemtoon dat die gesprek moet plaasvind tussen die lewensverhaal én die Godsverhaal. Indien die Godsverhaal nie betrek word nie, word die mens se vermoë tot verandering oorskat en oorspan. Wanneer die appél op die mense neerreën sonder die indikatief van die Godsverhaal en sonder om aandag te gee aan die mens se lewensverhaal, word die mens as't ware voor 'n vuurpeleton geplaas en slegs daarvan in kennis gestel. Die mens is geskape met die doel om met God in verhouding te tree (verbond), daarom sal die mens se lewensverhaal altyd 'n leemte toon indien die Godsverhaal nie betrek word nie. Gesprek met die Godsverhaal veronderstel ook dat God deur die Heilige Gees betrokke is. Aan die ander kant sal 'n gesprek met God sonder om aandag te gee aan die lewensverhaal, min waarde hê vir geestelike groei, aangesien die bril waardeur na God en die lewe gekyk word, uit fokus bly. Vanuit die spiritualiteitsverhaal deur die eeue het dit duidelik geword dat die eensydige klem op die gesprek met God, die mens sy unieke identiteit laat verloor. Elkeen van God se mense moet altyd 'n 'unieke iemand' bly. Die mens wat sy unieke indentiteit verloor, ontwikkel dan 'n vroomheid wat aanstoot gee eerder as dat die boodskap van die evangelie aanstoot gee.

In sommige kringe word die indruk geskep dat 'n groter ywer vir die geestelike, die probleme op funksioneringsvlak sal uitskakel. **Die navorser wil dit beklemtoon dat die lewensverhaal en die geloofsverhaal een verhaal is.** Om klem te lê op die vrug sonder om die wortels aan te spreek, is naïef. Die aansprek van die lewensverhaal is 'n geestelike saak en die luister na die volle Godsverhaal hervorm die lewensverhaal. 'n Voorbeeld kan verhelderend wees. Veronderstel 'n persoon se lewensverhaal dwing tot gejaagdheid, sou 'n appél tot groter toewyding nie die probleem van gejaagdheid opgelos het nie, maar slegs die terrein waar gejaag word, verskuif. So kan dit wees dat die grootste voorslag in die gemeente vanuit 'n ongebalanseerde lewensverhaal leef en nie noodwendig uit liefde vir God nie. Daardie persoon beleef nie God se vryheid nie en kan vergelyk word met die oudste seun in die verhaal van die verlore seun. Hoewel die oudste seun op die oog af baie voorbeeldig was, het hy sy Pa bedroef omdat hy nie die Vader se ruim hart verstaan het nie. 'n Volwasse persoon sal leef in reaksie op die Godsverhaal en nie in reaksie op 'n ongebalanseerde lewensverhaal nie. Geestelike volwassenheid is dus nie iets wat deur mense op grond van die uiterlike beoordeel kan word nie. Geestelike volwassenheid word bepaal deur die mate waarin die persoon se lewe 'n reaksie is op

die hele Godsverhaal. Die vraag moet nooit gevra word na die uiterlike alleen nie, maar altyd na die innerlike motivering. Is die persoon in reaksie op die Godsverhaal of 'n ongebalanseerde lewensverhaal? Hierdie vraag moet gevra word by die gebrek aan vrug asook by 'n oorfloed van vrug. Die maatstaf vir geestelike volwassenheid is nie die vrug nie, maar die motivering vir die vrug. Wat sit agter die vrug, die Godsverhaal of die lewensverhaal? Of is dit 'n nuwe lewensverhaal wat nou lewe in reaksie op die Godsverhaal wat die vrug produseer? Geestelike volwassenheid word slegs verkry wanneer die Godsverhaal oor die lewensverhaal skuif en die dominerende verhaal word. 'n Geestelik volwasse mens leef in reaksie op die Godsverhaal.

Hierdie bevryding wat binne die lewensverhaal plaasvind staan binne die sosiale konstruksionisme bekend as self-differensiasie. **Self-differensiasie beteken nie net om sekere 'magte' te ontdek binne die lewensverhaal nie, maar ook om die self te ontdek binne die Godsverhaal.** Die groter Godsverhaal moet ook in berekening gebring word in die vorming van 'n nuwe lewensverhaal. Elke mens word beheer deur sy lewensverhaal totdat hy 'n posisie van objektiwiteit ten opsigte van sy lewensverhaal gekry het. Hierdie proses van uitklim en afstand kry van die bestaande lewensverhaal is 'n lewenslange proses. Om te verseker dat hierdie proses voortgaan, moet daar 'n paradigmaskuif by die persoon plaasvind. Die persoon moet beseft dat sy siening 'n persoonlike konstruksie is. Daar moet altyd gevra word na die sin van sekere optrede of denke met die oog op die verteenwoordiging van God. Verder moet daar gevra word na die oorsprong van 'n sekere manier van optrede en die sin van die optrede in die 'oorsprong' se lewe. Daar moet altyd gesoek word na die unieke mens wat God geskep het; Die unieke mens wat nie deur ander persone of magte beheer word nie, maar wat in reaksie is op die Godsverhaal. Die kern bly steeds dat die mens homself moet vind binne die Godsverhaal. Dit geskied deur middel van kommunikasie tussen die Godsverhaal en die lewensverhaal onder leiding van die Heilige Gees.

Om die indruk te skep dat 'n groter geestelike inset al is wat gevra word, skep volgens die navorser 'n kloof tussen natuur en genade. Dit versterk dikwels 'n reeds skeefgetrekte lewensverhaal. 'n Eensydige beklemtoning van die geestelike dissiplines wat nie die lewensverhaal van die mens aanspreek nie, skei nie net die geestelike en die natuurlike nie, maar negeer die natuurlike terwyl die mens tog 'n eenheid is. Die sleutel wat dwing tot

gebalanseerdheid en genesing is kommunikasie tussen die Godsverhaal en die lewensverhaal. Die geestelike dissiplines skep daardie kommunikasie, maar moet doelbewus konsentreer op kommunikasie tussen die Godsverhaal en die lewensverhaal.

'n Geestelike volwasse mens is iemand wat in sy binnekamer vanuit 'n aangesprokenheid deur die Godsverhaal met God kommunikeer oor sy lewensverhaal en in die lewe met sy lewe reageer op die Godsverhaal. **'n Geestelik volwasse mens is iemand wat sy lewensverhaal bevra in die lig van die Godsverhaal en nie in die lig van ander mense se verhale nie.** 'n Geestelike volwasse mens is iemand wat ook die moed aan die dag kan lê om met deernis en begrip die lig van die Godsverhaal te laat skyn op die lewensverhale van die mense wat die belangrikste rolle gespeel het in die vorming van sy lewensverhaal. Self-differensiasie moet egter in die gees van die Godsverhaal (liefde en begrip) geskied. **Ter wille van geestelike groei móét hierdie proses van differensiasie geskied en nie gesien word as liefdelose kritiek nie. Hierdie proses is noodsaaklik vir die geestelike groei van die persoon asook die groei van sy nageslag.**

Deur eensydig klem te lê op die geestelike dissiplines word die verantwoordelikheid van die mens ontken. **Die aanvaar van verantwoordelikheid is essensieël deel van mense-wees.** Die werk van die Heilige Gees en die van die mens is so in mekaar geweef dat dit nie geskei kan word nie. Die mens moet dus verantwoordelikheid aanvaar, maar in totale afhanklikheid van die Heilige Gees. **Die beoefening van die geestelike dissiplines is deel van die aanvaarding van verantwoordelikheid, maar hef nooit die mens se verantwoordelikheid op nie.** Die dissiplines skep die moontlikheid vir kommunikasie met God en die fokus op sy verhaal. Die beoefening van die geestelike dissiplines moenie 'n onttrekking vanuit die wêreld wees omdat die wêreld vuil is nie (minder geestelik). Die geestelike dissiplines moet die mens in kontak bring met God en met die self, met die oog op die lewe in die wêreld.

Die fokus op die Godsverhaal kan, deur die regte vrae te vra, die rol van God uitlig en die Godsverhaal as dominerende verhaal beklemtoon. Verder kan die regte vrae, terwyl op die Godsverhaal gefokus word, ook die leemtes in die lewensverhaal blootlê wat dan kan lei tot dekonstruksie. Deur bloot klem te lê op die aanvaarding van verantwoordelikheid, is soos 'n skoot in die donker. Dit kan iets tref, maar die kans is baie skraal dat die werklike teiken getref gaan word. Deur relatiewe beïnvloedingsvrae te vra, kry die persoon nie net 'n gesonde afstand

van sy verhaal nie, maar word die skyf waarop geskiet moet word baie duidelik. Die Godsverhaal is dan die skietlamp wat die teiken belig. Die verantwoordelikheid van die mens behels dus in die eerste plek die skep van kommunikasie met God en sy verhaal. Tweedens behels dit die fokus van die Godsverhaal op die lewensverhaal en derdens die aanspreek van probleme en die uitleef van die nuwe moontlikhede wat blootgelê is. In hierdie proses is die Heilige Gees deurgaans aktief teenwoordig. Deur die beginsels van die sosiale konstruksionisme en die geestelike dissiplines met mekaar te laat saamwerk, word die verantwoordelikheid van die mens nie net deur God se teenwoordigheid (Godsverhaal) bemagtig nie, maar kan die verantwoordelikheid van die mens spesifiek gefokus word. **Geestelike groei is die werk van God en van die mens.** Die mens kan nie maksimaal groei indien sy lewensverhaal nie aandag kry nie. Die mens kan ook nie sy lewensverhaal ontdek en dekonstrueer sonder God en die ontdekking van die Godsverhaal nie. **In die ontdekking en die dekonstruksie van die lewensverhaal, is die mens en God onlosmaaklik aan mekaar verbind. Eers wanneer die Godsverhaal oor die unieke mens se lewensverhaal geskuif het, is die mens waarlik vry en kan hy as geestelik volwasse beskou word. Dit bly 'n lewenslange proses.**

Die navorser wil dit beklemtoon dat die klem op kommunikasie tussen die gelowige en God nie die kommunikasie met die geloofsgemeenskap uitsluit nie. Die navorser is deeglik bewus van die gevaar wat die uitsluiting van die geloofsgemeenskap inhou. Daar is talle voorbeelde in die alledaagse lewe waar mense nie in lyn met die Skrif opgetree het nie, maar daarop aanspraak maak dat God hulle gelei het. Die individuele verstaan van die Skrif moet altyd rekening hou met die verstaan van die geloofsgemeenskap. Individue moet respek hê vir die mening van die geloofsgemeenskap. In die Bybel word daar hoë prioriteit geplaas op die gesag en siening van die geloofsgemeenskap. God sal nie met die individu 'n pad loop wat vreemd is aan die pad met die res van die geloofsgemeenskap nie. God gebruik die Woord, die tradisie en die gemeenskap van die gelowiges om met die mens te praat. Die navorser beskou die tradisie as deel van die getuienis van die geloofsgemeenskap. Gesprek met die tradisie deur middel van die oorgelewerde geskrifte is noodsaaklik. God het ook ons voorvaders gelei en verder is dit belangrik om die 'nou' te verstaan in die lig van die geskiedenis. Alles moet egter aan die Woord getoets word. Die Woord is die finale en deurslaggewende gespreksgenoot.

Daar moet egter in gedagte gehou word dat die liggaam uit verskillende dele bestaan en dat die verskillende dele ook verskillende spiritualiteitstipes beteken. Spiritualiteitstipes mag nie aanleiding gee tot geskeidenheid nie, maar moet in gesprek tree met mekaar. Die gesprek moet gerig wees op groei na mekaar eerder as die uitklaar van verskille. In gesprek moet daar deurentyd onthou word dat ‘my siening’ ’n gekonstrueerde waarheid is en dat deur middel van gesprek ’n nuwe, meer werkbare en meer vollediger waarheid geskep kan word.

5.2 Praktiese riglyne vanuit die navorsing

Die hipotese, naamlik dat geestelike groei plaasvind wanneer die lewensverhaal van ’n persoon en die Godsverhaal met mekaar kommunikeer, is korrek bewys. Vanuit die hipotese wil die navorser ter afsluiting ’n paar lyne trek:

- In die eerste plek beklemtoon hierdie studie dat alles moontlik gedoen moet word ten einde kommunikasie te bevorder. Deur klem te plaas op die korrekte antwoord word kommunikasie gesmoor. **Die klem op die krag van kommunikasie plaas die klem eerder op bespreek as op toespreek.** Enige ‘toespreek-situasie’ moet so beplan word dat dit poog om verdere kommunikasie te skep.
- Verder is die navorser van mening dat die geestelike groei in die verlede aan bande gelê is deurdat ’n onrealistiese las in die vorm van imperatiewe op gewillige mense gelaai is. Dikwels is die gelowige met ’n opdrag uit die kerk gestuur. Die lidmaat wou die opdrag graag uitvoer, om maar net later uit te vind dat hy weer gefaal het. Indien die lidmaat met die regte vrae weggestuur word, kan kommunikasie met God die nodige verstellings aan die lewensverhaal doen en word die uitvoer van die opdrag moontlik. Geestelike groei kan inderdaad bespoedig word indien daar ’n paradigmaskuif plaasvind. Klem moet verskuif vanaf die deurgee van inligting en die gepaardgaande opdragte, na die skep van kommunikasie tussen die lewensverhaal en die Godsverhaal. Dit word gedoen deur vrae eerder as deur antwoorde.
- Daar is aangedui dat die predikant-amp in diep waters beland het omdat die eise van die

bediening net te groot geword het. Op feitlik elke sinode word die saak opgehaal. Die navorser het egter nog nooit by die sinodes wat hy bygewoon het, ervaar dat die lewensverhale van predikante en lidmate in diepte aangespreek is nie. Klem val altyd op beter beplanning. Na die mening van die navorser is die probleem in die eerste plek die lewensverhale van die leraars wat lei tot 'n gebrek aan grense en gevolglike uitbranding. Die navorser is oortuig daarvan dat indien die leraars tyd sou maak saam met God en die lig van die Godsverhaal duidelik op hul eie lewensverhale, hulle daaglikse programme asook die verwagtings van die gemeente sou laat skyn, die probleem in 'n groot mate effektief aangespreek sal word. As voorbeeld kan huisbesoek geneem word. Die eis wat aan leraars gestel word dat daar ten minste een maal per jaar met huisbesoek deur die gemeente gegaan moet word, moet onder die lig van God se Woord ondersoek word. Die Bybelse eis is wel dat die gemeente versorg moet word, maar huisbesoek een maal per jaar is beslis nie 'n Bybelse eis nie. Dit is geskep deur mense en het deel van lidmate se lewensverhale geword. Hierdie eis moet met die gemeente en kerkraad bespreek word in die lig van die Godsverhaal. Die gemeente en kerkraad moet ook in gebed die saak met God bespreek en saam moet daar tot 'n besluit gekom word. Die navorser is egter van mening dat leraars nie genoegsaam gedifferensieerd is nie. Barrier bevestig hierdie standpunt: "Many times I have discovered that my drivenness to minister for God has more to do with my own agenda than the prompting of God" (1996:63-70). Leraars moet weer na God luister en nie aan almal se eise probeer voldoen nie. Leraars moet hul unieke aard ontdek en nie 'n spesialis op elke terrein probeer wees nie (Hybels 1996:161-162).

Leraars moet in hulle bediening reageer op die Godsverhaal en nie gedryf word deur hul eie of ander se lewensverhale en verwagtinge nie. Leraars moet vertrou dat die Gees ook deur ander en met ander praat en deur hulle werk. Daar moet gewaak word teen die Rooms-Katolieke onderskeid tussen amptelikes en leke (Wentsel 1993:276). Leraars moet poog om kommunikasiegeleenthede te skep vanuit 'n 'not-knowing' posisie eerder as om al die antwoorde te ken. Leraars moet die Gees vertrou vir geestelike groei en nie die groei self probeer bewerk nie (Killian 1996:76; Mckinley 1996:201). Skep kommunikasie met God waar die lewensverhaal en tradisies in die lig van die Godsverhaal bevra word, en die geestelike groei sal daaruit ontvou. Leraars moet ook mens wees. Die opmerking van Willimon (1996:297) is sprekend, " 'I want to do well as

a pastor’, said the seminarian, ‘but I never want to lose sight of the fact that I’m a person. My personal needs are more important than my pastoral duties’ ” (1996:297). Dit kan alleen gebeur wanneer die dominee gedifferensieerd is.

- Kommunikasie tussen die Godsverhaal en die lewensverhaal van die gelowige sluit ook die gesprek met die dogma in. Die soeke na God en die evangelie in die dogma en die betekenis vir die lewensverhaal moet plaasvind. Deur die eeue was daar spanning tussen die dogma en die hart. Van ‘t Spijker stel dit so: “Het dogma stelt teleur, omdat het op de vragen van het verstand mogelijk een antwoord zou kunnen geven, maar de vragen van het hart onbeantwoord laat”(1993a:15). Die navorser is oortuig dat kommunikasie tussen die lewensverhaal van die gelowige en die dogma, die spanning tussen verstand en hart kan oorbrug en die dogma weer sy regmatige plek kan laat inneem.
- Die navorser beleef spanning in die kerk tussen die sogenaamde behoudendes en die soekers na vernuwing. Van beide kante is daar meestal nie ’n openheid tot gesprek nie. In die geskiedenis is dit duidelik dat elke reaksie in werklikheid ’n teen-reaksie was. So word die reformasie onder andere gevolg deur die Piëtisme / Nadere Reformasie en weer opgevolg deur die opwekkingsbeweging in die agtiende en negentiende eeu (Runia 1993b:284). In plaas van om te stry oor wie reg is, is die navorser van mening dat daar ’n openlike gesprek moet plaasvind. Die behoudendes moet met ’n openheid soek na dit waarteen diegene wat wil vernuwe in reaksie is, terwyl die persone ten gunste van vernuwing ook met ’n oop gemoed na die behoudendes moet luister. Die ideaal is dat daar gesamentlik met die Godsverhaal en die kerklike tradisie in gesprek getree moet word. Die navorser is bevrees dat vernuwing huidiglik vloei vanuit die menslike verhaal eerder as reaksie op die Godsverhaal (Floor 1993:297).
- Van’t Spijker (1993b:320) wys daarop dat in ’n ondersoek na die rede waarom jongmense die kerk verlaat, dit geblyk het dat hulle huisgodsdienste en eredienste as inhoudloos en betekenisloos ervaar. Die navorser is van oordeel dat wanneer die kerk daarin kan slaag om jongmense in gesprek met God te betrek oor die sin van godsdienste vir hulle lewe, die jongmense behou kan word. Die klem moet val op bespreek eerder as toespreek. In die kategese moet die verstand, die hart en die hand betrek word (Verboom

1993:358). Die geloofsinhoud moet geleer word, maar sorg moet gedra word dat die inhoud ook bespreek word met die oog op 'n persoonlike geloof en geloofservaring. Die jongmense moet die beginsel leer dat die Godsbegrip die ervaring moet bepaal. Verder moet daar geleentheid geskep word waar die geloof oorgaan in diens in die samelewing. Die gees wat soek na sin moet reeds gekweek word, maar daar moet in gedagte gehou word dat die jongmens nog nie 'n eie identiteit het nie. Self-differensiasie kan dus nog nie plaasvind nie.

- Laastens moet daar beklemtoon word dat hierdie kommunikasie tussen die lewensverhaal en die Godsverhaal nie in die hardloop gebeur nie. Om God se stem te hoor moet die Woord geles en oordink word. Die oordink en nadink van die Woord moet lei tot gebedsreaksie. Dit alles vra tyd en afsondering. Wie tyd maak om God se verhaal te ontdek en met Hom daaroor te praat, sal groei na geestelike volwassenheid, want die kommunikasieproses tussen die lewensverhaal van die gelowige en God se verhaal met die gelowige lei tot geestelike groei.

5.3 Moontlikhede vir verdere studie

- Die moontlikheid om die erediens te ontgin as kommunikasiegeleentheid tussen die Godsverhaal en die lewensverhaal van die gelowige verdien verdere studie.
- Die ontginning van kleingroepe met die oog op kommunikasie tussen die Godsverhaal en die lewensverhaal van die gelowiges kan ook verder nagevors word.
- Die invloed wat predikante se lewensverhale op gemeentes en selfs op die verhaal van die kerk gehad het, kan baie belangrike inligting blootlê.
- Die moontlikheid wat self-differensiasie vir die krisis van predikant-wees inhou moet dringend nagevors en prakties verwerk word.

“I do not have clear answers to current questions. I do have questions, and , as a matter of fact, I think a man is known better by his questions than by his answers. To make known one’s questions is, no doubt, to come out in the open oneself. I am not in the market for the ready-made and wholesale answers so easily volunteered by the public and I question nothing so much as the viability of public and popular answers, including some of those which claim to be most progressive”

(Merton 1995:5).

Bronnelys

Anderson H & Goolishian H

1992. The client is the expert. A not-knowing approach to therapy. In McNamee, S & Gergen, K J (eds). *Therapy as social construction*. London: Sage.

Androutsopoulou A

2001. The Self-Characterization as a Narrative Tool: Applications in Therapy with Individuals and Families. In *Family Process* 40(1)79-94.

Alston W P

1993. *Perceiving God. The Epistemology of Religious Experience*. Ithaca and London: Cornell University Press.

Andriessen H

1990. Spiritualiteit als activiteit. Theologische Etherleergang. In *Rondom het Woord*: 32 (1):8-14.

Barnard A C

1981. *Die Erediens*. Kaapstad: N. G. Kerkboekhandel.

Barrier Jn R

1996. Runaway Mind. In Shelly M (ed): *Deepening your ministry through prayer and personal growth*. Nashville: Moorings.

Barton J

1996. The Old Testament. In Jones C, G Wainwright & E Yarnold: *The study of spirituality*.

(London:SPCK):47-57.

Bosch D J

1994. *A Spirituality of the Road*. Pretoria:Institute for Missiological and Ecumenical Research.

Brienen T

1993. *Vroomheid volgens het Gereformeerde Piëtisme in Nederland, met name bij vader en zoon à Brakel*. In van't Spijker (red):*Spiritualiteit*. Kampen: Groot Goudriaan.

Bruner E

1986. *Ethnography as narrative*. In Turner, V & Bruner, E (eds), *The anthropology of experience*. Chicago: University of Illinois Press.

Brueggemann W

1989. *And finally comes the poet. Daring speech for proclamation*. Minneapolis:Fortress.

1993. *Texts under Negotiation. The Bible and Postmodern Imagination*. Minneapolis: Fortress.

Carlos E & Sluzki M D

1992. *Transformation: A Blueprint for Narrative Changes in Therapy*. In *Family Process* 31(3):217-230.

Chubb H

1990. *Looking at Systems as Process*. In *Family Process*, 29(2):169-175.

Cilliers J

1994. *Pneumatologie en metodologie: 'n Homiletiese perspektief*. In *Ned Geref Teologiese Tydskrif*, xxxv (2): 251-255.

1996. *Die uitwissing van God op die kansel. Ontstellende bevindinge oor Suid Afrikaanse prediking*. Kaapstad:Lux Verbi.

1998. *Die uitwysing van God op die kansel. Inspirerende perspektiewe vir insiggewende prediking*. Kaapstad:Lux Verbi.

Cloud H

1990. Changes that Heal. Grand Rapids: Zondervan.

Cole A

1993. At the heart of a Christian spirituality. In *Reformed Theological Review* 52 (2):49-61.

Collins G R

1988. Christian Counseling. A Comprehensive Guide. Dallas: World Publishing.

Couleman R, Friedlander M L, Heatherington L

1998. Transforming Narratives: A Change Event in Constructivist Family Therapy. In *Family Process* 37(1):17-33.

Covey S R

1992. The seven habits of highly effective people. Powerful lessons in personal change. London:Simon & Schuster.

Crabb L

1988. Inside Out. Colorado:Navpress.

Cymbala J

1996. Keeping Connected to the Power. In Shelly M (ed): Deepening your ministry through prayer and personal growth. Nashville:Moorings.

Deist F

1978. Tussen ang en sekerheid. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.

De Klerk J J

1982. Liturgiese Grondlyne. Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers.

De Knijff H W

1973. *Mystiek en Schrift*. In Berkhouwer G C, Hensen R, Posthumus Meyjes G H M (red): *Mystiek in de westerse kultuur*. Kampen: J.H.Kok.

De Kruiff G G

1992. De adem van Gods stem. Theologiese Etherleergang. In *Rondom het Woord* 34 (4):3-9.

Dill J & Kotzé D J

1997. Verkenning van 'n postmoderne epistemologiese konteks vir die praktiese teologie. In *Acta Theologia* 17(1):1-26.

Dobson E

1996. *Renewing Your Sense of Purpose*. In Shelly M (ed): *Deepening your ministry through prayer and personal growth*. Nashville:Moorings.

Doubell B & Strauss S

2001. Woord van God of woord oor God? Op soek na 'n eietydse Skrifmodel. *Ned Geref Teologiese Tydskrif* 42 (3&4):302-314.

Dunnam M

1996. *A Heart Close to God*. In Shelly M (ed): *Deepening your ministry through prayer and personal growth*. Nashville:Moorings.

Du Toit B

2000. *God? Geloof in 'n postmoderne tyd*. Bloemfontein: CLF.

Efran J S & Lukens M D

1985. The world according to Humberto Maturana. In *The Family Therapy Network* 9(13):23-25: 7-8:72-75.

Efran J S, Lukens R J & Lukens M D

1988. Constructivism: What's in it for You? In *The Family Therapy Network* 12(5):27-35.

Exalto K

1993. Luther over de ware christelijke vroomheid. In van't Spijker (red):*Spiritualiteit*. Kampen: Groot Goudriaan.

Floor L

1993. De spiritualiteit van de charismatici. In van't Spijker (red):*Spiritualiteit*. Kampen: Groot Goudriaan.

Fosnot C T

1996. *Constructivism: Theory, Perspective, and Practice*. New York: Teachers College Press.

Foster R

1989. *Celebration of discipline*. London: Hodder and Stoughton.

1992. *Prayer. Finding the Heart's True Home*. London: Hodder & Stoughton.

Fourie C J van der Lidth

2001. *Die rol van metafore in spiritualiteit*. Ongepubliseerde Doktorale proefskrif. Bloemfontein: UOVS.

Fowler J W

1981. *Stages of faith. The psychology of human development and the quest for meaning*. San Francisco: Harper & Row.

1984. *Becoming Adult, Becoming Christian. Adult development and Christian faith*. San Francisco: Harper Collin Publishers.

1987. *Faith development and pastoral care. Theology and pastoral care*. Philadelphia: Fortress.

Friedman S

1993. *The new language of change*. New York : Guilford.

Graafland C

1990. *Gereformeerden op zoek naar God. Godsverduistering in het licht van de gereformeerde spiritualiteit*. Kampen: De Groot Goudriaan.

Gaffin R Jr

1992. The Gifts of the Holy Spirit. In *The Reformed Theological Review*. 51(1):1-10.

Garbers J G

1996. *Doeltreffende geesteswetenskaplike navorsing*. Pretoria: Van Schaik.

Gerkin C V

1986. *Widening the horizons. Pastoral response to a fragmented society*. Philadelphia: The Westminster Press.

Goppelt L

1981. *Theology of the New Testament. Volume one*. Grand Rapids, Michigan: Eerdmans.

Griffin E

1996. *Contagious Prayer*. In Shelly M (ed): *Deepening your ministry through prayer and personal growth*. Nashville: Moorings.

Groenewald E P.

1973. *Die Evangelie van Markus*. Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

Groeschel B J

1982. *Spiritual Passages: The Psychology of spiritual development*. New York: Crossroad.

Halford K, Sanders M, Behrens B C

2000. Repeating the Errors of Our Parents? Family-of-Origin Spouse Violence and Observed Conflict Management in Engaged Couples. In *Family Process* 39(2):291-234.

Harman A M

1994. The Psalms and Reformed Spirituality. In *Reformed Theological Review*. 53 (2): 53-62.

Hendriks W H.

1976. *The Gospel of Matthew*. London: Billing & Sons Limited.

1974. *New Testament Commentary Galatians*. London: Billing & Sons Limited.

Hendrix P J G A

1973. *Mystiek en Liturgie*. In Berkhouwer G C, Hensen R, Posthumus Meyjes G H M (red): *Mystiek in de westerse kultuur*. Kampen: J.H.Kok.

Heyns J A

1981. *Dogmatiek*. Pretoria:NG Kerkboekhandel Transvaal.

Hoffman L

1990. Constructing realities: An art of lenses. In *Family Process* 29(1):1-12.

Holt B P

1993. *Thirsty for God. A brief history of Christian Spirituality*. Minneapolis: Augsburg Fortress.

Hudson T

1995. *Singposts to spirituality. Towards a closer walk to God*. Cape Town: Struik Christian Books.

Hybels B

1996. Reading Your Gauges. In Shelly M (ed): Deepening your ministry through prayer and personal growth. Nashville:Moorings.

Janse van Rensburg J

2000. The Paradigm Shift. Pretoria:Van Schaik.

Jelsma A J

1973. Mystiek en Gebed. In Berkhouwer G C, Hensen R, Posthumus Meyjes G H M (red): Mystiek in de westerse kultuur. Kampen: J.H.Kok.

1990. Spiritualiteit en traditie. Theologische Etherleergang In *Rondom het Woord* 32(1):21-27.

Jonker W D

1974. Die Bybel en Gods wil vir ons lewe. Kaapstad: N. K. Kerk-Uitgewers.

1989. Die eie-aard van die gereformeerde spiritualiteit. *Ned Geref Teologiese Tydskrif* 30(3):288-299.

1994. Bevrydende waarheid.. Die karakter van die gereformeerde belydenis. Wellington: Hugenate-Uitgewers.

Jones C P M

1996a. Liturgy and Personal Devotion. In Jones C, G Wainwright & E Yarnold: The study of spirituality. (London:SPCK):3-9.

1996b. The New Testament. In Jones C, G Wainwright & E Yarnold: The study of spirituality. (London:SPCK):58-89.

Jongerius H

1990. Tot Verstillig Komen. Theologische Etherleergang. In *Rondom het Woord* 32(1):15-27.

Joubert B F

2000. The social colonial construction of pastoral therapy in clergy training. Unpublished doctoral thesis. Bloemfontein: UOFS.

Keating T

1999. In Reininger G (ed). *The Diversity of Centering Prayer*. New York: Continuum.

Kellerman J S

1991. Die oorsake van werkstres by die predikant. In *Ned Geref Teologiese Tydskrif* xxxii(2):290-298.

2000. Teologiese opleiding in die jare 2000. Spiritualiteitsvorming van die teologiese student en die predikant. In *Kaleidoskoop 2000 Acta Theologica 2000 Supplementum* (1):26-44.

Kerr M E

1984. Theoretical base for differentiation of self in one's family of origin. In Munson, C E (ed) *Family of Origin Applications in Clinical supervision*. New York: Haworth.

Kerr M E & Bowen M

1988. *Family Evaluation*. New York: Norton.

Killian C

1996. Disciplines for the Undisciplined. In Shelly M (ed): *Deepening your ministry through prayer and personal growth*. Nashville: Moorings.

Klein Kranenburg E S K

1994. Ruimte aan die Geest. In *Praktiese Teologie in SA*. 9(2):165-179.

Kleynhans D J B & Kellerman J S

2000. Die sosiale konstruksie-model en die spanning tussen hoor en doen as reaksie op die prediking. In *Acta Theologica* 20(1) 73-89.

König A.

1975. Hier is Ek. Gelowig nagedink oor God. Deel 1. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

1976. Meer duidelikheid oor die Heilige Gees. Pretoria:NG Kerkboekhandel.

1998. Vernuwe of verdwyn. Hoe oop is die NG Kerk vir verskillende vorme van aanbidding?
Kaapstad: Lux Verbi.

Kotze D J

1992. Verantwoordelikheid as antropologiese essensie. Ongepubliseerde doktorsale proefskrif
. Pretoria. UP.

Kotzé E & Kotzé D J

1997. Social Construction as a Postmodern Discours: An Epistemology for Conversational
Therapeutic Practice. In *Acta Theologia* 17(1):27-50.

Kruger S F & Venter C J H

1996. Selfliefde: 'n Skrifondersoek met die oog op die omlýning van basisteoretiese
perspektiewe vir die pastoraat. In *In die Skriflig*. 30(3):365-386.

Lannaman J W

1998. Social Construction and Materiality: The Limits of Indeterminacy in Therapeutic
Settings In *Family Process* 37(4):393-412.

Lindahl K

1999. In Reininger G (ed). The diversity of centering prayer. New York:Continuum.

Louw D J

1989. Spiritualiteit as Bybelse vroomheid in die teologie en die gemeentelike bediening. In
Praktiese Teologie in Suid Afrika 4(2):1-17.

1997a. Die rol van Godsbeelde/voorstellinge in die ontwikkeling van lidmate se geloof - 'n

pastoraal-diagnostiese model. In *Praktiese Teologie in SA*.12(1):52-63.

1997b. 'n Diagnostiese model vir die assessering van spiritualiteit met die oog op geloofsontwikkeling in die pastorale bediening. In *Praktiese Teologie in SA*. 12(2):11-25.

Maartens M

1989. Gebed kan my lewe verander. Kaapstad: Lux Verbi.

MacDonald G

1996. What I want to be when I grow up. In Shelly M (ed): Deepening your ministry through prayer and personal growth. Nashville:Moorings.

McGoldrick M &Gerson R

1985. Genograms in family therapies. New York: Norton.

Mckinley L S

1996. Feeling Good About the Non-urgent. In Shelly M (ed): Deepening your ministry through prayer and personal growth. Nashville:Moorings.

Merton M

1955. No Man is an Island. Kent: Burns & Oates.

1995. Conjectures of a Guilty Bystander. Kent: Burns & Oates.

1996. Contemplative Prayer. New York: Doubleday.

Moberg D O.

1990. Spiritual Maturity and Wholeness in the later Years. New York: Haworth.

Mouton J

1996. In Garbers J G (red):Doeltreffende geesteswetenskaplike navorsing.Navorsingsbestuur vir navorsers, studieleiers en M- en D-kandidate. Pretoria: van Schaik.

Morris L

1983. The First Epistle of Paul to the Corinthians. Tyndale New Testament Commentaries. Leicester: Inter-Varsity Press.

Muck T

1996. Thankful in a Thankless World. In Shelly M (ed): Deepening your ministry through prayer and personal growth. Nashville: Moorings.

Müller J

2000. Reis-geselskap. Die kuns van verhalende pastorale gesprekvoering. Wellington: Lux Verbi BM.

Nicol W

1989. Stem in die Stilte. 'n Werkboek in Christelike Meditasie. Kaapstad: Orion.

1994. Die donker poort - die mistieke ervaring van die leegte as poort na Godserving. In *Ned Geref Teologiese Tydskrif* xxx (4): 533-545.

1996. Rykdom in eenvoud. Kaapstad: Lux Verbi.

2000. 'n Godsdienst wat werk. Ontdek die soort godsdienst wat vir jou die beste werk. Wellington: Lux Verbi. BM.

Noordegraaf A

1993. Vroomheid in het Nieuwe Testament. In van't Spijker (red): Spiritualiteit. Kampen: Groot Goudriaan.

Nouwen H J M

1981. The way of the heart. New York: Harper.

1983. Space for God. Michigan: CRC Publications.

1986. In the house of the Lord. The Journey from Fear to love. London: Darton, Longman and Todd.

1988. Letters to Marc about Jesus. London: Darton, Longman and Todd.

1989. In the name of Jesus. Norwich: Page Bros.
1989. Seeds of Hope. London: Darton, Longman and Todd.
1991. Walk with Jesus. New York: Orbis Books.
1992. Life of the Beloved. Berkshire: Cox & Wyman.
1993. With open hands. Notre Dame: Ave Maria Press.
- 1994a. The wounded healer. London: Darton, Longman & Todd.
- 1994b. The return of the Prodigal Son. A Story of Homecoming. London: Darton, Longman and Todd.
1995. With open hands. Nortre Dame: Ave Maria Press.

Oostenbrink J W & Lotter G A

1999. Gereformeerde spiritualiteit as korporatiewe spiritualiteit. In *In die Skriflig* 33(3):367-383.

Ortberg J

1996. The Approval Addiction. In Shelly M (ed): Deepening your ministry through prayer and personal growth. Nashville: Moorings.

Overduin J.

1967. Worden als een man. Wageningen: Zomer & Keunings Uitgeversmaatschappij.

Parry A

1991. A Universe of stories. *Family Process* 30(1):37-54.

Patterson B

1996. Fatal Omission. In Shelly M (ed): Deepening your ministry through prayer and personal growth. Nashville: Moorings.

Paul M J

1993. Vroomheid in het Oude Testament. In van't Spijker (red): Spiritualiteit. Kampen: Groot

Goudriaan.

Pennington M B

1999. In Reininger G (ed). *The Diversity of Centering Prayer*. New York:Continum.

Peterson E H

1987. *Working the angels. The shape of pastoral integrity*. Michigan : Eerdmans.

1994. *Subversive spirituality*. Michigan: Eerdmans.

Pieterse H J C

1991. *Gemeente en prediking*. Pretoria: NGKB.

Pittman F S

1987. *Turning points*. New York: Norton.

Postema D

1997. *Space for God. Study and practice of spirituality and prayer*. Michigan:CRC Publications.

Powell J

1995. *A Live-Giving Vision. How to be a Christian in today's world*. Texas: ThomasMore.

Real T

1990. The Therapeutic Use of self in Constructionist/Systemic Therapy. In *Family Process* 29(3):255-272.

Rice H L

1991. *Reformed Spirituality. An introduction for believers*. Westminster: John Knox Press.

Ridderbos H N.

1981. The New International Commentary on the New Testament. The Epistle of Paul to the churches of Galatia. Grand Rapids, Michigan: Eerdmans.

Roberts J H

1990. Die Brief aan die Efesiërs. Kaapstad: N G Kerk-Uitgewers.

Roukema-Koning B

1993. Spiritualiteit en psichologie. In van't Spijker (red):Spiritualiteit. Kampen: Groot Goudriaan.

Roux G B

1992. Stressore in die bediening en die effek daarvan op spesifieke persoonlikheidsaspekte van die predikant. In *Ned Geref Teologiese Tydskrif* xxxii(2):225-231.

Runia K

1993a. Spiritualiteit bij Calvijn. In van't Spijker (red):Spiritualiteit. Kampen: Groot Goudriaan.

1993b. De spiritualiteit van de evangelischen. In van't Spijker (red):Spiritualiteit. Kampen: Groot Goudriaan.

Russel A

1996. Sociology and the Study of Spirituality. In Jones C, G Wainwright & E Yarnold: The study of spirituality. (London:SPCK):9-17.

Ryder R G & Bartle S

1991. Boundaries as Distance Regulators in Personal Relationships. In *Family Process* 30(4):393-406.

Sanny L C

1996. How to Spend the Day in Prayer. In Shelly M (ed): Deepening your ministry through prayer and personal growth. Nashville:Moorings.

Schaeffer F

1972. True spirituality. London: Hodder and Stoughton.

Schulze L F

1978. Geloof deur die eeue. Pretoria:N G Kerkboekhandel.

Seeber J. J.(ed)

1990. Spiritual Maturity in the Later Years. New York: The Haworth Press.

Simon R.

1985. Structure is destiny: An interview with Humberto Maturana. In *The Family Therapy Network* 9(3):32-37:41-43.

Sizoo A

1931. Calvijn Institutie. Delft: Naamlose Vennootschap W. D. Meinema.

Smelik E L

1973. Mystiek en Existentie. In Berkhouwer G C, Hensen R, Posthumus Meyjes G H M (red): Mystiek in de westerse kultuur. Kampen: J.H.Kok.

Smit D J

1988. Wat is gereformeerde spiritualiteit? In *Ned Geref Teologiese Tydskrif* 28(2):182-193.

1989. Kan spiritualiteit beskryf word? In *Ned Geref Teologiese Tydskrif* 30(1):83-94.

Smith Sr F

1996. The Disuse, Misuse, Abuse, and Proper Use of Prayer. In Shelly M (ed): Deepening your ministry through prayer and personal growth. Nashville:Moorings.

Snyman S D

1997. Spiritualiteit - 'n perspektief uit die Ou Testament. In *In die Skriflig* 31(4):375-387.

Sölle D

1979. *The inward road and the way back*. London: Darton Longman & Todd Ltd.

Steffe L P & Gale J (ed)

1995. *Constructivism in Education*. New Jersey: Lawrence Erlbaum Associates Publishers.

Thomas O W

2000. Interiority and Christian Spirituality. In *The Journal of Religion* 80(1):41-60.

Tomm K

1987. Interventive Interviewing: Part II. Reflexive Questioning as Means to Enable Self-Healing. In *Family Process* 26(2):167-183.

1988. Interventive Interviewing: Part III. Intending to ask Lineal, Circular, Strategic, or Reflexive Questions? In *Family Process*. 27(1):1-15.

Tomm K & Lannamann J W

1988. Constructivism Applied. Co-creating new realities. In *The Family Therapy Network*. 12(5):37-41.

Ulanov A & Ulanov B

1996. Prayer and Personality: Prayer as Primary Speech. In Jones C, G Wainwright & E Yarnold: *The study of spirituality*. (London:SPCK):9-17.

Uys I

1998. *Die Afrikaanse Makro Gids*. Taal- en Algemene Kennis vir Vandag. Kaapstad: Pharos.

Van de Bank J H

1993. Spiritualiteit en de vroege kerk. In van't Spijker (red):*Spiritualiteit*. Kampen: Groot

Goudriaan.

Van der Merwe A F

1990. Beleving van spiritualiteit. Ongepubliceerde lesing, Theologiese dag, 23 Februarie.
Fakulteit Teologie, Universiteit van die Oranje Vrystaat.

Van der Pol F

1993. Spiritualiteit in de Middeleeuwen. In van't Spijker (red):Spiritualiteit. Kampen: Groot
Goudriaan.

Van der Velden M J G

1993. Spiritualiteit en liturgie. In van't Spijker (red):Spiritualiteit. Kampen: Groot
Goudriaan.

Van 't Spijker W

1993a. Spiritualiteit. Kampen: De Groot Goudriaan.

1993b. Tussenbalans. In van't Spijker (red):Spiritualiteit. Kampen: Groot Goudriaan.

1993c. Spiritualiteit en theologie. In van't Spijker (red):Spiritualiteit. Kampen: Groot
Goudriaan.

1993d. Spiritualiteit en Spiritus Sanctus. In van't Spijker (red):Spiritualiteit. Kampen: Groot
Goudriaan.

Verboom W

1993. Spiritualiteit en geloofsonderricht. In van't Spijker (red):Spiritualiteit. Kampen: Groot
Goudriaan.

Velema W H

1990. Nieuwe zicht op Gereformeerde Spiritualiteit. Kampen:Kok Voorhoeve.

1993a. Spiritualiteit en aktie. In van't Spijker (red):Spiritualiteit. Kampen: Groot Goudriaan.

1993b. Spiritualiteit en persoonlik geestelik leven nu. In van't Spijker (red):Spiritualiteit. Kampen: Groot Goudriaan.

Visagie J

1996. Paradigma-veranderings en die effek op die kerk. In *Acta Theologica* 16(2):81-86.

Von Rad G

1973. Old Testament Theology Vol. 1 Edinburgh: Oliver and Boyd.

1981. Genesis: Old Testament Library. London: SCM Press.

Vos C J A & Pieterse H J C

1992. Antropologiese insigte binne die kommunikatiewe handelingsteoretiese benadering in die praktiese teologie. In *Praktiese Teologies in SA*. 7(2):147-158.

Ware C

1995. Discover your spiritual type. New York: Alban Institute.

Watzlawick P

1984. The invented reality. New York: Norton & Company.

Wentsel B

1993. Moderne Rooms-katholieke spiritualiteit. In van't Spijker (red):Spiritualiteit. Kampen: Groot Goudriaan.

White M.

1988. The process of questioning. A therapy of literary merit? In Dulwich Centre Newsletter.

Willimon W H

1996. Role Call. In Shelly M (ed): Deepening your ministry through prayer and personal growth. Nashville:Moorings.

White M & Epstone D

1990. Narrative means to therapeutic ends. New York:Norton.

Wijngaarden H R

1950. Hoofdproblemen der Volwassenheid. Die Psigiese ontwikkeling tussen twintig en veertig jaar. Utrecht: Erven J. Bijleveld.

Willard D

1988. The spirit of the disciplines. Understanding how God changes lives. San Francisco: Harper & Row.

Wimmer J F

1982. Fasting in the New Testament. New York: Paulist Press.

Yarnold E

1996a. The Theology of Christian Spirituality. In Jones C, G Wainwright & E Yarnold: The study of spirituality. (London:SPCK):9-17.

1996b. Media of Spirituality. In Jones C, G Wainwright & E Yarnold: The study of spirituality. (London:SPCK):39-44..

OPSOMMING

Volgens die sosiale konstruksionisme het elke mens 'n selfgekonstrueerde self-narratief. Hierdie self-narratief of lewensverhaal het mag en beheer die mens se lewe. Verandering is dus onmoontlik sonder dat die lewensverhaal verander. Omdat die mens se lewe voor God (spiritualiteit) deel is van sy lewensverhaal, is dit dus duidelik dat geestelike groei ook nie kan plaasvind indien die lewensverhaal nie verander nie. Die navorsing poog om die beginsels in die sosiale konstruksionisme wat gebruik word om dekonstruksie te bewerk in die lewensverhale van mense, toeganklik te maak vir die bediening met die oog op geestelike groei.

Verder poog die navorsing om die christelike dissiplines, wat vanuit 'n sekere hoek gesien word as sleutels tot verandering, enersyds te bevry van eensydigheid en andersyds te versoen met die beginsels tot dekonstruksie van die sosiale konstruksionisme. In die proses beklemtoon die navorser die mag van kommunikasie tussen die Godsverhaal (die Bybel) en die lewensverhaal van die gelowige as sleutel tot geestelike groei (dekonstruksie).

SUMMARY

According to social constructionism, every person has a selfconstructed self-narrative. This self-narrative has power and controls a person's life. Change is thus impossible without changing the story of one's life (self-narrative). Because a person's life before God (spirituality) is part of his self-narrative, it is clear that spiritual growth cannot take place without changing the story of his life. Research aims to make the principles used in social constructionism to bring about deconstruction in the self-narratives of people, available to the church with the aim of spiritual growth.

Research also aims to free the christian disciplines, which as seen from a certain perspective as the keys to change, on one hand from one-sidedness (partiality), and on the other hand to reconcile with the principles of deconstruction of the social constructionism. In the process the researcher emphasizes the power of communication between God's story (the Bible) and the self-narrative of a believer as the key to spiritual growth (deconstruction).